




Tydskrif
vir
Letterkunde



NUWE REEKS XXII : 4

NOVEMBER 1984

DIE AFRIKAANSE SKRYWERSKRING 50 : KONGRESREFERATE • LINA SPIES
• MARGARET BAKKES • ETIENNE LEROUX IN GESPREK MET KOOS HUMAN



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

Tydskrif vir Letterkunde

Elize Botha
(Redaktrise)

Elsa Nolte P.H. Roodt N.J. Snyman
(Redaksionele medewerkers)

Skakelredaksie: Renske Bornman J.J. Brits W.A. de Klerk Andre Demedts
Joan Lötter Koos Meij Eben Meiring P.J. Nienaber Z.J. Pretorius Rika Cil-
liers Mary-Ann van Rensburg M.M. Walters

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA 0001

INTEKENGELD:

R7 per jaar. Los nommers: R1,75 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word maandelik gemaak deur 'n jaarlikse skenking van

DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.

ISSN 041-476X

Inhoud

F.C. Fensham

Hennie Aucamp
P.G. du Plessis
Elize Botha

Lina Spies
Margaret Bakkes
S.J. Pretorius
Leendert Dekker
Etienne Leroux
Carl Mischke
J.P. Smuts

Henning Pieterse,
Marié Blomerus,
Kiep Vermeulen, Wessel Pre-
torius, Marius Crous, Vincent
van der Westhuizen, Wilhelm
Jordaan, Maria E. Oosthuizen,
Egbie Nel, Roeleen Cuyler,
Ansie Beukes, Marietjie van der
Walt
Literêr-aktueel

Boekbesprekings

Die Afrikaanse Skrywerskring vyftig
jaar 1

'n Bloudruk vir 'n skryfskool 9

Oor messe en gode ... 22

Die Tydskrif vir Letterkunde en die
Skrywerskring: waarhede en wense
30

Gedigte 37

Grafskrifte 45

Nog 'n vintage-sonnet 50

Gedigte 51

In gesprek met Koos Human 52

Gedigte 63

Wie is die kêrel van die Pêrel? 65

Gedigte 69

'n Beurs van R1 000 van Die Afri-
kaanse Skrywerskring 80

Arnoldus Pannevis (Theo du
Plessis 80

Sanlamprys vir Jeuglektuur 82

Marina le Roux: by die oorhandiging
van die MER-prys aan Alba
Bouwer 82

Van die Hoofbestuur: Die
Afrikaanse Skrywerskring 84

T.T. Cloete: Digbundels 1983 85

Henning Snyman: Van populêre
roman tot literêre teorie tot
kabaret 97

Hein Viljoen: Die nuwe Groot Verse-
boek 103

H.J. Schutte: Dramas 1983 106

Elize Botha: Herdrukke van ouer

prosa: noodsaaklike bewar-
ingsaksies 111
SENSAL-publikasies ontvang 115

Nuwe Afrikaanse boeke: Julie — September 1984 116

Voorgeskrewe boeke vir Matriek 120

Register, jg. xxi (Februarie — Augustus 1983) 150

Die Afrikaanse Skrywerskring het vanjaar sy vyftigste bestaansjaar gevier, met 'n Skrywerskongres wat op 7 en 8 September 1984 in Pretoria gehou is. Die Redaksie wil graag met sy lesers in die viering deel deur die publikasie, met dank aan Die Afrikaanse Skrywerskring, van die lesings wat gedurende die kongres gelewer is.

F.C Fensham

Die Afrikaanse Skrywerskring vyftig jaar

In 1934, na die uitmergelende droogte van 1933 en die swak finansiële toestand van die Unie van Suid-Afrika na die groot finansiële ineenstorting van die nywerheidslande, het 'n paar Johannesburgse Afrikaners in die Universiteit van die Witwatersrand, destyds in Afrikaans, die Randse Universiteit genoem, bymekaar gekom om 'n vereniging soortgelyk aan die Pen Club te stig. Op Maandagaand, 20 Augustus 1934, by 'n voorlopige vergadering, was die volgende teenwoordig: proff. C.M. van den Heever; T.J. Haarhoff; dr. P. de V. Pienaar; mnr. W.J. du P. Erlank (Eiternal); Abel J. Coetzee; I.M. Mocke en W.H. Wilcocks.

In die notule van hierdie voorlopige vergadering word 'n aantal interessante besonderhede verskaf. 'n Mens soek tevergeefs na 'n deeglike motivering waarom so 'n vereniging gestig moet word. Miskien is dit mondeling op die vergadering meegedeel en nie in die notule opgeneem nie of anders is dit vanselfsprekend beskou dat die Afrikaanse skrywers hulle eie vereniging moet hê. Die naaste wat 'n mens aan 'n motivering vir die stigting kan kom, is in die volgende sin opgesluit: "Die kring wil 'n nuwe geluid laat hoor en soek dus nie die aktiewe medewerking van verteenwoordigers van vroeëre Taalbewegings soos Totius, dr. Preller en Eugène Marais nie." Dit is insiggewend. Daar is kant en klaar besluit dat die ou dinge van die Tweede Taalbeweging verbygegaan het en dat 'n nuwe tydperk, "'n nuwe geluid" genoem, aangebreek het wat deur hierdie nuwe kring bevorder wil word. Dit is ook waar dat in 1934 'n nuwe geluid begin opklink het, maar dit was hoofsaaklik in die Kaap, die sg. Dertigers. Hierdie nuwe kring was, volgens alle aanduidings in die vroeë notules, net bedoel vir Johannesburg. Die naam wat voorgestel is, het gelui: Die Afrikaanse Skrywerskring van Johannesburg. Hier is nie aanvanklik aan 'n landswye organisasie gedink nie. Daar is egter duidelik aanvoel dat 'n nuwe geluid nodig geword het, die volgende belangrike stap in die verdere uitbouing van die Afrikaanse letterkunde.

Nadat in 1939 gevoel is dat daar ver buite die grense van Johannesburg beweeg moet word, is eers by die vergadering van 23 November 1948 deur die voorsitter, prof. C.M. van den Heever meegedeel dat onderhandelings aan die gang is met die Skrywersvereniging van Pretoria om te amalgameer. Die grondeëls is hersien en die groep in Johannesburg het 'n werkgemeenskap geword. Daar is dus twee werkgemeenskappe gevorm, een in Johannesburg en die ander in Pretoria. In so 'n geval het 'n hoofbestuur noodsaaklik geword. Op 23 Junie 1949 is die hoofbestuurslede van Johannesburg aangewys, maar daar was al op 15 Junie 'n voorlopige hoofbestuursvergadering gehou waar dr. J. Albert Coetzee, mnr. J.J. Brits en mnr. F.J. Eybers van Pretoria, teenwoordig was. By die geleentheid is daar dan aan uitbreiding oor die hele Suid-Afrika gedink, nl. ook aan werkgemeenskappe

in Bloemfontein, Kaapstad, Stellenbosch, Pietermaritzburg, Potchefstroom en Worcester. Nie al hierdie sentrums het werkgemeenskappe op die been gekry nie, maar spoedig het die Afrikaanse Skrywerskring oor die hele land gefunksioneer. Dit het nou baie meer gesag verkry en kon bv. by die uitgewers en die regering namens die Afrikaanse skrywers belangrike werk doen.

Wanneer 'n mens kyk na die aanvanklike doelstellings, in die notule "doel-eindes" genoem, is dit duidelik dat 'n baie belangrike komponent literêre kritiek is. Die eerste doelstellings is "leiding op kritiese gebied". Literêre beoordeling — en dan sê ek nie veroordeling nie — was en is nog steeds een van die hoekpilare van letterkundige ontwikkeling. Skrywers wat ernstig wil skryf, moet bewus gemaak word van die hoë standarde wat aan hulle gestel word. Deur geslyp te word deur literêre kritiek kan skrywers se werk net verbeter. Hierdie waarheid is met die stigting van die kring ten volle beseft en aanvanklik met ietwat oorentoesiasme aangepak. 'n Ander doelstelling was "die voorlees en bespreking van oorspronklike werk" en "'n aanbevole boek uit elke drie maande se oes aandui". Hierdie laaste doelstelling het geblyk onuitvoerbaar te wees omdat daar nie destyds so baie boeke in Afrikaans gepubliseer is nie. Alreeds op 5 November 1934 is besluit om die oes van die hele 1934 onder die loep te neem. En op 4 Februarie 1935 is besluit om elke ses maande 'n oorsig oor die Afrikaanse boeke in die drie genres prosa, poësie en drama te gee. Die ongemaklike situasie het ontstaan dat kritiese besprekings gehou is van werk van lede van die kring. En die roede is nie gespaar nie; so bv. toe 'n drama van 'n lid bespreek is, het prof. C.M. van den Heever aangevoel "dat die krag van die stuk verbrokkel word deur die optrede van die moeder". Die skrywer van die drama het ewe nederig die kring bedank vir die wenke en kritiek. Hier het ons die begin van 'n letterkundige laboratorium waar geslyp en geskaaf is. Dit het een van die belangrikste aktiwiteite van die Afrikaanse Skrywerskring geword, en bly dit vandag nog, bv. in die redaksionele werk by die *Tydskrif vir Letterkunde*. Een van die interessante doelstellings wat met die stigtingsvergadering genoem word, is "aanmoediging van en hulpverlening aan jong belowende talente". As 'n mens natuurlik 'n nuwe geluid wil hoor, moet jy jou op hierdie weg begewe. Wat die reaksie hierop was, word nêrens gesê nie, maar op die vergadering van 4 Maart 1935 word besluit om 'n fooi te hef op die beoordeling van werke wat om die helfte verdeel word tussen die kring en die beoordelaar. Die fooie is vasgestel as £1 vir drama, £2 vir 'n roman of bundel kortverhale en £1 vir 'n bundel gedigte: nogal 'n koninklike betaling vir daardie tyd. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die Afrikaanse Skrywerskring van die begin af belanggestel het in jong, opkomende skrywers. Dit is vandag nog die geval, soos die redaktrise van die *Tydskrif vir Letterkunde* kan getuig.

'n Mens kan voortgaan om aanvanklike doelstellings op te noem wat vandag nog 'n belangrike rol in die Skrywerskring speel. Ek wil die belangrikste

noem: "Die bevordering van vriendskaplike omgang tussen skrywers". Dit word nou nog bevorder deur elke vier jaar skrywerskongresse te reël. Dit word ook bevorder deur die verskillende werkgemeenskappe. Dit wil nie sê dat kritiek en verskil van mening vermy word nie. Die openhartige bespreking van literêre werk, ook een van die aanvanklike doelstellings, word steeds gehandhaaf soos dit o.a. uit die *Tydskrif vir Letterkunde* blyk. Dat daar af en toe 'n ligte oorlog uitbreek, hoef nie te verbaas nie. Wetenskap en kuns kan alleen vorder as daar 'n bietjie teenmekaar gemaal word. Aanvanklik is daar ook die behoefte gevoel om "op te tree as middelaars tussen kunstenaars en publiek en om goeie kunstenaars te beskerm teen ondeurdagte kritiek". Dit neem die Skrywerskring steeds in ag. Toe die beoordeling van Afrikaanse werke by die Publikasieraad 'n krisis geword het, het die Skrywerskring 'n afvaardiging na die destydse minister gestuur met die voorstel dat 'n komitee van deskundiges aangestel moet word om die Publikasieraad oor letterkundige gehalte te adviseer. Dit is aanvaar en die krisis is afgeweer.

Daar is egter 'n paar van die eerste doelstellings wat langs die pad verlore gegaan het waaraan ons gerus aandag kan gee. By die voorlopige vergadering word genoem "voeling hou met buitelandse letterkunde" en "ontvangs en onthaal van besoekende skrywers". En die stigters het dit nie net by woorde laat bly nie. So het hulle bv. op 24 Februarie 1936 besluit om dr. Anthonie Donker in Nederland geluk te wens met sy bevordering tot professor. Ek weet dat ons nog 'n sekere mate van buitelandse medewerking by ons tydskrif het en dat individuele lede van die kring met buitelandse skrywers en letterkundiges gesels wat hier besoek aflê soos die interessante gesprekke wat prof. Elize Botha met verskeie skrywers gehad het wat in ons tydskrif gepubliseer is. Maar miskien is dit te lukraak en nie goed beplan nie. Dit sal miskien die beste wees om 'n fonds te stig en die hulp daarvoor te soek by finansiële instellings om ten minste een keer per jaar 'n skrywer of letterkundige na ons land te laat kom as gas van die Skrywerskring. Hier kan ons ook saamwerk met die Departemente van Nasionale Opvoeding en Buitelandse Sake. Ons moet egter onthou dat sekere belangrike skrywers probleme sal ondervind om uit te kom op staatsondersteunde projekte. Om goeie skrywers van oorsee na ons land te trek kan net bevrugtdend inwerk op ons skrywers, deure oopmaak as hulle na die buiteland wil gaan en ons aansien verhoog. Hier kom soms skrywers van oorsee wat ongemerk verbygaan. Onlangs het ek te laat verneem dat die Franse skrywer Michel de Sainte Pierre ons land besoek om iets vir Skrywerskring te reël. Ek kon darem 'n voormiddag met hom gesels en vasstel dat hy 'n sage van 'n Hugenote-familie wil skryf, van hulle vlug uit Frankryk tot die aankoms in die Kaap en die geskiedenis van hulle nakomelinge tot na die Anglo-Boereoorlog. Met hierdie soort mense moet ons nouer bande bind.

Nog 'n doelstelling waaraan daar weinig gedoen word, is "verspreiding van goeie en goedkoop Afrikaanse lektuur". Boeke word al duurder weens die

styging in koste van drukwerk en papier. Uitgewers wil verseker wees van 'n redelike afset voor hulle 'n boek uitgee. Met nuwe prosesse van vermenigvuldiging, deur rekenaars moontlik gemaak, kan daar nog redelik goedkoop geproduseer word. Hierdie moontlikheid behoort ook verder ondersoek te word. Eintlik lê hierin vir ons 'n nuwe wêreld opgesluit. Ek weet ons is geneig om vas te hou aan ou metodes, maar as dit by die voortbestaan van die Afrikaanse boek kom met sy betreklik klein afset, moet ons bereid wees om aanpassings te maak.

'n Interessante stukkie geskiedenis is die publikasies van die Skrywerskring. Sedert 1935 is daar begin organiseer om 'n *Jaarboek* in 1936 uit te gee. Geen steen is onaangeroerd gelaat nie. Aan organisasievernuw het dit nie ontbreek nie. Die werk is verdeel en sekere manne is bv. aangewys om advertensies te werf. Daar is groot gedink en aan die einde van 1936 is besluit om 'n tweede oplaag van 3 000 te laat druk. Daar was aanvanklik 'n ooptimisme oor die afsetmoontlikhede van die *Jaarboek*. Dit word dan ook ruterlik erken in latere notules. Daar was 'n gebrek aan ervaring met die uitgee van die eerste *Jaarboek* en dit het onmiddellik finansiële probleme geskep. Maar dit is later oorkom en toe in 1949 besluit is om die *Tydskrif vir Letterkunde* uit te gee, was daar 'n mooi, batige saldo van die *Jaarboek* beskikbaar. 'n Mens kan net waardering hê vir die ywer van lede om die aanvanklike terugslag die hoof te bied en met dieselfde entoesiasme as aan die begin voort te gaan om die *Jaarboek* jaar na jaar uit te bring. Hierdie *Jaarboek* is vandag baie werd vir die studie van die Afrikaanse letterkunde en vir die Afrikaanse kultuurgeskiedenis. Van 1951 af het die *Tydskrif vir Letterkunde* gereeld verskyn. Dit is interessant dat in die notule van die dagbestuur van 8 Desember 1950 die naam van die tydskrif vir die eerste keer voorkom. Die uitgee van die tydskrif is moontlik gemaak deur 'n bydrae van die staat se kant en 'n mooi bydrae van die Hertzog-persfonds. Trouens, hierdie toedrag van sake bestaan vandag nog.

In 1950 is 'n werkgemeenskap op Stellenbosch gestig en hulle eerste bydrae tot die hoofbestuursvergadering was 'n aantal besware. Een van die besware is dat daar nie besluite rakende die *Jaarboek* en kwartaalblad (tydskrif) geneem moet word nie, want die werkgemeenskap is nie op hoogte met sake om toe al te besluit nie. Hulle het op 'n tydstip die Skrywerskring binnegekom toe die onderhandelings oor die tydskrif al gefinaliseer is. Dit hoef nie te verbaas dat die hoofbestuur hierdie beswaar verwerp het nie. Ek noem dit net om te wys hoe daar met die groei van die kring tot 'n landswyse organisasie ook sekere probleme ontstaan het. Maar die tydskrif het van krag tot krag gegaan. Op 'n keer het prof. C.M. van den Heever die opmerking gemaak dat die Skrywerskring eintlik net reg op voortbestaan het omdat hy die *Jaarboek* uitgee. Dit kan ons ook van die *Tydskrif vir Letterkunde* sê. Dit is vandag ons trots en dit lewer 'n onskatbare diens aan die Afrikaanse letterkunde en nog veel meer. Die *Bulletin* wat vir 'n klompie jare uitgegee is, het ook later oorbodig blyk te wees omdat gewens netsowel

in die tydskrif gepubliseer kon word.

Dan is daar die mooi storie oor dameslidmaatskap: Die aanvanklike stigters was alles behalwe feministe en daar is telkemale oor dameslidmaatskap gepraat, maar besluit dat die kring uitsluitlik vir mans sal wees. Sommige lede was nie hieroor baie gelukkig nie. Toe is by een geleentheid op 22 Junie 1938 besluit dat die hele kwessie van dameslidmaatskap vir "ses maande op die langebaan geskuif moet word." In 1942 begin die kring darem ook na die dames kyk, want daar word besluit om met die Dameskring en die Maria van Riebeeck-Klub saam te vergader! En dan is daar op 1 April 1942 uit die bloute besluit om mnr. en mev. Albert Wessels te nader om lede te word. Mev. Wessels was niemand minder as Elisabeth Eybers nie. Hulle wou egter nie by die kring aansluit nie ten spyte van lang onderhandelings. Die deur was egter nou oopgemaak en op die vergadering van 1 Desember 1947 is besluit om o.a. vir mej. O. Hildebrand, mev. Ela Spence en mev. J. van Elders uit te nooi om lede te word. By die jaarvergadering van 23 November 1948 was 'n hele paar lede met hulle eggenotes aanwesig wat aandui dat eggare ook nou kon aansluit by die kring. Vandag kan ons ons die Skrywerskring kwalik voorstel sonder ons dames.

Dit is dikwels interessant om te lees hoe die kring by vergaderings oor skrywers gepraat het. In 1950 gee mnr. H. Roux die goeie raad aan skrywers, wat steeds nog waar bly: "Moenie skryf as jy niks te sê het nie". Mikro, wat by geleentheid die kring toegesprek het en met groot waardering behandel is, het 'n brief geskryf om dankie te sê vir die beskerming wat hy van die Skrywerskring geniet. Hier verwys hy opsigtelik na die skerp kritiek wat teen hom uitgespreek is in die Suide. In sy outobiografie verwys hy ook daarna. Mnr. A.M. van Schoor, destyds redakteur van *Die Brandwag*, het een aand oor die kortverhaal gepraat en beweer dat 95% van die 4 000 kortverhale wat sy tydskrif ontvang, afgekeur word. En Willem van den Berg kla by 'n vergadering oor die tirannie van die openbare mening. Skrywers word aan bande gelê sodat hulle nie vrye teuels aan die fantasie kan gee nie.

Ongelukkig is in die notules maar min van hierdie soutige happies omdat sekretarisse aanvaar dat hulle net besluite van vergaderings moet weergee en interessante sieninge en onderlinge gevegte ongenotuleer moet laat.

Die destydse lede van die Skrywerskring het 'n merkwaardige openheid gehad oor skrywers wat by die publiek en selfs by ander skrywers oor hulle politieke verbintenisse onder verdenking gestaan het. Hierdie openheid mag toegeskryf word aan die politieke samesmelting by die ontstaan van die Skrywerskring wat pas plaasgevind het. C. Louis Leipoldt was destyds 'n omstrede figuur. Ten spyte hiervan was hy die eerste skrywer van buite die kring wat die Skrywerskring toegesprek het. Op 8 Oktober 1934 het Leipoldt vertel van sy ondervindings as skrywer, joernalis en reisiger. Hy het die aand die kring van sy beste wense verseker en as sekretaris van die Pen Club samewerking gevra. 'n Hele paar wenke van Leipoldt is op latere ver-

gaderings opgevolg. Later is nog 'n ontmoeting met Leipoldt aan huis van prof. C.M. van den Heever gereël. Teenoor Uys Krige is ook heel positief opgetree. Op versoek van prof. T.J. Haarhoff is besluit, voordat die manuskrip selfs gesien is, dat voorin 'n publikasie van Uys Krige se uitgesoekte gedigte gesê kan word dat dit die goedkeuring van die Skrywerskring wegdra.¹⁾ In April 1935 word vermeld dat hierdie gedigte in die komende week by Van Schaik gaan verskyn. Hier kan ook genoem word dat in 1937 besluit is, op aandrang van prof. Haarhoff, om Roy Campbell geluk te wens met die verskyning van sy *Mithraic Emblems*. En dan word daar gesê dat hy positief ingestel is teenoor Afrikaans.

Dit is ook interessant dat die bestuur vir die aanwysing van ere-presidente die volgende name voorgelê het: genl. Hertzog, genl. Smuts, kol. Deneys Reitz asook dr. Leipoldt, Totius, Jan Celliers en dr. Gustav Preller. Hierdie mense het aan verskillende politieke partye behoort. Dit is tog opmerklik dat die naam van dr. D.F. Malan ontbreek. Die notule van die volgende algemene vergadering op 4 Februarie 1935 maak glad nie melding van 'n besluit wat in die verband geneem is nie. Dit is jammer dat notules net besluite notuleer en nie besprekings wat gevoer word nie. Dat daar egter niks gesê word oor die wenk van die bestuur nie, dui aan dat die vergadering nie gelukkig was met die aanbeveling nie. Hier het ons 'n versigtige benadering wat probeer wegstuur van politieke betrokkenheid. Dit het steeds die beleid van die Skrywerskring gebly. Terselfdertyd is daar 'n openheid te bespeur tot andersdenkendes wat 'n gesonde grondslag gelê het vir gesprekke met skrywers wat heeltemal in 'n ander rigting beweeg het as die skrywers van die kring. En dit behoort steeds die beleid van die Skrywerskring te wees. Skrywers is meestal individualiste en wil nie betrokke raak in enige iets wat vir hulle gaan voorskryf nie. Hulle wil die vryheid hê om te kies en te verwerp, om selfs in opstand te kom teen heersende beskouings. Dit is 'n skrywer se voorreg en behoort gerespekteer te word. Hierdie ingesteldheid was destyds nie so aktueel soos nou nie, maar toe al is aangevoel dat 'n mens 'n skrywer die vryheid moet laat om sy beskouings, sy betrokkenheid by 'n bepaalde saak uit te skryf in sy kuns.

Hoewel dit nêrens in die eerste notules duidelik gesê word nie, het dit vir die stigters van die Afrikaanse Skrywerskring gegaan om die bevordering van Afrikaans deur die Afrikaanse letterkunde. Hierdie gesindheid wat destyds oral sigbaar geword het, ook in die werk van die Dertigers, het die bal aan die rol gesit wat gaandeweg momentum gekry het totdat asemrowende resultate behaal is na die Tweede Wêreldoorlog. Afrikaans is oop geskryf en kan doen wat in enige ander taal gedoen kan word. Dit het bykans 'n onge-

1) Vgl. die Voorwoord en "Waardering" van prof. T.J. Haarhoff by die eerste druk, 1935, van Uys Krige, *Kentering — Eerste verse*, Pretoria: J.L. van Schaik. Sien ook in dié verband die Voorwoord van C.M. van den Heever by Elisabeth Eybers, *Belydenis in die Skemering* (eerste druk, 1936), Bloemfontein: Nasionale Pers Bepker.

looflike prestasie geword. Met so 'n ontwikkeling moet 'n mens ook groeipyne verwag. Daar is 'n groot aantal mense aan die skryf en allerhande rigtings word uitgetoets. Party van hierdie rigtings het nie en gaan nie die toets van die tyd deurstaan nie, maar heelwat dinge het gekom om te bly en dit moet ons verwelkom. Op hierdie wyse kan Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde aan die gang gehou en selfs tot 'n opbloei gebring word.

Gereeld word daar in die pers en elders besin oor die voortbestaan van Afrikaans. Ek is nie een van die pessimiste nie, maar hieraan is 'n belangrike voorwaarde verbonde: Afrikaans kan alleen gedy as dit gebruik word. En dit moet op alle vlakke geskied. Dit is soms verstommend dat Afrikaners op sekere vlakke van die samelewing met mekaar staan en worstel in gebroke Engels — as dit nie amusant is nie. Afrikaans moet van onder af, van bo af, van alle kante af in die skrywer ingroei. Dit moet gebruik word, getoets word, geproe word. So kan die skrywer die regte woord vind. Maar as die sprekers van die taal nie die taal praat nie of dit slordig gebruik, word dit soms gereflekteer in wat geskrywe word. Hoewel net sommige die talent ontvang het om te skrywe, is dit die breë massa van sprekers wat die taal help vorm, wat as't ware geboorte skenk aan nuwe wendinge. Hoe meer 'n taal gebruik word, hoe meer groei dit. Dit word later onstuitbaar. Afrikaans is besig om 'n nuwe fase in te gaan. Dit is besig om enge nasionale bande te deurbreek. Dit begin uitbeweeg na ander bevolkingsgroepe. En dit is te verwelkom. Dit gaan ook skryfwerk in Afrikaans beïnvloed. Die Skrywerskring kan alleen 'n *Afrikaanse* Skrywerskring bly as dit hiermee rekening hou.

Soos die Duitse filosoof, Ernst Cassirer, aangetoon het, vind 'n mens op kultuurgebied een grondliggende proses: Dit is die stryd tussen magte wat wil bewaar en magte wat wil hernuwe. Keiser Friedrich Wilhelm se raad aan sy seun kom min of meer hierop neer: Moenie onnodig vashou aan dit wat oud is nie, maar moet ook nie agter alles wat nuut is hardloop nie. Ons kan sê: iets wat oud is, is nie noodwendig goed nie en dit wat nuut is, is nie noodwendig die beste nie. Dit waarmee 'n mens werk, moet getoets word en daar moet bepaal word of dit die moeite werd is. Daar moet steeds na die middeweg gesoek word met 'n openheid vir dit wat nuut is en die wil om dit wat goed is uit die verlede te bewaar. En dit is waarvoor die Afrikaanse Skrywerskring behoort te staan.

En nou vergader ons hier na die droogte van 1983 en die finansiële probleme van 1984, nie om 'n Afrikaanse Skrywerskring te stig nie, maar om na 50 jaar hulde te bring aan die manne wat die moed en deurstellingsvermoë gehad het om ons vereniging te stig en dit in moeilike tye staande te hou. En het dié man, die voorsitter van 1934 tot 1957, C.M. van den Heever, aan die skrywer-kunstenaar gedink toe hy sy vers in 1950 *Orpheus en Euridyce* geskryf het?

Toe laat die dood haar los; met sterwens-tere
omhuiwering van die skaduus volg sy hom,
en groeiend na die lig laat hulle die mere
wat in die stilte van verrotting blom.

Maar duister roepend wink die skimme haar,
toe kyk sy om, vervlugtig in die nag,
en wyl hy oor die leë toekoms staar,
verbreek sy snare in 'n windeklag.

Hennie Aucamp 'n Bloudruk vir 'n skryfskool

Dis nodig dat ek die opskrif van my praatjie herhaal: "'n Bloudruk vir 'n skryfskool", met swaar aksente op die onbepaalde lidwoorde voor "bloudruk" en "skryfskool", want iets so aanvegbaars soos skryfopleiding en skryweropleiding gebied die grootste omsigtigheid. My opskrif impliseer dat ek die moontlikheid en uitvoerbaarheid van skryfopleiding erken, maar soms wonder ek of skrywers, werklik talentvolle skrywers, opgelei kan word. Is dit nie eerder 'n geval dat hulle deur 'n simpatieke gees in verbinding met hulself en hul talent gebring word nie, en vandaar af self hul paadjie loop? As my dubbelsinnigheid u verwar, my onderskeiding tussen *skryf*-opleiding en *skrywer*opleiding, wil ek dié verwarring verder voer deur aan te haal uit Katherine Anne Porter se inleiding tot *A curtain of Green* van Eudora Welty:

I believe in the rightness of Miss Welty's instinctive knowledge that writing cannot be taught, but only learned, and learned by the individual in his own way, at his own pace and in his own time, for the process of mastering the medium is part of a cellular growth in a most complex organism; ...¹⁾

Hierdie siening word gesteun deur Virginia Woolf wat in haar slu en insigryke essay, *Craftmanship*, uitroep:

Think what it would mean if you could teach, if you could learn, the art of writing. Why, every book, every newspaper would tell the truth, would create beauty.²⁾

Teenoor die skeptisisme van Woolf en Porter kan gestel word al daardie skrywers, kritici en skrywerkritici wat glo dat skrywers wel geskool kan word. Daar is byvoorbeeld die *Understanding*-boeke: *Understanding Drama*, *Understanding Poetry*, *Understanding Fiction*, *Understanding the Essay* en, glo dit of nie, *Understanding Understanding*. Verder is daar: *The House of Fiction*, *Write that Drama! How not to write a drama* en *How to write a drama*.

Dis interessant dat die meerderheid titels wat genoem is van Amerikaanse skrywers is, en die Amerikaner, soos almal weet, is pragmaties ingestel. Amerikaners probeer die *do it yourself*-beginsel op elke denkbare terrein uitleef. Hulle sweer by "manuals" en "do it yourself kits"; hulle verhef *do it yourself* tot 'n nasionale filosofie. Maar dit sou onverstandig wees om aan

te neem dat dié *do it yourself*-filosofie noodwendig tot oppervlakkigheid aanleiding gee. Luisterryke name soos dié van Robert Penn Warren, Caroline Gordon, Allen Tate, Mark Schorer en talle ander maan tot versigtigheid. Hierdie skrywers het handleidings op die allerhoogste vlak geskryf. Hulle het terselfdertyd romans, kortverhale en gedigte van formaat gelewer. Hulle het teorie en praktyk versoen. Ook het hulle hul kennis onselfsugtig tot diens van ander skrywers gestel. Die skryfwerk van daardie indrukwekkende Deep South-talent, Flannery O'Connor, is byvoorbeeld nie los te dink van Caroline Gordon, lektrise en skryfster nie; veral *Wise Blood*, soos korrespondensie getuig, is die neerslag van 'n kreatiewe samewerking tussen O'Connor en haar mentor.

Waar staan ek, skrywer en openbare skoolmeester, ten opsigte van skryfopleiding en skryweropleiding?

Ek staan nie; ek hang.

Die onderwyser en die skrywer in my weerspreek mekaar dikwels. Die onderwyser sê: die mens is opleibaar en opvoedbaar. Goed, sê die skrywer in my, toegegee: die mens is opleibaar en opvoedbaar, maar kom ons wees nou prakties: wat wil skryfopleiding op skool bereik? Wil dit professionele skrywers kweek? Nee, sê die onderwyser, wie het nou van professionele skrywers gepraat? Dit gebeur soms dat 'n skryfprogram op skool, of die besielende onderwyser *agter* die skryfprogram, latente skrywers tot ont-waking bring, maar dit is nie die onmiddellike doelstelling van skryfopleiding op skool nie.

Dit lyk my wenslik om vlugtig na skryfopleiding op skool te kyk. Skryfopleiding op tersiêre vlak sluit op stuk van sake by die skoolpraktyk aan. Dit is ook in pas met die spiraal-kurrikulum-gedagte van Bruner³⁾, wat as uitgangspunt het dat daar basiese beginsels is wat elke vak of dissipline rig; en al sou 'n vak, soos sê Wiskunde, al hoe moeiliker word in sy spiraalgang, bly dié beginsels fundamenteel.

II

Wat wil skryfopleiding op skool bereik?

Onderwyserkollegas teenwoordig moet my asseblief vergewe as ek kort-paaie gaan volg. Daar is nie tyd om stelwerkprogramme, soos vervat in die leerplanne van die verskillende provinsies, teen die lig te hou nie. Ek gaan veralgemeen én 'n eie siening probeer bring.

Vir my kom skryfopleiding op skool in die eerste plek op sosiale weerbaar-making neer. Taalgroei en persoonlikheids-groei skakel ten nouste. Met sinvolle skryfopdragte kan die onderwyser die gedagteprosesse en emosionele ontwikkeling van sy leerling in toenemende mate stimuleer en verfyn, sodat die skool uiteindelik 'n denkende en begrypende landsburger aan die publiek kan lewer; 'n mens wat hom deur middel van sy belangrikste sosialiseringsmodel, die taal, in alle omstandighede kan laat geld.

Taal opereer binne 'n kommunikasiesituasie. Die leerling moet, by elke stuk skryfwerk wat hy wil aanpak, duidelikheid in sy gemoed hê oor drie sake: 1) Hy moet weet in watter hoedanigheid hy as enkodeerder optree. (Is hy aan die woord as 'n kopieskrywer vir 'n advertensie maatskappy; is hy aan die woord as redakteur van 'n koerant; is hy aan die woord as digter?) 2) Watter taalmiddele en stylgrepe sal sy boodskap die beste dien? 3) Wie is sy ontvanger, sy uiteindelijke publiek?

Laasgenoemde saak, dié van die dekodeerder of ontsyferaar van die boodskap, lewer die grootste probleem op skool op. Miskien lê dit in die kunsmatigheid van die skryfsituasie op skool. Leerlinge lewer opstelle by 'n bepaalde onderwyser in. Hulle sien dié onderwyser as die een en enigste ontvanger van hul "boodskap", wat negatiewe tegniese implikasies het. Die leerlinge se "sense of audience" bly onderontwikkeld, en sy taalhantering wys dit uit. Al sy "boodskappe", al sy mededelings, klink half eenders, want hulle word as't ware in dieselfde sleutel gedink. Wanneer die leerling byvoorbeeld 'n advertensie skryf, moet hy leer om verbý die onderwyser te dink. Die onderwyser moet bloot as 'n kanaal gesien word waardeur 'n *kopieskrywer* 'n *potensiële koper* vir sy produk wil bereik.

In die geval van letterkunde is die probleem van 'n ontvanger van 'n mededeling natuurlik groter. Vir wie skryf die digter? Vir die ideale leser; vir die saamgestelde leser; vir homself? Elkeen van die gesuggereerde moontlikhede sou in 'n bepaalde geval wáár kon wees. Een ding is wel seker: die ontvanger is nie sonder meer die onderwyser nie, tensy dit om 'n verliefde leerling handel wat sy/haar liefde vir die onderwyser onregstreeks wil bieg.

Die skrywer van populêre fiksie kan nie heeltemal onverskillig staan teenoor sy publiek nie. Sy waarskynlike leser het meesal nie lus om met 'n digte en duister teks te worstel nie. Die tipiese *Standpunte-* of *Tydskrif vir Letterkunde-* of *Contrast-*verhaal sal waarskynlik afgekeur word deur die redaksies van *Die Huisgenoot* of *Rooi Rose*. Die literêre tydskrif veronderstel 'n ander soort leser as dié van die ontspanningstydskrif.

Die afstand tussen die skrywer en sy uiteindelijke leser het toon-, woordkeuse- en sinsbou-implikasies. Hoe nader die skrywer aan sy leser is, hoe meer geneig sal hy wees tot informaliteit; hoe verder die skrywer van sy leser is, hoe sterker die kans dat sy aanslag formeel sal wees. (Briefwisseling illustreer dié kwessie ten beste; die formele en die informele brief. Helaas hou die onderwys hom te seer besig met vormsake, eerder as om elke brief as 'n kommunikasiesituasie te sien.)

By afstand tussen skrywer en leser sou ook hoogte genoem kon word. Die Olimpiese afstand waarvan die alomteenwoordige verteller hom soms bedien, kan 'n ysingwekkende objektiwiteit tot gevolg hê, wat baie effektief kan wees in sê die allegorie. Dis nog altyd my beswaar teen *Kroniek van Perdepoort*: dat die verteller soms sy "God's eye view" prysgee en sy karakters te na kom; hom as't ware verlekkeer in hul beperktheid.

Taal, styl en denke word ook beïnvloed deur die aard van die mededeling

wat van skrywer na leser oorgaan. Die Klassieke Retoriek is hier van onskatbare waarde. Skryf- en praatonderwys, van die Renaissance af en vroeër, oor Grammar Schools, tot nou toe, steun op die ou Grieke se opvatting van die sogenaamde modi. Die onderwys het hierdie opvatting vereenvoudig en die modi na vier basiese kategorieë herlei: vertelling, beskrywing, redenering, verduideliking. Natuurlik kom dié mededelings selde in suiwer vorm voor. Die meeste mededelings is hibridies, maar met een modus dominant. In 'n vertelling van T.T. Cloete, "Die vriendelike gode", in sy bundel *Die waarheid gelieg*, kom daar 'n puik verduideliking van die verteller se pa se sweepdans voor. Dit begin só:

Een van my mooiste herinneringe aan my vader is sy befaamde sweepdans. Die mense het ver daarvoor gery om dit te kan beleef. Vir sy sweepdans het hy 'n groot ruimte nodig gehad. 'n Groot plaasskuur soos my oupa s'n was net die regte plek daarvoor. Dan het hy met kryt in die middel van die skuur 'n ring getrek van omtrent tien meter in deursnee. Die mense moes nie nader as 'n meter aan die ring kom as hulle dans nie, om uit die pad van die sweep te bly. In elke hoek van die skuur was 'n speler met sy instrument; 'n ghitaar, 'n konsertina, 'n trom en 'n mondfluitjie. Dan het my vader met sy perdekarsweep met die fyn voorslag en die stok so lank as 'n man se arm op die krytlyn gaan staan. Met 'n knal soos van 'n geweer sit sy sweep die dansmusiek aan die gang. Dan slaan hy die ritme van die dans met sy sweep, blitssnel, kerwend, verfynd rats en behendig, terwyl hy al op die kring se velling langs loop, op die krytstreep, met buk en strek, buk en strek soos hy slaan, altyd met die regtervoet voor en die linkervoet agterna, die regterarm se slagbewegings en die versit van die regtervoet gesinchroniseer — die linkervoet kom net tot regoor die regtervoet, steek dit nooit verby nie. Die regterarm wat die sweep slaan, beweeg in halfsirkels van 12 na 6 na 12 na 6, ensovoorts voor sy lyf.

Dit is nog nie die einde van dié verduideliking nie, maar vir my doel is dit genoeg. Jy het hier 'n soort presiesheid wat byna wetenskaplik is, maar die toon is tog gesellig, liefdevol selfs, soos die skrywer terugdink aan sy pa. *Verduideliking*, in hierdie herinneringstuk, is opgeneem in *vertelling*.

Ek keer terug na 'n vroeër vraag: wat wil skryfopleiding op skool bereik? Ek probeer dit wéér beantwoord.

Dit: dat die leerling aan die einde van sy Matriekjaar 'n sin vir perspektief en vertelhouding sal hê; dat hy in staat sal wees om taal vlot te hanteer en aan te pas by 'n gegewe situasie; dat hy taal dus doeltreffend sal kan gebruik of hy nou ook formeel of informeel redeneer, verduidelik, vertel of beskryf. Hy sal beseft dat skryfopleiding nie net met die regte woorde in die regte volgorde te maak het nie, maar met lewe; met die hele spektrum van menswees.

Skryfopleiding is miskien die mees humanitêre faset van die leerplan: Taalkunde, Letterkunde, Geskiedenis, Biologie, noem maar op — alles trek saam in die skryfproses. Die skrywer sal 'n leeftyd lank terugkeer na die beginsels wat sy skryfopleiding hom op skool bygebring het: dit is en bly die basis vir alle skryf.

III

Halt! hoor ek enkeles roep: wat van "kreatiewe skryfwerk"?

"Kreatiewe skryfwerk" is besig om 'n kultusbegrip te word. Dis 'n begrip waarmee ek al minder raad weet, veral wat die onderwys betref.

My uitgangspunt by skryfopleiding is dat alle skryfwerk, sy dit dan in wisselende mate, kreatief is. Dis 'n ongelukkige dwaling dat "kreatiwiteit" te alle tye gelygestel moet word aan "kunsinnigheid". Kreatiwiteit het onder andere met probleemstellings en -oplossings te maak, en só gesien, sou Wiskunde dalk as die mees kreatiewe vak in die leerplan gesien kon word. Maar daar is 'n verskil tussen die wiskundige probleem en die probleme wat opduik wanneer 'n leerling 'n gedig skryf. Die aspirant-digter is kreatief in soverre hy tegniese en emosionele oplossings vir sy probleme probeer vind. Sy oplossings hoef nie vir ander nuut of oorspronklik of selfs doeltreffend te wees nie.⁴⁾ Die jong wiskundige se oplossings moet algemene geldigheid binne die wêreld van die wiskunde hê. Want wis = weet, en weet het met die kognitiewe te maak.

Een van die knelpunte van die sogenaamde Kreatiewe Skryf op skool is aangedui: dat die leerling se vryeskryf in dié vroeë stadium van sy ontwikkeling liefis net as *proses* gesien moet word. Dit behoort nie as 'n voltooide artistieke *produk* aangeslaan te word nie. Aan min onderwysers is dit gegun om 'n Antjie Krog, 'n André le Roux of 'n Koos Prinsloo in hul klas te hê — skrywers wat, volgens hul debute in *Poort*, reeds op skool artistieke produkte kon lewer. ('n Tersyde: hoeveel onderwysers is bevoeg om talent van dié aard te rig en te lei?)

Ek glo dat skeppende werk op skool groot probleme vir beide leerling en onderwyser inhou. Die basiese skryfopleiding waarna uitvoerig verwys is, behoort ook vir die ontluikende skryftalent voldoende te wees, mits die onderwyser sy taak met insig en verbeelding aanpak. As daar dan "kreatiewe skryfwerk" in die artistieke idioom moet wees, beveel ek aan skryfwerk wat deur dissipline beskerm word: lirieke eerder as vrye verse (want lirieke moet klank en ritmegewyse aanpas by 'n wysie); toneelstukke eerder as liriese ontboeseminge (want toneelstukke gebied empatie, 'n wegskryf van die self af). En as daar oor die *self* geskryf word — 'n natuurlike uiting van verkenningsdrang by die adolessent — sou die leerling deur tegniek geleer kon word om, terwyl hy oor die *self* skryf, ook afstand tot die self te kry. Goed, dan, verse oor eerste seks- of liefdeservarings, of die dood van geliefdes, maar binne die bedwinging van die sonnet- of

kwatrynvorm. Kyk maar na die grotes, na Eybers veral: dis tegniek en ironie wat afstand skep tussen digter en publiek; die publiek as't ware beskerm teen die verleentheid wat intieme ontboeseminge kan wees. Talle van Eybers se epigone het nog nie ontdek nie wat Mark Schorer noem: *Technique as discovery*. Hulle staan hul vrypuieties skaamteloos en uitdruk in die publiek.

Bornman se doktorsale tesis, 'n D.Ed., hoort 'n rigsnoer te wees vir onderwysers wat hulle wil waag aan Kreatiewe Skryf in die stelwerkprogram. Dié tesis heet: *Eenheidskoördinate vir die onderrig van Afrikaans*, en het insigryke passasies oor kreatiwiteit, onder andere oor tug binne skeeping.

IV

Dit het tyd geword om van skryfopleiding af oor te gaan op skryweropleiding.

Met skryfopleiding bedoel ek 'n opleiding van vermoëns waarvoor kontroleerbaar gesels kan word. Tegnieke en grepe rondom woordkeuse, sinsbou, paragraafbou, bewustheid van gehoor, prosodie en so meer kan byvoorbeeld aangeleer word.

Wanneer 'n instansie, soos sê 'n universiteit, 'n skrywerkursus aanbied, wil dit reeds bestaande talent uitbou. "Meganiese" dinge soos taalvaardigheid en spelvermoë word as vanselfsprekend aanvaar; ook talent. As daar die jaar nie oortuigende talent in 'n bepaalde afdeling is nie, behoort dié afdeling vir die betrokke jaar te verval. Vir my lê die klem by skryweropleiding op die uitbreiding en verfyning van die skrywer se verbeelding, emosies en denke. Sleutelwoorde by hierdie opleiding is *mens* en *lewe*.

Hierin lê die unieke van die Letterkundige Laboratorium van Stellenbosch, en veral dan in sy hoogty, onder die instruktorskap van D.J. Opperman, toe dit talle skrywers én mense gevorm het. Tog vind ek dit onberade om na die "Stellenbosse model"⁶⁾ te verwys, want "model" kan so maklik gelykgestel word aan ideaal. 'n Skrywerskool vir die jare Tagtig sal om talle redes anders gedink moet word as die Letterkundige Laboratorium van tans; maar voor ek by dié redes kom, wil ek kortliks 'n historiese perspektief op die Letterkundige Laboratorium en sy werkinge en werksaamhede probeer bring.

Dit funksioneer van 1960 af as 'n spesiale komponent van die Letterkundeafdeling van die Afr.-Ndl. III-kursus, en duur 'n semester lank. Dit het van die begin af onder die leiding van D.J. Opperman gestaan, en selfs nog 'n jaar of wat ná Opperman se uittrede as hoogleraar. Opperman is gevolg deur Lina Spies en Spies is, na háár vertrek, vervang deur Sheila Cussons. Ek het by twee geleenthede as gasdosent opgetree, eers as "instrukteur" oor kabaretwerk, en toe weer oor die kortverhaal. Alle "instruktors" ná Opperman het voortgeborduur op die Opperman-stramien.

In die jaar 1960, toe die Letterkundige Laboratorium begin is, het daar in

Standpunte 'n baie belangrike artikel deur Ernst van Heerden verskyn "'Creative writing' as University subject".⁷⁾ Van Heerden was toe so pas terug van 'n studiereis in Amerika waar hy 'n indringende studie van "Creative Writing" gemaak het, en onderhoude met figure soos Wallace Stegner en Mark Schorer gevoer het. Van Heerden het op 'n betrekking by Afr.-Ndl., Stellenbosch, gehoop en wou onmiddellik 'n skryfkursus begin, indien hy aangestel sou word. Van Heerden is toe nie aangestel nie, maar wel sy vriend D.J. Opperman, met wie hy oor sy voorgename kursus in "Creative Writing" gesels het. Dié agtergrondskennis is nodig wanneer oor die Letterkundige Laboratorium gepraat word, want hierdie skip het 'n boegbeeld met twee koppe: dié van Ernst van Heerden en dié van D.J. Opperman. Wanneer Van Heerden se artikel gelees word, blyk duidelik hoe sterk Opperman se werkwyse deur Van Heerden se ervarings in Amerika beïnvloed is, tot en met die gebruik van anonieme tekste van studente, getik en afgerol, en ingebind tot "boek", wat as vertrekpunt gedien het vir klasbesprekings, met die dosent as voorsitter en gids.⁸⁾

Maar as Opperman 'n "bloudruk" oorgeneem het by Van Heerden, was die uitbou van die Laboratorium volledig sý prestasie. Opperman se Laboriete — Opperman se dubbelsinnige term — getuig met respek en geesdrif van sy diepgaande invloed. Een van hierdie getuienisse, dié van Leon Strydom, het in druk verskyn. Strydom beklemtoon die emosionele komponent van dié kursus. Hy sê: "... die Laboratorium (was) vir my ondenkbaar ... sonder die emosionele kompleks daaromheen: van wedersydse vertroue en samewerking, van nog 'n uitdaging gerig deur die dosent wat sy student se belange op die hart dra, van selfrespek en selfverwesenliking."⁹⁾

J.P. Smuts, vroeër student en later kollega van Opperman, onthou die byna "magiese" invloed wat van Opperman uitgegaan het:

Opperman was as dosent glad nie in die eerste plek daarin geïnteresseerd om vir sy studente 'n aantal literatuurwetenskaplike handgrepe by te bring nie, maar wel om hulle tot 'n verantwoorde kritiese gesprek te dwing. Omdat hy self so 'n buitengewone literêre aanvoeling gehad het en feitlik feilloos kon oordeel, was hy in staat om deur sy kommentaar op 'n teks of 'n student se ontleding telkens tot die kern deur te dring. In dié proses is jou literêre intuïsie op 'n feitlik magiese wyse verfyn, terwyl hy terselfdertyd deur sy gedronge formulering jou styl geslyp het.¹⁰⁾

Verdere aanhalings is oorbodig: dis reeds duidelik dat die Opperman-skoling in 'n hoë mate die Opperman-persoonlikheid was. Die groot leermeester, so sê ons in die onderwys, is dikwels die metode.

Maar as die groot persoonlikheid uittree: wat dán? Daar bly sekere uiterlikhede agter, sekere gebruike, maar hoe geldig en hoe nuttig is dié gebruike sonder hul unieke besielers? Is dit gerade om die Opperman-werkwyse voort te sit ... sonder Opperman? Ek wil dit pertinent stel: sonder Opperman sou

daar nie meer van die "Stellenbosse model" gepraat moet word nie. Terwyl Opperman sy dinamiese invloed laat voel het, het dit by min mense opgekom om die "Stellenbosse model" te kritiseer. Nou, los gesien van Opperman, val die didaktiese leemtes van dié model op. Dis nie meer in alle opsigte 'n model vir die behoeftes van 1984 nie.

My besware teen die Letterkundige Laboratorium klop met dié van Leon Strydom. Ek haal Strydom aan:

Die *Laboratorium* sou meer produktief gewees het as dit nie net gedigtekste betrek het nie, maar ook die geleentheid gebied het om die probeerslae van aspirant-verhaalskrywers en -dramaskrywers op tafel te kry.¹¹⁾

Strydom wys daarop dat Opperman 'n "onhoudbaarheid" bestendig het deur net poësie in sy kursus te akkomodeer. Op dié manier het hy die snobistiese opvatting versterk dat poësie "die hoogste bereiking van literêre vermoë" is.¹²⁾

Strydom se tweede beswaar lui só:

Die *Laboratorium* sou meer produktief gewees het as dit aangebied is binne die logiese raamwerk van literêre kommunikasie waarin skrywer, leser, resensent en literatuurwetenskaplike *onderskeidende* funksies en doelstellings het, maar in beginsel gelykwaardige en onmisbare komponente is.¹³⁾

Vir my is 'n verdere leemte binne die huidige Laboratoriumopset die totale negering van Populêre Fiksie en wat ek sou wou noem: Toegepaste Skryfwerk, soos die skryf van T.V.- en radiotekste, of die omsetting van bestaande verhale en dramas in T.V.- en radiotekste. Ook vir die skryf van film-, teater-, kuns-, musiek- en boekeresensies lyk skoling nodig, iets waarvoor Van Wyk Louw, as ek reg onthou, lank gelede reeds gepleit het.

Ook het ek beswaar teen die beperkte tydsduur van die Letterkundige Laboratorium-kursus. 'n Semester bied min kans op verbetering. Op stuk van sake is die groei van skryfvermoë 'n haas organiese proses, en soms stadig, soos Katherine Anne Porter vroeër in hierdie lesing geïmpliseer het. Miskien word dit duidelik hoekom ek tussen skryfopleiding en skryweropleiding onderskei het. Toegepaste skryf, wat ook joernalistiek insluit, is een bepaalde soort skryf; 'n soort skryf wat baie beslis taalvaardigheid en intelligensie vereis, maar wat tot op 'n sekere hoogte aangeleer kan word. Skryweropleiding kan voortbou op skryfopleiding, maar skryweropleiding kan net slaag in die hande van 'n baie besondere soort mens, en hoeveel van hulle het enige kultuur op stuk van sake? Hoeveel Van Heerdens en Oppermans en Van Wyk Louws en Uys Kriges het Afrikaans?

Vir my lyk dit, suiwer prakties gesien, of die klem in die toekoms op 'n soort

skryfopleiding behoort te val waar die mentor nie noodwendig 'n charismatiese persoonlikheid hoef te wees nie. Só 'n opleiding sou geskuif kon word van 'n taaldepartement waar dit in ieder geval nooit 'n suiwer akademiese komponent kan wees nie, en onder dak gebring word by 'n Departement Joernalistiek wie se bestaansreg juis die ontwikkeling van skryfvermoëns is. Só 'n kursus sal liefs 'n nagraadse kursus (diploma-? graad-?) moet wees, sonder 'n B.A. as voorvereiste, want so sal alle studente met talent, ook medici en ingenieurs, 'n kans gebied word op talent-verwerkliking. Nog 'n voordeel van 'n nagraadse kursus sal wees dat dit ouer en ryper studente gaan trek; mense wat al 'n behoefte het daaraan om lewe te interpreteer. Aanvanklik sal dié skryfopleiding parallel kan loop met die opleiding van joernaliste, waar die klem met reg op die "meganika" van skryf val: korrekte spelling en leestekengebruik, doeltreffende sins- en paragraafbou. (En glo my, selfs afgestudeerde B.A.-studente met Afr.-Ndl. III, het hierdie soort "opknapping" heel dikwels net so nodig soos hul kollegas uit die wêreld van die eksakte wetenskappe.) Hierna sou gespesialiseerde opleiding kon kom: die skryf van verhale, gedigte, dramas; die omstelling van verhale in dramas vir T.V., en so meer.

'n Departement Joernalistiek sou gespesialiseerde skryfwerk net in medewerking met ander departemente kon aanpak.

Die inset van 'n Dramadepartement is onontbeerlik by die opleiding van toneelskrywers. By die Columbia-universiteit, New York, het ek 'n toneelskryfkursus bygewoon. Ons pogings is onmiddellik ingestudeer deur Dramastudente en reeds 'n volgende lesuur voor ons uitgespeel. So is die instrukteur se taak verlig, want die Dramastudente het met hul spel die foute in jou teks as't ware geformuleer, wat verdere kommentaar tot 'n minimum beperk het.

Verdere modules wat ingebou behoort te word by skryfopleiding is: vertaal-kunde; vergelykende letterkunde; visuele opvoeding, in watter vorm ook al; redenering.

Een ding moet hier baie duidelik gestel word: skryfopleiding kan nie talent genereer nie. Dit kan help met die stimulering en uitbouing van wat réeds daar is, as 'n goddelike gawe en gegewe. Skryfopleiding kan wel help om die algemene peil van skryfbevoegdheid te verhoog en dit is, die hemel weet, nodig as kontrole by die publikasiewoede van en skrywers en tydskrif- en uitgewerredaksies. Dit het veels te maklik geword vir die Afrikaanse skrywer, met of sonder kunne, om in druk te verskyn. As die een tydskrif of uitgewer 'n skrywer se manuskrip afkeur, sit 'n ander tydskrif en uitgewer gereed om dié manuskrip op te raap. Selfs standaardseppende tydskrifte soos *Standpunte*, *Tydskrif vir Letterkunde en Contrast* plaas soms tekste,

veral gedigte, wat weinig meer as bladvullers is.* Terwyl ek in *Die Brandwag* van die oorlogsjare en onmiddellik daarna rondblaai op soek na Kleintjan van Bruggen se rubriek, "Van ons hoërskooljeug", het dit my opgeval hoe selektief die bydraes vir 'n kommersiële tydskrif tóe was. Die omslag van die tydskrif was 'n advertensie; die papier waarop gedruk is, was oorlogspapier; maar die inhoud van dié blad het respek gehad vir sy leser. My bloudruk vir skryfopleiding is tentatief en oop vir kritiek. Teen een soort kritiek wil ek my by voorbaat verweer, naamlik dat my opvatting van skryfopleiding skrywers met literêre talent gaan uitsluit. Tydens my voorgestelde opleiding kan talentvolle skrywers in die volle sin van die woord professionele skrywers word. Hulle sal leer om hul vermoëns toe te pas en uit te brei. Hulle sal leer om die "windstiltes" waaraan alle skrywers onderworpe is positief te benut deur kritieke te skryf, 'n literêre werk vir T.V. aan te pas, 'n belonende stuk vertaalwerk aan te pak. En dan op 'n dag — maar eers as hulle opgehou het om die muse te dwing — sal hierdie skrywers se stemme weer vanself met hulle begin praat, soos vanouds met Jeanne D'Arc, en sal hulle opnuut weet, met skrik en opwinding, dat 'n storie of vers verlos wil word.

V

Ernst van Heerden meld in sy aangehaalde artikel dat talle Amerikaanse akademië skepties is oor die "kweek" van skrywers aan universiteite.¹⁴⁾

Hierdie standpunt verdien aandag. Vermoedelik is talle skrywers hier in die gehoor van dieselfde mening.

Ek vermoed dat die teenstanders van skryweropleiding dit teen formele opleiding het, want géén skrywer wat ek ken, kan met eerlikheid sê dat hy geen informele opleiding gehad het nie.

Informele opleiding begin al met die boeke wat jy lees; met die skrywers wat jy so koelbloedig kies soos 'n parasiet sy "gasheer". J.C. Bloem sê:

Men kan teenwoordig gerust aannemen, dat geen mensch ter wereld voor het eerst een vers schrijft zonder ooit één gedicht te hebben gelezen.¹⁵⁾

*Ooraanmoediging en oorbewering skyn 'n kwaal van ons tyd te wees. Ek dink aan die belaglik hoë pryse en lof wat *Poort*-wenners via die Akademie ontvang. Kan dit wees — ek ys om dié moontlikheid te noem — dat ooraanmoediging 'n *gebrek aan gehalte* wil verdoesel? Vyf-entwintigduisend rand as prys vir 'n enkele toneelwerk, soos dié wat die streekgrade vir toneel uitloof, is mos waansin. Ook die Louis Luyt-prys is te groot vir een mens. Dit behoort eerder gelykop tussen finaliste verdeel te word; tussen kritici, digters, toneel- en prosaskrywers, of wie ook al die jaar as beloningswaardig aangewys is. Dan raak die onwetenskaplike vergelyking tussen onvergelykbare tekste mos uitgeskakel?

Bloem word as't ware "gesecondeer" deur Northrop Frye:

A writer's desire to write can only have come from previous experience of literature and he'll start by imitating whatever he's read, which usually means what the people around him are writing.¹⁶⁾

In my jeug het die populêre tydskrifte, *Die Huisgenoot*, *Die Brandwag*, *Die Naweek* en *Die Huisvrou*, gereeld vertalings van meesterskrywers soos De Maupassant, Daudet, Pirandello, Deledda, Prosper Merimée en ander geplaas. Terugskouend weet ek waar en wanneer my passie vir die kortverhaal begin het. Dit was in my skooljare toe ek, neus in die tydskrifte, De Maupassant en Elise Muller geles het en geweet het: hier is iets wat soos die lewe self is, maar groter, wyer, dieper, dringender.

Daar is 'n ander vorm van informele opleiding, 'n oervorm van opleiding: die aspirant-skrywer wat gaan raad vra by 'n gevestigde skrywer, en dit meesal kry. Agter Elsa Joubert rys Sara Goldblatt; agter Con de Villiers, Markus Viljoen; agter Minnie Postma, Audrey Blignault en Ken Swart; agter Etienne Leroux, Jan Greshoff; agter M.E.R., Van Wyk Louw en Opperman, J. du P. Scholtz; agter talle *Tydskrif vir Letterkunde*-skrywers, Elize Botha. In my studentejare het Eitemal my en Abraham H. de Vries onder sy sorg geneem, en dr. Fransie Malherbe het omgesien na Izak de Villiers. Nee, Leon Strydom is nie heeltemal korrek as hy glo dat daar geen Poësie-Laboratorium vóór Opperman was nie. Ernst van Heerden, dr. Con de Villiers, dr. Fransie Malherbe en Eitemal het almal "Laboratoriumwerk" gedoen, maar sonder betaling; en daar sal nog baie van hulle soort wees: vrywillige werkers in die wingerd.

Dr. J.R.L. van Bruggen is nóg 'n onbesonge werker in die wingerd, maar dié saak moet reggestel word in 'n tesis soos dié waarmee J.L. Marais tans besig is, getiteld: *'n Ondersoek na kursusse in kreatiewe skryfkuns met besondere verwysing na die Stellenbosse Letterkundige Laboratorium*. Van Bruggen se weeklikse rubriek in *Die Brandwag* was eers getiteld "Vir die Hoërskooljeug", maar is spoedig herdoop tot "Van ons hoërskooljeug". Hierdie aksentverskuiwing is beduidend: 'n "uitsluitend receptief georiënteerd" publik, om 'n frase van Dirk de Geest te leen¹⁷⁾, het nou skeppend geword. Van Bruggen het verhare, poësie en selfs toneelwerk van leerlinge gepubliseer — af en toe ook van Laerskoolleerlinge — en elke bydrae van kommentaar voorsien. Dis opvallend dat die Van Bruggen-laboratorium in hoofsaak met prosa besig was, maar dis ook nie vreemd nie, want skryfopleiding op skool konsentreer oorwegend op prosa, tot die huidige dag toe. Hierdie rubriek het van 4 Oktober 1946 tot 24 Oktober 1947 onder sy titel, "Van ons hoërskooljeug" verskyn; daarna was daar onderbrekings, die rubriektitel het weggeval, en uiteindelik ook alle leerlingbydraes en kommentaar.

Vir my is Kleinjan van Bruggen se rubriek ongetwyfeld ons eerste amptelike

Letterkundige Laboratorium. Hierdie belangrike opvoedkundige het aange-
moedig, vriendelik geraas en in besonder verdienstelike gevalle met die
hoogste lof gekom: "Graag hoor ek weer van jou." (Wat dan ook gebeur
het!) Dié rubriek het in sy hoogty bladsye beslaan, en het later selfs illustra-
sies as bonus gehad, almal van Victor Ivanoff. Ek laat volg enkele fragmente
uit sy kommentaar om u iets van die toon en gehalte van sy raad te laat er-
vaar:

- (i) Jou styl en taal is goedversorg en jy probeer nie "mooi" skrywe nie.
Mettertyd sal jy self vind hoe jou ontwikkelende taalvaardigheid nuwe
woorde ontdek en gebruik.
- (ii) Daar is spore van dramatiese aanvoeling in hierdie artikeltjie, Ben. Pas
net op vir oordrywing. Oordrywing is die kiem van die *melo-dramatiese*
(sic) en die *sentimentele*.
- (iii) I.v.m. drama: "Die dialoog moet vorentoe na sy klimaks beweeg" ...
of: "... daar moet nooit hinderlike tydgapings voorkom nie."
- (iv) Jou bydrae klink waar en is met komiese oë gesien. Maar o, jou punk-
tuasie, Adriaan!¹⁸⁾

My enkele opmerkings het hopelik die aandag gevestig op 'n stuk vergete
Laboratoriumwerk wat in-diepte-verkenning verdien. Ek wens dat die
Redakteurs van *Poort* kommentaar by al die bydraes wou voorsien, soos
Kleinjan van Bruggen in sy rubriek, lank gelede; dán eers sal *Poort*,
didakties gesproke, sy bestaan volledig regverdig.

Ten slotte wil ek 'n spooklaboratorium noem waarvan net ingewydes weet,
en dan ook net ten dele. Ek praat nou van die skriftelike kommentaar van
tydskrif- en uitgewerredaksies by ingesonde manuskripte. Hoekom moet
keurverhale soos "arcana" hanteer word? Om die keurder te beskerm? Sou
dit nie juis sanerend wees om te weet dat beoordelaars oordeelsfoute kan
begaan nie? 'n Bloemlesing met keurverslae, die betroubares én onbetrou-
bares, lyk na skitterende werkwinkelateriaal.

* * *

Teenoor skrywers wat vermoed dat hulle geen opleiding gehad het óf nodig
het nie, is daar dus dié wat hulp soek, en op só 'n skaal dat informele van-
man-tot-man-opleiding nie meer prakties moontlik is nie. Hiervandaan af
moet die owerhede verder besin: die R.G.N., universiteite, Teknikons.

Verwysings

1. Katherine Anne Porter, Introduction to Eudora Welty, *A curtain of Green*, p. 9.
2. Virginia Woolf, "Craftmanship", *The death of the Moth and Other Essays*, p. 175.
3. Sien *Encyclopedia of Educational Research*⁵, p. 568. Hierin word verwys na Bruner se filosofie, soos uiteengesit in *The Process of Education*, ofskoon Bruner nie self die term "Spiral Curriculum" gemunt het nie.
4. Anthony Storr, *The Dynamics of Creation*, p. 11.
5. Mark Schorer, "Technique as Discovery", *Hudson Review*, Vol. 1, No. 1 (Spring 1948), p. 67.
6. J.L. Marais in 'n konsepstuk vir 'n tesis-in-wording, getiteld '*n Kursus in kreatiewe skryfkuns met besondere verwysing na die Stellenbosse Letterkundige Laboratorium*.
7. Ernst van Heerden, "'Creative writing as University subject'", *Standpunte*, nuwe reeks, jg. 14, nr. 1, Oktober 1960, pp. 24–27.
8. *Ibid.*, p. 24.
9. Leon Strydom, "D.J. Opperman se Poësie-Laboratorium", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jaargang 23, nommer 1, Maart 1984, p. 11.
10. 'n Skriftelike mededeling, gedateer 27 Julie 1984.
11. *Ibid.*, p. 12.
12. *Ibid.*, p. 13.
13. *Ibid.*, p. 13.
14. Van Heerden, *op. cit.*, p. 24.
15. J.C. Bloem, *Poetica*, p. 72.
16. Northrop Frye, *The Educated Imagination*, p. 42.
17. Dirk de Geest, "Creatief skrywen als metode om gedichten te lezen in de klas".
18. Dr. J.R.L. van Bruggen, "Van ons hoërskooljeug", *Die Brandwag*:
 - (i) 3 Januarie 1947, p. 33
 - (ii) 17 Januarie 1947, p. 35.
 - (iii) 7 Maart 1947, p. 31
 - (iv) 21 Maart 1947, p. 39

P.G. du Plessis

Oor messe en gode ...

In die jare her, het dogtertjies voor gehore opgestaan, hulle hande inmeekargevou, soos huis-sangeresse langs Victoriaanse klaviere, en dan die titel van hulle voordrag gesê, voor hulle met die verkragting van die gedig voortgegaan het.

Omdat ek in dié dae gewortel is, het ek besluit om met vandag se skielike Bartho-vervanging, * 'n titel aan u af te smeer: "My voordrag is getiteld, *Oor Messe en Gode ...*" met sulke swanger dotjies agteraan.

Want toe ek bestorm word om vandag op hierdie waardige geleentheid my plaasvervangende handeling uit te voer, dag ek, dat ek u minstens onder 'n sambreeltitel moet teister. Toe soek ek 'n beeld om die lot van die verhoogskrywer (soos prof. Grovè my in sy *Letterkundige Sakwoordeboek* noem, en waarvan ek nog die vriendelikhedsgraad moet bepaal) aan u voor te hou.

Ek kom toe by 'n offervark uit. 'n Onrein dier, gespalk oor die altaar, met, as hy dalk 'n vark met filosofiese neigings is, die mes sal betrag, en sal wonder oor die nodigheid van offergawes (soos ek voor my diaken) in die algemeen, en die waarheid agter die gode in die besonder.

Nou weet ek onrein diere is nie aangewese offers nie. Ek weet ook dat die offerpetalje nie waardig is nie. Die Asteke, wat jong mans oor offerklippe spalk, hulle borskaste met klipmesse open, die hart uitruk en kloppend na die Songod ophou — hulle het iets geweet van die heroïese van die offerdaad.

Al was daar, volgens Cortes, 'n klankie aan die plek, en het daar heelwat dik vlieë rondgedwaal.

Soveel verbeelding en piëteit het die Afrikaanse kultuurpriesters nie.

Ek moés 'n vark kies, glo my asseblief, omdat die ding met die sterwe so kan skree.

Toe ek nou skielik met die opdrag om vandag hier iets te sê, gekonfronteer is, het ek gewonder of dit nie dalk tyd geword het om tóg, soos Bartho dan wou, bietjie bestek op te maak van die bekendhede rondom die Afrikaanse teaterdroogte nie.

Sê ek dit vir iemand. Onder meer dat ek ook sal moet praat oor die rol van die TV in die spulletjie. Moet ek hoor dat die onderwerp al snuif en dus oninteressant getrap is.

Ek is dus vandag nie hier om u te interesseer nie, maar om te kyk of ek van dié dorsvloer van menings — snuifgetrap deur ook onvrugbare muile — 'n paar goed kan haal wat nog ongewan, maar darem tot korrels uitgetrap, op die kleivloer van die kultuurlewe lê.

*Dr. Du Plessis het Bartho Smit as spreker by die Skrywerskongres vervang.

Daar is 'n paar bekendhede:

Oorspronklike Afrikaanse stukke vir die verhoog word omtrent nie meer, sover ons kan agterkom, geskryf nie; die Streekrade loof al R25 000 uit vir 'n opvoerbare stuk en belof die wener nog meer: opvoering oor die ganse land; daar word gekla oor die veelheid van vertalings waarmee ons akteurs ons verhoë bewandel — oor die skaarste aan lokale temas wat ons raak. Die dramaturge, so word gesê, is TV toe.

Laat ek dan daarmee begin: die TV, en dan hang ek daardie "lokale temas wat ons raak", so bietjie aan die kapstok, om later 'n oomblik daarna terug te keer.

Van al die diagnoses wat ek die afgelope aantal maande oor die lot van die Afrikaanse toneel moes aanhoor, is dié oor die bouse invloed van die vervlakende TV die luidste gelug.

'n Mens hoor:

Die skrywers het weggeloop TV toe, want daar's meer geld; die skrywers het die verhoog verloën en hulle vir dertig silwerlinge aan die mindere TV verkwansel; ernstige dramas word nie meer geskryf nie omdat die derde-rangse TV se grypende muil (en sy peristaltiese sklukderm agter daardie bek) alles verorber ...

Die skrywer het, so sal opvoedkundiges en teoloë dit formuleer, die vertikale ideaal vir die horisontale Mammon loop verruil.

Dit is dan die rede waarom daar in die afgelope aantal jare so min oorspronklike op die Afrikaanse verhoog was, waarom daar omtrent geen nuwe Afrikaanse drama verskyn nie, ens.

Dié dinge word oral gesê, van kultuurvergaderings tot moffie-partytjies, maar oral met ewe min grond.

In die eerste plek wil ek u, lede van die Skrywerskring, maan dat u, liewe vriende, allermens oor die saak moet kla.

Die rede waarom ek dit sê, is die volgende:

Die televisie is nie 'n minderwaardige medium nie, en vir skrywers open hy tog moontlikhede. Daar is meer rede:

Weliswaar het televisie beperkinge, maar daar kan, as die talent maar daar is, selfs groot werke uit voorkom.

Die verwyf van vervlakking gaan nie noodwendig op nie.

Maar ek het gesê daar is beperkinge.

Een daarvan is seker iets wat binne ons situasie ernstiger is as in ander lande, omdat ons tog 'n bedryf het wat in sekere opsigte monopolisties is.

Jy het maar een plek om jou goedjies heen aan te dra, en dis SATV. En dis in beginsel ongesond, maar op die oomblik meen ek, nie misbruik nie. Die rede waarom die misbruik so min is, is juis die honger van die ding. Hy moet selfs goed sluk wat hy in ander omstandighede bepaald nie sou duld nie.

'n Verdere beperking van die medium — in ons omstandighede nie noodwendig uit sy aard nie — is die feit dat gewaagdheid oor dinge soos die agterkant van die lewe, nie juis daar tuis hoort nie, en dus beperkend op die

ernstige skrywer kan inwerk. Naaktonele, kragwoorde, gewaagde temas — behalwe waar dit gewelddadig is, want oor geweld is dié medium selfs by óns geduldig — kan net nie.

Die TV-mense het oor gewaagdheid 'n heel aanvaarbare uitgangspunt.

Die verskil tussen die lewende teater en die TV is, sê hulle, gehoorsgewys, dat jy die een, dis nou die teater, vrywillig besoek, gesubsidieerd of te nie; by die TV koop die grootste gemene deler sy lisensie en jy gaan loop sit in sy voorkamer waar, in normale gesinne, oupa, ouma, die kindertjies, en wie 'n mens ook al wil bedink, gaan saamsit om die ding.

Jy kan nie vir Jannie wat onrustig aan die ontluik is, te veel van een soort ding wys nie; jy kan nie vir Sannie wat haar eerste perversietjie voel groei, eenkant toe laat oorhel nie, en dan het oupa se gedagtes dalk ook nog nie heeltemal tot ruste toe gekom nie, en jy wil nie ouma se oudag beswaar nie, ens.

Die gevolg is dat gewaagdheid en die aansny van sommige dieper temas uit die aard van die opset onmoontlik is. Politiek, godsdiens, die lyf en sy perversies, dié is te sensitief.

Daar is dus 'n klompie moontlikhede weg. Maar daar is nog baie mooi dinge moontlik — 'n skuifmeul vir vrot skryf is dit nie.

Vir die verhoog is dit gelukkig dat dit so is, want dit laat 'n terrein oop: om daardie dinge aan te sny, daardie menslike roersele te ontleed en uit te beeld wat op die TV taboe is.

So het die lewende teater oorsee die TV die hoof gebied, en so sal dit hier moet gebeur. Daar is plek vir erns, en deur die genade heelwat luim, wat nie in ons situasie op die TV gangbaar gaan wees nie, maar wel op die verhoog — veral natuurlik die Engelse verhoog, want wat daar gangbaar is, is nog nie vir goeie Afrikaner-ore aanvaarbaar nie.

Niks is onvermeng goed of kwaad nie, ook nie die TV nie. Vlak of slegte TV kan alleen die teater baat; vrot teater sal die TV nie veel beïnvloed nie, want dié sal voortdonder. Die teater het die vryer geword, die een wat verleë begin raak het om gehore.

Vir skrywers is albei moontlikhede oop. So oop, dat daar skaars gekla kan word. Enigiets wat maar 'n skyn van meriete het, sal aangegryp word. Kla dus nie.

As u wel groot kla het, kla oor die video-mark en sý invloed op die teatergehoor, selfs op die TV-gehoor.

Dié duiwel het so stil tussen ons ingesluip dat ons van die kinders moes hoor dat hy bestaan. Hy steel gehore, want elkeen kan na eie smaak, en in vry ongesensureerde vorm, loop huur wat hy wil hê. Ek meen dat dié mark nog onversadig is, en die lewende teater nog baie gaan seermaak.

Om 'n rede wat ek vroeër genoem het: Hý gee wat die TV in amptelike gedaante nie kan gee nie, hý loop met dinge wat ek nie op die Afrikaanse verhoog durf waag nie, hý verswak my weerstand en my slimmigheid teen die aanslag van die TV. Die oupa wat my sal kruisig oor ek 'n dingetjie insit wat

dalk skuins is, sal tuis kan kwyl soos hy wil oor iets soortgelyks, en die band heen-en-terugspeel totdat sy vertraagde lus bevredig is.

Teen die video het ons net een verweer in die Afrikaanse teater en in die werk wat ons vir ons eie TV doen: goddank is die spul goed uitheems, en is daar darem nog iets in die literatuur en die uitvoerende kuns wat 'n sekere lekkerte van erkenning in 'n gehoor kan bring.

Televisie het iets met die verdwyning van soveel Afrikaanse toneelskrywers te make. Natuurlik. Maar dit wil nie sê dat ons nie binne die beperkinge dalk nog eendag iets groots gaan maak vir daardie klein kassie nie. En vir u, skrywers, is daar nuwe moontlikhede geopen om die dier te voer: joernalistieke TV, ernstige TV ens.

En in een opsig het die TV ons verlos van 'n ander ding: toe die film so duur geword het om te maak, soveel geld moes in-oes voor die geldskietser sy pondjie wins kon kry — en dit te midde van onseker subsidie-sisteme en ook 'n aanslag van die televisie — het die TV ons verlos van baie kommersiële druk. Ernstige films maak nie genoeg geld om op die oomblik in Suid-Afrika lewensvatbaar te wees nie; vir die TV kan daar laat-aand, en binne die beperkings van die stelsel, tog nog iets gemaak word wat ook méér probeer wees as net 'n kommersiële sukses. Laat ons daarvoor dankbaar wees.

U as skrywers, as u dalk 'n trekkie het vir die visuele media, sal maar met dié onregverdigde Mammon moet gaan vrede maak.

As die media mekaar se beskikbare talent opvreet, soos die sakesektor staatsamptenare, is dit so.

Die TV is dus 'n moontlikheid, nie noodwendig vervlakking nie, met sy beperkings en sy kommersiële bevryding wat die fliëk betref.

Maar daar is geen enkele skrywer van wie ek weet wat nie nog 'n sagte plekkie vir die lewendende teater en sy soort opwinding het nie. Wat nie nog in sy binnegemoed darem graag 'n opvoering en 'n boek, liefs onder die genre "drama", gepubliseer sou wou hê nie.

Wat ek daarmee wou sê, is dat die skuld vir die skielike dramatiese droogte op die verhoog en die baie skraal oes aan gepubliseerde dramas nie net daar gesoek moet word nie. Die televisie was maar een faktor.

In die ou dae het tannies wat Engels-georiënteerd geskinder het, altyd, wanneer Sannie skielik deur Piet gelos is en dan te gou maar met Jan getrou het, altyd 'n definisie gehad vir Sannie se oorhaastige en leedvermakerige huwelik. — Nadat hulle natuurlik die dae getel het tot selfs nege maande toe. Hulle het gesê: Sannie het Jan so gou na die liefdesteleurstelling getrou, omdat sy op die "re-bound" was.

Dis nie onmoontlik dat die TV verbygekom het toe die aanvaarde dramaturge — kom ons noem hulle maar so, by ontstentenis aan 'n beter term — op daardie selfde rebound was nie.

Toe Piet-teater ons moedeloos had, het Jan-TV sy honger flikkers kom gooi en ons kon sy behoeftes en sy honger in sy oë sien, en in sy vryersasem hoor. Dis lekker om skielik weer 'n bietjie te vry met iemand wat jou regtig

wil hê en nie gedurig besig is om jou te vertel jy's te vet, of te maer, of jy't bakbene en bakore, en jou neusgate is skeef, en jy's sosiaal nie lekker nie, en jy praat met 'n plat aksent, en jou kleresmaak skiet tekort, en jou kar kon duurder en jou gees ryker en jou geselskap interessanter, en jou agtergrond hoër, en jou nek 'n aks dunner ... en ... en ... en ...

Na al die jare weer iemand wat om jou nabyheid hyg ... Kan jy ons meisies kwalik neem? Jy vat Jan, want hy wil jou regtig hê, hy laat jou — soos alle vroue in verhoudinge uit Mills en Boon sê: "... weer soos 'n vrou voel ..."

Maar of die huwelik met Jan, dalk bietjie uit leedvermaak getrou, terwyl jy elke nag 'n geheime liefde vir Piet in jou nag-fantasieë moet stildroom, gaan hóú, dis 'n ander vraag. Want Jan gaan ook maar in die huwelik sy attensie-uurtjie na nege-uur saans verskuif, verval in die omdraai-en-slaap-gewoonte, sy blomme nalaat en sy fees-datums vergeet, sy kritiese oog ontwikkel, sy wasgoed, koerant, pyp en snork deur jou huisvrou-dae sleep. As Piet dalk weer opdaag, 'n etetjie reël in die stad, tot nuwe waardering kom — dalk in die gedaante van Gerrit Geertsema of Marius Weyers — en Piet is bereid om jou weer aan te hoor met 'n simpatieke oor, en hy sê hy sal by jou staan, en hy het dalk 'n fout gemaak, want eintlik was jy vir hom onontbeerlik, dié besef hy nou, dan gaan jy, al is jy nou vasgekontraakteer aan Jan, een van die dae vir jou in 'n hotelkamer laat insmokkel, en as Piet-teater maar sy storie ken — ook nie eers te goed nie, want met jou liefde het hy in elk geval 'n emosionele basis om sy liefdespel op te bou, dan gaan jy ...

U verstaan my. Al skei jy Jan nie, gaan jy met Piet vry.

Ek vra weer. Kan jy 'n vrou in haar vrugbare jare kwalik neem?

Ek probeer vir u iets baie ernstig aan die verstand bring: Die ou romantiese gedagte dat skrywe 'n innerlike noodsaaklikheid is wat teen alle sin en wil in moet geskied, teen alle verleentheid en leed in móét uit, ens., is tjol. Selfs die liefde en die skeppingsdrang kan seerkry as jy gedurig moet bloedbek loop.

Ek vererger en vergroot natuurlik. Dis nie so erg nie, ek probeer maar net 'n aanduiding gee van 'n probleem wat ons gedurig miskyk:

In die uitvoerende kuns, die visuele kuns, die film, die TV, die teater, die musiek-blyspel, die kabaret, is daar baie meer dinge in die spel as net die sielewroeging in die studeerkamer. Daar is baie menslike verhoudings in die spel, daar is 'n klimaat in die spel, daar is mense en hulle geesdrif of moedeloosheid aan die werk.

Dis soos Transvaal se rugby. Soms steek selfs die spelers vas en sê: wragtag, nou speel ek nie verder nie, of ek gaan soek 'n joppie in 'n ander provinsie.

Wat ek hier sê, is 'n kunshistoriese feit, nie net die kreet van my kamtige of-fervark nie. In die uitvoerende kuns is administratore, geldskieters, organiseerders, langs die skeppende geeste nodig, en as die spul in duie stort, dan moet hulle ook maar 'n slag vra wat hulle aangevang het. Laat die

toekomstige geskiedskrywer oor dié dinge maar by Bartho, André, Adam, Chris, Pieter, kom sit en vra, en hulle sal hoor.

Natuurlik is Brutus 'n eerbare man. Natuurlik vergroot ek die spul vandag. Miskien is dit nie so erg nie. Daar wás mos baie waardering.

Moenie dit vir Bartho sê nie, maar dalk is dit nie so erg nie.

Brutus is 'n eerbare man. Dalk weet Brutus nie eers wie hy wanneer stilgemaak het nie. Dalk weet hy nie, dat selfs Van Wyk Louw op 'n tyd nie meer wou skryf nie; dalk moet 'n mens jou uit die nie-skrif uitbakei soos die Louws gemaak het.

Brutus weet nie altyd nie.

Brutus se oordeel is nie altyd suiwer nie.

Brutus het sy eie ego om na om te sien, en sy organisasie en sy volgende kommissie-opdrag van die regering, en sy goeie naam, en sy finansiële verantwoordelikheid.

Brutus is 'n eerbare man.

En dalk moet Markus Antonius 'n slag kom kla voor die volk as Caesar stil lê. Dalk moet Markus Antonius sê hy wens dié wonde kon lippe word en praat.

Maar Brutus moenie ná die tyd kom kla dat die dooie Caesar nou nog, na al die goed wat hy uit die Brutusiaanse hand ontvang het, wil lê en sy bek hou nie. Bid jou aan.

Soos Tiemie, wil ons almal gehê wees — veral wanneer jy met die maak van die goed, genoeg onsekerhede en vrese het. Moenie jou gesel se tegniek telkens neerhalend afmaak en dan later oor impotensie en koudheid kla nie.

Niks is so erg as die voortdurende bevestiging van twyfels, onsekerhede en vrese nie.

Laat 'n offervark dan maar vandag dié ding vir u sê, al dink hy en u dat dit nie so erg is nie. Offervarke het die neiging om so bitterbek oor situasies te dink.

Ek het so 'n vermoede dat iemand hier in sy agterkop dink: "Wat klá die man tog so? Wat sukkel hy so? Het hulle dan nie die moed van hulle oortuiging nie? Is hulle dan tog maar nooit werklike geroepenes gewees nie?"

Lighartig sou ek wou antwoord: Moenie die onrein offervark verwyf nie, priester, as hy 'n slag skree nie. Offervarke is maar so. En jy moet die priesters hoor as hulle onder die lem kom, Priester.

As teenvraag sou ek wou vra: "Hoekom het almal toe skielik ophou skryf? Sê jy my dan, vrae-tyd." En moet dan nie kla oor die skerpte van my antwoord en die aanhalings wat jy gaan hoor nie.

Ek het dit al hoeveel keer oorweeg: het daar dan werklik iets verkeerd oor ons gekom? Van buite onself af? Kan ek die vraag nou maar afmaak met so 'n algemeenmenslike skulderkenning — of wás daar dalk faktore wat gelei het tot die droogte? Selfs faktore buite ons skuld?

Hét die sensuur ons dalk meer geknel as wat ek voor André wou toegee? Het die streekraide ons uit die skryf uit verneuk of verneder? Het die slim-

migheid van en die kristal-verwagtinge van die literêre kritiek of die aapdomheid en worshond-astrantheid van die koerantkritiek tot moedeloosheid toe onder ons toonnaels en nerf ingelem? Sô, dat jy naderhand het nie meer wou nie, omdat dit nie meer lekker was nie? Wou die streekrade nie genoeg gewaagde myle met ons saamloop nie? Of wou hulle nie ons hand kom vashou nie — toe ons soms die sterf van mislukkings moes sterf in die sykamer van die openbare volkshospitaal waar kritiek, familie en vyande agter glas vir jou stuipe kom staan en lag het? Omdat jy iets anders wou sê, of 'n ou ding nuut — en wat toe in plaas van groot woorde stotter was? Dis alles goed en wel vir die offervark om op sy rug te lê en 'n stukkie Calvinistiese skuldaanvaarding te pleeg — van sondeval tot gebroke wêreld toe, maar die gode en die lemme sal hy sô nie onder die knie kry nie. En die agonie van sy mislukkings elke keer wat hy wou waag, dié sal hy nie vergeet selfs tot die mes deur sy eerste laag nekspek gesaag het nie. Want baie dinge het ingegryp in die plek waaruit die goed moet kom wat jy maak: uit jou geesdrif, en uit 'n redelose geloof dat jy mag probeer en dat jou werk, selfs waar dit afgewys word, minstens 'n bietjie respek verdien. So het ek gewonder. Was dáár nie dalk ook waarheid in nie?

Natuurlik was daar.

Dalk was ons nie hardegat en redeloos genoeg nie.

... en dalk was dit nie so erg as wat ek maak nie, dalk moes Bartho maar aanhou verduur, dalk was ons opdragstukke vrot, dalk het ons ons maar verbeel die teaterwêreld skuld ons 'n verhoog, die publiek skuld ons aandag en die gode en die priesters skuld ons minstens bietjie respek.

Dit wás nie so erg nie, maar dalk het dit tog bietjie so gevoel in die studeerkamer as jy opgewonde oor 'n tema gaan sit om iets vir die verhoog te probeer maak, en die gedagte aan jou vorige ontvangs kom giet die koue water van herinnering langs die ruggraat van jou geesdrif af.

Laat dit nou waar wees, of halfwaar wees, soos dit wil ... die enkelvoudige feit is, te veel het te skielik opgehou skryf om die wet van gemiddeldes sonder meer tevrede te hou.

Daar is iets waaraan ek so bietjie glo: 'n Dampkring van geesdrif of waarderding, kan, as dit dan nie tot groot werk kan lei binne 'n gegewe van skraps talent nie, dan wel minstens tot pogings.

Dis nie om dowe neut, of 'n ongewone bondel talent, dat Sestig skielik opbloei, of Dertig skielik tussen ons is, of ou Vlaminge skielik almal goed aan die skilder gaan, of die aanvaarde dramaturge skielik verdwyn nie.

'n Dampkring kan ook wees: wysneusig, foutvinderig, neerhalend, politiever-skrik, sede-behep, skeel, oogklap-vereng, doodgewoon bietjie toe.

Iemand sal eendag seker die rol van toneelkomitees en administrateurs (met 'n groot en 'n klein "a") van hier tot in die Kaap kan skryf, en dan kan die kuns- en literêre geskiedskrywers die verbande waarvoor hulle so redeloos lief is, kom lê. Dalk kom dáár dan 'n rede uit waarom die groot droogte die Afrikaanse toneel so lank geknel het.

Wat u baie mooi moet verstaan, is dat ek vandag met u praat oor skryf of nie skryf nie. U kan van my verskil oor die rede, met my saamstem oor die lae produksie-feit, soos u sal moet, maar ek sê vir u met die volle oortuiging van die stukkie eerbaarheid wat ek nog oor het:

Daar sal in die teater weer geeste moet kom wat die hele pad saamloop met 'n dramaturg, voordat die inheemse stuk, ons enigste verweer teen video, flik en televisie, weer voldoende geproduseer gaan word.

Reg of verkeerd. Regverdig of te nie. Dit is so.

En ek is optimisties oor die wyse waarop die nuwe besture en artistieke direkteure die saak aanpak. Ons gaan 'n oplewing hê, want vir die eerste keer in jare kan ons weer die gevoel van "gehê wil wees" by dié mense hoor.

Ek weet. *Vereeniging* het sy pad van smarte afgelê, en ek het van die TRUK-mense net ondersteuning gekry. Ek sal weer vir hulle werk, en ek sal nie verwag hulle moet al my mislukkings opvoer nie. Chris se *Bloed* gaan opgevoer word, en dit beteken vir my baie, en vir die ander.

Ook die jonges kan dit sien, en dis tyd dat hulle op die altaar gespalk word. Piet-teater het gebel en hy wil in die dorp saam met ons gaan eet. Soos enige berekende meisie weet ons hy het gedagtes en dat ons gaan saamspeel, al sê ons dit skaars, want daardie wegtrouery krap nog.

Maar Jan is nou daar. Jan het ons getrou toe Piet ons gelos het. Jan is nie minderwaardig nie. Ons sal vir TV ook werk, en dalk nog vir die film ook, as dinge daar beter lyk.

Dalk word ons van die altaar afgehaal, dalk het die nuwe priesters ander, minder bloeddorstige gode, dalk kan ons teruggaan hok toe en daar loop hug in die modder, slurp aan die trog en ons varkwees geniet tot verdere kennisgewing.

Dit sal goed wees as die sensoreerders en die volksvaders darem die hok so bietjie lug gee — minstens soveel as vir die Engelse varke langsaan, want hoor net hoe is elke snork gewaagd, elke tema ter sake.

Dalk kry ons weer ook hier, 'n geesteslewe wat probleme kan aansny, die mense terugbring, saamdink oor dinge dieper as net die oppervlakte.

Daar het nog iets met ons gebeur waaroor ek my bekommer en wat ek hier wil noem: Het ons nie dalk ook, ons en ons publiek, varke en priester, opgehou omgee vir 'n ryk geesteslewe nie? Het ons nie dalk die erns binne die noodsaak van entertainment begin vergeet nie, het ons nie dalk regtig gehorisonaliseer nie?

Wanneer polemiseer ons weer oor dinge wat die gees raak?

Waarmee ek wil sê: terwyl die offervark skree, of hug, het hy 'n verantwoordelikheid oor die toonhoogte van skree en hug.

As jy klaar geskree het, bly die hug-verantwoordelikheid tog maar joune. Priesters, gode en messe is uiteindelik nie al wat saakmaak nie. Varke moet vir hulle modder ook omgee en hard probeer. Dit, Meneer die Voorsitter, is die onontkombare lot van onrein diere in 'n gebroke wêreld.

Elize Botha

Die *Tydskrif vir Letterkunde* en die Skrywerskring — waarhede en wense

Toe ek, einde 1972, deur die Afrikaanse Skrywerskring genader is om die redakteurskap van die *Tydskrif vir Letterkunde* by Coenie Rudolph oor te neem, en ek, soos gebruikelik is by so 'n geleentheid, vir 'n pers-onderhoud 'n "beleidsverklaring" moes formuleer, het ek, met die dapperheid wat vrug is van onwetendheid, bekendgemaak dat ek met die *Tydskrif vir Letterkunde* "vir Afrikaanse skrywers, lesers wil maak".

"Mooi gedagtes", het D.J. Opperman in gans ander verband gesê, "kom eers in die môre"; wat hierdie saak betref, het ek die omvangryke implikasies van my "mooi gedagtes" in die helder daglig van tydskrifproduksie maar al te goed, soms selfs 'n bietjie pynlik, leer beseef — al het ek steeds geweet (en is ek nou nog oortuig), dat ek hulle nie mag laat vaar nie!

Een van die vernaamste implikasies is: om te verseker dat skrywers van gehalte en van belofte inderdaad in die *Tydskrif vir Letterkunde* publiseer. Van gehalte en van belofte: wat beteken gevestigde skrywers en die beginnendes, die pre-debuteerders. Hierdie samesyn was nog altyd belangrik, vir lesers en skrywers tegelyk. Die belang daarvan vir die leser is voor-die-hand-liggend: die geleentheid word vir hom geskep om die letterkunde in sy groeiproses self mee te maak: die vaster tred van die gevestigdes, die soms wankelskrede van die beginners. Die leser bevind hom dan — so sien ek dit graag — in die werkwinkel van die letterkunde, omdat hy te make kry, dikwels, met werk wat nog nie sy finale, gebundelde beslag gekry het nie. Ek mag seker, sonder om indiskreet te wees, hier vir u aanhaal uit 'n brief van Wilma Stockenström, om hierdie gedagte van die *Tydskrif* as deel van "werkwinkelpraktyk" te illustreer: dis gedateer 3 Mei 1983, en dis geskryf na aanleiding van die gedig 'Goud van senuwee en silwer van aar' (nr. 20 in *Monsterverse*) wat in die *Tydskrif* van Augustus 1983 verskyn het.

"Ek skaam my so vir die gedig wat 'n ruk gelede in TvL verskyn het. Dit was een wat ek 'n duisendmaal gekorrigeer het, maar selfs die vervreemding van handskrif na tikskrif het nie gehelp nie. Uiteindelik, danksy jou plasing daarvan, het die vervreemding van tikskrif na drukskrif gehelp en kon ek daaraan skaaf. Nou lyk en klink hy beter. Dit is die voordeel van 'n tydskrif dat hy werkwinkel is".

By dié brief was weer 'n gedig aangeheg — een waarvan sy sê: "Met die ingeslote (meer afgeronde? — vra sy tussen hakies) een probeer ek weer". En wat sy "probeer" het, was nie in laaste instansie, dink ek, om die gedig bloot gepubliseer te kry nie, maar ook: om ten bate van die *groei*, die ryping van daardie gedig, weer dié vervreemdingsproses aan te stig. Dat dié proef-

neming weer eens vir haar "gewerk" het — dit kan ons sien as ons hierdie gedig, soos dit verskyn in die *Tydskrif vir Letterkunde* van Mei 1983 op bl. 7, plaas naas die verskyningsvorm daarvan in *Monsterverse* van 1984. Die *Tydskrif*-vers lui só:

Die lewe? Ag, die lewe sit op 'n stoep,
dink 'n droom uit, dis die lewe.
En daar's 'n paadjie en 'n hekkie en 'n end.
Agter in die huis hou die jare hulle besig
met berekeninge van 'n gans ander aard
om die bewyslas van die dood te bepaal;
daarom leef 'n stoep soos 'n vygieglinstering,
borduursel by afgrond tussen hemel en aarde.
Die drome glip weg soos die muisvoëls, die drome,
met die kleur van leegheid geverf in die aand.

Die "monstervers" het die eerste twee reëls afgestaan, en lui verder as nr. 46 met allerlei wysiginge, in die bundel só:

En daar's 'n paadjie en 'n hekkie en 'n end,
maar op die stoep droom dit van lewe.
Agter in die huis hou die jare hulle besig
met berekeninge van 'n gans ander aard
om die nukkêrige dood te bepaal en te fop.
Maar op die stoep met sy vygiekraag, glinsterende
borduursel by afgrond, dink jy 'n droom uit.
Die drome glip weg soos muisvoëls die drome
met die kleur van leegheid geverf in die aand.

Ek meen, saam met die digteres, dat die "Monstervers" beter is as die monster daarvan wat ons in die *Tydskrif* geplaas het. Miskien, van een kant gesien, het ons haar nie 'n guns bewys deur 'n vers te plaas wat nie heeltemal "af" was nie. En tog — u het haar getuienis gehoor — het ons haar juis deur dié "onguns", die guns bewys dat sy afstand genoeg kon kry om die gedig sy finale(r) vorm te laat vind.

En hier moet ek 'n kanttekening maak oor risiko's wat 'n tydskrifredakteur van tyd tot tyd moet neem: om sy reputasie en dié van 'n skrywer in sekere opsig op die spel te plaas as hy glo aan die kern van voortreflikheid daarin, ten spyte van sekere tekorte in 'n manuskrip. Maar ek meen dat daar vir die skrywers ook 'n ander voordeel te trek is uit die samesyn van werk van gevestigde en jonger skrywers in één band: Is dit nie moontlik dat hulle uit hierdie nabygeleëtheid, oor-en-weer van mekaar kan leer nie? Die jong skrywer kan hom meet aan die vakmanskap, die meesterskap selfs, van die ervare erkende skrywer — dit spreek vanself. Maar sou die "gearriveerde"

s krywer nie miskien ook opwindende nuwe moontlikheid vir 'n eie koers kan raaksien in die priller probeerslae van die beginners nie?

Ek wil u nog besighou met die skeppende werk in die *Tydskrif*, omdat ek daarin 'n onvervreembare komponent van sy funksie sien. Die *Tydskrif vir Letterkunde*, omdat dit 'n *tydskrif* is, moet *nuus* wees om sy bestaan te regverdig. U sal begryp dat dit tegelyk vir die redaksie gevaar en verleiding beteken; in die koerantwêreld — 'n aanverwante medium — geld dit dikwels dat "goeie nuus" nié goeie nuus is nie. Vir my staan dit vas dat die letterkunde wat die *Tydskrif vir Letterkunde* bekendstel, gehalte of belofte van gehalte moet vertoon: dat dit herkenbaar sal wees as goeie letterkunde of ten minste moontlikhede van goeie letterkunde sal inhou. Om "goed" en "swak" in literêre sake te bepaal, is deur alle eeue heen nog een van die gevaarlikste ondernemings van die leser-as-beoordelaar. Dikwels moet die beoordelaar hom beroep op modelle, dus werk van erkende status, ten einde sy literêre norme te bepaal. Maar te tradisionalisties, te vernog aan sy "groot modelle" kan die beoordelaar, keurder, redakteur — hoe ons hom (of haar!) ook al wil noem — nie wees nie, omdat hy as *tydskrifredakteur* juis 'n sintuig moet hê vir wat *nuut* is èn goed, dikwels vir wat nuut is en miskien nog (en dit op 'n nuwe manier) goed kan *word*, of as goed *erken* sal word. Hierdie begrip "nuut" mag ook nie altyd net toegepas word op werk van 'n nuwe *soort*, werk in 'n nuwe *toonaard*, 'n nuwe *idioom*, werk vanuit 'n nuwe wêreldbekouing nie. Want die liefhebbende leser van literatuur wéét: dat die waarlik skeppende omgang van 'n begaafde skrywer met oënskynlik verouderde literêre konvensies, steeds tot iets opspraakwekkend *nuuts* kan lei. Ons het dit, byvoorbeeld, in die Afrikaanse prosa en drama al dikwels beleef — hoe byvoorbeeld Uys Krige, Van Wyk Louw, Bartho Smit en P.G. du Plessis die Middeleeuse moraliteitspel laat herleef het in *Die Goue Kring*, in *Berei in die woestyn*, in *Putsonderwater* en *Plaston DNS-kind*; hoe Etienne Leroux mites kan herskep; hoe Henriette Grové 'n verteller inbou in *Die kêrel van die Pêrel* wat "familie" is van die soort "agent" in Henry Fielding se *Jonathan Wild* en Charlotte Brontë se *Jane Eyre*; hoe J.C. Steyn en Elsa Joubert, in die wyse waarop hulle feite tot fiksie ombou, verwantskap vertoon met Gustav Preller en M.E.R.

Die redaksie — want gelukkig hoef ek nie by die *Tydskrif vir Letterkunde* alle blaam en verantwoordelikheid alleen te dra nie! — moet dus sy "nuus" kan raaksien by oud en jonk — en dan praat ek vanselfsprekend nie van die ouderdomme van ons medewerkers nie, maar van literêre konvensies, modes of kodes ... wát u teoretiese begroning u ook noop om dit te noem! En — en nou gaan ek in diepe dankbaarheid praat, al kan dit miskien verwar word met onbeskeidenheid — die redaksie het die heerlike genoegdoening al 'n hele klompie kere ondervind dat wat vir ons nuus was, ook nuus geblyk te gewees het vir die poortwagters van die letterkunde — om nie (of miskien wel?) verwar te word met die hekwagters op Oom Diederik se pad na die hemel toe nie: die uitgewers. En nou moet ek dadelik sê: ek praat nou net

van die huidige redaksie se ervaring; om oor die hele 33 jaar van die *Tydskrif vir Letterkunde* se bestaan heen hierdie feite te versamel is minstens 'n projek vir 'n navorser met die oog op 'n gevorderde akademiese kwalifikasie ... En dan kan ek van digters praat: onder andere Eveleen Castelyn (jare lank saam met haar man ook onmisbaar in die produksieproses van die *Tydskrif*) wat 'n Eugène Marais-pryswenner geword het, Chris Pelser, Etienne van Heerden, Pieter Claassens, Hewitt Visser (Vader Bonaventure Hinwood), Jan de Bruyn. En, miskien ons opspraakwekkendste poësie debuut van die afgelope 5 jaar: T. Jansen van Rensburg. Ek moet hom só noem, want eers na twee rondtes verse onder dié naam, een wat verskyn het in die *Tydskrif* van Augustus 1979 en een wat aanvaar is vir Augustus 1980, het dit bekend geword dat dit die werk is van T.T. Cloete.

Wat die prosa betref: ook hier moet ek miskien eers 'n verhaal van self-ontdekking vertel, soortgelyk aan dié van Wilma Stockenström. Toe Petra Müller nog op die redaksie van *Sarie* was, stuur sy my op 'n keer 'n gerf stories wat nie heeltemal in die *Sarie*-kader sou gepas het nie, maar tog volgens haar mening verdienste het. Sover ek kan onthou, was 'n hele aantal, of miskien almal, anoniem. Een van dié wat ek met geesdrif gekies het, was getitel "Waar die son en maan verbykom". Toe ek vir Petra vra wie die skrywer is, het dit haar 'n tydjie geneem om vas te stel — dat dit syself was! En die verhaal, gepubliseer in die *Tydskrif* van Augustus 1977 het later sy plek gevind in *Voëls van die hemel*, 1982.

En weer 'n kanttekening: iets wat eintlik reeds vanself spreek uit hierdie klein vertelsel: dat ons kopie nie altyd vanself na die lessenaar van die redaksie aankom nie. My werkers in die wingerd — die skakelredaksie, maar ook by name Piet Roodt en Nico Snyman — gaan haal dit dikwels op ver plekke, en van Piet mag ek seker sê, in laat nagte, by skrywersbyeenkomste, by begaafde studente, by bevriende akademici. Van "T. Jansen van Rensburg" se verse het ek verneem toe prof. Cloete en ek saam op weg was per vliegtuig na 'n vergadering in Kaapstad — was dit 'n gewone vlug, was daar weinig kans dat ons ooit daarby sou uitkom, maar die vlug is agt uur lank vertraag en die passasiers ure lank vasgekeer in die vliegtuig op die aanloopbaan: u as skrywers weet mos dat dié situasie ideaal is vir dramatiese ontmaskerings! Maar ook ons uitgewersvriende is dikwels ons medewerkers, stuur belowende werk wat nog nie boekvorm kan haal nie, na ons toe aan, besorg ons lesers 'n voorskou van werk wat gepubliseer gaan word.

Maar — terug na die prosa: en die nuus wat ons kon bring op dié gebied. Van M.C. Botha het ons reeds in 1974 tekste gepubliseer, 6 jaar voor sy debuut met die bundel *Die hartklop van gevoel* in 1980. Van Koos Prinsloo, met J.P. Prinsloo as skrywersnaam (hy was toe nog Honneursstudent in Afrikaans aan U.P.) verskyn in Augustus 1980 "By die skryf van aantekeninge oor 'n reis", later die openingstuk in sy debuutbundel *Jonkmanskas* in 1982. Daar was Etienne van Heerden ("Genesis", Mei 1980 — 3 jaar voor

My Kubaan en die Eugène Marais-prys); Louis Krüger, Mei 1978, 4 jaar voor die Eugène Marais-prys; Henk Wybenga, November 1979 — 3 jaar voor *Kortsluitings*; Pierre Haarhoff met sy sonderlinge "science fiction"; Alexander Strachan ("Huldeblyk", Februarie 1980 — 4 jaar voor sy opspraakwekkende debuutbundel *'n Wêreld sonder grense* wat pas by Tafelberguitgewers verskyn het). U merk dat ek eintlik hier oor 'n hele nuwe generasie van jong skrywers praat; van sommige van hulle word gepraat as die Grensskrywers. Maar een van ons grootste grensskrywers — skrywer oor die veelduidige grenssituasie waarin die Afrikaner hom bevind: *Op pad na die grens, Dagboek van 'n verraaier, Tuiste in eie taal* — J.C. Steyn, het met sy prosa bekendgeraak toe hy vir die eerste keer die bladsye van die *Tydskrif* binnegekom het in Mei 1974. Ook T.T. Cloete se prosadebuut, in sy sestigste jaar, in 1983 is deur die *Tydskrif* gedra.

Ek praat tot dusver nog hoofsaaklik oor nuwe stemme, jong stemme in die Afrikaanse letterkunde. Maar ek sou ook kon vertel van Eitemal se *Reinaert*-vertaling, wat jare ná die voltooiing daarvan deur die publikasie van fragmente daaruit in die *Tydskrif*, uiteindelik die weg na die uitgewer gevind het, sodat prof. Frans van Rensburg dit onlangs in die galery van groot Dietse bewerkings van die rooijakkals se streke kon plaas. Ek sou u aandag kon vra vir die verhaal van mnr. Gideon Botha, 87 jaar oud ("Ou Samuel", Februarie 1984) waarvan Petra Müller gesê het dat dit van die suiwerste aanvoeling vir die epiese getuig; vir die gedigte wat Maud Sumner as jongmens geskryf het; vir die komponis en musikus Dawid Engela se nagelate verse en vertalings; vir die hertoetrede van Theo Wassenaar en S.V. Petersen tot die literêre toneel; vir die nagelate Supervielle-vertalings van Wilhelm Knobel; of selfs vir Ben Conradie se Strand-gedig, of vir Jan Jonker, die Wes-Transvaalse boer, wat sy digwerk in 1974 self vir my gebring het.

Daar was Margaret Bakkes, Engela van Rooyen, Aletta Lübbe, Sophie Müller, wat in die *Tydskrif* in 'n nuwe toonaard begin skryf het; Lina Spies, wat haar essayistiese werk, later in *Ontmoetings* gebundel, in die *Tydskrif* beproef het; Lettie Pretorius se vertaling van fragmente uit Spanje se klassieke "donkieboek" (Mei 1980) wat voorspel was tot die Akademieprys vir Vertaalde Werk wat sy in 1982 sou ontvang vir *Ek en Platero* van Juan Ramón Jiménez.

Maar ek het vroeër gesê dat dit noodsaaklik is dat gevestigde skrywers ook hul ryp werk in so 'n tydskrif sal laat sien. Ek sal nooit die aanhef van Hennie Aucamp se brief vergeet nie, pas nadat ek die redaksie oorgeneem het en 'n noodkreet na hom uitgestuur het: "Op jou roep seg ek nooit nee nie, seg ek altyd, altyd ja": *Wolwedans, Dooierus, Volmink* — mag ek sê dat hulle almal geprefigureer is in die *Tydskrif*? Saam met Hennie Aucamp sou ek met dankbaarheid so vele wou noem wat dit geen roef geag het (as prof. Fensham my dié sekularisering van 'n teks sal veroorloof) om hul werk, wat sekerlik in elk geval van 'n uitgewer verseker kon wees, na die *Tydskrif* te

stuur nie. Maar hier hoef ek nie verder name te probeer noem nie: met die verskyning van die register in die November-nommer van 1983 is dit vir elkeen van u moontlik om ook self langs die galerye van ons deurlugtiger medewerkers te wandel.

Maar daar is nog ander maniere om die leuse: om vir ons skrywers lesers te maak, uit te leef. Daar is die bekendstelling van nuwe literatuur, in die rubriek "Boekbesprekings" en, nog wyer, die gereelde lysste van Nuwe Afrikaanse Boeke. Wat boekbesprekings betref, sal u kan merk dat ook boeke buite die enger grense van die letterkunde die aandag kry (vgl. prof. Nilant se gereelde oorsig van die kunsboeke wat jaarliks verskyn). Die literatuurbeskoulike essays, wat indringender ondersoek van die literêre werke moontlik maak, kan ook as "lesersdiens" beskou word, soos ook die afdeling vir Matriekleerlinge, waartoe soveel leerkragte van verskillende universiteite, kolleges, onderwysdepartemente bydra. Ek wil hier ook die gerapporteerde gesprekke met skrywers oor hul werk vermeld, waarop ek besondere prys stel, omdat dit die "warmte" van die joernalistieke verwantskap van die tydskrif bewaar. En omdat ons die groot voorreg gehad het om, toe Graham Greene in 1973 Suid-Afrika besoek het, 'n onderhoud met hom te publiseer (waarin veel vermeld is wat u later in *Ways of escape* en *The other man* uitgebreider sou kon lees) wil ek dit gebruik om oor te stap na die literatuur buite die grense van Afrikaans.

Hennie Aucamp het gister die invloed genoem wat hy ervaar het van die vertaalde werk wat in *Die Huisgenoot* van weleer gepubliseer is. Ek weet nie of dié "diens" deur enige tydskrif in ons land meer gelewer word nie, maar by ons kan dit nog wel — ek het van dr. Lettie Pretorius gepraat, ek sou ook Hymne Weiss se vertaling van Selma Lagerlöf kon noem, en die register vermeld nog veel meer, o.a. vertalings deur André P. Brink van Alphonse Daudet, en deur G. Dekker van Guy de Maupassant. Hierdie kennismakings oor taalgrense heen wat ook "skrywersafrigting" kan wees, is aangevul deur bv. Dawie Spangenberg se pragtige reeks artikels oor Mallarmé, Annie Schumann oor Patrick White, Lettie Pretorius oor die Yslandse sages. Daarnaas sal u die name van Nederlandse skrywers volop kan aanmerk in die register, en ek wil u aandag daarop vestig dat u ook die grootmeesters Marnix Gijsen, Johan Daisne en André Demedts onder hulle sal vind.

Ek moet my keer na die res van my opdrag vir vandag: om ook 'n toekomstperspektief vir die *Tydskrif* en die Skrywerskring te probeer uitstippel. Voor-dat ek enigins daarby kom, wil ek net eers heel vlugtig saam met u kyk na die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring, wat van 1936 af bestaan het en na die eerste *Tydskrif vir Letterkunde* wat daaruit gespruit het in 1951. Dan is dit betekenisvol dat die *Tydskrif* hom indertyd gestel het op 'n standpunt van T.S. Eliot wat C.M. van den Heever in sy voorwoord tot jg. 1, nr. 1 aangehaal het: "One's taste in poetry cannot be isolated from one's other interests and passions". Daarom het die *Tydskrif*, soos die Jaarboek voor hom, verslag probeer doen van wat 'n mens mag noem die breëre

geesteslewe in die samelewing waarbinne die Afrikaanse skrywer en leser hulle bevind. Die Afrikaanse Skrywerskring het dan ook gaandeweg in sy ledesamestelling al meer dié breër geesteslewe reflekteer — u het dit verneem in die bespreking rondom die voorsittersrede, u sal dit ook merk in die ruimte wat in die *Tydskrif* geskep word vir 'n essayisme na die model van bv. W.A. de Klerk. En daarvan sal die *Tydskrif* al meer moet rekenskap gee, dink ek, in die jare wat kom.

Die *Tydskrif* sal sy funksie as amptelike orgaan van die Afrikaanse Skrywerskring nog uitdrukliker gestand doen in die toekoms. Die Skrywerskring, omrede sy lang leeftyd, is dikwels ten onregte in die openbare meningvormende media voorgestel as 'n afgeleefde organisasie. Maar in die bestaan van so 'n organisasie hoef 'n lang lewensduur allermens aftakeling te beteken. U het uit die voorsittersrede een en ander verneem van die projekte wat aangepak is en aangepak word. Die *Tydskrif* sal sy rol graag speel in die wyer bekendstelling en skerper beligting van hierdie ondernemings, sy dit dan ook soms by wyse van polemie en meningsverskil.

Maar naas hierdie belofte wil ek my wend — nie tot profesie nie: wie van ons durf ons waag aan die profesie, en wie sal weet of hy waardig geag is vir die ervaring van 'n visioen? En voorspellings is godetartend — “to communicate with Mars, converse with spirits ... evoke/Biography from the wrinkles of the palm/And tragedy from fingers” ... dit, bowendien, is deur Eliot verklaar tot “usual pastimes and drugs, and features of the press”. Maar ons word nie verbied om te wens nie: dit is nederig-menslik. En tot wense wil ek my wend: vir die *Tydskrif* en die Skrywerskring, vir die volgende 50 jaar.

Ons het gister geluister na 'n uiteensetting oor die noodsaak van skryfopleiding en skrywersopleiding. Ons by die redaksie van die *Tydskrif* weet al te pynlik veel van hierdie noodsaak: ontelbaar is die begeleidende briewe by bydraes wat vra om kommentaar, om voorligting, om afrigting. Vanselfsprekend is dit meer as wat ons, wat die *Tydskrif* bedryf tussen al die professionele eise van elke dag in, kan vermag. Rika Preller, self digter, het gister gevra of die skakelredaksie nie sou kon help met kommentariëring van bydraes wat nie publikasie nie, maar dan tog aanmoediging en leiding verdien. Maar moet ons nie nóg wyer dink nie, na die werkgemeenskappe toe? U het gehoor dat die stigterslede hulle as 'n soort “letterkundige laboratorium” georganiseer het. Moet dié gedagte nie weer by die werkgemeenskappe herleef nie? Ek het gesê dat ek hier oor wense praat — wense het met mirakels te maak; ek laat dit aan andere om die besonderhede en verdriet te bereken!

Maar ek het nog 'n wens, ten slotte: ek sou wens dat die *Tydskrif* die funksie kon vervul van *Die Huisgenoot* en *Die Brandwag* van weleer, waaraan ons gister met heimwee gedink het, en dat ons uiteindelik ook die liefde sal verdien waarmee daar teruggedink word, deur die gevestigde skrywers van ons tyd, aan dié ou “huisvriende”!

Lina Spies

Somnambuul

Stellenbosch, Stellenbosch dreunsing my hart
die naam soos 'n kantor die refrein
Terblinka, Auschwitz, Sachsenhausen:
die Joodse kindertjies ná Hitler
het laggerig aan mekaar gestamp
dié keer in Amsterdam,
doof vir aksente van verklankte smart.

En ek mompel naderby
Meerbank, Mooirivier, Groenpuntskamp,
gedenkname blasfemies op my lippe
vir my pyn in hierdie kitsch-pers stad.

Met balk en beton
het ek my ingekamp,
bewaak myself
sonder om te sluimer of te slaap;
die jakarandas blom
in my uiloë van insomnia.

Wie neem jou huis toe, Lina,
wanneer die winter groen is van die reën
to where your heart will feel no pain?

Bly, slaapwandelaar, hierdie somer
barvoets sing-sing loop.

Verpot

Weer vir my die keelklem-berig
in die kilsoet artikulasie van 'n uitsaai-stem:
"Kaapse Skiereiland, Boland en die Overberg:
gedeeltelik bewolk en matig,
oor die Boland word
ligte buie teen die aand verwag."
Ek perspireer teen dertig grade,
fantaseer koel druppels oor my wange.

"The wayward wind is a restless wind"
klink oor "My kontrei"
Waai, waai my terug:
Geen vlagie wat stoot of streef.
Bladstil is dit as Sylvia sing,
James Galway sy fluit bespeel.

Ek is uit my wêreld uit.
Vier mure met prentjies behang
van spits berge en diep valleie
en 'n kalkhuisie by die see
is my kontrei.

Ek is 'n Bonsai;
ek lewe met verknotte wortels:
'n winterstreekse Makki
uit die Boland verplant
soos 'n Jenewerboom of Oregonse seder —
'n boom wat baie sonlig nodig het,
maar wie steur hom aan die instruksie
"Keep very wet"?

Hoe bly ek behoue, verdwerg,
'n erfplanting vir die nageslag?

Suid lê berge en dale wat roep om reuse.

Wo die Berge so blau

Ek moet terug
met die kier van die dagbreek
na 'n kwikblink môre
waar die wolke rafel
en die aarde aan die hemel las.

Ek moet voel ek pas
in die holte van die reën,
in 'n somerwolk se skadukol.
Onder die blou van onse hemel
— die ewige geblaker —
moet ek uit.

Ek moet die herfs weer ruik,
dit in die grond ontdek —
hier knetter dit in droë bome.
Ek moet die stof van my voete skud.

Snags moet net krieke my sirenes wees
en bedags moet die mens my verlei
met voete wat vir my stilstaan,
oë wat in myne kyk,
hande wat aan myne raak.

Ek moet terug
na 'n son wat skuil, straal, sing —
die dagtegaal van daardie hemelruim.

Met die kier van die môre
moet ek vlug
na die woonplek van homo Capensis.

Benediksie

Annemarie, my transparantjie van die somer,
jou glinsterhare het gewipstert
oor die strand tot in die see.

Ek het jou getru teen my swart September,
uit die ebwaters van Desember jou laat skuim,
jou vasgepen teen breekkastele,
jou geskryf in spore op die sand.

Jy was my glimp van God,
want wie kan Hom sien
van aangesig tot aangesig, en lewe?

Die Magnificat van die see
was klein gestem in jou: Talita, koemie;
ek het opgestaan — begroet, begenadig,
en ons het gedans oor die duine.

Annemarie, my transparantjie van die somer,
bly deursigtig altyd so voor my.

Aanroep

God, U wat u besig hou
met sonnestelsels,
planete en engele,
luister na my:

ek het 'n gewone mens eindeloos liefgekry.

HY het met die sfere
my so vertrouwd gemaak
dat ek geglo het
ek is self 'n ster
en U nie meer ligjare ver.

Toe het hy my laat los.

In u groot heelal, Here, gryp
die stippel ek wat val.

Vreugdevure

Te veel vure het ek vir jou aangepak:
jy het jou koud gekyk
hoe ek takkies breek
koerante frommel
vuurhoutjies trek —
dit was as voor jy kon warm word.

Nou hou ek my hande bak oor niks:
Ek ontvang geen taal
om jou mee aan te spreek
as vlamme daal oor jou verjaarsdag
en ek skroeiend onthou
dat jy gebore is en leef.

Die mooiste geskenke word nie aangeraak,
nie gekoop, nie toegedraai en nie oorhandig:
die dinge van die eerste sewe dae
toe God vir die nag 'n dag gemaak het,
vir alles 'n bedoelde ander een om te bemin
in daardie tweepas-dans van die begin.

Langsaamaan word ek heeltemal verstandig:
Sonder dat ek my hand hys
sal die son verrys
en teen die nagtelike firmament verdwyn
dat die maan en sterre oor jou skyn.
Dit sal môre wees en aand
die dag wat jy verjaar.

Totdat God die wêreld wegvee
sal ek onder die reënboog
geen houtjies meer vergaar.

Opslag

Nie 'n vlam-wag-'n-bietjie wat uitspattig rooi
lugwaarts rank nie,
nie 'n knettergroen akkerboom
in die voorjaar nie,
maar die afval-blare van 'n kassia
wat 'n son maak op die grond —

dít is jy vir my.

Draai ek in my hartseer rond,
kyk ek in my wanhoop af,
begin die bloeisels styg
en teen die takke klim:

ek staan opsy —
verbaas, verras, bevry:
jou spatsels lig
het teen die somer-Boland-blou
tot 'n planeet verdig.

Herkenning

Ek sal jou herken met lede oë
van stip staar
agter ooglede van wakkerlê.

Ek sal jou herken met bly oë
van opkyk na 'n wolk
in hierdie leë ruim.

Ek sal jou herken blind
van 'n Omar Khayyam-maan
bo hierdie somerstad van baie nagte
wat ek oorleef met cliché's
en 'n tuin van vriende.

Ek sal jou herken met die oë
wat ek afslaan na die Boland
as die vliegtuig my wegvoer
van die reuk van diesel en jasmyn,
Sta-Soft en sweet, stof en smart.

Ek sal jou herken met die oë
wat ek toemaak as ek bid
met 'n tong
wat aan my verhemelte vassit:

Durf, durf ek vir God sê
dat ek jou in meer as net my oë
terug wil hê?

Margaret Bakkes Grafskrifte*

Van Maastricht het hy gekom. In die stad waar sy moeder se mense gewoon het, was daar vir hom, die uitgeworpene, geen plek nie. As huursoldaat het hy hom by die Sestigste Voet aangemeld. Kort nadat hy by die regiment aangesluit het, het hy gehoor dat hulle bestem was om die Engelse belange in die Kaap die Goeie Hoop te beskerm. Van heinde en ver oor Europa het sy regimentsmakers gekom: Kutchek van Pole, Rocco Catorzio van Napels, Braun van Westfale, en hy met sy ma se van, van die mooi Suid-Hollandse stad aan die Maasrivier.

Die Kaap was vir hom mooi en die milde son en blou lug het sy gees laat ontwaak en die lewe het weer vir hom sin en koers gekry, sodat hy, toe die geleentheid kom, vrypag aanvaar het. Hy het geen begeerte gehad om na Europa terug te keer nie. Iets van die soldaatwees het in hom bly steek en hom laat besluit om nie in die Kaap te bly nie, maar met die kus langs, in die ongerepte Oos-Kaap, as grensboer, 'n plaas aan te vra. En in 1816 het hy in die skone vallei tussen die Suurberge, naby die dorpie Kerkplaas, die oord van sy drome gesien en begeer. Soos stroke wit aluin het die kranse om die groen vallei getroon en tussen die koppe deur het 'n rivier blink en sterk gevloei. Alwyne het rooi teen die hellings gegloei en die winterlug was koud en skerp teen sy lyf. Hy het met 'n helder sekerheid geweet dat hy Maastricht nooit weer sou sien nie.

Op Aluinkrantz het hy sy voorposopstal gebou. Hy het die mure dik gemaak en die vensters klein, sodat dit 'n fort kon wees teen die gereelde aanvalle van die swartes. Hy het die dak gestut met swaar geelhoutbalke en dit gedek met biesies wat hy langs die rivier gesny het. Met klei uit die rivier het hy die vloere gelyk gestryk. Toe sy opstal klaar was, het hy sy bruid soontoe gebring, Carolina Herselman van die plaas Brakfontein.

Sy lande was groen, water was volop, sy skape het vermeerder en sy kinders het gedy om sy tafel. Hy het selde of ooit meer gedink aan die stad aan die Maasrivier waar dit winters koud en grys was.

Sy oudste kind was 'n seun. Hy het hom Christiaan gedoop en het met voldoening gedink dat sy geslag gevestig was. Daarna het sy vrou dogter op dogter gebaar en toe sy oudste kind reeds agtien en hubaar was, is die laaste een gebore — 'n seun, Carel Johan. Sy geslag was dubbel gevestig. En Pieter Bakkes, die stamvader, het oud geword. Sy dogters is elk in die huwelik met 'n bruidskat uitgegee en aan sy oudste seun het hy 'n deel van

*Uit die bundel *Ontheemdes* wat vroeg in 1985 by Tafelberg-uitgewers sal verskyn.

die groen grond tussen die berge gegee. Want Aluinkrantz was groot – derduisende morge. Sy jongste seun, Carel, sou dié deel met die voorposopstal kry. Hy moes immers die sorg van sy bejaarde ouers op hom neem. Saam met sy vrou, Aletta Susanna Maria, gebore Van Rooyen, het Carel Johan sy ouers versorg tot die dag dat hul albei te sterwe gekom het in die opstal met die dik mure.

En Aluinkrantz, met sy rivier en vrugbare aarde, het mildelik voorsien sodat die dertien kinders van Carel Johan en Aletta geen gebrek geken het nie. Die voorposhuis het solderkamers en buitekamers bygekry om ruimte vir die dertien stuks te voorsien. En weer eens is die dogters met ruime bruidskat in die huwelik uitgegee. Aan die oudste seuns is dele van die plaas gegee. Hulle kon reeds minder geil boer op plase wat kleiner en minder vrugbaar geword het en uiteindelik moes van die jonger seuns 'n geleerdheid gaan soek in die verre Franschoek. Lukas het gegaan en Casparus. Maar Sam, die heel jongste, het die stukkie gekry wat uiteindelik oor was. Die stukkie met die voorposopstal, op 'n klein, klipperige deel van die ou Aluinkrantz. En weer is verdeel en weer en Aluinkrantz het leeggebloei.

In die opstal met sy dik mure en sy geelhoutbalke en sy groot geelhouttafel het Carel Johan en sy huisvrou baie oud geword. So oud dat hul die smart van kinders aan die dood afgee nie gespaar is nie. Sam en sy vrou Lettie het hul teen die end van hul dae versorg, soos dit die plig van die jongste seun was. En uiteindelik het hulle gesterf en is in die familiekerkhof ter aarde bestel. En Sam het oud geword en verarmd geraak op die skraal deel duskant die rivier. Toe hy sterf, het sy vrou bly leef tussen die ou meubels in die ou huis. Tot sy teen wil en dank sorg moes soek in die moderne ouetehuis op die dorp. Sy het uit Aluinkrantz se voorposopstal gestap asof sy môre weer sou terugstap. Toe die swaar voordeur agter haar toegaan, het Aluinkrantz se huis gesterf.

Oor die beddens lê die lappiesdekens en op die geelhouttafel lê 'n verkyker en 'n bril. Vier Bentwoodstoeltjies staan slank om 'n elegante ronde tafeltjie. In die gang teen die kapstok hang kieries met gladverweerde handvatsels. Op die spensrakke staan breekgoed en trommels en flesses vol ou konfyt. Meedoënloos verf laag op laag stof alles dowwer. Teen toe binneure stapel die mis van rotte op en teen dik mure skryf barste grafskrifte. Ou oë uit ou portrette kyk na die groeiende dood. Jong nageslagte mompel skuldig van restourasiewerk voor hulle verlig in hul blink motors klim en terugry na die stad van waar hulle 'n vlugtige pelgrimstog onderneem het. En teen die kranse vervuil die alwyne en blom met nuttelose rooi lewe.

II

Ons vertrek vroeg, sodat ons teen die aand se kant by die huis kan wees. 'n Strawwe dagreis lê voor en daar durf nie getalm word nie. Maar die mis het ander planne met ons.

“Dis omdat ons nog so naby die see is,” troos ons ons op die pad tussen Port Alfred en Grahamstad. Dit sal straks beter gaan, glo ons. Maar die miskomers vou al digter om ons en in die lig van die motor is slegs enkele meters van die wit strepe in die middel van die pad sigbaar, sodat ons swartgallig bespiegel of iemand nie dalk met swart humor die wit strepe oor ’n kráns gevef het nie! Salem is slegs ’n paar spookgeboue in die vlugtige lig van die motor se koplampe. Ons herinner ons die vertellings oor Salem. Oor ou Spoorbek wat Salem vervloek het. Met die Engelse gemeenskap van dié setlaarsgehuggie, kon hy nooit tak breek nie en op ’n dag het hy in woede ’n vloek oor Salem uitgespreek.

“Salem sal nóóit ’n plekkie word nie,” het hy verklaar. En Salem hét ook nooit ’n plekkie geword nie.

Later sou ek te wete kom dat Heinrich Schörbeck ’n vrygesel was wat uit Dortmund, Duitsland op “Spoorbek se Erf” naby Humansdorp geboer het. ’n Voorspoedige en godvresende boer was hy wat as kruiedokter, evangelis en algemene raadgewer oral in die Oos-Kaap bekend en welkom was. Meer nog was hy. Buitengewone magte en gawes is aan hom toegedig. Want was dit nie ou Spoorbek wat met inkantasies daarvoor gesorg het dat dit vir die Swartes onmoontlik was om die biesiedak van die Mariasaal, waar vrouens en kinders paniekbevange teen die aanval geskuil het, aan die brand te steek met beessterte wat in vet gedoop is en aan assegaai vasgemaak is en op die dak gewerp is nie? Was dit nie ou Spoorbek wat ’n vuur in die bokkraal geblus het deur vars brood daarin te gooi nie? En in die lang maande as daar tog gery word met die masjinerie van die Baai af vir die nuwe myne in Kimberley, het hy die beste op ’n klomp laat jaag. Hy het ’n kring om hulle geloop en die moeë boere toe aangesê om maar te gaan slaap. Die beste sou nie ’n enkele een uit die kring uit wegbreek nie.

Ons ry deur Grahamstad en Fort Beaufort, deur vlaktes en bergplase. Die dag begin wit wys en onder in die valleie lê die mis soos kapok. Die pad loop nie deur die vergete dorpie nie, maar verby. Daar is in enige geval geen rede om af te draai nie. Wat het die haastige motoris verloor in ’n gestorwe dorpie? Metdat dit ligter word, lê die Ciskei troosteloos en leeggewei om ons. Swart kinders draf koulik met die pad langs skool toe. Die vroeë son raak rooi aan die hoogste kranse van die Katberg en die lus vir koffie laat ons tog besluit om af te draai by die volgende gehuggie. Die predikant wys Seymour toe. Ons ry deur die spruitjie by die lokasie verby. Rook draal grys oor die huïsie en stemme klink skel op in die môrestilte. In die flou sonlig gee die dorpie oorkant teen die rantjie wit en wondermooi op voor ons oë. Ek onthou wat ek oor Seymour gelees het. Hierdie dorpie aan die oewers van die Katrivier was eens die hoofdorp van die landdrostdistrik Stockenström, divisie Fort Beaufort. Dis in 1853 as Elandspos gestig en later vernoem na kolonel Charles Seymour, militêre sekretaris van lord Charles Somerset.

’n Vroeëre era ontvou voor ons oë wanneer ons teen die steilte opry. Hoë

bloekoms staan grysgroen wag by die ingang van die dorpie. In die eerste straat maak die Handelshuis se deur op die hoek oop. Vensters en die hoekdeur is in hierdie vroeë uur nog gesluit. Wit Victoriaanse huise met swart dakke en swart-wit traliewerk staan netjies en stil in boomryke straatjies. In die broos môrelik is daar 'n sagte diffuusheid oor tuintjies en erfies, sodat 'n mens nie dadelik die verval opmerk nie. Dan tref dit mens. Daar is nêrens tekens van selfs die geringste lewe nie. Geen hond blaf en geen haan kraai nie. Geen lig skyn in vensters nie. Geen mens beweeg in die huise agter die ruite of in die erfies of op straat nie. By geen skoorsteen trek 'n beduidenis van 'n rokie uit nie. Ons ry deur al die straatjies en die vreemdheid neem toe. Alle vensters staar blind en gordynloos uit die wit gesigte van leë huise. Aan die punt van die laaste straat, voor ons die dorp weer uitry, staan die herberg. Gesellig moes dit gewees het, die lang, wit gebou met die breë stoep en lae mure en die kantversiering van Victoriaanse gietyster. Hier het mense mekaar deur baie jare ontmoet en gelag en gesels. Deur meer as 'n eeu lank. Vroue in Victoriaanse drag het in hul rytuie deur die strate gery en hier afgeklim om fyntjies of dalk minder fyn te verkeer. Hier het mans transaksies beklank en glasies geklink en sekerlik soms handgemeen geraak. Vroeër sou ons hier ons oggendkoffie kon kry.

'n Enkele swarte met 'n kombers om slenter van die lokasie se kant af deur die driffie. Hy sluit die deur van die geboutjie by die enkele brandstofpomp oop.

"Môre," groet ek.

"Môlo."

"Is hier nie mense nie?"

"Angikwazi."

"Jy verstaan nie? English?"

"Ewê."

"Where are the people?"

"All gone."

Ons ry sonder koffie uit Seymour weg. Want Seymour het gesterf. Tussen 1981 en 1984 het Seymour gesterf. Ná 130 jaar.

Toe ek terugkyk, staan die hoë bloekombome roerloos agter my. 'n Skielike windvlaag orkestreer 'n lyksang deur die grysgroen blare.

III

Die Aucamps is lank in die land. Die eerste Aucamp had die mooi Franse naam Diderique. Wat natuurlik heel gou Diederik geword het. Daar was toe later twee groepe Aucamps, die Dopper-Aucamps en die Gatjiepönners. Die Aucamps wat egter vir my saakmaak, my Aucamps, is die Stormberg-Aucamps: die Penhoek-Aucamps, die Klapklouf-Aucamps en die Allemanspoorters. Dit was die Penhoek-Aucamps wat met die moed van hul Franse voorvaders die veilige Kaap verlaat het en in die Noord-ooste die ontberings

van die Stormberge getrotseer het: nie net plunderende, moordende Tamboekiehordes nie, maar bittere koue en winterkapok, droogtes en versengende hitte; daarby 'n boomlose, bleek, gestroopte landskap.

En hulle het gekom om te bly. Sommige van hulle, in enige geval. Sir George Grey het die kaart en transport van die plaas Penhoek aan die eerste Aucamp gegee. En daar boer vandag nog Aucamps op Penhoek, die vyfde geslag vir sover ek kan vasstel. Met 'n sesde geslag reeds daargestel.

Rudolf Gerhardus Petrus Aucamp het met die opstel van sy testament die ou Boeretradisie gevolg: die familieplaas is aan sy jongste seun Freek bemaak. Hy moes die oumense versorg. Die ouer broers moes maar op 'n manier ander plase in die hande kry. Sommige het ver getrek — Kimberley toe. Ander het eers jare lank transport gery, voor hul iets kon bekom. Maar twee het in die Stormberge gebly boer — Christiaan Daniël, ondertoe, berg af, op die plaas Klapkloof en Hendrik, berg op, Jamestown se kánt toe, met Allemanspoort deur, op Rust-mijn-ziel.

'n Mens kom nie los van jou hartland nie. Beelde van vroeë jare groei vaster en wen aan betekenis en dwing jou op vrugtelose, pynlike pelgrimstogte. Klapkloof: jy soek jou ma se mooi tuin en jou pa se vrugteboord. Dertig jaar is tog nie lank nie. Twee huise staan leeg, met hol kamers en blinde vensters. Die ouhuis is 'n murasie en my ma se huis is 'n dop. Net die berg bly dieselfde. En die kloof. Selfs die veld het verander. Want soetdórings het onkruid geword wat verwoestend voortwoeker om weiding en landerye onherroeplik in te neem. Klapkloof, sonder die daelikse sorg van boer-op-sy-plaas, wurg dood in die greep van die soetdoring, wat nou nie meer boom is nie, maar tierende struik. En niemand verroer 'n vinger nie. Elke hoogsomer blom dit 'n geler en geiler grafskrif.

Rust-mijn-ziel: Hier het oom Hendrik Allemanspoort gebly, wat van louter kinderlike opgewondenheid 'n springhaas deur 'n ou Fordjie se voorruit geskiet het; wat op die saaidieng by Laggende Water die ghoedstrein ingewag het, sodat hy die botteltjie hardehout wat die gaart vir hom in die hotel op Jamestown gekoop het kon raakvang; wat uit sy boord môre vir môre die mooiste vrugte vir sy geliefde skoondogter Cora gepluk het; wat tot sy sterwensdag getreur het omdat sy ontydig en bitterlik gesterf het met die geboorte (en dood) van sy eerste kleinkind.

Rina se stem oor die foon: Ons het verkoop, ja. Ons kon uiteindelik nie anders nie. Nie ek of Hennie kan ooit daar gaan bly nie. En ek het net dogters. Die huurders het dit gruwelik verniel. 'n Mens het eintlik seergekry. Nee, daar is niemand nie. Rust-mijn-ziel se werf en opstal staan leeg.

* * *

“Hou stil,” beveel ek. “Sommer hier teen die pad.”

“Wil Ma nie aanry nie?”

“Nee, dis alles leeg.”

En ek dink: Was daar ooit só 'n herfs? Was die populierbos op Allemanspoort nog ooit so geel en vlammend en asemrowend skoon? Asof die sinderende blare pleit: Kyk, kyk! So het ons tog al die jare deur vir julle verkleur, tot vreugde en verwondering.

"Ry maar."

Ek bly lank deur die agterruit terugkyk. Allemanspoort se grafskrif is ook in geel geskryf.

S.J. Pretorius

Nog 'n vintage-sonnet

In hierdie land wat tot Gods Troon opstink
van al die haat van "Boer, Brit en Barbaar",
waar Groot Sportspiere oor grasgroen baljaar,
klein kritikasters in die kuns rinkink,
waar dik geldbuike op hul buidels klink
tot skrik van ieder kraakdun maag en waar
die hele sot- en botmisleide skaar
agter politici aanbidde hink;
ja elke ding wat hom kan balanseer,
min of meer waggel op sy agterpote,
beklee word met die mag van God-die-Heer,
vra'k: godverdomp! waarom moet ek my tyd
by dié pisselftevrede, idiote,
telende, uitgestelde lyke slyt?

Leendert Dekker Makabrakadabra

Die ou hofnar stamp skalks aan Hans Holbeen:
Danstyd nou ouste, toetoetoe, hierheen!
Watse gekwassies en messies?
Hoela met pous en prinsessies!
Nóú slat ek drom met my skedel en skeenbeen!"

* * *

Ingebed, toegeskuim en gekluis
soos 'n slak wat nie meer wil verhuis,
moet ons weer tastend waak
as ons doppie snags kraak ...
Ag, 'n mens voel vol ernst: ek is nernst goed tuis.

Een-Zaam, of Lezend in album en smartlap

Hier zijn: (1) Sar-el k'amen z'n mummie,
(2) zijn laslappendeken en dummy,
(3) zijn voet (och de triestigheid
van de honden d'r ietsigheid!),
(4) een siamees op de loer naar zijn chummy.

* * *

'n Klein eendjie marsjeer met gesnater
en nog tweetjies val in by hul mater.
Die ou drietjies van dons
storm so fiertjies en plons
in die vywertjie, onder die water.

* * *

Etienne Leroux

In gesprek met Koos Human by geleentheid van die 25e bestaansjaar van Human & Rousseau Uitgewers

Etienne Leroux: Waar was jy op skool, waar was jy op universiteit, vanwaar jou belangstelling in die letterkunde?

Koos Human: Die Hoërskool Voortrekker op Boksburg; toe Wits. Ek het van kleins af baie gelees — en daardie dae was daar so min Afrikaanse boeke dat jy alles gelees het, van Johann van der Post tot C.M. van den Heever.

E.L.: Jy het eenkeer vir my gesê dat jy destyds 'n studie van "hack-writing" gemaak het. Vertel 'n bietjie meer oor hierdie aspek van jou navorsing, asook anekdotes, indien enige.

Koos Human: Vir my M.A. het ek 'n verhandeling geskryf oor "Die gewilde literêre werk" — 'n hoogdrawende naam vir "hack-writing". Ek het probeer om die geskiedenis van die ontwikkeling van populêre leesstof in Afrikaans na te gaan en daarna 'n paar gedeeltes uit populêre romans vergelyk met vergelykbare gedeeltes uit ernstige romans. Ek was destyds baie onder die invloed van Queenie Leavis met haar *Fiction and the reading public* en al daardie klomp Engelse "moralists" wat 'n geweldige sosiale waarde aan letterkunde geheg het — die Leavis'e, Denys Thompson, I.A. Richards ens.

Ons praat nou van meer as dertig jaar gelede en die anekdotes het vervaag. Ek onthou dat baie van die vraelyste wat ek rondgestuur het aan studente by universiteite om oor hul leesgewoontes navraag te doen, heel hoogdrawend beantwoord is. Jy sou kon glo hulle het net poësie gelees van sogens tot saans: Die vraelyste was seker ook totaal onwetenskaplik. Ek het ook met verskeie skryfsters gekorrespondeer en party (bv. Regina Naser) het heeltemal emosioneel geraak oor die rol waarin hulle hulself gesien het as opvoeders van die volk of mense wat vir die volk leiding gee en ophef. Ek het hoofsaaklik met skrywers van liefdesverhale te make gehad, en in 'n mindere mate met skrywers van spanningstories. Van hulle was Tryna du Toit verreweg die intelligentste. Nie net het sy 'n wye kennis buite haar skryfwerk om nie, maar ook geen illusies soos Regina Naser nie.

E.L.: Beskryf kortliks jou loopbaan voordat Human & Rousseau begin het. In die Noorde en die Suide. Ook 'n bietjie skindernuus oor die uitgewerye van destyds.

Koos Human: Ek was 'n taamlike "rollende klip" voor ek in die uitgewerswêreld beland het: Joernalis (een jaar), toe weer joernalis elders (een maand), onderwyser (drie kwartale), vertaler by die Vleisraad (twee jaar), assistent in die afdeling skoolpublikasies by Nasionale Boekhandel (twee jaar), hoof van algemene publikasies by Nasionale Boekhandel (twee jaar),

bestuurder van die Afrikaanse Pers-boekhandel (agt maande) en vennoot/besturende direkteur/mede-hoofbestuurder/hoofbestuurder van Human & Rousseau (25 jaar). As jy praat van skindernuus in die uitgewerye destyds, sou ek kon uitwei oor die redes vir my kortstondige verblyf by APB, maar ek vrees dit sal lasterlik wees.

Die uitgewerye was toe dun gesaai. Van Schaik was bietjie op die agtergrond: die ou J.L. van Schaik se konserwatisme — na sy aanvanklike baanbrekerswerk — het die maatskappy noodwendig beïnvloed en ek dink sy seuns se inisiatief het gevolglik baie gely.

Die APB het groot dinge gedoen op die gebied van populêre leesstof en volkome smakeloos en sonder enige standaard boeke uitgegee. Petrus Nienaber het *alles* gekeur — van poësie tot manuskripte oor hoedemakery of koekversiering. Elke oggend het Sarel Marais (my voorganger) op 'n spesiale tafel in sy Mussolini-agtige kantoor die manuskripte neergesit wat hy daardie dag ontvang het en met die kriek van die dagbreek het Nienaber op pad Wits toe ingekom om die manuskripte af te haal. Die volgende oggend is almal weer afgelewer (klaar gekeur) en geruil vir dié wat die vorige dag aangekom het.

Die twee uitgewerye van betekenis was Nasionale Boekhandel en Balkema. Tafelberg was destyds 'n heeltemal ander proposisie as vandag: dit was nog deel van wat die Cronjé-kommissie die "Goeie Hoop-kompleks" genoem het (eiendom van Blaar Coetzee). Nasionale Boekhandel het feitlik al die belangrikste skrywers uitgegee (naas Van Schaik, wat meestal nog die oueres in sy fondsglys gehad het) en het binne sy beperkings moeite gedoen met die versorging van sy boeke hoewel nie goed genoeg nie. Die aksent, wat literêre kwaliteit betref, was veral op die poësie. Op die terrein van die poësie sou hierdie firma feitlik alles waag — tot by Peter Blum, wat destyds uiters riskant was. (Daar was selfs druk uit C.M. van den Heever se Skrywerskring dat Blum se eerste bundel aan die mark onttrek moes word.) Op die terrein van die prosa was die firma egter minder ondernemend en belangrike manuskripte het deur sy vingers geglip soos nie alleen joute nie, maar ook bv. Elise Muller se *Die vrou op die skuit* en (ek meen) Eitemal se *Jaffie*. Ook Con de Villiers se Overbergse stories is van die hand gewys. Daar was 'n volslae gebrek aan belangstelling in "skeppende prosa". Daar is geglo dat kortverhale nie verkoop nie. Die prosaskrywers is vervreem en dit het nogal heelwat moeite gekos om hulle weer nader te bring. Almal is na Balkema.

Balkema het 'n enorme rol in Suid-Afrika gespeel. Hy het ál daardie skrywers gepubliseer en só gesorg dat Recht Malan 'n shake-up by Nasionale Boekhandel beveel het. Hy het ook die boeke mooi uitgegee, in die regte Nederlandse styl, en dit het veroorsaak dat Recht Malan beveel het dat Nasionale Boekhandel 'n tipograaf uit Europa moes invoer om sy boeke ordentlik te laat lyk en met Balkema te laat kompeteer — vandaar Fomm. Is dit genoeg? Oor hierdie tyd kan ek ure gesels, maar dan sal jy 'n snelskrywer

byderhand moet hê. Ek moet wel sê: mnr. Recht Malan was, ten spyte van talle hebbelikhede, die mees opgevoede, beskaafde, beskeie en terselfder tyd streng baas wat ek ooit gehad het. Ek sal sy gereelde besoeke en oproepe altyd onthou.

E.L.: Vanwaar die kode: Persdiens in Human & Rousseau se briefhoof?

Koos Human: Toe ek besluit om APB te verlaat, het ek Leon Rousseau opgebel en ons het Human & Rousseau gestig. Op daardie tydstip het Leon 'n persagentskap gehad met die naam Die Uniale Persdiens (later verkoop aan Jan van Elfen). Hierdie persagentskap se telegramdiens was vanselfsprekend Persdiens, wat ons oorgeneem het.

E.L.: Hoe het jy en Leon julle "saak" begin. In 'n garage?

Koos Human: Leon en ek het nie presies in 'n garage begin nie, hoewel ons eerste pakhuis die bediendekamer onder die garage van my bungalow in Kampsbaai was, van waar ek elke oggend met 'n prekêre trap langs opgesteier het met 'n koffer vol eksemplare van ons suksesvolle eerste boek, *The last division* (Anthony Delius), om vroeg soggens by ons kantoor in Volkskasgebou, Adderleystraat, af te laai, van waar Ebrahim Petersen die pakkies moes gaan aflewer, vergesel van fakture wat ek met die hand uitgeskryf het. Dit is 'n belangrike manier, glo ek, om bo uit te kom, as jy heel onder begin.

Ons kantore was in Volkskasgebou, maar ons het dit binne maand ont-ruiem, want hulle was te duur (ek meen £21 per maand). Leon het sy huis in Rugbyweg verkoop en 'n huis in Alexandralaan, Oranjezicht gekoop (no. 24, nie ver van my huidige woonplek no. 35 nie). Hierdie huis het 'n enorme kelder gehad. Een helfte van die huis is as kantore gebruik, die res vir 'n woning en die kelder vir die opberging van ons geleidelik groeiende voorraad. Waarskynlik in stryd met alle munisipale regulasies. Wim Hartman het eendag daar opgedaag en gesê dis die naaste wat hy nog gesien het aan die Hyman-broers se opset in Koffiefontein.

E.L.: Waar het julle julle geld gekry om 'n uitgewery te begin? Was dit moeilike jare?

Koos Human: Ons het geen geld gehad nie. Ons het van die hand in die tand geleef. Een maand, onthou ek, het ons £30 gehad om tussen ons twee te verdeel, nadat huur, tikster en bode betaal is. Op daardie tydstip was my huishuur £19 per maand. (Daar het ek selfs alle sluimerende sosialistiese neigings verloor.) Die persagentskap het 'n bietjie geld ingebring en verder het ons vertaalwerk gedoen. Ek het selfs die vertaling van genl. De Wet se *Die stryd tussen Boer en Brit*, wat ek op my lys gehad het as een van ons eerste publikasies, aan J.D. Pretorius by Tafelberg verkswansel vir onmiddellike kontant, en hy het daarna duisende uit die boek gemaak. Jy kan dus sien dit was moeilike jare. Na ongeveer 'n jaar het Gerrit Bakker, 'n ou vriend van my en boekhandelaar/uitgewer (Constantia) in Johannesburg, aan ons £1 500 geleen wat hy later in aandele omgeskep het. Bakker het ons in aansienlike mate op die been gebring.

E.L.: Op watter stadium het julle vóór alle ander gevestigde uitgewerye die Sestigters gegaps? Hoeveel Sestigters se werke is deur julle uitgegee?

Koos Human: Ek meen ons eerste groot Sestiger-jaar was 1962. Toe het *Lobola* en *Silbersteins* verskyn. Die geskiedenis van *Silbersteins* ken jy, maar vir die lesers moet ek dit oorvertel. John Malherbe, wat toe bestuurder van H.A.U.M. was, het die ms. deur die jeugdige John Kannemeyer laat keur en, ten spyte van 'n geesdriftige verslag, besluit dat H.A.U.M. te veel hooi op sy vurk het in 1962 om nog 'n boek te aanvaar. Daarop het Gerry de Meier dit vir my gebring. Dit is 'n storie wat ek vandag nog vir my persoonel vertel as hulle sê dis te laat in die jaar om nog 'n ms. te publiseer. *Lobola* het ons ook "by verstek" gekry. Dit was voorgelê aan Nasionale Boekhandel, wat dit aan W.E.G. Louw gestuur het vir keuring. Louw het die boek aanbeveel, maar gesê Boekhandel moet self besluit of hy vanweë sy "verbintnisse met kerk en staat" dit wil waag om so 'n boek uit te gee. Hy wou nie. Daarop het ek André se adres in Parys by Gladstone gekry en aan hom geskryf. So het *Lobola* by ons beland. (Nasionale Handelsdrukkery wou die boek nie eens druk nie maar die *Cape Times* het — weliswaar op grond van Gladstone se aanbeveling — ingewillig om dit te produseer.)

Ons het alreeds in die vorige jaar (1961) voorbrand gemaak — onwetend, natuurlik — met die uitgee van Van Wyk Louw se *Vernuwing in die prosa*, wat 'n soort strydboek vir die prosaskrywers was (soos *Berigte te velde* en *Lojale verset* dit in die dertigerjare vir die digters was.) Ek dink jy het daar die eerste keer behoorlike erkenning gekry, asook Jan. Daarby het Leon en ek natuurlik die meeste van die skrywers persoonlik geken. Hierna het die ander skrywers na ons begin kom, ons het Jan se *Een-en-twintig* by Balkema oorgeneem — tesame met 'n klompie ander bundels, onder meer Blum, Ina Rousseau en Ernst van Heerden — en van toe af was ons gelukkig om 'n hele klompie Sestigters te kry wat manuskripte aan ons gegee het. Ons het werke van verskeie Sestigters (hoewel nie naastenby almal nie) uitgegee, o.a. van jou, André, Jan, Bartho, Fanie, Breyten (een bundel). Voordat 'n mens hierdie lys volledig kan maak, sal jy eers vir jouself duidelikheid moet kry wat 'n Sestiger presies is!

E.L.: Hoe het jy dit reggekry, Koos? As 'n formidabele sakeman moes jy tog 'n kans gewaag het. Was dit jou liefde vir die ernstige eksperimentele werk wat jou laat besluit het om julle bestaan op die spel te plaas? Of het jy gevoel dat julle suksesvol genoeg was om "nuwe" werke uit te gee? D.w.s.: was daar geen risiko nie?

Koos Human: Daar was natuurlik 'n risiko, maar op die keper beskou was al hierdie boeke ook goeie beleggings. Feitlik almal is herdruk, dikwels talle kere. Daar het ook 'n verandering aan ons universiteite gekom — en weer dink ek Van Wyk Louw se boek het 'n groot rol gespeel. Die jonger skrywers se boeke is in 'n groter mate voorgeskryf as tevore en ons het dus, buite die publiek om, ook 'n afset gehad op die voorgeskrewe mark.

Polemieke het natuurlik ook gehelp — soos jy goed weet.

E.L.: Wat is die waarheid in verband met die relletjie oor Breyten? Ek dink dit gaan oor 'n brief in *Die Burger*. Ek is nie seker nie.

Koos Human: Ek kan nou nog nie die volle waarheid vertel oor die relletjie rondom Breyten en die brief in *Die Burger* nie — altans nie swart op wit nie. Wat ek wel kan vertel, is die volgende: Die CNA-prys is aan Breyten toegeken vir *Die huis van die dowe*, een van ons uitgawes. Toe John Vorster dit hoor, was hy woedend en hy het alles in sy vermoë gedoen om te keer dat die prys toegeken word. Hy het op almal druk probeer uitoefen, ook op Opperman. Een aand was Nakkie en ek met J.J. Spies en sy vrou in Opperman se huis, toe bel Vorster. Hy het 'n ellelange gesprek met Opperman gevoer. Op die ou einde het Opperman hom feitlik beledig deur te sê hy bespreek nie poësie met 'n leek nie. Vorster het in elk geval beweer dat Yolande nie die probleem is nie — "sy kan by my kom bly," was sy woorde. Maar Breyten moes gearresteer word, het hy gesê.

Kort daarna was ek in Parys waar ek Breyten en André gesien het. Ek het hulle die hele storie in kleur en geur vertel, waaruit natuurlik baie duidelik geblyk het hoe Breyten se vriende en ondersteuners eenvoudig geweier het om voor Vorster se aanslae te gaan lê en daarop aangedring het dat hy die prys moet kry. Dit geld ook die C.N.A. Hierna draai Breyten toe om, gee 'n onderhoud aan 'n Nederlandse koerant en sê die hele toekenning van die prys is oëverblindery en 'n vorm van omkopery om hom te probeer oorreed om nie sy sê te sê nie. Hy het herhaal dat hy a.g.v. sy vrou toegang tot Suid-Afrika verbied word. Ons was woedend en het toe die fameuse ope brief aan *Die Burger* geskryf. Daarin het ons gesê dat Breyten agter sy vrou skuil en probeer te kenne gee dat teen hóm gediskrimineer word as gevolg van háár, terwyl hy op daardie tydstip goed geweet het dat dit nie die geval was nie. Kortom, Breyten het gelieg. Hy is tot vandag toe nog vir ons kwaad oor die brief, hoewel André dit lankal vergewe het. Maar sekere besonderhede in verband met hierdie geskiedenis sal in my eventuele outobiografie verskyn.

E.L.: Ons almal, die skrywers vir Human & Rousseau, vind jou een van daardie rare verskynsels: 'n uitgewer wat behoorlik belese is, wat 'n kennis van die taal en die moderne letterkunde het. Was 'n uitgewery soos Taurus nodig as plaasvervanger vir Human & Rousseau in terme van die "eitydse" behoefte?

Koos Human: Ek sien Taurus nie as "plaasvervanger" vir ons — of enigiemand anders — nie. As ek heeltemal eerlik mag wees, moet ek sê dat hulle om 'n verkeerde rede op die toneel verskyn het en om 'n verkeerde rede nog daar is. Daarmee bedoel ek nie dat hulle nie daar behoort te wees nie. Hul vertrekpunt was dat hulle nie kommersieel wou wees nie en dat hulle alleen boeke wou uitgee wat normale uitgewers van die hand wys uit vrees vir sensuur. In die proses het hulle 'n klomp gemors uitgegee wat om literêre redes deur ander uitgewers afgekeur is (vir sover hulle hoegenaamd voorgelê

was.) Die enigste boek waarvan ek weet wat Taurus gepubliseer het omdat dit met die oog op die sensuurbedeling afgekeur is, was André se *'n Droë wit seisoen*, en ek is die skuldige. Die omstandighede is dat hierdie manuskrip voorgelê is kort na die *Magersfontein*-episode wat ons baie geld gekos het. Ek het vir André gesê ek vrees dieselfde lot gaan sý boek tref as *Magersfontein* en ons kan dit geldelik nie bekostig om twee sulke sake na mekaar te voer nie. André het gesê dit is nie nodig om 'n saak daaroor te voer nie, maar ek het baie sterk gevoel dat dit na buitentoe 'n slegte indruk sou maak as ons een skrywer tot die uiterste verdedig en die ander nie. Nie een van ons kon natuurlik weet dat Connie Mulder op die punt was om van die toneel te verdwyn met Lammie Snyman agter hom aan en dat Schlebusch matige hervormings aan die Publikasiewet sou aanbring nie. *Sic habent sua fata libelli!*

Wat ander boeke betref: John Miles is 'n direkteur van Taurus en het 'n lotsverbondenheid. Breyten is daar uit politieke simpatie — hy en Taurus het 'n klap van die Marxisme weg. Vir die res is daar nie, soos ek nou onthou, in Taurus se lys 'n titel wat ons uit vrees vir sensuur afgekeur het nie.

E.L.: Jy het onlangs vir my gesê dat jy wens dat iemand 'n nuwe uitgewery sal begin wat die "vibes" van die nuwe skrywe kan oordra. Is daar iets omtrent die "nuwe skrywe" wat vir jou vreemd is? Is daar 'n "nuwe skrywe" in ons midde?

Koos Human: Ek sal nie sê ek wens dat 'n nuwe uitgewery begin word nie; wat ek bedoel, is dat daar tussen my (en Leon) en julle Sestigters 'n baie goeie wedersydse begrip was. Ons het op dieselfde manier gedink en dieselfde taal gepraat. Ek dink daar is vandag 'n generasiegaping tussen iemand van my leeftyd en die heel jongstes. Jy kan mense aanstel wat daardie "vibes" kan opvang, maar die skrywer het nog altyd die gevoel dat hy nie met die "baas" praat nie. Daarom dink ek dat 'n ondernemende en verbeeldingryke en vindingryke jong man wat vandag 'n uitgewery begin en "pally-pally" met die heel jongste skrywers is, dalk ver kan kom. Dit is te sê as die jongste skrywers vir hom die finansiële stoot vooruit sal gee wat julle vir ons gegee het. Helaas sien ek nie so iemand selfs in die verskiet nie.

E.L.: Dink terug aan die dae toe julle naby Keeromstraat in daardie doodloopstraat julle besigheid bedryf het. Van my aangenaamste herinnerings gaan terug na daardie dae. Het jy nog 'n verlange terug na daardie plek en die verkwikkende atmosfeer? Alles was só heerlik informeel. Het dit saam met die Ou Kaap verdwyn? Ek weet dat jy in jou huidige Vleispaleis nog dieselfde atmosfeer vir jou skrywers bied. Al wat ek van jou verlang is 'n bietjie nostalgie.

Koos Human: Dit was die bopunt van Keeromstraat self. Natuurlik was daardie dae lekker, veral die parkeerplek vlak voor die deur en die kroeg tien tree daarvandaan. Ek onthou ook dat my kantoor 'n mooi uitsig op die Argieftuin gehad het. Soms het Buck Jones ('n fotograaf vir fotoromans) foto's in die tuin van die Argief geneem. Eenmaal het hy Rie Lindeberg en

Trix Pienaar (wat albei toe by ons gewerk het) geleen om twee kranksinnige vrouens voor te stel wat uit 'n gestig probeer ontsnap. Klouend teen die muur is hulle van agter afgeneem. Dit was lekker dae, soos die "skrywers-huis" in Koffiefontein waarvan Wim Hartman so dramaties kon vertel.

E.L.: Wat was die naam van die hotel-om-die-draai waar joernaliste soos Malga, en uitgewers, en skrywers, en kritici oor 'n biertjie toekomstige skeppings beplan het?

Koos Human: Daar was twee hotelle om die draai. Die een met Malga en andere was die Drommedaris, ook bekend as Die Drom, Oom Karel of Oom Charlie. Hier het oom Malg, Schalk Pienaar en P.A. Joubert tot laat in die middag gesels. Piet Cillié het ook gewoonlik so teen half-sewe die aand ingespring vir 'n vinnige kap of twee. Ons het in die private kroeg op die eerste verdieping vergader.

Die ander stampek was die Stanley Hotel, net een blok van ons kantoor af. Daar het ons in die lounge gesit. In die kroeg was die kroegman Koos te besig om Vause Raw te bedien, moeilikheidsmakers uit te gooi en die gooi-gang oop te hou vir die ouens wat met darts speel. In die lounge het ons gewoonlik ná vyf ontmoet en 'n paar doppe gesteeek voor ons huis toe is. Dikwels het ons ook kerrie en rys in die middag daar geëet. Dit was gewoonlik "The usual Human & Rousseau crowd", soos die eienaar dit genoem het, plus 'n paar ouens van *Die Burger*, *Sarie* en *Huisgenoot* (Kühne, Cronjé, Jorda Louw, soms Fred le Roux en dikwels skrywers). Politici het ook daar gekom. Nico Malan het altyd daar tuisgegaan voordat hy administrateur geword het. Chris Heunis het altyd daar kom sit en drankies maak met sy L.P.R.-kollegas (dit is voor sy dae van roem) en nogal luidkeels oor binnegevegte in die Kaapse Nasionale Party gepraat, vir enige toevallige *Sunday Times*-verslaggewer wat in die nabyheid sou wees om te hoor. Die hotelle bestaan nie meer nie.

E.L.: Al jou skrywers weet dat jy die beste etes by die beste eetplekke aanbied. As 'n gourmet, soos Graham Greene, het jy ook tot die insig gekom dat daar oor die tafel 'n wisselwerking plaasvind.

Noem die beste eetplekke in die Kaap vir jou en jou skrywers. Asook Pretoria, Johannesburg en Durban. Ek dink nie dat Bloemfontein hier 'n ernstige aanspraak het nie. Op hierdie oomblik, natuurlik.

Koos Human: Ek word oud. Ek onthou die ou plekke. Fracarlo (die oue, langs die verdwene Adelphi) met sy heerlike lasagne en afval; die Boulevard waar Graham Greene die droë martini so geprys het en waar Opperman enorme krewes, verskaf deur die mariene wilddief, Mr. X, verslind het; Rossi, skamper deur jou behandel in *18-44* — sy dogter verskaf vandag nog in Hildebrand sy onoortroffe canneloni; die Geneva in Claremont, met sy garnale en Geschnältzeltes mit Rösti ... Die 67 in Durban, waar jy jou naam op die muur geskryf het. Almal verdwene of oorgeneem.

E.L.: Was jy 'n slagoffer van John Vorster se telefoongesprekke aangaande die tendense in die "hedendaagse" lektuur? Moet jy swyg, of kan jy 'n geval

of twee meedeel?

Koos Human: Sien my antwoord oor die Breyten-relletjie. Vorster het nooit direk met my gepraat nie; hy het my wel deur ander probeer bereik.

E.L.: Soos jy weet, het Opperman omtrent ál my romans in manuskripvorm gelees. In die meeste van my romans het ek iets aan die einde verander op 'n wenk van hom. Wat *Die derde oog* betref, het ek die hele middelste gedeelte verander en sy kritiek in die mond van Ornassis E. oorgebring. In 'n sekere sin was hy 'n mede-skepper en ek voel skatpligtig teenoor hom. Vertel my ietsie meer omtrent die verhouding tussen julle twee: daardie merkwaardige samewerking oor die jare. Presies wáár het hy in die hiërgargie van Human & Rousseau gepas?

Koos Human: Opperman het 'n baie belangrike rol gespeel sedert hy in 1962 'n direkteur geword het. Ek het nog selde iemand teëgekome wat hom so met hart en siel kon inwerp in 'n saak waarmee hy saamwerk. Vir hom was dit altyd 'n geval van alles of niks. Vriende was vriende tot die dood, en vyande insgelyks. Hy was 'n uiters merkwaardige literator. Iemand met baie streng oordeel en suiwer smaak, maar ook iemand wat nie in 'n ivoortoring geleef het nie. Hy het geweet dat dit vir ons net so belangrik is om Dricky Beukes te publiseer as Etienne Leroux, en dat elkeen sy eie standaard het. Hy kon ook bv. insien dat Antjie Krog, met *Dogter van Jefta*, 'n eenmalige bundel geskryf het wat sy nooit weer sou herhaal nie en waarvan dit nutteloos sou wees om te verwag dat sy dit moes hersien. Daarom het hy onmiddellike publikasie aanbeveel. Daarenteen het hy by andere weer ander eise gestel en dikwels herhaalde herskrywing aanbeveel. Ons het baie selde gebots en oor die algemeen goed klaargekom. Daar loop nie nog iemand rond met so 'n agtergrond van private kennis oor die hele Afrikaanse letterkundige gedoente nie. Daar is ook nie nog 'n keurder soos hy wat ek vandag kan gebruik, op wie se oordeel ek byna implisiet kan vertrou nie, en wie se opinie vir feitlik alle skrywers aanvaarbaar sal wees nie. Hy het wel 'n paar foute begaan, maar daarvoor swyg ek liever. Ons sou nooit iets doen sonder Opperman (DJO, het almal hom genoem) se medewete en instemming nie.

E.L.: Was hy 'n Godfather, soos jonger skrywers hom genoem het?

Koos Human: My ondervinding was dat mense wat werklik talent het, hom nie as 'n Godfather in die slegte sin van die woord aangesien het nie. Dit was die talentloses, nie net onder jonger skrywers nie, maar ook iemand soos Dirk Richard (en selfs C.M. van den Heever, om ander redes) wat Opperman nie kon verdra nie en hom as 'n soort Godfather aangesien het. (C.M. het hom daardie artikel in *Standpunte 3* nie vergewe nie!) Die jonger mense, soos Fanie Olivier, Antjie Krog en ook jy self en André Brink het die grootste respek vir Opperman se oordeel gehad.

E.L.: Koos, ek weet jy is nie skaam om jou sê te sê nie. Hoe goed skryf die "ernstige" skrywers in Afrikaans deesdae? Oortref die poësie die prosa?

Koos Human: Jy probeer my in 'n hoek kry, nè? Die meeste "ernstige"

skrywers skryf goed. Party word na my mening oorskat, maar ek dink nie dit is gepas vir my om name te noem nie. Hulle is ook nie noodwendig H & R se skrywers nie! Ek dink jy, Wilma Stockenström en Karel Schoeman op jul beste is absoluut in wêreldklas — dit is nie om jou te vlei nie. Breytenbach, dink ek, word oorskat. André is vir my 'n boeiende figuur. Persoonlik dink ek sy werk is soms 'n bietjie sentimenteel, maar dit is altyd boeiend en uitstekend geskryf en hy is so 'n verdomde goeie vakman. En daarby is die feit dat hy in die buiteland so goed ontvang word iets wat mens nie durf ignoreer nie. Om te sê dit is net om politieke redes, is volstruisredenasie. Ek dink dit is een van die grootste swakhede by die Afrikaanse kritici dat hulle eenvoudig weier om hulself te ondersoek en hulle af te vra of die fout dalk by hulle lê en dat André 'n baie beter skrywer is as wat hulle dink. Dit is 'n selfversekerde klomp bliksems. (Terloops, ek dink die ontvangs van Wilma se *Die kremetartekspedisie* is een van die mees vernietigende oordele oor die peil van die Afrikaanse letterkundige kritiek.)

Jy was gelukkig: Die "establishment" het jou nodig gehad om teen André te monster en daarom het hulle jou werk met geweldige oorgawe bestudeer. Ek bedoel nie hiermee dat jy dit nie verdien het nie — inteendeel. Maar jy het die gelukkige voordeel gehad dat jou werk intrinsiek uitmuntend was, en bowendien baie ernstig bejeën en bestudeer is. Die gevolg was dat die kritiek op jou werk oor die algemeen baie goed is. Wilma se eerste roman het niemand na waarde geskat nie — hulle het gedink dit is sommer 'n digter wat 'n bietjie met die linkeragtervoet skryf. Daarom het hulle haar volgende twee boeke ook nie ernstig bejeën nie. Daardie drie romans is na my mening die enigstes wat naas joune, Karel se vier bestes en *Poppie*, kan staan as die wêreldlike prestasies van die na-oorlogse Afrikaanse romankuns. Ironies genoeg word die belangrikste poësie ook deur 'n prosateur geskryf, nl. Wilma Stockenström.

Ek dink nie die poësie is beter as die prosa nie. In die jare dertig, veertig en vyftig was dit die geval, maar nie meer nie.

E.L.: Hoe voel jy omtrent goeie middelmoet-skrywers? Kan hulle die pieke van die berge bereik in terme van hulle besondere talent? Word hulle in die literêre wêreld misken?

Koos Human: Ek hou van goeie middelmoet-skrywers. Sommige goeie "hoogmoet"-skrywers is ook goeie middelmoet-skrywers, soos Graham Greene. Die spesie is in Afrikaans bra onbekend. Die naaste daaraan is Klaas Steytler. Natuurlik kan hulle die pieke op hul terrein bereik, net soos Gershwin 'n piek op sy terrein is, soos ook *The sound of music* 'n piek op sy terrein is en Beethoven se Negende Simfonie 'n piek op sy terrein. By ons word hulle in die literêre wêreld misken want ons sg. literêre wêreld is seker die mees snobistiese waarvan ek weet. Nie oorsee nie. Daar skryf wysneusige M.A.'tjies nie die koerante vol met hul nuutgelese literêre teorieë nie.

E.L.: Kry H & R elke dag 'n manuskrip in die pos en lees jy elkeen persoonlik?

Koos Human: Party dae verskeie, party dae niks. Dit is onmoontlik om alles te lees. Afgesien van dié wat na spesifieke persone in ons uitgewery gaan (soos kinderboeke en akademiese werke) moet 'n mens nog keurders gebruik. Boeke wat belangrik lyk en waarom òf positiewe òf gemengde verslae ontvang word, probeer ek ook self lees — al is dit in proefstadium. Manuskripte van ons bestaande “voorste” skrywers lees ek in iedere geval ook self, keurder of te nie. Party skrywers is verby die vlak waar 'n mens nog met keurders sukkel.

E.L.: Is daar Afrikaanse skrywers wat hipersensitief is oor die hantering van hul manuskrip? Almal is seker — maar tog, het jy al met 'n skrywer oor 'n manuskrip gebots?

Koos Human: Die meeste skrywers is natuurlik sensitief oor hul manuskripte en party is hipersensitief. Name sal liewers nie genoem word nie. Hipersensitiwiteit is ook iets wat op verskeie vlakke kan bestaan. By sommiges is dit suiwer taalkwessies (dit is ongelooflik hoe koppig party skrywers kan wees oor kennelike foute), by sommiges is dit tipografiese vormgewing, by sommiges is dit stofomslag. By sommiges is dit publisiteit (of gebrek daaraan), soms is daar 'n kombinasie van alles. Die uitgewer se lewe is voorwaar moeilik! Daar is selfs sekere skrywers wat ek nie gelyktydig in dieselfde vertrek kan bring nie. Hoef ek name te noem?

E.L.: Het jou liefste vir Mozart jou gehelp om beter boeke uit te gee?

Koos Human: Nee, maar dit het my dikwels gehelp om my sin vir balans te behou.

E.L.: Het televisie 'n nadelige invloed op boekverkope?

Koos Human: Ek glo nie. Tydskrifte en middagkoerante is die vernaamste slagoffers. In die res van die wêreld is boekverkope eerder gestimuleer deur televisie.

E.L.: Hoe belangrik is 'n boek se voorblad?

Koos Human: Uiteraard belangrik. Party skrywers wil dit maar nie beseef nie. 'n Voorblad is 'n plakkaat. Jy moet dit op 'n distansie kan sien, byvoorbeeld as jy van 'n sypaadjie af in 'n boekwinkel se venster kyk. Dan moet die titel en die skrywer se naam baie duidelik leesbaar wees. Dit moet nie 'n atmosferiese “trip” vir die skrywer wees nie. Dit moet 'n boek verkóóp. Helaas sien baie skrywers dit nie so nie, en verwyf ons agterna.

E.L.: Daar is 'n algemene siening dat dit vir skrywers makliker is as twintig, dertig jaar gelede om hul boeke gepubliseer te kry. Stem jy saam?

Koos Human: Ek dink dit was nog altyd vir Afrikaanse skrywers relatief maklik om boeke gepubliseer te kry. Dit hang saam met ons hele kompleks van 'n bedreigde literatuur, 'n bedreigde samelewing, 'n bedreigde beskawing. Daar is ten slotte so min wat goed skryf dat jy maar uitgee wat kom, en jy is bang dat as jy dit van die hand wys, aanvaar die volgende uitgewer die manuskrip. Dit is jammer, maar daar is heelwat waarheid in hierdie stelling.

E.L.: Jy beklee 'n bestuursposisie by Kruik. Vanwaar jou belangstelling in

hierdie wêreld?

Koos Human: Ek was vroeër jare voorsitter van Kruik se musiekkomitee en sedert onlangs voorsitter van die balletkomitee. Die komitees is nou afgeskaf, en ek is lid van die uitvoerende komitee "belas met ballet". Ons gesin was baie musikaal en al die kinders het 'n instrument geleer. Ek was so verwoer dat ek my ingeskryf het as 'n B.Mus.-student aan Wits, maar binne twee weke het ek besef dat ek belangstelling met talent verwar het. Maar my passie vir musiek en die uitvoerende kunste het gebly. Dit is vir my 'n buitengewone uitdaging om deel te hê aan die aanbidding, organisering en finansiering van die uitvoerende kunste. Daarby glo ek dat elke verantwoordelike mens, naas sy dagtaak, ook 'n openbare diens moet lewer. Party mense is lede van skoolkomitees, andere is kerkradslede, andere dien in die besture van politieke partye, en ek doen my stukkies gemeenskapsdiens by Kruik.

E.L.: Wanneer beoog jy om uit te tree?

Koos Human: Amptelike aftree-leeftyd is by ons 63. Miskien is ek op daardie leeftyd nie meer daar om uit te tree nie. Miskien besluit ek om vroeër uit te tree. Die gedagte aan uittrede is aantrekliker as wat 'n mens dink. Daar is so baie boeke wat ek nog wil lees, so baie musiek waarna ek nog wil luister, so baie plekke wat ek nog wil besoek. En dan dreig ek alle "moeilike" skrywers — en kritici! — daarmee dat ek nog eendag my outobiografie gaan skryf!

E.L.: Wat gaan dan van H & R word?

Koos Human: H & R sal stellig voortbestaan. Die Direksie van Nasionale Boekhandel sal die besluit moet neem. Ek sou dit egter as 'n teken van slegte bestuur sien as H & R tot niet gaan wanneer ek uittree. J.D. Pretorius was altyd beskou as die hart en siel van Tafelberg en toe hy moes uittree, het almal gevra wat gaan word van Tafelberg? Danie van Niekerk, sonder enige vooraf-ervaring in die uitgewerswêreld, het Tafelberg tot ongekende hoogtes gevoer. Ek glo dieselfde sal met Human & Rousseau gebeur.

E.L.: Hoe voel jy deesdae? Rebels? Afsydig en rustig?

Koos Human: Afsydig en soms rustig. Partykeer — veral oor politieke sake — nog hels rebels.

E.L.: Hoe oud is jy?

Koos Human: Tans 53.

E.L.: Is jy bang vir die dood? (Dis 'n vraag wat óók aan my gestel is in 'n onderhoud).

Koos Human: Ek weet nie. Ek het nooit bewustelik daaraan gedink nie. Dalk beteken dit dat ek nie bang is nie.

September 1984

Carl Mischke*

Dieet

kyk ek skryf myself leeg

(my lippe word moeg gefluit
om my verhemelte-gewete,
wat aanhou witbrood vra,
te sus — ek het nie eens
'n bekluitjie om melodieë te maak nie)

ander sal in wolkekamers
nat spore agterlaat

ek leef van verwoording

vitamienbruistablette
wat onbeheerbaar stadig
water tot volkleur skuim
in bloed brokstukke sirkuleer
my vel dun soos van ouderdom
of gewigverlies

kry soms swaar
om my gewigtige kop
van die vloer te forseer

Les chants magnetique

Big Science. Hallelujah.

Big Science. Yodelayheehoo. (Laurie Anderson)

afsydig oes 'n witjas boer
'n onontdekte land
— skuurstoor grondige kennis

hy het geen vrou nie
en het slegs sy kankersiek
proefdier lief.
in stede van 'n mieliestronk
aanbid hy 'n blouwit elektron-vonk.

daar trek 'n waarskuwing deur die lug:
Uitkoms vir die Uitgedroogde Volk:

in die koepel hang 'n wolk

Vernuwing en voortgang

*To miss the march of this retreating world
Into vain citadels that are not walled.* (Wilfred Owen)

protestants bly
'n rooi-bees voorgevoel
altyd in ons gedrag
— professor A laat sy hond
naweke alleen verhonger.

met gom uit die eike
voor die broeder-gebou,
plak hulle vergesigte
(toeristeplakkate)
op 'n verdere fondament.

twee strate verder
voer studente duiwe in die park

'n laaste beuel blaas
hoog, stereofonies, getrou.

*Carl Mischke se debuutbundel *Interne Weerstand* verskyn binnekort by die uitgewers Human & Rousseau.

J.P. Smuts

Wie is die kêrel van die Pêrel?

“Die kêrel van die Pêrel of anatomie van ‘n leuenaar” noem Henriette Grové die eerste verhaal in haar jongste prosawerk, *Die kêrel van die Pêrel of anatomie van ‘n leuenaar: drie vertellings waarin die liefde ter sprake kom*. In die boek stel die kêrel van die Pêrel homself op p. 20 voor as “Gerhardus Timotheüs Jordaan, G.T. vir sy vriende en hy kom van die Pêrel.” En direk hierna lees ons:

“Die kind wat die liedjie ken, giggel effens: ‘Dan’s Meneer mos die jollie jongkêrel?’

“Ditsem, juffie, die kêrel van die Pêrel, die einste hy.’ Hy lig weer sy hoed en met ‘n los swaai van sy bolyf en uitstoot van sy bors klap hy sy vingers en sing lughartig:

“Met ‘n kam in sy haar,
maar glo my dit is waar,
die spogrigste man in die wêreld!”

En op p. 44 klink weer twee reëls uit dié liedjie op:

“Ek is ‘n jollie jongkêrel.

Ek kom daar onder van die Pêrel!”

Maar watter liedjie is dit waarvan Elwiena so dadelik weet en waaruit G.T. so spontaan kan voorsing? Nadat ‘n plaatopname wat vyf en vyftig jaar gelede van dié liedjie gemaak is onlangs deur Hennie Aucamp onder my aandag gebring is, het ek verdere ondersoek ingestel en op ‘n hele paar interessantheide afgekom.

Die plaat waaroor dit gaan, is ‘n Chris Blignaut-opname, Columbia LE 10. Die liedjie word aangegee as “‘n Kêrel van die Pêrel (Crumit — vert. deur Blignaut)”. Dit word deur Chris A. Blignaut uitgevoer, “met Jansen Kwartet”. Dié viertal begelei Blignaut op kitare en tokkelinstrumente.

Vir meer inligting het ek by die bekende Kaapse versamelaar van Africana-plaatopnames, Con Groenewald, aangeklop. Hy het heelwat informasie verskaf en my ook na verdere bronne verwys.

Volgens mnr. Groenewald was Frank Crumit, die komponis en teksskrywer van die lied, ‘n Amerikaanse tenoor wat in die omgewing 1927 tot 1930 heelwat plaatopnames gemaak het. Blignaut het kennelik Crumit se teks baie vry vertaal en aangepas vir Afrikaanse gehore. Interessant genoeg het Blignaut later twee verdere Crumit-werke vertaal en opgeneem op Columbia LE 99, naamlik “Agter die ou kraalmuur” en “Gee pad, ou man, gee pad”.

In die lemma “Diskografie van Suid-Afrikaanse plaatopnames” in Jacques P. Malan (red.), *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie*, I, Kaapstad, 1980, saamgestel deur Con Groenewald met die hulp van Frits Stegmann, word Chris Blignaut se plaatopnames op pp. 358—359 behandel. Hieruit blyk dit

dat LE 10 Chris se derde plaat was (dit is voorafgegaan deur LE 8 en 9). Volgens mnr. Groenewald is dié plaat in 1929 gemaak, en moes Blignaut in dié vroeë jare spesiaal oorgaan Engeland toe vir die opnames.

In dieselfde bron, pp. 174—175, is daar ook 'n inskrywing oor Chris Blignaut self, skepper van die woorde van "'n Kêrel van die Pêrel".

Chris August Blignaut is op 27 April 1897 in Johannesburg gebore en is op 21 Julie 1974 te Vereeniging oorlede. Hy het aan die begin van die Eerste Wêreldoorlog as sewentienjarige seun begin optree toe oorsese vermaaklikheidskunstenaars feitlik nie meer na Suid-Afrika kon kom nie. Aanvanklik het hy in bioskope gesing, maar in die vroeë jare twintig het hy opleiding by die bekende stempedagoog Aimee Parkerson ontvang, asook by Alfred Bell, madame Palmer en signor Pentuzzi.

Aan die begin het hy opgetree onder die verhoognaam Harold Wise. Sy stem is bestempel as 'n bas of 'n bariton. Dit besit egter iets van 'n helder tenoorkwaliteit en kan die beste as 'n ligte bariton beskryf word.

In 1923 het Chris eerste gekom in 'n radiotalentwedstryd, en het hy ook medaljes en diplomas op Johannesburgse kunswedstryde gewen. In dié jare het hy toevallig 'n Afrikaanse liedjie tydens 'n konsert gesing, en dit was so 'n oorweldigende sukses dat hy daarna op ligte Afrikaanse liedjies gekonsentreer het. Baie van dié komposisies was sy eie, of verwerkings wat hy self gemaak het.

Chris Blignaut was die eerste sanger wat Afrikaanse liedjies uitgesaai het, 'n werklik suksesvolle platekunstenaar was en in Afrikaanse films opgetree het. Gedurende die jare dertig en veertig (hy het in 1949 afgetree) was hy beslis die gewildste en suksesvolste sanger van ligte Afrikaanse musiek en het hy die toneel as vermaaklikheidskunstenaar oorheers.

Die interessante is dat een van die vroeë films waarin hy opgetree het, die titel *Een kêrel in die Paarl* gehad het. (In die Engelse uitgawe van die musiekensiklopedie, wat 'n jaar voor die Afrikaanse verskyn het, word die titel aangegee as *Een kêrel van die Paarl*.)

Volgens F.Z. van der Merwe se *Suid-Afrikaanse musiekbibliografie 1787—1952*, Pretoria, 1958, is die musiek van "'n Kêrel van die Pêrel" nooit gepubliseer nie, en Con Groenewald het ook elders vir my bevestiging gevind dat dit nooit uitgegee is nie. 'n Mens moet gevolglik aanneem dat ook Chris Blignaut se vertaling van die woorde nie gepubliseer is nie. Al manier om dit in die hande te kry, is dus om 'n transkripsie van die plaat te maak. Gelukkig is Blignaut se diksie so goed dat dit nie juis moeilik is nie.

Die lied is strofies van aard, maar Blignaut het hom nie in sy vertaling veel aan die metrum gesteur nie. As 'n mens die korresponderende reëls van die verskillende strofes teenoor mekaar stel, vind jy dat daar opvallende metriese verskille is. Tydens die sing van die lied hou Blignaut hom egter aan die herhalende melodiese patroon. Hy pas net eenvoudig alles in deur desnoods twee of drie lettergrepe vinnig na mekaar op dieselfde noot te sing. Hier volg dan nou:

'N KÊREL VAN DIE PÊREL

*Ek is 'n jollie jongkêrel,
ek kom daar onder van die Pêrel.
Blink gekam is my haar,
o, glo my dus dis waar,
die spoggerigste man in die wêreld.*

*Ek soek 'n mooi meisie vir vryer,
waar ek altyd kan gaan by kuier.
Sal ek vir haar sê: "My lam,
kyk hoe mooi's my hare gekam,
ag toe nou, kom lig op jou sluier!"*

*Sy moet weet ek's nie 'n poliesman,
maar die seun van 'n grote duusman.
Ja, ek soek vir 'n meid,
wat my nooit nie sal byt,
en ook nie sal sê: "Ag, hoe vies, man!"*

*Een aand op 'n lekkere vastrap,
ontmoet ek haar, o glo my, dis nie 'n grap.
Ons drink net mampoer,
en alles begint te roer,
nou lê sy net daar soos 'n pap lap.*

*Sy sê my haar naam is Rebekka.
"Kyk hierjy, hou jy net jou bekka,
anderste dons ek jou op,
met 'n bottel teen jou kop,
want ekke voel nou net baie lekka."*

*Sy was 'n danser en singer,
en voort wys sy my met haar vinger.
Toe sê sy: "Kyk hier,
is dit een vinger of vier?"
Maar vir my was dit maar meer of minder.*

*Sy sê sy voel so allenig,
ek gaan kuier toe vir haar op 'n reëndag.
Toe ons daar sit en vry,
kom haar ouman verby,
en hy gee my 'n skop onder my eendrag.*

*Ek sweer toe ek sal haar vir my wen,
toe slaan die ou my teen die ken,
vat my aan my broek se naat,
en hy smyt my in die straat,
en ek nael toe so hard as my bene ken.*

*Nou's ek 'n treurige kêrel,
ek gaan maar terug na die Pêrel,
sonder een oog,
my rug in 'n boog,
en ek is nou so vies vir die wêreld.*

* * *

Henning Pieterse kaartjie vir venesië

klokslag op die plein
bring groen vrou see
haar daaglikse stondes voort

buite dryf die vuil vloed weer
die trappe op
riffelend soos die vloer
van die sinkende katedraal
om tydelik terug te val
in kleiner klanke van die groter meer

gabrieli	gabrieli
kan jy my hoor	kon jul my hoor
deur die stereokore	
van jul vergulde kerk?	

in brugskadu's sien ek atlantis sug
in sagsinkende tone deur eeue se slyk
terwyl die see haar hare golf
om verrottende tuine

tagelied

die lug se horing blaas blou
oor die mis
wat silwervuil tussen spookbome
oor die roggelende gras hang

die laaste krag van winter
lê nie in die witgebrande iand
vroeg in die oggend nie
my vingers is nog warm

ek tap die grond en die gras se krag
om elemente te meng tot gedig vir jou
met die son wat sy vingers kragtig vou
deúr die dooie bome

“Till human voices wake us, and we drown.”

T.S. Eliot

drome dobber agter jou oë
in die see van slaap
die golwe bly geduldig hang
en gapermossels gaap

slap horlosies vou die tyd
sekondes teen die muur
die stoel sug, laat sy leuning terug,
ontspan sy arms en tuur

in dié impasse tussen droom en slaap
ken ons mekaar, word werklikheid water
en ons moet sinkende stemme vergeet
totdat ons wakker word, later

requiem vir 'n reëndag

hoe breek die druppels
vandag teen die ruit
voorspel skuif tot elegie uit
grafte sal nou modderig wees

op só 'n dag glo
is wolfgang onvoltooid
na sy graf gedra
constanze se trane gebreek
deur die reën

die swart stoet sukkel af
skuifel in die reën
die priester laat val 'n seën
haastig in die graf

tog: dié dag was eintlik mooiweer
spel weerkundiges nou terug
en verbreek
met fyn noukeurigheid
die grys romantiek van 'n reëndag

Marié Blomerus Ruikers van stof

Vyftien maande in Arles, dit was maar al
met sensasies van lig
in sipresse en skuimende en stille see
lig en kleur primêr so helder
vir die bewende alkoholis die aanhoudend hoeseende roker
die brein wat nie rus nie,
nòg by dag, nòg by nag
met sensasies van skaduwees
die brein wat kleure absorbeer
radikaal en freneties
soos 'n kladpapier of 'n seespons ingedoopt
in die kontrei en alles bly kleef
die gele, die goud, die brons
die indigo van die lug
die sagste blou van die water
die bootjies by Saintes-Maries-de-la-Mer
die vibrasies in elke doek die bote wat reise oproep
begeerde ontvlugting;
van sonbesies en

die klein ruikertjies van vergeet-my-nietjies
die klein ruikertjies wat ruik na stof
stof tot stof
en tog, ja Van Gogh is dood
Van Gogh lewe, lank lewe
sy radikale frenetika.

lewers en oral 'n herfs

lewers en oral, vroeg, 'n herfs
'n dowwe blaar hier en daar
'n treurige motreën oor die noorde:

Kyk na my
asof ek Provence is
en vertel weer van Van Gogh
teer en driftig
onder 'n dowwe restaurant-lig
vertel weer weemoedig
met trane in jou stem
van die wit amandelboom in bloei

die blou stillewe van die irisse in die vaas

die groteske sterre en sipresse

Kyk
na my
en sien hóé blóei die Provencaalse landskap
onder 'n skielik-verbeelde son
die afgesnyde oor
hoe bloei al die suiwer letsels
die rowe, die knoetse
die gapende wonde
in die rou ingewande

Kyk
na my
en sien
die groot allenige sonneblom
gesig na die son gedraai
vreesagtig uit voeling met die werklike
die groot sonneblom
oorweldigend eensaam.

Kiep Vermeulen ou olifantbul (vir Uys Krige)

hardekwas staan jy in die son en bak
vol barste en vol voue
die oue vel wat sakkerig hang
soos 'n swak gesnyde snyerspak

amorme vleis en been verberg 'n eeu
se lange rugmurg hart en kliere
en jare al vermy die trop
die kil gewapper van oor-barniere

groot en geel en grasieus die lyn
nog van die tande en simmetries
hoewel te swaar vir die antieke kop
— nuttelose bron van ongemak en pyn

donker kamers van die geheue koester
haat oor loodballe teen die skedelbeen
en diep in die vleis met siste daaromheen
gegroeï — soos pêrels in 'n oester

die pyn van spies en pyl het jou genoop
— en dié veral van deur vuur verharde
houtpen in die versteekte doodswal —
om op stil ompaaie alleen te loop

maar 'n oer-instink laat jou honger
na die welige bos se safte bas
om in die soel waters te gaan speel
met die jong koeie wyl die vleuels
van waterhoenders by die lug verdonker

weer durf jy dus in kalahari-warm sand
water grawe met die tand
en jagters deur die boonste lip bespied
wag jy in met die stilte van graniet

Wessel Pretorius

Ek het die loei van sirenes weer gehoor

ek het die loei van sirenes weer gehoor
wie kom haal hulle wie vat hulle weg
wie se geluk het teen hom gedraai
wie se nege tot vyf roetine is versteur
wie het sy aandjie met die manne oordoen
wie gaan nou aan bande gelê word
in 'n inrigting of een komma agt meter ondergronds
wie se bioritme het hom in die steek gelaat
wie tart die gode wie het handdoek ingegooi
wie wil die prys nie meer betaal nie en die gelag
wie het pront-uit sy sê gesê wie was weerspanning
wie voel 'n verandering is so goed soos 'n vakansie
wie se lyf hol weg met hom wie wil sy eie gat skop
wie het die gereg in eie hande geneem
wie se hand is in die as geslaan
wie het die stad op horings geneem skandes gemaak
wie kon nie langer wag op gebeure nie
wie kon nie meer deur sy oë sien van woede nie
wie was blind van die liefde
wie was weer dronk

ek het die sirenes weer hoor loei
en besluit 'n vry hand is beter as een in boeie

Marius Crous

kinderlik

die klein seuntjie
met die rooi truitjie, bruin broekie
en rooi tō-boehts
staan soos die mannekin pis
handjies voor hom saamgevou en kyk
na die groot gat, die houtkis,
die klipgooiery op die kis
en die getjank

Vincent van der Westhuizen Oudtshoorn, 1974

'n Vol museum nou, my versteende skool,
'n somber huis waar Langenhoven dool —
Kerneels, ek het jou gees ontmoet en vind
jou aangenaam; jou kritici was blind —
'n Boerekatedraal, 'n huis of drie
wat nog nie deur die tyd gesloop is nie,
Min was nou meer bekend. Daar was die tronk,
die Poort waar ons gebaai het, naak en jonk,
toe ons mekaar belieg het in matriek
en wys geweet het: hartstogspel is siek,
die vrot rivier, die brug se spinnerank,
die skoenfabriek se prikkelende stank —
en oral was daar jy, afwesig wel,
maar sterk teenwoordig in my enkelspel.

Ek het gejas op die perron gestaan,
en in die donker het my dorp vergaan.

The universal joke

She wore the sad expression of a clown
And little more. She scorned most garments but
Her sobbing laughter and hilarious frown
And all the vivid make-up of a slut.
Her lovers were comedians and priests
And I — whatever difference there may be.
We stayed away from carnivals and feasts,
From harlequins' and harlots' revelry
Where we belonged. She'd rather ponder on
The Beauty of Bereavement's Grand Escape
From wars and whores and angels, lords and lice
And marriage, the most ghastly form of rape.
She cried upon my lap one naughty night
And baptised it with tears before she spoke
Of dreams half-dreamt and dimly understood,
Confronted with the Universal Joke.

Wilhelm Jordaan huisaltaar

pappa wie is jy
kind ek is 'n pasehaas
wat iewers in april
sjokolade-eiers op geheime plekke plaas
waar julle dit kan vind

pappa wie is jy
kind ek is 'n krismisvader
wat elke jaar presente om 'n boom rangskik
vir 'n aand se kort geluk

pappa wie is jesus
juffrou sê hy is ons meester
ek weet nie meer nie kind
vra vir mamma om dit uit te vind

pappa praat met my oor jesus
nie vanaand nie kind
ek moet 'n lesing gee
dat siel en liggaam één is
en nie twee
dis my werk my kind
waarmee ek julle speelgoed
kos en klere
gee

Maria E. Oosthuizen kruis der dappere

wie weet waar willem wouter woon
arme willem wouter kan nie
nesmaak of ruskry
hy ra-ta-ta-ta heeldag
met 'n vuurstok
en sleep die lewe saam

willem wouter woon liggend
diep vrugbaar onder
in 'n wurmrige grondige land
en in 'n blink ster gekruisig
teen ma se voorhuismuur

Egbie Nel vir Breytenbach Marais

my nooi 'n ou piepklein bergvoëltjie
waarvoor ek lank gebid het
uit die hemelhoë nagte het sy gehoor
en haar opwagting gemaak
in 'n miswasige gewaad
sy't aanvanklik net geloer soos bv. oor 'n "bergtop skelm"
later praat sy gebeurlik in die lente soms laatherfs
haar woorde tiep tip simfonieë tot fladderfraai fonteine
dan eers gooi ek haar mildelik oor my wange
haar toontjies druppel af oor my bors
ek voel haar tintel deur my hele lyf
en ek hou nooit op om haar in te drink nie

o die "kleinvolk" is so jaloers op my
as sy eers plaas geneem het in 'n saggroen karos

— goed diep in haar buik is die groeigebed
soos bv. "vier seisoene in haar kieste"

maak oop die deur versigtig soos van ruite
knop knip draai droë hout oopswaai
net om die ligsonthalwe
omraam gewese veld so buite
tot 'n 6 by 3 simmetrie natuur
deur die gat gluur in die muur

Roeleen Cuyler kind op 'n branderplank

tussen die windbranders
is jou spykerlyfie
'n vlekke in die skuim

jy dy en dy
al nader aan my
tot die volgende brander
jou oor sy skoot wip
en jy natsnoet
in my arms val

Ansie Beukes

Breker treat eers sy meisie
Koop 'n pizza
maak die elmoë bol
loop sy spore wyd uitmekaar
vou sy arms dat die spiere bult
en voor hy die stoel bloots wou ry
stoot hy vir eers
sy knieë onder die tafel in

Marietjie van der Walt "dink-aan-jou"

ek vryf die kersfeesgroete
(vir my gestuur as vervangingsboete)
plat gedruk deur my vingers deur

hoe kan losloopleeters glad geklad
my uitgedroogde grou grashart
verwarm en met bloed inkleur
as die dun papier
wit
"groete"
stuur?

mynmarionet (privaatgesprek)

die doofgekontroleerde mol —
skag tuimel toe —
oë deur die
donker
tonnel —
graf

en luister swart ...

na die stomme
tintelblink kluite
wat sy hartslag
reguleer

Literêr-Aktueel

'n Beurs van R1 000 van die Afrikaanse Skrywerskring

Met die 50-jarige bestaan van die Afrikaanse Skrywerskring het die hoofbestuur besluit om 'n beurs van R1 000 vir 'n student of enige navorsers beskikbaar te stel om die geskiedenis van die Afrikaanse Skrywerskring van die afgelope 50 jaar te bestudeer en te beskryf.

Die aansoeker moet die hoofbestuur van die Afrikaanse Skrywerskring tevrede stel dat die projek, liefs as nagraadse studieprojek, onder behoorlike toesig sal geskied.

Die projek behoort in twee jaar se tyd afgehandel te word. Indien hiermee probleme ondervind word, kan verder met die hoofbestuur onderhandel word.

'n Behoorlik gemotiveerde aansoek met besonderhede oor akademiese kwalifikasies, 'n kort curriculum vitae en die naam van twee referente word vereis.

Aansoeke moet onderstaande van wie ook verdere besonderhede verkry kan word, bereik voor 31 Maart 1985.

Prof. F.C. Fensham
Rowanstraat 40
7600 STELLENBOSCH

Dr. Arnoldus Pannevis

Theo du Plessis (Dept. Afrikaans-Nederlands, U.O.V.S.) skryf in *Die Volksblad*, 14 Augustus 1984:

Die aanname dat Pannevis die "Vader van die Afrikaanse taal" is en vanjaar se Pannevis-gedenkfees wat daaruit voortspruit, kan beoordeel word as 'n poging om die geskiedenis van Afrikaans steeds verder te mitologiseer. Hoe anders verklaar mens so 'n eintlik oorbodige aanwysing van vaderskap? Pannevis se vaderskap van Afrikaans word veral gekoppel aan sy inisiëring van 'n veldtog in 1872 om die Bybel in Afrikaans vertaal te kry. Propageerders van die vaderskap-mite beweer op grond hiervan dat Afrikaans as't ware deur Pannevis "ontdek" is en dat hy die eerste persoon is wat die Afrikaner van sy taal bewus gemaak het. Dit is egter heeltemal onmoontlik dat Pannevis Afrikaans kon ontdek het. Selfs voor Pannevis se geboorte was Afrikaans reeds die enigste taal van die meeste Kleurlinge en minderbevoorregte Blankes van die land. Uitsprake van bekende Afrikaanse taalkun-

diges dui daarop dat Afrikaans al teen die einde van die 18de eeu in sy huidige vorm beslag gekry het. (Navorsers het teweens aangetoon dat die grootste gros Afrikaanse taalvorme reeds vóór Van Riebeeck se koms na die Kaap in Nederland en in sommige Nederlandssprekende nedersettings gebruik is.) In 1861, 'n goeie 11 jaar voor Pannevis se pleidooi vir 'n Afrikaanse Bybel, en selfs nog voordat hy uit Nederland na die Kaap verhuis het, is die eerste Afrikaanse boek, die bekende *Zamenspraak*, aan die Oosgrens gepubliseer. Louis Henri Meurant, die outeur van die betrokke werk, het al sedert 1844 (Pannevis was toe net 6 jaar oud) gereeld Afrikaanse briewe in *Het Kaapsche Grensblad* gepubliseer. Die reaksie wat Meurant op sy boek en ander Afrikaanse stukke gekry het, het dié op Pannevis se pleidooie by verre oortref. Letterlik honderde Afrikaanse briewe het ingestroom en verskeie koerante het gereeld Afrikaanse bydraes gepubliseer, geskoei op die lees van Meurant se model. Daarenteen was die geskrewe reaksie op die pleidooie vir 'n Afrikaanse Bybel beperk tot 'n paar briewe wat in Nederlands geskryf is.

Aan die Kaap self is daar ook reeds voor Pannevis se tyd getuieis van die wording van 'n Afrikaanse skryftradisie. In 1869, drie jaar voor Pannevis se eerste pleidooi, is dele van die eerste Arabies-Afrikaanse publikasie onder leiding van Abu Bakr uitgegee, die begin van 'n sowat 60 stuks publikasies. Afrikaans is in hierdie geval weliswaar in Arabiese skrif geskryf, maar dit wil nie sê dat die betrokke geskrifte van minder belang is vir die geskiedenis van die Afrikaanse skryftradisie nie.

Beide Abu Bakr en Meurant kan in 'n sin dus ook op hierdie soort vaderskap van Afrikaans wat vanjaar gedenk word, aanspraak maak. Deur Pannevis egter te vereer, verkry die sogenaamde stryd vir Afrikaans 'n eksklusiewe karakter — soos met ander eksklusiwiteite in Suid-Afrika 'n Blanke karakter. Die ironie van die saak is dat Pannevis eintlik die Bybel in Afrikaans wou vertaal ter wille van die geestelike heil van die Kleurlinggemeenskap wat nie die Nederlandse Statebybel kon verstaan nie — geen pleidooi dus vir Afrikaans nie. Vandag word hy egter nie vereer as die geestelike vader van die mense oor wie se sieleheil hy opreg bekommerd was nie. Die ironie lê nog veel dieper as dit. Noudat daar besef word dat Afrikaans vir sy oorlewing ook van sprekersgetalle afhanklik is, is dit weer eens die Kleurlinge wat die middelpunt van die gesprek vorm, soos met die begin van die veldtog vir 'n Afrikaanse Bybelvertaling. Allerweë word vernem dat Afrikaans nie net die eiendom is van die Blanke nie, dat die Bruinman ook 'n Afrikaner is, dat hy ook in die handhawing van Afrikaans betrek moet word, ens. In die lig hiervan is dit haas ondenkbaar dat daar nog ruimte bestaan vir iets soos hierdie vaderskap-mite.

Sanlamprys vir Jeuglektuur

'n Nuwe letterkundeprys wat elke drie jaar toegeken sal word, is deur Sanlam in samewerking met Tafelberg-Uitgewers geskep.

Dit sal as die

SANLAMPRYS VIR JEUGLEKTUUR/SANLAM PRIZE FOR YOUTH LITERATURE

bekendstaan en altesaam R10 500 aan prysgeld is beskikbaar.

In 'n aankondiging sê Sanlam dat die maatskappy met die prys wil help om jeuglektuur in Suid-Afrika uit te bou. Dit skep ook 'n geleentheid vir wye betrokkenheid by die internasionale jaar van die jeug wat vir 1985 aangekondig is.

Die wedstryd word in twee afdelings — Afrikaans en Engels — beslis. Die wenner in elke afdeling sal R3 000 ontvang. Daarnaas is daar twee merietepryse van R1 500 en R750 vir elke afdeling. Die organiseerders behou hulle egter die reg voor om geen pryse toe te ken as die gehalte van inskrywings nie voldoende is nie.

Die wenverhale sal deur Tafelberg-Uitgewers gepubliseer en die gebruikelike outeursvergoeding betaal word. Die uitgewers behou hulle ook die reg voor om enige van die nie-bekroonde verhale uit te gee.

Inskrywings moet die organiseerder: Sanlam-Jeugverhaalwedstryd, Posbus 879, Kaapstad 8000 nie later nie as 31 Januarie 1985 bereik.

Manuskripte moet op A4-velle (dubbelspasiëring en aan net een kant) getik word. Die organiseerders beveel aan dat die inskrywings per aangetekende pos gestuur word en dat die deelnemers veiligheidshalwe afskrifte hou.

Die verhale moet geskik wees vir kinders van elf tot veertien jaar en tussen 30 000 en 40 000 woorde beslaan. Vir die 1985-Sanlamprys moet die manuskripte direk of indirek met interpersoonlike verhoudings te make hê. Navrae kan aan dr. Annari van der Merwe by Tafelberg-Uitgewers (021-241320) gerig word.

Marina le Roux se huldigingswoord by die oorhandiging van die M.E.R.-prys vir kinder- en jeuglektuur aan Alba Bouwer vir *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver* op 13 September 1984

Toe ek nou onlangs weer eens MER se verkwiklike biografie, *My beskeie deel* gelees het, het dit my opgeval hoe dikwels sy aanhaal uit of verwys na Lewis Carroll se klassieke werk, *Alice in Wonderland*.

So beskryf sy byvoorbeeld haar besige, "bont lewe" as redaktrise van "Vrouesake" by *Die Burger* in 1927: "Maandag is ek dus altyd "Red Queen" — "Faster! Faster!" En ek voel myself deur die lug vlieg dat my hare so agtertoe lê, net soos Alice s'n in die prentjie."

Ek wil dus graag glo dat dit met MER se goedkeuring is, dat ek vanaand u

vriendelike aandag vra vir 'n ander aanhaling uit *Alice in Wonderland*. Ont-hou u die toneel in *Alice in Wonderland* tydens die Mad Hatter's teaparty? Die slaperige dormouse sê op sy kenmerkende deur-die-blare-manier: "*They were learning to draw, and they drew all manner of things ... everything that begins with M ... such as mouse-traps, and the moon and memory and muchness.*"

Ek wil graag "memory" interpreteer as "herinnering", eerder miskien as in terme van die begrip "geheue". Het u al 'n tekening, 'n illustrasie van herin-nering — "memory" — gesien? Wel, ek het, en ek deel dit graag vanaand met u.

So byna-byna 30 jaar gelede het ek Alba Bouwer vir die eerste keer leer ken, hierdie merkwaardige skryfster wat ek nog nooit in my ganse lewe, tot op vanaand, ontmoet het nie! In 1955, toe *Stories van Rivierplaas* gepubliseer is, was ek 'n jong onderwyseres by 'n vaal skooltjie in die verre Noordweste. Hoe entoesiasies het ons hierdie verhale voorgelees, voorgedra, gedrama-tiseer, gesing en selfs gedans! Die kinders kon nooit genoeg kry daarvan nie! Alie en Lulu en ou-Melitie was vir my en my leerlinge so bekend as wat eie bloedfamilie selde is.

Ná 1955, dwarsdeur my onderwysloopbaan, het my leerlinge ook ander boekvriende leer ken; vir Abdoltjie en sy Bella-bok, vir Katrientjie en vir Dirkie van Driekuul en vir Koeneels. 'n Liewe vriendin het vir my 'n regte, egte hennetjie met kuikens gestuur: rooi, wit en swart kleibeeldjies uit die Vrystaatse aarde. Dit staan vandag nog, sedert die boek se verskyning presies 10 jaar gelede, op my lessenaar, 'n talisman wat herinneringe be-waar en beskerm.

Na 'n *Hennetjie met kuikens* was daar 'n rukkie stilte van die kant van die onbekende vriendin. Soms het ek haar foto in die koerant gesien, ook 'n huweliksfoto, en ek het ietwat jaloers gedink hoe oënskynlik ligtelik die jare oor haar heengaan.

En toe kom *lenkel Dienkel* met sy sprankelverse in 1980! Die Laerskool Stellenbosch nooi Alba Bouwer uit as eregas vir 'n huldigingsprogram. Ek sit in die gehoor met klam hande wat my eksemplaar skaars kan vashou, te beskimmeld om te vra of die skryfster dit vir my sal teken. Die skoolkoor sing hul toonsetting van haar gedig *Twee blommetjies vir Mamma*. En ek loop liewer voordat ek soos Alie droog en styf in die keel word, en 'n spektakel van myself maak deur voor almal te huil.

In 1983 verskyn *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver*, en in 1984 word dit die eerste Afrikaanse kinderboek wat bekroon word met die pas ingestelde MER-prys vir Kinder- en Jeuglektuur van Nasionale Pers. Om gemoed te kon wees met hierdie beoordeling was vir my 'n onvervalste vreugde. Die beoorde-laars was dit so eens dat juis hierdie boek, uit talle ander, die bekroonde werk moes wees. En ek was so heimlik trots op my vriendin, die enigste van die beoordeelaars wat haar nog net op 'n M-prentjie ontmoet het.

Die kritiek op *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver* was so min en daar is soveel welver-

diende mooi dinge gesê: Interessante en ewolusionêre analogieë tussen die mens-gesin en die swaeltjie-gesin; poëtiese en klankryke taalgebruik; geskryf vanuit die kind se beleweniswêreld; keurige fisiese versorging; 'n positiewe atmosfeer van veiligheid en geborgenheid binne gesinsintegriteit; 'n simpatieke veelvlakkige vertelling wat deur lesers van alle ouderdomsgroepe waardeer kan word; abstrakte begrippe wat op konkrete wyse aangebied word; die sensitiewe hantering van die lewensfilosofie: "Liefde is leren loslaten". Kortom: 'n boek in Ta-Miem se eie woorde: "eg en skoon, vir almal tot voortdurende plesier."

As Ta-Miem vanaand hier kon wees, sou *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver*, so inheems uit eie bodem gekristalliseer, beslis haar goedkeuring weggedra het! Sy, vir wie dit gepla het "dat onse kinders so met Engelse matrose en Rooihuide die verbeelding moes voed."

Ook juis Ta-Miem sou ons verbintenis met en waardering vir Alba Bouwer kon opsom: "As ek deur die jare terugkyk na die vele met wie ek deur liefde verbind was ... dan weet ek dat wat ek van hulle gekry het, nooit tot niet gegaan het nie; kan nooit tot niet gaan nie."

Van ons almal vanaand hier, wat die MER-prys met liefde, waardering en bewondering as't ware gesamentlik aan Alba Bouwer oorhandig, haal ek Nelië-Oupa se woorde aan uit *Vlieg, Swaeltjie, vlieg ver*:

"'n lets wat dwars in jou hart kom lê het, net eenmaal dwars in jou hart kom lê het, daardie iets bly maar daar, dis nou gesweer. Jy sil hom ammelewe daar hê, en hy is joue, en hy bly joue."

Dankie, Alba Bouwer, dat jy dwars in ons harte kom lê het!

Van die Hoofbestuur: Die Afrikaanse Skrywerskring

Die Hoofbestuur van die Skrywerskring het tydens sy vergadering op 7 September 1984 besluit om ledegeld vanaf 1 April 1985 te verhoog na R8 per jaar. Hierdie bedrag sluit, soos in die verlede, die *Tydskrif vir Letterkunde* in. Intekengeld op die *Tydskrif vir Letterkunde* vir nie-lede van die Skrywerskring is R10 per jaar; vir nuwe intekenaars van 1 Januarie 1985 af, en hernuwings van die hernuwingsdatum af. Los eksemplare kos R2,50 elk en bona fide studente wat deur hulle dosente inteken, kan die blad kry teen R4,00 per jaar.

Boekbesprekings

Digbundels 1983

Anthony, Frank: *Robbeneiland my kruis my huis* (Kampen Uitgewers, 1983)

Hierdie gedigte is alleen in hulle uiterlike voorkoms poësie. Die skrywer dink blykbaar dat alles wat nie soos prosa aaneenlopend van links na regs op die bladspeël gedruk is nie, is vers. Die taal van hierdie vermeende gedigte is soms ergerlik power. Die enigste interessante deel van die boek is die prosa in die voetnote wat woorde in die sogenaamde gedigte verklaar. Hierdie woordverklarings staan almal in verband met Robbeneiland, net genoeg om 'n mens te laat vermoed dat hierdie stof in die hande van 'n bewame kunstenaar interessante literatuur kón geword het.

Claassens, Pieter: *Kinkelbos* (Perskor, 1983).

Deur die vroeë oorlye van Pieter Claassens het daar waarskynlik 'n belowende skrywer in ons digkuns verlore gegaan. Onder die baie grou digbundels wat vandag in Afrikaans verskyn, het sy werk reeds in sy debuut opgeval. Hy was iemand wat nie sommer vir die aansien gedigte geskryf het nie maar wat iets te sê gehad het. Tog het hy baie beskeie gewees hy "moet eers 'n afstand loop" ("Droomvers"). Claassens se oortuigende digterskap sien mens veral in die definitiewe slot waarheen sy gedigte meestal beweeg. Soms is die uiteinde van die gedig positief, vol lig, en word die "bitterpit ontpit", is daar geloof ("Katjie"), die kleur van die hemel ("Bakoven"). Mooi is "Stella". Ander gedigte getuig ten slotte van ontnugtering, van die liefde wat 'n spookhuis is ("Amoransa"), of van alles wat uiteindelik niks word ("Enigma"). In die heel laaste gedig in die bundel verskyn daar "skielik uit die lug 'n kind se skoen". Soms word dit selfs 'n slot vol swart ironie: "Dood", 'n baie mooi gedig, "Kleinsee", met sy sterwe wat "bloedspore loop", "Die roos", met sy drenkeling in die slot, of "Arra", waar die droom 'n blou mirage word of die ek jakkalskos. Daar is baie dood en veral skadu in die bundel. Vergelyk "Skadu".

Claassens het 'n baie fyn oor vir die versklank en speel graag met die woordklank, sonder dat dit ontaard in klinkklank. 'n Goeie voorbeeld is "Bruin lied", met sy ironiese slot.

Talle verse verras deur hulle raak formulering: "die lug was seer", "woorde wat nie wil genees nie", "waar die reier dun in sy strepie staan", "strooise (ou muurshope) hurk".

'n Droomsfeer deurtrek die bundel en is ewe sterk as die tonaliteit van die skadu.

diende mooi dinge gesê: Interessante en ewolusionêre analogieë tussen die mens-gezin en die swaeltjie-gezin; poëtiese en klankryke taalgebruik; geskryf vanuit die kind se beleweniswêreld; keurige fisiese versorging; 'n positiewe atmosfeer van veiligheid en geborgenheid binne gesinsintegriteit; 'n simpatieke veelvlakkige vertelling wat deur lesers van alle ouderdomsgroepe waardeer kan word; abstrakte begrippe wat op konkrete wyse aangebied word; die sensitiewe hantering van die lewensfilosofie: "Liefde is leren loslaten". Kortom: 'n boek in Ta-Miem se eie woorde: "eg en skoon, vir almal tot voortdurende plesier."

As Ta-Miem vanaand hier kon wees, sou *Vlieg, swaeltjie, vlieg ver*, so inheems uit eie bodem gekristalliseer, beslis haar goedkeuring weggedra het! Sy, vir wie dit gepla het "dat onse kinders so met Engelse matrose en Rooihuide die verbeelding moes voed."

Ook juis Ta-Miem sou ons verbintenis met en waardering vir Alba Bouwer kon opsom: "As ek deur die jare terugkyk na die vele met wie ek deur liefde verbind was ... dan weet ek dat wat ek van hulle gekry het, nooit tot niet gegaan het nie; kan nooit tot niet gaan nie."

Van ons almal vanaand hier, wat die MER-prys met liefde, waardering en bewondering as't ware gesamentlik aan Alba Bouwer oorhandig, haal ek Nelië-Oupa se woorde aan uit *Vlieg, Swaeltjie, vlieg ver*:

"'n lets wat dwars in jou hart kom lê het, net eenmaal dwars in jou hart kom lê het, daardie iets bly maar daar, dis nou gesweer. Jy sil hom ammelewe daar hê, en hy is joue, en hy bly joue."

Dankie, Alba Bouwer, dat jy dwars in ons harte kom lê het!

Van die Hoofbestuur: Die Afrikaanse Skrywerskring

Die Hoofbestuur van die Skrywerskring het tydens sy vergadering op 7 September 1984 besluit om ledegeld vanaf 1 April 1985 te verhoog na R8 per jaar. Hierdie bedrag sluit, soos in die verlede, die *Tydskrif vir Letterkunde* in. Intekengeld op die *Tydskrif vir Letterkunde* vir nie-lede van die Skrywerskring is R10 per jaar; vir nuwe intekenaars van 1 Januarie 1985 af, en hernuwings van die hernuwingsdatum af. Los eksemplare kos R2,50 elk en bona fide studente wat deur hulle dosente inteken, kan die blad kry teen R4,00 per jaar.

Boekbesprekings

Digbundels 1983

Anthony, Frank: *Robbeneiland my kruis my huis* (Kampen Uitgewers, 1983)

Hierdie gedigte is alleen in hulle uiterlike voorkoms poësie. Die skrywer dink blykbaar dat alles wat nie soos prosa aaneenlopend van links na regs op die bladspeël gedruk is nie, is vers. Die taal van hierdie vermeende gedigte is soms ergerlik power. Die enigste interessante deel van die boek is die prosa in die voetnote wat woorde in die sogenaamde gedigte verklaar. Hierdie woordverklarings staan almal in verband met Robbeneiland, net genoeg om 'n mens te laat vermoed dat hierdie stof in die hande van 'n bewame kunstenaar interessante literatuur kón geword het.

Claassens, Pieter: *Kinkelbos* (Perskor, 1983).

Deur die vroeë oorlye van Pieter Claassens het daar waarskynlik 'n belowende skrywer in ons digkuns verlore gegaan. Onder die baie grou digbundels wat vandag in Afrikaans verskyn, het sy werk reeds in sy debuut opgeval. Hy was iemand wat nie sommer vir die aansien gedigte geskryf het nie maar wat iets te sê gehad het. Tog het hy baie beskeie gewet hy "moet eers 'n afstand loop" ("Droomvers"). Claassens se oortuigende digterskap sien mens veral in die definitiewe slot waarheen sy gedigte meestal beweeg. Soms is die uiteinde van die gedig positief, vol lig, en word die "bitterpit ontpit", is daar geloof ("Katjie"), die kleur van die hemel ("Bakoven"). Mooi is "Stella". Ander gedigte getuig ten slotte van ontnugtering, van die liefde wat 'n spookhuis is ("Amoransa"), of van alles wat uiteindelik niks word ("Enigma"). In die heel laaste gedig in die bundel verskyn daar "skielik uit die lug 'n kind se skoen". Soms word dit selfs 'n slot vol swart ironie: "Dood", 'n baie mooi gedig, "Kleinzee", met sy sterwe wat "bloedspore loop", "Die roos", met sy drenkeling in die slot, of "Arra", waar die droom 'n blou mirage word of die ek jakkalskos. Daar is baie dood en veral skadu in die bundel. Vergelyk "Skadu".

Claassens het 'n baie fyn oor vir die versklank en speel graag met die woordklank, sonder dat dit ontaard in klinkklank. 'n Goeie voorbeeld is "Bruin lied", met sy ironesse slot.

Talle verse verras deur hulle raak formulering: "die lug was seer", "woorde wat nie wil genees nie", "waar die reier dun in sy strepie staan", "strooise (ou muurshope) hurk".

'n Droomsfeer deurtrek die bundel en is ewe sterk as die tonaliteit van die skadu.

die verbeelding nog net voorstelling.

Tot die beste in die bundel behoort dié gedigte wat nuwe wêreld stig, byvoorbeeld die paradys wat gemaak word deur 'n boom te bewoon ("Ek woon in 'n boom"), "Die kaia vir die tye", wat gebou word met "16-jaargedagtes", die "eie alpe van hoogtes en kennis" in "Buite", soms die doodgewone wêreld van groen vakuole van die skool ("wêreld"). Vergelyk ook "rob". Goed is ook die inkyk in die wêreld van die "fetusjelliebaby-mannetjie" ("Fetus in biologie-klas"). Selfs 'n gewone stad word oopgegooi en ontdek in "Stad". Of 'n wêreld soos dié van "ravel" word ontdek. Daar is nog die "wens-ek-kan-plekke" van "Ek wil gee" (met daardie reël: "jy plant 'n woer-woer in my"). By hierdie ontdek van nuwe wêreld hoort ook die kennismaking met of die peiling van die mens, soos in "om jou te ken", of die onmoontlikheid om iemand te ken, soos "Jy ken my nie". Die "kasuele" taal, wat in die Afrikaanse poësie aan die orde van die dag is, kom ook voor in *Kaia vir die tye*. Deels lei dit tot goeie vers, deels tot onvers. Die beste voorbeeld van hierdie kasuele taal vind ons in "O ja". Sonder Ingrid Jonker en Antjie Krog sou die beste gedigte in *Kaia vir die tye* nie gewees het wat hulle is nie.

Kaia vir die tye is myns insiens 'n oorhaastige debuut, maar daarmee wil ek dan ook tegelyk sê dat ons nog beter poësie van Zahn de Bruyn kan verwag, 'n verwagting wat in genoegsame mate deur haar debuutbundel geskep word.

Engelbrecht, Theunis: *Skreeuparadys* (Perskor, 1983).

Daar is nouliks enige verskil tussen Engelbrecht se tweede bundel en sy debuut. *Skreeuparadys* gaan in dieselfde trant as die debuut voort: gedigte gewy aan 'n "jou", baie lyflikheid, wat in die fisiologiese bly steek. As jy klaar gekyk het na hierdie "lyflandskappe", het jy alles gesien: boude, hare skouers, maar 'n gesiglose lyf, in 'n pretensieuse taal beskryf, soms onge woon ("ek wil die aarde behuppel soos 'n kind"), soms cliché (die sterre knipoo, die koel soene van die branderbries), soms swaarbelade en oorspanne gesogtheid ("Ruk die nate van my lyf los/ontbloom my bloederige rooshart/en steek dit in jou hare"; "laat my jou wit hoendervleisheupe/verbruin in die bar van my brein"; "jou lui liggaam wat sensueel smeul/in die watergrafte van my brein"). Dit ontaard selfs in die koddige ("in jou binne boud se bossies").

Oorbelade is ook die klankeffekte van heelwat gedigte ("as ek vir jou loer/is jy soos 'n lekkerruik kluit/wat kaplaks in 'n kolkmoeras plas"). Samestellings op die klank af kom met eentonige reëlmaat terug ("warrelwindwerf", "gisgroen").

'n Gewilde kruheid ("lyke soos brokke vrot brood"; "waar dit eenkant lê/lyk jou harsings soos parende erdwurms"), gaan dikwels saam met 'n gewilde

sensualisme ("om jou eie brein pap te blaas/tot 'n hoop brommerbesmette harsings").

Onder die paar goeies is iets soos "Ongelukstoneel".

Hugo, Daniël: *Die klein aambeeld* (Human en Rousseau, 1983).

Baie kort na sy vorige bundel het Daniel Hugo *Die klein aambeeld* gepubliseer. Weer bewys hy hom hierin as 'n taal- en versvirtuoos. Juis in die moeiliker struktuur van die vers wat rym en bygevolg in ondergroeperinge (dikwels strofes) binne die geheel bymekaar hoort, bly hy vlot digter. Mens kan dit ook andersom stel en sê: ondanks die streng dissiplines wat hy homself oplê, bly hy 'n bedrewe digter. Nie verniet nie staan die digterskap en die vermoë van die taal voorop in verskeie gedigte. Die digter is reeds in die bundel-titel die ambagsman, hy is dit weer in 'n gedig soos byvoorbeeld "Ambag"; hy is die persoon wat in "genesis" sy werk verwant sien aan dié van die Skepper; hy "orden", hy "konstrueer". Instrumente soos die hyskraan, die kamera, die aambeeld, en daarmee saam kreatiewe figure soos die grofsmid, die wiskundige, die fotograaf, die skilder en alchemis kom saam met die digter en sy woord, sy potlood, ter sprake. 'n Fyn verband word ook gelê deur Hugo tussen die seksuele en die poëtiese. Die beste gedig oor die krag van die digterskap is "donkerkamer — alchemis".

Hugo het in die besonder 'n oor vir die klank en ritme van die taal, vir wat hy noem "die ritmiese spel van klank" in die alchemistiese klein en mooi gedig "vier vlieë". Vir hom lui daar 'n duisend klokke in 'n bekende naam soos Cocolan — en 'n pragtige gedig van klank en beweging is veral "'n vrou kam hare". Die digter "gee sterm" aan die wêreld ("D.J. Opperman").

Hugo se gedigte is beeldryk ("ex unitate", "pêrelvisser", "Tygerberg", "Hansie en Grietjie"), en hy het die vermoë om die beelde dikwels met 'n (soms ironiese) wyse te laat uitgroei tot die onverwagte, soos in "aan 'n sterwende".

Deur sy verbeeldingryke omgaan met die taal is daar baie in die min en kort gedigte van hierdie bundel — 'n hele ontwikkeling voltrek hom tussen die spreekwoordelike motto wat die gedigte voorafgaan: "(aan 'n geskryf oor die digterwoord/het ek, ten slotte, 'n broertjie dood)" en die slotgedig (die "ten slotte"), naamlik "grafskrif", waarin aan 'n letterlik gestorwe broer gesê word (pynlik maar vindingryk): "onder my potlood/rus jy nou". Dit aan die een kant.

Aan die ander kant is Hugo darem maar met te min tevrede in hierdie dun bundel, nie meer sy eerste nie. Teenoor die mooi en vindingryke van die bundel staan ook die té veel van die kwatrynvorm, te veel herinneringe aan gedigte van D.J. Opperman en Van Wyk Louw. Hugo se gedig "ambag" sluit op verskillende maniere aan by Van Wyk Louw, veral by laasgenoemde se beiteljtjie-gedig. Die invloed van Opperman blyk veral uit Hugo se gebruik

van die kwatryn, en veral dan uit sy betoogtrant, wat dikwels tipies trekke en wendinge van Opperman bevat. Teenoor die mooi en verbeeldingryke dinge by Hugo, staan sy gans en al te veel stereotiepe verspatrone: talle en talle versreëls begin met die wendingsterme *maar tot (totdat, sodat), ter-wyl en en* — 'n tē hoë frekwensie hiervan (veral van die *en*) in 'n bundel met so 'n klein aantal sulke kort gedigte. Van hierdie wendingsvorme kom soms tot drie tegelyk in één enkele gedig voor ("Tygerberg," "ambag"). Die patroonmatige verloop van die argument in hierdie gedigte gee 'n eentonigheid aan die verse.

Ten spyte hiervan is daar vir my geen twyfel aan die besondere talent van Hugo nie. Steeds bly hy uitstaan onder die heel jongste digters.

Hugo, Daniël: *Buitekamerklanke* (Perskor, 1983).

Buitekamerklanke is Hugo se vierde bundel. Vir 'n vierde is dit bra dun en effentjies. Trouens, Hugo se vier bundels saam tot op hede kon een goeie bundel gemaak het. Deur die vier loop nie 'n groeiende lyn nie.

Wat dadelik ten gunste van *Buitekamerklanke* gesê moet word (en dit geld van al Hugo se werk tot dusver) is dat hy met 'n vaste hand sy vers, sy strofes en sy hele gedig bou, maar dit word ook 'n al te vlot, gemaklike vers. Die rym- en strofesemas toon weinig variasie. Wat veral stereotiep is, reeds in Hugo se vorige bundels, is die verskynsel dat so baie gedigte afsluit met verse wat gelykluidend begin (meestal met *en*), wat daarop neerkom dat ons in sy gedigte keer op keer dieselfde soort slotwending vind.

Daar is 'n oorbewustheid van die ek in Hugo se gedigte. In die beste gevalle is dit egter 'n vertrekpunt om uit te kom by die nasionale of 'n ander soort bopersoonlikheid, soms met behulp van die allegorie. Vergelyk byvoorbeeld "Digter Daan", 'n gedig wat begin by die beperkte ruimte, uitgroeï na die nasionale en weer eindig in die beperkte. Die persoonlike teenoor die nasionale word soms problematies, byvoorbeeld in "Aan die tuisfront". 'n Baie goeie voorbeeld van die nabye wat in die omvattende geïntegreer word, is "Namiboloog". Een van die beste gedigte, wat die enge en die ruime op 'n natuurlike wyse verbind, is "Studeerkamer: V.D.M."

Daar is goeie gedigte in *Buitekamerklanke*, maar mettertyd begin alles te veel op mekaar lyk in Hugo se poësie.

Kirsch, Olga: *Ruie tuin* (Human en Rousseau, 1983).

Kort na Olga Kirsch se vorige bundel, wat 'n swak werk was, volg haar *Ruie tuin*. Dit is beter poësie hierdie keer, maar niks opwindends nie. Dit is asof die Afrikaanse poësie-inflasie nou tot by die ouere figure deurgewerk het — eintlik 'n onthutsende gedagte. Gelukkig dat die vers by Kirsch nog nie ver-

val het in 'n volkome willekeurige versameling woorde van sekere lengte per versreël nie.

As grootste verdienste van hierdie gedig moet genoem word hulle intieme, gemaklike gesprekston met geliefdes: man, kind, afgestorwenes. Goed is "Wanneer jy sê" en "Susters kop-bymekaar". Die mees geslaagde gedigte handel oor dood en lewenseinde.

Natuurlike verse word soms bederf deur 'n verouderde taalgebruik (mis wat "die einder grimmig verf", die see wat "vullis uitbraak op die strand", "wolke ... tuur op ons neer", "bome wink", "rotse baar").

Hierdie gedigte gee die indruk dat hulle, fyn en natuurlik soos hulle soms is, spontaan ontstaan het, net soos die "tamarisk wat bloei in die woestyn" ("Negev"), maar dit is 'n spontaneïteit wat effe en vlak is. Miskien is dit die probleem van hierdie gedigte, dat daar nie genoeg aan hulle gewerk is nie.

Marais, Johann Lodewyk: *Die somer is 'n dag oud* (Human en Rousseau, 1983).

'n Opvallende uitsondering onder die allerjongste digbundels, wat gehalte betref, is Johann Lodewyk Marais se *Die somer is 'n dag oud*. Hierdie debuut bevat versorgde, geraffineerde poësie. Baie onpretensieus sê die digter in die bundeltitel (wat hy uit Van Wyk Louw se *Tristia* geneem het) dat hy maar aan die begin van 'n ryppwordingsproses staan. Dit is egter 'n goeie begin. In die openingsgedig sê Marais verder dat die *ek* nie sy eerste bemoeienis is nie. Sy "indink" in 'n ander lewe is veral 'n indink in ander vorme van bestaan, die ontdek van ander "horisonne" ("Es la dia llena"). In plaas daarvan dat Marais werk met omsettinge, byvoorbeeld van die lelike in die mooie, haal hy die skone uit die vervalde skone ("n Kraal"). In 'n groot mate is sy digterlike werksaamheid 'n "uithaal", in van die voortreflikste gedigte in *Die somer is 'n dag oud*.

Dit is waarskynlik die mees distinktiewe eienskap van Marais se digterskap, sy vermoë om nuwe waarnemings uit dit wat hy belewe "uit te spel", soos hy dit self noem in "stillewe". In hierdie groep gedigte staan ook "Nuwe aarde" sentraal. Heuning wat sandsuiker geword het, word "uitgehaal" om in die son te staan, die heuning "loop uit", opnuut. In meer as een opsig (onder andere wat die klank en ritme betref) is dit 'n goeie gedig. Dit geld ook vir "Stamboom", waar "'n vonk spring uit die vuurklip/soos uit die koper tonteldoos in 'n Delft/met vaarlandse blomme op die kaggelrak/soos uit die dosie veiligheidsvuurhoutjies". Die uitloop is ook ritmies-sintakties uitgedruk in hierdie gedig. Daar is nog verskeie gedigte van die "uitspel" in *Die somer is 'n dag oud*, byvoorbeeld "Huwelik", met sy paradoks in die slot: "Ek loop volledig uit" (die gedig begin met "Jy is oral. Jy put my voortsetsels uit"). Die uitspel raak die kern van Marais se digterskap. "Leerskool" getuig daarvan, waar hy sê: "Woorde alleen spreek my nou skaars

aan/en kom glad spookasem uit my mond ..."

Die uitspel is nie altyd positief nie, maar meestal wél.

Uitspel word "uitpel" in "Filosoof", wat weer nou betrekking het op die digterskap: "'n Rodgers sny my potlood skerp soos Husserl:/uit rye in peule kan ek woorde pel/en net die bestes uitsoek vir 'n resep/uit *The Bean Book* om alleen aan te peusel". In hierdie geval sien 'n mens weer dat die beste gedigte, seker nie toevallig nie, op die uitspel/uitpel betrekking het.

Dadelik moet 'n mens dan ook "Skepping" noem, met sy woordbewustheid: "Oppertunis van die lig,/verlaat die pit!/En: skud pitte uit". Ek noem nog "Flaminke", met die beginvers: "As die dag sy son kom uithang", en "op pad na die grens".

Die woordbewustheid in Marais se gedigte is gesond, die "jeuk na woorde" ("Leerskool"). Hy het 'n skerp taalgevoel en is sterk ritmies aangelê en hy kan 'n vers vol klank skryf.

By die verfyndheid van hierdie gedigte kan daar miskien meer kom van die kragtiger soort gedig soos "Flits uit 'n jeug", hoeseer dié gedig ook aan Van Wyk Louw se "Duif en perd" herinner. Daar is in verskeie gedigte miskien ook nog te min vers van die aanskoulike, van die heftige en meevoerende. Dit is egter die heel ernstigste tekort wat 'n mens in hierdie gedigte aanvoel. Origens is dit 'n debuut van besondere waarde, wat uitstaan onder die debuutbundels van 1983.

Oliphant, Vincent: *Bloed vloei in stilte* (Tafelberg, 1983).

Met *Bloed vloei in stilte* het Vincent Oliphant gedebuteer, 'n bundel met 'n dertigtal gedigte van geringe omvang.

Dis 'n bundel met 'n baie klein wêreld, soos blyk uit die herhaalde verwysing na dieselfde sake, byvoorbeeld na hande, oë en stilte — daar is heeltemal te veel van veral laasgenoemde in die bundel, van die titel af. Daarmee saam gaan die beperkte woordeskat — soos byvoorbeeld die herhaalde gebruik van die woord desperaat. Getuigenis van dieselfde swakheid in hierdie bundel is die uitgediende beeldspraak: sluimerende droefheid wat skuil, die siel se verlate strate, walle van 'n kloof wat staar, die lewe wat 'n boot is op 'n see van geheimenis, 'n wêreld wat wankel, die lewe wat kantel — 'n oorvloed hiervan, in gedig na gedig.

Bloed vloei in stilte is konfessionele liriek — dit praat oor baie droefheid, baie trane, snikke, verlatenheid. Min hiervan het noemenswaardige poësie geword.

Van Niekerk, Marlene: *Groenstaar* (Human en Rousseau, 1983).

Groenstaar is Marlene van Niekerk se tweede digbundel, met 'n veertigtal gedigte.

Die titel, 'n ander term vir gloukoom, 'n oogsiekte, wys heen na die visuele. Hierdie titel kan ons al laat vermoed dat die visuele, die "skilderagtige" of soos die gedigte dit self noem, "foto's", 'n groot rol in hierdie bundel sal speel, of soos dit nog anders genoem word: die "vergesig" of "impressies". So is dit inderdaad. Die titel met sy toespeling op 'n oogsiekte is opsetlik misleidend. Dit is gevoelige, gesonde oë wat hier kyk. In "apologie", waarmee die bundel begin, is daar reeds 'n silwerdraad, blink motte, kavalkades saffiervliegies, son, groen.

Die grootste aantal gedigte gaan oor Europese visies, meestal Hollandse. Ten slotte gaan die bundel, ná 'n paar oorgangsgedigte vanaf "nostalgiese lied", oor na 'n aantal Suid-Afrikaanse visies, visueel effe armer as die Europese gedigte.

In 'n aantal gedigte word daar gesoek na "onwaarskynlike verbande" ("apologie", "hollandse heengaan", "mater dolorosa"). Dit sien mens toegepas in "krokusse het geen bewyskrag nie" (een van die belangrike gedigte in die bundel), waar "die late lig wonderbaarlik vermenigvuldig word/ van grag tot grag/ en alle dinge in gods hand polifoon — / voël en boom, bloeiend boom en voël/ gewel, raam en toring in wiegende balans". Sulke onwaarskynlike verbande word deur die lyf versamel in "brief": "my lyf is 'n ou en mosgroen grag/ vol drome". So versamel ook 'n boom in "herfs": "hoe liggend kan 'n iep/die najaarsroes versamel". Versameling is een van die vooropstaande verskynsels in die bundel.

'n Ander sentrale verskynsel is die gevoel van 'n tekort wat deur vereenselwiging na vervulling en voltooiing soek. "van die weledelgeleerde s.c. steen-van den heuvel ..." eindig met die reël: "ek is die einde van alle vereenselwiging". In "amsterdam armageddon 'n voorspelling" word dit die duidelikste geformuleer: "wat is die geheimenis van die tekort in ons/ wat met die spel van vereenselwiging/ onophoudelik aangevul moet word?/ en waarom is steeds ieder vereenselwiging onvoldoende/ om die pyn van die tekort (o god) te stil?" Hierdie vereenselwiging, die lê van "onwaarskynlike verbande" en die versamelingsverskynsel is analoog aan mekaar: ons sien dieselfde "amsterdam armageddon" uitloop op die poging tot verbande lê: "die tevergeefse liassering van prentjies/ met swane, gewels, ieppe, rame/ gekke, gragte, klokkespel en eende".

Die lê van verbande, die versameling of vereenselwiging hang vierdens ook saam met die "vermenigvuldigende" krag waarvan ons lees in "krokusse het geen bewyskrag nie" en in "amsterdam armageddon".

In al hierdie gevalle speel die visuele 'n baie belangrike rol. Onder die visuele hoort die baie blombeelde tuis: krokusse, 'n mosgroen grag, kastanjabloei-sels, sewejaartjies, freesias, narsings, 'n litjieskaktus, tulpe, 'n knotwilg, die vygie, ijskruid, die suurvy, mimosas, heide, gousblomme, dahlias. Die bundel is daarvan vol.

Soos dit uit die voorgaande reeds moes geblyk het, bly dit egter nie by die visuele nie. Die visuele gaan oor in die visioen en fantasie. Vergelyk "fan-

tasie vir 'n hollandse lug" of "voyeur by strassenbau julius bach", "weskusmirakel", waar die visuele met die ouditiewe geïntegreer word, "fragment uit stories wat my pa vertel". Dit gaan in *Groenstaar* egter nie net om die visuele nie maar om die sintuie in die algemeen, in 'n belangrike mate onder andere om die gehoor — en hier speel die klank, die musiek of die klank van die musiekinstrument 'n baie groot rol. Daar is voortdurend verwysings na musiekinstrumente en na klank. Daar is baie verwysings na voëls in die algemeen: die swaan veral, die merel, duive, eende, seevoëls, fisante, die bont koekoek, die meeu, die lyster. Maar daar is ook ánder klanke, allerlei deuntjies, klokgelui, 'n polifonie, 'n straatorrel, die klavesimbel, 'n straatmusikant, 'n pensklavier, 'n skeepsorkes, saksofone, 'n stukkie ragtime, basuingeklank, 'n mondharmonika, kariljonne, blaas-musiek. Lees veral "psalm vir die onderdorp".

Die visuele en ouditiewe loop soms in mekaar oor, soos in die "piet mon-driaan"-gedigte. Die klank van die vers sêlf is een van die groot verdienstes van *Groenstaar*, wat al daarmee begin in "apologie" — "soos 'n loom geslepe spinnekop/ van tak tot tak/ sy silwer draad in rondtes trek ..." — die hoofklanke van hierdie vers loop dwarsdeur die gedig. Of vergelyk "slot-bedryf": "sy slome kop 'n droom wat slegs die moeitelose slaap begeer". 'n Baie tipiese gedig waarin ons die "versameling" kry van blomme en kleur, musiek en klank, voël, visuele fantasie, is "someraand amsterdam". So ook "chroomfontein" wat kleur, blom en klank "vereenselwig".

In een van die gedigte praat Marlene van Niekerk van "herhalings van myself". Dit is in 'n sekere mate waar van hierdie bundel. Daar is 'n soort een-selwigheid, te veel miskien van dieselfde gesigte, klanke en kleure. Daarteenoor staan dat hierdie tweede bundel van Marlene van Niekerk 'n baie ryper werk is as haar verrassende debuut, 'n bundel met baie meer dimensie. Sy sprokkel nie meer nie, sy versamel, sy verbind, sy vereensel-wig, sy vermenigvuldig. Dit is 'n bundel met talle pragtige gedigte, wat ge-tuig van 'n groeiende talent waarvan ons nog baie kan verwag.

Meyer van Rensburg: *Klankmanwoordboom* (Human en Rousseau, 1983).

'n Digbundel wat meer is as die gewone hedendaagse debuut, is Meyer van Rensburg se *Klankmanwoordboom*.

Die gedigte is ingedeel in drie afdelings, wat die titels dra: Woord, Boom en Klank. Dus, alleen die *man* van die bundeltitle het nie ook 'n afdelingstitel geword nie. Die man loop egter deur al drie die ander lede: klank, woord en boom. As mens voorts die gedigitels bekyk soos "Die woord", "Stam-boom", "Versteende woord", "Woorddronk", "Nagwoorde", "Boom-stam-boom", "Snoeytd", "Boom" i, ii, en iii, en die titels van die slotafde-ling, wat byna almal "man"- en "klanktitels" is, is dit meer as duidelik dat die gedigte rondom die viertal woorde van die vierledig saamgestelde bun-

deltitel ontstaan het. Die gedigte in hulle groepering onder die drie genoemde hoofde skep die indruk van reekse. Hulle kon spontaan so ontstaan het en eers agterna hulle groeperinge self uitgewys het, soos dit dikwels die geval is by digters, of Van Rensburg kon met 'n Oppermanianse bewuste konstruksievermoë sy gedigte so geskryf het. As laasgenoemde die geval is, het hy gedeeltelik daarin geslaag om nogtans 'n ongedwongenheid te handhaaf. Aan die ander kant sit daar tog 'n sekere vooropgesette programmering in die bundel, en meer as dit: 'n beperkte wêreld.

Wat Van Rensburg reggekry het deur die telkens terugkerende beelde van woord, boom en klank, is dat die aardse, die religieuse, die seksuele en verskeie ander disparte sake met mekaar verbind word. Met ironie verplaas Van Rensburg mens uit een wêreld in 'n ander, soos in die klankgedig "Konsertinaspeler", waar die figuur beweeg tussen hemel en 'n agterplaas vol varkvoer.

Die beelde dwarsdeur die bundel kom keer op keer weer uit by die klank, die woord en die boom, byvoorbeeld die klankbeelde van die klok, die oor, musikante, eggo, klankleer, ens. By die klankbeelde hoort die speel met en toespelinge op name in "Stamboom". Dit is nie verniet nie dat dit hier om *digters* gaan, want as Van Rensburg oor Ingrid Jonker skryf in "Drieankerbaai, 19 Julie 1965", speel hy met Jonker se eie woorde op 'n interessante manier. Die klank as tema én as saak is botoon in Van Rensburg se debuut. Die boombeelde is veral: stam, tak(ke), enkeldoring, hout, mik (ook vir die vroulike geslagsorgaan), boomskraap (wat 'n meerduidigheid kry), stamboom, pen (boompen skryfpen), die kloof van klank (soos van hout), hoog in die takke wees, staalboom, takhang. Oral keer die boombeeld terug, byvoorbeeld in "Nagwoorde", waar aan die vrou gesê word: "Vir jou wil ek op my toontoppe staan/ en 'n stok in die oog van die son steek" (ek kursiveer) — die son is dalk ook hier 'n vrug van 'n boom. Die onvoorspelbare word naderhand egter al te voorspelbaar.

Van Rensburg het 'n sin vir ordening, nie net sover dit die samegroepering van die gedigte in die onderafdelings en sover dit die totale bundelsamestelling betref nie — die sin vir ordening en vir die gekonstrueerde eenheid blyk uit die versvorm self, soos dit in die gedigte voorkom. Mens kan dit ver wag by 'n digter wat die skepping self beskryf in sy gedigte, byvoorbeeld "Die woord, die prys", met sy beeld van die "winkels nuwe sterre" in die hemel. Sy sin vir skeppingsaktiwiteit hang saam met sy wil tot ordening — die skeppingsaktiwiteit van die sintuie, of van die brein, die brein van "Blinde" wat braille lees, wat dit wat hy deur sy tas-lees ervaar tot gehoor maak, en van laasgenoemde maak hy weer 'n prentjie in die brein. In "Oor" gaan dit wêër oor die klank wat deur die oor na die grysstof in die brein oorgedra word.

Verskeie terme en beelde wys op Van Rensburg se behoefte aan ordening. Die gedig "Snoeityd" in sy geheel wys hierop, maar binne hierdie gedig wys ook 'n woord soos "beheer" daarop, of die slot, waar God gevra word om

reg te rangskik, te balanseer en die waterlote weg te sny. "Slagwerk" is verwant aan "Snoeityd" met sy slot: "moenie oordaad pleeg nie:/ die balans moet tref". In 'n derde gedig, "Oor", gaan dit om "beheerste ewewig" en "balans". Ten slotte is daar "Solusklankman" waar die oor sy sinjale na die brein oordra. Dit is wat op sy beste in Van Rensburg se gedigte gebeur: dat die taalklank en die semantiese waarde van die woord kommunikatief gebind word. Ook die visuele se oorgaan in die intellektuele word beskryf in die verrassende "TV-kleure".

Met die woordklank as uitgangspunt kom Van Rensburg dikwels uit by die semantiese vermenigvuldiging van die taal, byvoorbeeld die titel "Jag se ure", wat deur die beelde in die gedig "jagse" in die sin van die seksuele begeerte word. In "Mikrofoon" kry die uitsaai van die klankoes oor die land 'n dubbele betekenis van saad saai en oor die radio uitsaai.

In verskeie gevalle voel mens dat die eksploteer van die klank as simbool deur Van Rensburg te ver gevoer word, ook in die versklank sêlf, byvoorbeeld in enkele gevalle in die rym (die "windewyk" en "pryk" van "Woordboom I", die "naelstringkoord"/ "Woord" en "geskei"/ "melkwegry" van "Die Woord, die prys"). Te veel holle klinkklank word dit byvoorbeeld ook in "Woorddronk", en in onder andere die vers "heeldronk halfdronk nugter wakker nagterwekker". Die klank maak die beelde in die slot van hierdie gedig selfs sinneloos.

Die grootste gebrek in die bundel is 'n oormaat van dieselfde paar sake. Tog is dit 'n ryp debuut, van iemand wat in die toekoms in 'n heeltemal ander toonsleutel sou kon skryf. Ons het in *Klankmanwoordboom* 'n hele aantal goeie gedigte wat as losstaande gedigte, uitgelig uit die sterk herhalingspatroon van die reekse, beïndruk.

Van Rooyen, Piet: *Random 'n boorvuur* (Tafelberg-Uitgewers, 1983).

'n Kwart van die gedigte in hierdie dun bundeltjie is oorgeneem uit die skrywer se debuut van tien jaar gelede. Dit op sigself al lyk nie baie gunstig nie, veral omdat die debuut nie so indrukwekkend was dat van daardie gedigte in 'n tweede moet oorgedra word nie. Die tweede self bring nie verrassings nie. Slegs hier en daar kan 'n gedig uitgesonder word, soos "Bakleiery", tussen al hierdie dowwe gedigte. In alle erns: dit wil voorkom asof Van Rooyen met sy nuwe toon hom eerder moet toelê op die kinder- of jeugdig. Dus, minder pretensie moet hê.

PU vir CHO

T.T. Cloete

Van populêre roman tot literêre teorie tot kabaret

Marié Heese: *Tyd van beslissing*; Perskor; R9,95.

Hierdie roman sou geklassifiseer kon word as "middelmoet-letterkunde". Dit is 'n boeiende spanningsroman wat die internasionale politiek as basis betrek. Dit is verfrissend om 'n keer hoë politici as karakters in 'n roman te hê!

Die roman werk met interessante tydsverskuiwings wat meebring dat die eksterne konflik oorgedra word op 'n innerlike konflik as die karakters hulle eie hede en verlede in reliëf kry. Met hierdie oorgang en met die slot (wat nie vooraf vir die leser vertel moet word nie!) beweeg *Tyd van beslissing* tog binne die literêre kader. Die oorheersende indruk is dié van 'n onderhoudende spanningsverhaal, effens versteur deur té veel geforseerde situasies.

Adriaan Snyman: *Heuwel van getuienis*; Tafelberg; R13,50.

Die tema van die verstrengeling van die magte van goed en kwaad is so oud soos die letterkunde self. Veral sedert Goethe is ook die tema van 'n Faust wat sy siel aan Satan verkoop, uit talle perspektiewe in die letterkunde en ander kunsvorme (veral die opera) benader. So ook is die Walpurgisnacht in talle vorme herskep.

Met *Heuwel van getuienis* word hierdie drie temas saamgetrek in 'n moderne Afrikaanse roman. Met hierdie benadering is daar allermins in sigself fout te vind, maar in Adriaan Snyman se roman gebeur daar net té veel vir die ruimte wat Jammerdal, die fiktiewe "Brakfontein", van dié roman, kan dra. Die Katolieke agtergrond is vreemd in 'n Suid-Afrikaanse situasie, die geografie is duidelik nie-Suid-Afrikaans, en die resultaat hiervan is dat dit hierdie leser heeltemal onoorhoortig gelaat het van die "titaniese stryd" tussen Satan en die bokwagter Christiaan. Die tematiese gegewe is miskien te groot vir die vorm waarin dit hier Afrikaanse gestalte moet kry.

Miskien bring die feit dat daar soveel groot literêre en musikale kunsuitinge van hierdie temas bestaan, 'n vooroordeel wat 'n mens onbillik beïnvloed in jou oordeel oor hierdie boek. Alhoewel die benadering in hierdie roman buitengewoon oorspronklik is, was my ervaring dat die ontsetting van die verwerde karakters en die magte van die bose telkens tot 'n soort karikatuur ontwikkel het. Die komiese het die tragiese te sterk oorheers en sodoende die ewewig versteur.

Nietemin, soos die stofomslag dit stel: "(dit is) 'n brutale boek waarin verborge skakeringe van pyn, verraad, sonde en godsvreugde oopgeskryf word". Binne hierdie roman gebeur dit in 'n vorm wat van *Heuwel van getuienis* 'n leesbare, "middelmoet"-roman maak, vol van aardse humor en

stuitighede. En in die slotgedeelte waar Christiaan 'n soort offerdood sterf, verkry die roman 'n flits van grootsheid in die groteske humor en die oorspronklikheid van die toneel.

P G Hendriks: *'n Geboorte en 'n opstand*; Human & Rousseau; R11,50.

Hendriks se familieroman *'n Geboorte en 'n opstand* is die verhaal van die wel en wee van die mense van Swaershoek in die Waterberg-distrik in die Noord-Transvaal. Die middelpunt, eerder saamtrepunt, van die storie is die weduwee Drieka Prinsloo van die plaas Samekoms. Naas die ontplooiing van die vertelling oor die groep karakters van die omgewing is daar ook verwysings na die politieke woelinge van die dertigerjare, die depressie, die Ossewabrandwagbeweging en natuurlik die Tweede Wêreldoorlog. Ek glo nie dat hierdie verwysings werklik behoorlik geïntegreer word met die verhaal van die afgesonderde plek en sy ewe afgesonderde mense nie.

Die groepie mense se lotgevalle is interessant, maar daar is weinig sprake van werklike karakterontwikkeling of intense belewenisse. Talle besonderhede bly ook deurentyd op die periferie, byvoorbeeld die rol van die toordokter en sy medisyne, die stadsperspektief van George en die frustrasies van die onderwyser Olivier se vrou. Dis wesenlik 'n romantiese boek wat, glo ek, sonder pretensie 'n stukkie streekliteratuur wil wees. As sodanig is dit 'n uiters leesbare verhaal en behoort dit 'n wye leserspubliek wat bekoor word deur die lotgevalle van ordinêre mense, in dié geval die mense van die dertigerjare in die Noord-Transvaalse platteland, tevrede te stel. Vir my is die bekoring van die boek geleë in die outydse nostalgiese toon daarvan en in die noukeurige optekeninge van 'n verbygegane en aardse leefwyse. Nêrens egter is daar die wrange humor, die meedoënlose ironie en die aangrypende menslikheid van die Bosveld-stories van Herman Charles Bosman nie.

Prof P S Dreyer (red.) *Objek en metode in die geesteswetenskappe*; Universiteit van Pretoria; Prys onvermeld.

Hierdie bundel bevat 'n tiental interessante lesings wat in 1981 aangebied is in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria. Die Universiteit het ook die publikasie moontlik gemaak. Dit lyk na 'n baie goeie voorbeeld in die finansiële droë tyd waarin publikasie-moontlikhede vir geesteswetenskaplikes benouend min geword het.

Dit is jammer dat by die redigering van hierdie bundel dit nie moontlik was om sekere lastige oorfleuelings te kon uithaal nie. Heelwat van die skrywers (referente) verwys na byvoorbeeld dieselfde aspekte van die hermeneutiek, die meeste vind dit nodig om verskoning te maak dat hulle so min kan sê

vanweë die gebrek aan tyd/ruimte, en te dikwels word wesenlik dieselfde bronne aangehaal. Terloops, die gebruik van feitlik alle geesteswetenskaplikes (nie net hierdie groepie deelnemers nie) om so uitvoerig te steun op gepubliseerde bronne ter motivering van hulle standpunt, word tog erg vervelig. Hoekom nie 'n bietjie meer avontuurlustig wees en selfs afwykend oorspronklike standpunte brutaal stel nie?

Naas die verveling van hierdie tipiese dor akademiese gebruik van bronne-verwysing op bronne-verwysing, bevat hierdie bundel uiters lesenswaardige en insigryke stukke. Trouens, deur my leke-oog lyk dit of daar nie 'n enkele bydrae is wat nie op peil is nie. Met die klem deurgaans op die interpretasie-moontlikhede wat die ervaring van elke mens binne 'n bepaalde terrein ontsluit, gee hierdie bundel aan die geesteswetenskappe 'n regmatige plek binne die wetenskaplike dinamiek van ons tyd. Samevattend van die aard en gees van die bydraes, is die volgende aanhaling uit die stuk van M J Schoeman: "Daar is in iedere egte uitdrukking van lewenssin 'n dinamiese toekomsgerigheid wat heenwys na 'n nimmereindigende interpretasie-geskiedenis. Die sin is dus nêrens ooit afgesluit nie. Telkens ontlok dit nuwe interpretasies" (bl. 12).

Naas die inleidende stuk van Schoeman en die afsluitende stuk van P S Dreyer, is daar opstelle oor die objek en metode wat die volgende fasette van die geesteswetenskappe betrek: die letterkunde (A P Grové), die literatuurwetenskap (Elsa Nolte), antieke Griekse studies (J P Louw), sosiologie (J S Oosthuizen), volkekunde (R D Coertze), beeldende kunste (N O Roos), die regswetenskap (J V van der Westhuizen), en Bybelse teologie (G M M Pelser). Dit is jammer dat die wiskunde en die taalkunde ontbreek. Uit my eie belangstelling en agtergrond is die bydrae van A P Grové dié een wat ek miskien die beste kan beoordeel. Op sy kenmerkend vlot manier sentreer Grové sy benadering om 'n bepaalde literêre probleem: die rol van 'n oerteks wanneer die teks so 'n verwysing suggereer. Aan die hand van 'n vyftal gedigte uit *Tristia* van N P van Wyk Louw behandel Grové hierdie vraag. Hy bespreek naamlik in hoe 'n mate kennis van Alexander Fadejef se roman *De jonge garde* (uit Russies vertaal deur D en L Teixeira de Mattos) werklik verhelderend werk vir die "sub-reeks" XXXIII tot XXXVII in *Tristia*. Grové se bespreking is in sigself uiters verhelderend, in teoretiese sin en as voorbeeld van 'n praktiese teks-interpretasie. Sy bespreking bevestig sy eie uitgangspunt aan die begin van sy opstel: "Die literatuurwetenskap is nou eenmaal sekondêr van aard, 'n dienswetenskap wat los van die skeppende literatuur tot steriliteit gedoem is" (bl. 25). Uit die geheel van hierdie bundel kom dieselfde gedagte ook in ander vorme na vore: die geesteswetenskappe is dienswetenskappe wat los van die wispelturigheid van menswees "tot steriliteit gedoem is". Daarom ook my versugting om minder woord-aanhaling en meer avontuurlustigheid by die beoefening van die geesteswetenskappe, d.w.s. indien 'n mens werklik die feitlik fisieke begrip *wetenskap* kan jukstaponeer met die abstrakte *gees*. *Objek en metode in die gees-*

teswetenskappe is 'n nuttige, tydige en welkome publikasie.

Louis Eksteen en Réna Pretorius (redakteurs): *Afrikaans: Objek en Metode*; J L van Schaik; R8,75.

Afrikaans: Objek en Metode is 'n bundeling van referate wat gelewer is by 'n vakkongres oor Afrikaans op 8 en 9 September 1982 aan die Universiteit van Pretoria. Dié Universiteit het ook geldelike steun verleen aan hierdie keurige publikasie.

Die inhoud is wesenlik verdeel in twee afdelings, met deel een saamgestel uit stukke oor die Afrikaanse en Algemere Taalwetenskap, deel twee oor Afrikaanse poësie, drama en prosa. Dit is jammer dat die geheel effe hibridies aandoen. Daar is sewe stukke wat oor die Taalkunde as sodanig handel, een oor die ontmoetpunt tussen Taal- en Letterkunde, en vier wat die Letterkunde betrek. Hierdie indeling is 'n bietjie ongelyk met te veel klem op die taalkundige aspekte. Die ander steurende faset van die samestelling, is dat vier van die referate uit deel een 'n duidelike didaktiese uitgangspunt het, te wete die onderrig van taalkundige onderwerpe aan voorgraadse studente, terwyl een referaat gewy word aan die teorieë van Chomsky, nog 'n ander handel oor die Gemeenskapsgrammatika en terwyl die literêre studies elkeen 'n eie rigting inslaan. 'n Groter eenheid in die benadering sou hierdie bundel beter tot sy reg laat kom het.

R P Botha se bydrae oor die idees van Chomsky getuig van 'n deeglike teoretiese fundering en van 'n omvangryke kennis van dié bepaalde teoretiese uitgangspunt. Daarnaas kom D P Wissing se stuk oor die onderrig van Fonetiek en Fonologie tē kursories voor, as 't ware te "haastig". Die res van die taalkundige bydraes het elkeen heelwat wetenswaardig te sê, maar veral die referaat van V N Webb oor die Gemeenskapsgrammatika het vir hierdie leser heelwat nuwe perspektiewe geopen op die samehang tussen taalkunde enersyds en menslike begrip tussen sosiale groeperings in Suid-Afrika andersyds. Daar is skeptici wat dikwels vra wat die doel van teoretiese taalkennis tog kan wees. Met Webb se stuk is daar 'n sinvolle antwoord voor die hand.

In 'n opstel oor die verhouding tussen Taalwetenskap en Letterkunde werk H Ohloff met 'n baie sinryke uitgangspunt, naamlik dat die gebruikmaking van taalkundige insigte "die literatuuronderrig net ten goede kan kom". Hy illustreer sy uitgangspunt doeltreffend aan die hand van 'n gedig van Lina Spies. Ter afsluiting maak hy 'n paar voorstelle oor die nouer skakeling tussen Taalwetenskap en Letterkunde, waaronder die volgende: "Moet daar nie 'n inter-dissiplinêre element (Letterkunde, Taalwetenskap) in die Afrikaanse kursus ingebou word nie?" Persoonlik weet ek nie wat presies by die Universiteit van Pretoria of by ander Suid-Afrikaanse universiteite gebeur nie, maar ek wil wel antwoord op Ohloff se vraag: Daar bestaan so 'n

dissipline by etlike oorsese universiteite en ook in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad, te wete die Literêre Semantiek. By Kaapstad word dit trouens al jare lank bedryf. Vir my lyk dit eerder of die behoefte sterker is dat die anachronisme van Taal- en Letterkunde as totaal aparte dissiplines, gerus nou maar kan verdwyn.

In deel twee is al vier die bydraes van besondere gehalte. A P Grové lei opnuut die aandag na die teks as die middelpunt van die literatuurstudie, nie die skrywer en ook nie die leser is so sentraal nie. Aan die hand van drie kort tekste (twee van N P van Wyk Louw en een van Jan van Melle) bewys hy in die praktyk dat "die literatuur primêr (is), terwyl die literatuurwetenskap op sy beste 'n dienende funksie kan hê".

Lina Spies skryf (eerder praat) onderhoudend oor die rol van die biografiese in die jongste Afrikaanse digkuns, terwyl Réna Pretorius 'n insiggewende ekskursie onderneem in die teorieë van dramateks-interpretasies aan die hand van Henriëtte Grové se hoorspel *Ontmoeting by Dwaaldrif*. Pretorius se bydrae is allerweë 'n belangrike literêr-teoretiese studie, veral aangesien die hoorspel 'n hele arsenaal van teoretiese probleme aanbied aan die literatuur-ondersoeker.

Die bundel sluit met 'n dinamiese én vermaaklike bydrae van Etienne Leroux: "Die stand van die Afrikaanse roman". Maar, vertrek hy: "Ek ken nie vandag die stand van die Afrikaanse roman nie", en later: "Ek het gevind dat ek vir heelwat jare nie meer romans lees nie. Ek lees dikwels wat oor romans geskryf word, maar ek lees nie die romans nie". Vir sowel die organiseerders van die kongres as die samestellers van die bundel was dit 'n vonds om hierdie doyen van die Afrikaanse prosa met sy aweregse humor en vlymskerpe insigte as klimaks te bêre.

Aucamp, Hennie: *Woorde wat wond*; Tafelberg; R15,00.

Die sub-titel van hierdie bundel is "geleentheidstukke oor randkultuur". Dié randkultuur sluit in kabaret, die liedjie, die liriek, posters en graffiti, pop/beatnik. In baie opsigte is dit 'n "anderste" soort letterkunde-bundel as die bekende bundel literêre essays.

Die groot wins van hierdie bundel is juis die feit dat dit 'n hele aantal vorme bespreek, merendeels eietyds, wat aanspraak maak op literêre erkenning. In 'n hoë mate is hierdie aanspraak heeltemal geregverdig. Soos Aucamp dit in sy voorwoord stel, is die doel van die bundel om die randterreine te verken omdat "ons tradisionele opvattinge omtrent *kultuur* en *literatuur* vinnig besig is om te eng te word vir al die twintigste-eeuse geestesuitinge om ons". Met die verkenning vorder Aucamp 'n hele ent en lewer hy met *Woorde wat wond* 'n belangrike en beduidende bydrae tot die literêre teorie en glossarium. Of die meeste van hierdie uitinge reeds in Afrikaans binne 'n kunskader 'n plek kan kry, bly in sekere opsigte nog 'n half-beantwoorde vraag.

Hiermee bedoel ek nie dat Aucamp nie oortuigende argumentasie lewer oor die betrokke vorme nie. Maar om definisies en metodes te kan vind om die begrip *literatuur* te verruim, lyk dit my noodsaaklik om heelwat dieper teoreties te werk te gaan as wat Aucamp in die meeste van sy stukke binne die raamwerk van hierdie bundel kan doen. Die begrip *poësie* sal 'n dimensie moet bykry wat plek géé aan 'n liriek of 'n kabarettteks. Gestel die literêre teoretikus argumenteer dat bepaalde uitinge van implikasie(s) binne bepaalde tekstuele verhoudinge noodsaak is vir die feit van poësie, dan sou hierdie denklyn sodanig ontwikkel moet word dat byvoorbeeld 'n kabarettteks binne dié definisie tereg sou kon kom. Ek het dus 'n bietjie moeilikheid met Aucamp se teoretiese uitgangspunt(e).

Ek het egter geen probleem om ruim waardering te hê vir die gemaklike, boeiende en insigryke manier waarop hy 'n hele nuwe "literêre veld" inlei nie. Sommige stukke is effe kursories (bv. "Die nuwe volksmens: Boerneef se beatnik-gedigte"), sommige uitsprake miskien 'n bietjie haastig (bv. dié oor Etienne Leroux op bl. 91 en 92), soms is die inhoud aan die vlakkerige kant (bv. dié oor Eartha Kitt) en in 'n enkele geval kan daar sterk interpretasie-verskille ontstaan (bv. sy lesing van D J Opperman se "Ruimtesentrum, Houston"). Dié besware, soos alle besware in 'n resensie, hang in 'n hoë mate af van die betrokke resensent/leser se instellingshoek.

Voortreflik is die stuk oor "Kabaret en liriek", die een oor "Die vertolker van ligte musiek" met die ruim Europese verwysingsveld, die waardevolle stuk oor posters en graffiti en die ontleding van die begrip "camp". En daarmee is die lys van "goeie hoedanighede" nie afgesluit nie.

Hennie Aucamp het met sy eie verskeidenheid tekste vir kabaret en sy onlangse "cocktail-verse" 'n hele nuwe wêreld vir en binne die Afrikaanse letterkunde geskep. Met hierdie bundel maak hy ook 'n uiters belangrike "laboratorium"-bydrae tot hierdie geestesuiting van die moderne mens. Maar die bundel word ook 'n soort inventaris van die belangrikste bydraers tot aspekte van die randkultuur in Afrikaans: Koos du Plessis, Anton Goosen, David Kramer ... Ook wys dit op die samehang van die Afrikaanse ekwivalente met groot Europese en Amerikaanse name: Marlene Dietrich, Eartha Kitt, Gisela May, Edith Piaf ...

Besonder belangrik is Aucamp se verwysings na die humor by N P van Wyk Louw, A G Visser, D J Opperman en Boerneef. Dit is hoog tyd dat die soort Afrikaanse humor wat baie sterk in die beste Afrikaanse letterkunde bestaan, in die regte perspektief geplaas word. Hierdie aardse humor is trouens 'n baie unieke verskynsel in die Afrikaanse literatuur, en behoort al hoe meer 'n evaluerende kwaliteit te verkry.

Woorde wat wond verrig, vir Afrikaans, baanbrekende werk.

Universiteit van Kaapstad

Henning Snyman

DIE NUWE GROOT VERSEBOEK

Opperman, D J. red. 1983. Groot Verseboek. Kaapstad: Tafelberg. 9de uitg. versorg deur André P. Brink. R17,50.

Opgewonde pluk ek die pakkie oop en haal die nuwe *Groot Verseboek* tevoorskyn. Rooi en behoorlik groot dié keer. As genegeerde digter begin ek hierdie resensie. Onerken. Onopgeneem. Stilgemaak. Gesensor.

Barometer van die Afrikaanse poësie. Die mooiste Afrikaanse verse. Ga en ga. Die statistieke is oorweldigend. Sewehonderd en twee bladsye. Agthonderd en negentig gedigte. Honderd en veertien digters. Vyf-en-twintig debute. Wie wis dat Afrika suffel digters had. Almal is daar. Anette Snyman. Johann de Lange. Peter Snyders. Arme Theunis Engelbrecht. Van Sheila Cussons vyf-en-veertig gedigte, die een maar soos die ander. Van T.T. Cloete negentien. Meer van Van Wyk Louw, Uys Krige, W.E.G. Louw, D.J. Opperman, Elisabeth Eybers, Ernst van Heerden, S.J. Pretorius. Ensovoorts. Ensovoorts. En van my niks. Nie eers een van die vier gediggies wat in die vyf kolomsentimeter in *Rapport* darem min of meer eervol vermeld is nie. Dus is ek nou letterlik digter van die stilte.

Ja, die ou ringkoppe het nog die hef in die hande, dink ek dan. Hulle dink nog mens kan vandag nog mooi berymde gedigte skryf, skoon van vorm en sintaksis. Kranksinnig. En ek droom van 'n herwaardering, later, na my ontydige dood veroorsaak deur miskenning. Herdrukke van my (helaas) enigste bundel. Mal pryse wat vir die (helaas) bitter klein oplaag van die eerste druk betaal word. Die wiel sal draai. Die meule sal maal. En ek plak die dinge vererger iewers op 'n rak.

Op 'n dag wil ek weer 'n gedig aanhaal, en begin blaai in die Rooi Monstrositeit. Soos in alle bloemlesings kom die individuele gedig nie tot sy reg nie. Tog kom ek op die een ou bekende gedig na die ander af. Voorheen moes ek tevergeefs in *Groot Verseboek* soek na "Die slamaaierwinkel". *Tristia* word veel beter verteenwoordig, o.a. deur die onvergelyklike "Groet in bruin". Dis maar een van die "mooiste gedigte in Afrikaans" wat in vorige uitgawes ontbreek het. Ander belangrike *Tristia*-gedigte wat nou plek kry, is o.a. "Ex unguine leonem", "Karoo-dorp: someraand" en "Dood van die Heilige Biblis".

(Amper wil ek toe met 'n dekonstruksie van die amptelike Afrikaanse poësietradisie begin. Hoe sou 'n nie-amptelike geskiedenis van die Afrikaanse poësie lyk? Watter gedigte word uitgeskakel, sekondêr geag, sodat ander wel opgeneem kan word? Op watter duister dryf die veer van die amptelike tradisie, soos Van Wyk Louw dalk sou vra? Sal ons S. Ignatius Mocke uitroep tot presidentsdigter? Dié saak moet ondersoek word.)

Soos in alle bloemlesings kom party digters nie tot hul reg nie. Van Wyk Louw stellig nie. Opperman en Breytenbach beslis nie. Die grootste probleem van enige bloemlesing is eger dat die gedigte in 'n vreemde konteks

plaas. "Groet in bruin" mis byvoorbeeld die konteks van die ander gedigte oor vroue en metafisika uit die tweede afdeling van *Tristia*. Dit bly darem 'n eienaardige gedagte van Van Wyk Louw, dié dat vroue nie eintlik metafisies ingestel is nie, maar aards en in 'n sekere sin "onheilig" bly.

Die vreemde konteks (natuurlik kan 'n gedig in énége konteks aangehaal word) benadeel soms die begrip van 'n gedig. Slegter as "Groet in bruin" kom 'n gedig soos "Afwesige" van I.L. de Villiers daarvan. (Die leser sal verskoon dat ek nie bladsynommers gee nie: die nuwe *Groot Verseboek* het drie uitstekende registers om die leser te help: Digters se name, Gedigte se titels, Eerste reëls.) Dit word amper onverstaanbaar sonder die konteks van *Leviet en vreemdeling*.

Dit is merkwaardig, trouens, hoe sterk Christus nog figureer in die moderne Afrikaanse poësie, wat langsamerhand 'n sekulêre en selfs anti-Christelike gedaante aanneem. Veral word Christus uit ander, menslike perspektiewe bekyk. Dit wissel van die ligtelik bestraffende toon waarmee Lina Spies vir Christus aan die woord stel ("Spreek Jesus van Nasaret") tot by die ironiese kommentaar van omstanders op die lot van 'n hedendaagse "Djiesus" by Peter Snyders. Snyders skryf byvoorbeeld:

Jaa,
dis nog altyd dieselfde Djiesus
wat soe tjank
as hy soe deerie Vrygrond loep
of byrie Crossroads staan.

Hier bewerkstellig hy 'n gelukkige saamval van motiewe (die kruis, die kruispad en Crossroads).

'n Ander gedaante neem Christus aan in "Die twaalfde was 'n amētis" van Rosa Keet. Hier word die Christuskind gebruik as beeld van 'n "eersteling" wat wreed versnipper word. Sensuur is hier duidelik 'n soort heiligskenis; kritiek stellig ook. Ook Jeanette Ferreira lê 'n verband tussen Christus en skryf in "Skrywer bpk". Dié gedig is m.i. 'n redelik geslaagde transponering na die moderne idioom. Die slotstrofe, en die titel, sit mens ook aan die dink oor die beperktheid van die digterlike woord.

Die gebrekkigheid en betreklikheid van die digter se woorde is 'n belangrike tema in die moderne Afrikaanse poësie en word dikwels in beelde van stilte en leegheid uitgedruk. "Haa die stilte oooo" het Breytenbach destyds al gesug en self 'n gedig vol stilte geskryf: die anti-gedig nr. 30 in *Met ander woorde* wat leeg is, net uit wit bestaan. By Casper Schmidt, by wie ons in die nuwe *Groot Verseboek* ook manifestasies van die stilte kry, bestaan "Sappho: papyrus-fragmente" feitlik meer uit "oop plekke" as uit woorde, en dan ook nog woorde soos *swyg* of frases soos "hier iewers hou spraak op, en misterie/ neem oor". Jaap Steyn se gedig "Tussen ons die stilte" herinner baie aan die *Groot Niet* van Breytenbach, omdat dit vol beelde is

wat die leegheid wil konkretiseer. André le Roux het in "Struisbaai-blues" te kampe met "desembermaand se stilte". Selfs by T.T. Cloete, wie se poësie geweldig vol geluidsindrukke is, slaan die stilte uit. In "Marilyn Monroe foto in blou" word gesê die "deurgefluisterde skoot" praat "deur die volstreckte stilte heen" — ook 'n soort *lyfspraak*: 'n oordonderende teenwoordigheid geteken in wat eintlik dubbel afwesig is: 'n gedig oor 'n foto van 'n reeds-gestorwene. Maar Cloete is ook die digter wat deur sy veelgeroemde spasies die wit, die stilte opvallend laat meesprek in die gedig. Dit is in dié trant dat Lucas Malan die dilemma van die digter formuleer in "Sprakverbruik". Daarin wil hy "slu kommunikeer" en:

selfs met stiltes en hiaat 'n kodetaal
vir óns gestremdheid formuleer
waarvolgens "ja" bes moontlik dui op "nee" ...

Dit is die "van woorde dyke teen die stilte bou" waarvan Breytenbach in *Met ander woorde: vrugte van die droom van stilte* praat. Die poësie dryf op die stilte; dit is sy *parergon* en sy inkonting (soos Derrida dalk sou sê).

Miskien staan daar dus tog 'n gedig van my, troos ek myself. Ek eis 'n stukkie wit/stilte vir my op êrens tussen "Vooruitgang" en "Hond van God" van Hewitt Visser of "Aardlief" van Johann de Lange en plaas daar hiermee 'n titellose gedig van my met as inhoud: stilte. 'n Digter van die stilte kan nie meer stilgemaak word nie.

Met dié woord wil ek in en oor *Groot Verseboek* verder swyg.

P.U. vir C.H.O.

Hein Viljoen

Dramas 1983

M.C. Botha: *Skaak*. Human & Rousseau, Kaapstad, 1983.

Skaak is 'n verwerking van die kortverhaal "Die einde van 'n kluisenaar se lewe". 'n Vergelykende studie behoort aan die lig te bring in watter mate die skrywer daarin geslaag het om min of meer dieselfde storie-gegewe van 'n proswerk oor te plaas na die drama. By nadere ondersoek is my oordeel hieroor gunstig. In hierdie bespreking kan slegs enkele aspekte betrek word, waarmee ek dan ook tot 'n waardeskatting van die drama wil kom.

Deur te begin met 'n brief wat die Man (Gustav) so pas vir sy suster geskryf het, wat hy besig is om vir homself hardop te lees, word 'n magdom agtergrondinformatie betreffende homself op 'n indirekte wyse aan die lig gebring. In die beginstadium van die handelingsverloop hinder hierdie metode van eksposisie nie juis nie, want die voorleessituasie (hoewel 'n bietjie lank) is geloofwaardig en behoort die leser/toeskouer se nuuskierigheid te prikkel. As daar egter veel later in die tweede toneel van die derde bedryf weer van hierdie metode gebruik gemaak word, waardeur Gustav se dieper dryfvere aan die Vrou (Aztrid) geopenbaar word, kan hierdie speelhandeling as 'n gebrek beskou word, want hierdeur (deur meer as twee bladsye daarvoor te gebruik) word die tempo vertraag. Bowendien word hiermee 'n oordad van informasie gegee wat die leser/toeskouer reeds weet of vermoed, waardeur die brief dan nouliks karakteropenbarend is.

Dat M.C. Botha 'n sintuig vir die drama het, blyk hieruit dat regdeur *Skaak* rekening gehou is met die beginsel van interaksie tussen karakters. In 'n verhaaltteks word 'n storie vertel óór 'n sekere gebeurtenis, terwyl in 'n drama die storie self getoon word. Laasgenoemde bring mee dat, soos dit meestal tydens 'n gesprek gaan, nie alles onmiddellik kan meegedeel word nie. Deur suggestiewe dialoog kan die leser/toeskouer egter gou agterkom wat alles op die spel is tussen die karakters wat handelend t.o.v. mekaar optree. So word Gustav se gekoesterde ideaal van wêreldonttrekking geleidelik weggekalwe deur Aztrid se toenadering en aangetrokkenheid tot hom — iets wat reeds voorspel kan word uit die eerste gespreksituasie (vgl. pp. 10—11). Hieraan word gewerk deur die loop van die eerste bedryf heen, wat sy hoogtepunt bereik met die laaste woorde van die hoofspelers, met die suggestie dat in die tweede bedryf 'n nuwe fase in die verhoudinge gaan intree:

ZELIMIR: Jy moet vir jou 'n vrou kry.

VROU: (*onverwags*) Nee ...

MAN: Miskien sal ek nog.

In die oorspronklike kortverhaal is die spanning wat daar kon bestaan het

tussen Aztrid en Zelimir nouliks van belang (die klem val op hulle liefde vir mekaar, sodat die slot as 'n verrassing kom), terwyl in die drama daar van meet af aan spanning bestaan tussen hierdie twee persone. Reeds in die tweede toneel van die eerste bedryf tree Aztrid vreemd op as sy haar baba voor Gustav soog, wat vanself lei tot die sterk afkeuring van haar man. Vergelyk hierdie episode met die kortverhaal waar slegs melding gemaak word dat Zelimir se vrou soms sonder 'n bostuk gelê en bak het op die strand waar Gustav doenig was, met Zelimir blykbaar uitgesny uit die prentjie. In die drama val die volle lig op die gespanne driehoeksituasie. Alles in die handeling, dus ook die newehandeling, word hierby betrek.

'n Interessante newehandeling wat die verskil in opvatting tussen Zelimir en Aztrid illustreer en duidelik op 'n konflik afstuur, is die voorgenome verblyf van Zelimir se ouers by hulle aan huis. Die gedagte hieraan, soos geopper deur sowel Zelimir as Aztrid (vgl. pp. 20—22), bring aanvanklik slegs Gustav se wil tot onbetrokkenheid na vore, maar vanweë Gustav se veranderde houding jeens Aztrid is hy later in gesprek met Zelimir bereid om in die bresse te tree vir haar (vgl. pp. 36—37). Hierdie newehandeling lei verder tot die gedagte by Zelimir om saam met sy pa slange in die berge te gaan vang (p. 48), wat op sy beurt as newehandeling weer aanleiding gee tot Zelimir se poging tot moord (vgl. pp. 63 en 65—66). Hierdeur behoort dit duidelik te wees hoedat 'n handelingsgegewe uitgebou word. Of vergelyk ook op pp. 39—40 die vlieëvangermannetjie-beeld wat deur Gustav t.o.v. homself m.b.t. sy liefde vir Aztrid simbolies verklaar word, wat later telkens ter sprake gebring word. Maar seker die belangrikste simboliseringsmoment in die handeling is geleë in die skaakspel tussen Zelimir en Aztrid. Trouens, die boektitel berei ons reeds daarop voor.

Skaak soos dit behoort gespeel te word, is natuurlik op sigself onaanskoulik en derhalwe oninteressant vir die toeskouer. Maar dit is die simboliese betekenis hiervan in die drama, soos dit algaande in verband gebring word met die konflik en die aanduiding van die tema, dat die leser/toeskouer se aandag tog hierby betrek word — reeds deur die volgende opmerking van Gustav: "Ek is oortuig daarvan dat skaak slegs 'n grafiese voorstelling van sekere natuurwette is. As jy briljant skaak speel, sal jy geheime in die natuur kan oplos" (p. 23). Moontlik om eers net die werklikheidswaarde te versterk wat skaak in hierdie drama aanneem, word in die tweede toneel van die tweede bedryf slegs die begin van 'n potjie skaak tussen Zelimir en Gustav getoon, waarmee hierdie toneel dan ook afsluit.

Geleidelik en so te sê onopsetlik neem die skaakspelery 'n meerduidige betekeniswaarde aan t.o.v. die hoofhandeling van die driehoeksverhouding. So bv. waar Gustav aan Zelimir sê dat die wenner sy koningin moet offer as hy wil wen, stel Ig. nadruklik: "Jy weet hoe wil ek wen, (*lag*), met my koningin nog aan my kant, ek wil haar nie verloor nie" (p. 43). In hierdie stadium van die handelingsverloop is daar reeds 'n duidelike liefdesverhouding tussen Gustav en Aztrid. Boeiend word in die vierde toneel van die

derde bedryf Zelimir se triomfantelike uitroep wanneer hy vir die eerste keer wen: "En ek het nog my koningin!" (p. 59). Hierdie woorde blyk al gou ironies te wees, want net hierna breek die krisis aan waar Zelimir deur Aztrid gestel word voor die keuse om van Aztrid (sy "koningin") afstand te doen. Die skaak-verwysing bereik sy hoogtepunt in die slottoneel: voorlopig waar Zelimir na sy mislukte moordpoging so deur Gustav aan die kaak gestel word: "Wel, dit was seker 'n slim plan. (*Gryp Zelimir aan die bors*) Maar jy speel te vrot skaak, man!" Dit is egter m.b.t. Aztrid wat so pas deur Gustav as 'n *femme fatale* erken is (vgl. die wildehondbeeld op p. 67), dat die skaak-simboliek in sy volle omvang gestalte kry. Dit neem haas waansinnige afmetings aan, met Aztrid wat nog steeds in haar selfgesentreerdheid haar as nie-skaakspeler so kan laat geld: "... A ... dis die koningin ... Sy staan seker hier reg in die middel. (*Plaas die koningin in die middel van die bord neer*) As ek kon speel, sou ek hulle altwee gewen het. (*Skuif die koningin dramaties*) Skaak! ..." (p. 68).

Hierdie selfhandhawing sou weliswaar nie 'n psigologies bevredigende slot gewees het nie — maar nog minder die inbring van die Verkoper hierna waarmee Aztrid tot skokkende selfkennis gedwing word. Die Verkoper is 'n soort *deus ex machina*-figuur, dus 'n funksionele figuur, maar wat te veel nog werklikheidstrekke vertoon, sodat hy nie oortuig as surrealistiese vreemdelying nie.

As drama is *Skaak* dus eindelik 'n mislukking (miskien moet daar weer gedink word aan 'n meer aanvaarbare slot). Die tekens is egter daar dat M.C. Botha onmiskenbare dramatiese talent het, wat beteken dat hierdie drama nie afgeskrywe mag word nie.

Adam Small: *Krismis van Map Jacobs*. Tafelberg, Kaapstad, 1983.

Met *Krismis van Map Jacobs* sit Adam Small die tradisie van die sosio-politieke versetliteratuur voort. Dit is 'n tradisie wat Small in 'n groot mate self help skep het sedert die sestigerjare (dink aan die satiriese poësie van *Kitaar my kruis*, 1961, en *Sê sjibbolet*, 1963, en die aangrypende drama *Kanna hy kô hystoe*, 1965), wat sentreer om die lot van die Bruinmense binne die Suid-Afrikaanse rasse-opset. In *Krismis van Map Jacobs* gaan dit meer bepaald oor die lotgevalle van Map Jacobs en die gesin Cavernelis wat iewers in 'n "township" op die Kaapse Vlakte vasgevang sit.

Moontlik is dit ongeregtig om te beweer dat Small met sy versetliteratuur reeds 'n versadigingspunt bereik het. Word daar nog iets van waarde bereik as min of meer dieselfde faset van 'n maatskaplike problematiek in die een na die ander drama behandel word? In al drie Small se Afrikaanse dramas gaan dit oor die klag en veral die aanklag oor die droewige lot van

die Bruinmense. Natuurlik is dit nie 'n geval van identiese herhaling nie, want in *Kanna hy kô hystoe* gaan dit oor die lotgevalle van 'n Bruin plaasgesin wat na die ellende van die stad verhuis, in *Joanie Galant-hulle* (1978) oor 'n Woodstockse Bruin gesin wat verskuif word na 'n "council flat" met die ellendes wat daaruit voortspruit, terwyl dit in *Krismis van Map Jacobs* gaan oor Mister Cavernelis se obsessie om te ontsnap "yt" die "township" op die Kaapse Vlakte na 'n beter oord. In tyd-ruimtelike opsig is daar dan tog variasie en voortgang te bespeur, waardeur 'n eietydse kroniek aangebied word van die immer voortdurende ellende en armoede van die Bruinmense. Dit op sigself is egter nie voldoende om te verseker dat hierdie dramas tot lesers/toeskouers van later tye met dieselfde krag sal spreek nie. Die teenswoordige trefkrag is veelal geleë in die tydsgebonde maatskaplike problematiek. Om die betreklikheidswaarde van hierdie tydsgebondenheid in perspektief te plaas, kan 'n mens kyk hoe vanweë 'n te uitsluitlike toespising op die armblankevraagstuk baie dramas van die twintiger- en dertigerjare vandag in die vergetelheid geraak het. So is daar bv. P.W.S. Schumann se *Hantie kom huis toe* (1933) wat 'n populêre drama was in die eie tyd, maar wat nouliks iets méér te sê het vir die mense van 'n ánder tyd. Stel dan hierteenoor J.F.W. Grosskopf se *As die tuig skawe* (1926) wat ook uit die armblankevraagstuk voortkom, maar wat vérder dui op 'n algemeen-menslike problematiek: die ewige misverstand en wrywing tussen mens (man) en mens (vrou), wat in hierdie drama selfs 'n tragiese allure aanneem. Om hierdie rede (en níe om die armblankevraagstuk nie) beklee Grosskopf se drama vandag nog 'n belangrike plek in die Afrikaanse dramaliteratuur. Hierdie m.i. geldige literêre voorbehoud stel ek pertinent ten aanvang van my poging om *Krismis van Map Jacobs* na waarde te skat. Nié om sy satiriese strekking waardeur die "wit varke" (vgl. o.m. p. 23) openlik aan die kaak gestel word, sal hierdie drama in die toekoms gewaardeer word nie; daarvoor is die satire (in siening en taal) hier te kru en oninteressant. Om ander redes besit hierdie drama tog wel literêre meriete, waarop ek hieronder kortliks wil wys.

Die eerste en miskien die belangrikste rede hou verband met die karaktervoorstelling van Map Jacobs. Vandat daar in episode twee in die vooruitsig gestel word dat Map "yt" die tronk gaan kom waarmee saam die moontlikheid dat hy 'n "changed man" is, wat hy in episode drie half-skroomvallig in 'n alleenspraak teenoor sy ma erken, verhoog die spanning wat strek van die uiterlike tot innerlike vlak van beleving: wat gaan Map se houding wees teenoor Blanchie en veral haar pa se geldmakery en hoe moet die stomheid van Antie Grootmeisie verklaar word binne die klaarblyklike verband van Map se verlede? Wat hier en verder in die drama as deel van die eksposisie meegedeel word, kom tot 'n merkwaardige vervulling in die biegtoneel van episode ses. Hierdie toneel is met sy skrikwekkende patos, soos dit ontwikkel uit 'n natuurlike situasie van Map wat op aandrang van Apostel George eindelik sy sonde in die verlede teenoor sy ma-hulle moet bely, een van die

aangrypendste aanbiedinge van 'n eksposisie in die dramaliteratuur. Aanklag is daar wel nog ("Vark wittes, vir my 'n job wil gee vir messenger!!? ...", p. 33). Maar hierdie vlak van menslike ervaring word oorskry as die haglike situasie deur George in 'n Christelike perspektief geplaas word: "Jy kom van die Cape Flats af, broer Jacobs, my broer. Hoekom bekommer jy jou, die Here Jesus het gekom van Nasaret!" (p. 30). Juis deur die aanvaarding van hierdie perspektief verdiep die lewensinsig by Map in sy verhouding met Blanchie tot ware humor, soos ons dit by Ampie aangetref het.

Sonder om opsetlik aan te doen, wys die frase van George m.b.t. die verhouding Johnnie(Map)-Antie Grootmeisie: "Dáár is jou seun ..." (p. 30) na kruiswoorde van Christus, waardeur Map-as-Johnnie met Johannes gelykgestel word. Interessant is dit dan om daarop te let hoedat "Johnnie" Map se beter self is (vgl. episodes vier en ses), terwyl "Map" dui op sy verwerde self wat verkeerdelik op soek is na 'n identiteit (vgl. pp. 32, 33 en 48). Dit verwonder dan ook glad nie dat die eerste woord wat Antie Grootmeisie weer kan uiter aan die einde van die drama, "Johnnie" is, waardeur Map waarlik weer deel vorm van die Christelike perspektief. Hierdie naamgewingsimboliek is nie aangeplak nie, want dit groei geleidelik uit die verskillende situasies, soos dit ook kontrasteer met dié van "Map".

Hierdie naamgewingsimboliek bring die aard van die taalgebruik in *Krismis van Map Jacobs* na vore. Op 'n verantwoordbare en daarom ook funksionele wyse word verskillende taalgebruiksvorme van Afrikaans en Engels aangewend, soos dit nie net karakteronderskeidend is nie maar ook dui op die bestaan van verskillende sosiale milieus. In hierdie opsig behoort hierdie drama nog boeiender te wees om te ondersoek as *Kanna hy kô hystoe*.

Krismis van Map Jacobs is dramaties-struktureel ook goed verantwoord. Ek kan hier slegs op enkele sake wys. In episode ses verwys George na die "nuwe" en "wit klere" wat Map aan het noudat hy hom bekeer het. Na hierdie hooggestemde episode volg die komiese episode sewe waarin die "measurements" van die Krismisorkes geneem word, wat sluit met die veelseggende stilswye dat dit nie nodig is om "mister Johnnie Jacobs" se mate te neem nie. Deur hierdie kontraswerking word die teenstelling geskep tussen idealisme en realiteit, wat eindelik uitloop op episode nege waar Map in 'n alleenspraak sy lot bekla dat hy nie so maklik weer opgeneem word in sy maatskappy nie.

Goed is die keuse van die verskillende tritagoniste, bv. Richie en Cyril wat in hulle herhaalde kerrimspel belangrike inligtingsfigure word en deur hulle optrede help om 'n bepaalde ruimtesfeer uit te bou. Of vergelyk ook Willy la Gama se rol as tritagonis, veral waar hy deurgaans in episode tien optree. Deur hom word ideologiese kommentaar uitgespreek — nie te opsigtelik nie, want daarvoor vorm hy te veel deel van die onmiddellike handeling-situasie (vgl. Maud en Blanchie se afkeurende houding jeens hom in die verloop van hierdie episode).

Daar is nog ander verdienstes van hierdie drama waarop ek kan wys. Maar dit is al genoeg om 'n mens te laat beseft dat Adam Small met *Krismis van Map Jacobs* nie net vir sy eie tyd iets te sê het nie, maar dat hierdie drama in 'n ander tyd ook nog interessant sal wees om te ervaar en te ondersoek.

Universiteit van Suid-Afrika

H.J. Schutte

Herdrukke van ouer prosa: noodsaaklike bewaringsaksies

In Junie vanjaar toe daar gedurende die jaarvergadering van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns bestek opgeneem is van die stand van die Afrikaanse letterkunde na 75 jaar (die Akademie het vanjaar sy ontstaan, 75 jaar gelede, gedenk) is daar voorgestel dat 'n "bewaringsaksie" t.o.v. die Afrikaanse prosa nodig geword het. Daar is naamlik vasgestel dat, van die prosawerke wat deur die Akademie met die Hertzogprys bekroon is, talle nie meer in druk is en dus nie in boekhandels beskikbaar is nie. Dit sluit in:

Ou Malkop, 2 dele van die *Ampie*-trilogie, *Die Sprinkaanbeampte van Sluis*, *Diamantkoors* en *Twee fortuinsoekers* waarvoor Sangiro in 1927 die prys met Van Bruggen gedeel het, "Al haar werk", waarvoor MER in 1953 bekroon is.

Die wenslikheid is daar geopper dat die Akademie 'n nuwe publikasiereeks van Hertzogprys-prosa moet onderneem, om te verseker dat dié werke, wat tog hoogtepunte in hul tyd gevorm het, beskikbaar en toeganklik bly. So bly die Afrikaanse prosatradisie 'n lewende aanwesigheid.

In die lig hiervan moet leser en student van die Afrikaanse prosa met belangstelling en dank kennis neem van 'n hele aantal herdrukke van ouer prosa wat in die loop van 1983 verskyn het.

Van Perskor-Uitgewery was daar, eerstens, vier boeke, eenders van formaat en tipografiese versorging, slegs onderskei deur die kleur van die stofomslae, sodat hulle as 'n klein "stel" voorkom: Sangiro, *En die Oranje vloei verby* en *Ngésomit*; C.M. van den Heever, *Marthinus se roem*; Jochem van Bruggen, *Die burgemeester van Slaplaagte*.

Die twee Sangiro-werke stam weliswaar nie uit sy bloeitydperk van die twintigerjare nie (hulle het onderskeidelik vir die eerste keer in 1951 en 1944 verskyn). Tog: in *En die Oranje vloei verby* is die talent van Sangiro om "raak te sien en met waarheid te beskryf" — dié eienskap, dus, wat van hom 'n superieure kroniekskrywer en joernalis gemaak het — volop waarneembaar. En in *Ngésomit*, volgens die flapteks, word gebeurtenisse in herinnering geroep wat plaasgevind het vóór die ontstaan van sy bekendste werk *Uit oerwoud en vlakke* (1921). *Ngésomit* het in 1944 verskyn as eerste deel in die driedelige *Simba* (wat in 1945 ingesluit was toe Sangiro die Hertzogprys vir al sy werk ontvang het).

Vanweë die dokumentêre, joernalistieke inslag van hierdie werk, lewer hulle dus onvervangbare getuienis van 'n verbygegane wêreld. Maar hulle is

tegelyk onmisbaar vir wie vandag nog 'n ruimer ervaring soek van een van die voortrefflikste beskrywingskunstenaars wat die Afrikaanse prosa besit. *Marthinus se roem* (1949) is 'n novelle uit die laaste periode van C.M. van den Heever se skrywerskap (hy is in 1957 oorlede). Geplaas in die fiktiewe "Koppiesburg", bevat dit vele naklanke van Van den Heever se bekende Kromburg-wêreld: die plattelandse Afrikaner se bestaanstryd, sy ekonomiese onwennigheid, kleindorpse naywer, die mens se liefdelose soeke na eiebelang, die afstomping wat die kleindorpse sfeer vir sy mense tot gevolg het. Die satire is taamlik onsubtiel, die karakters vergrof dikwels tot karikature. En tog is die vakmanskap van Van den Heever daar: in die beplanning van die verskillende episodes van die verhaal; in die voorbereiding vir die ommekeer in die gewetenlose Marthinus se fortuin; in die plasing van die vervlietende oomblikke van selfkennis, romantiek, oorstyging van liefdeversmorende ambisie by die hoofkarakter; en, nie die minste nie — in die kwaliteit van Van den Heever se taalgebruik.

Ongetwyfeld die belangrikste van dié vier herdrukke is *Die burgemeester van Slaplaagte*, omdat soveel van die topwerke uit die Van Bruggen-oeuvre tans onverkrygbaar is. *Die burgemeester*, hoewel klein van omvang gereken teen die *Ampie*-trilogie en selfs *Die sprinkaanbeampte*, en daarby 'n vroeë, miskien nog in sommige opsigte aarselende werk, bevat soveel van die wesentlike Van Bruggen dat dit gevolglik as 'n drumpel tot die groter werk gelees kan word. Van Bruggen se bekommernis oor die Afrikaner — die "underdogs" van die blanke samelewing destyds, wat so opvallend blyk uit die betoë en verhoë van die verteller in die boek; sy begrip vir die honger in elke mens om as waardig en waarlik *mens* gereken te word deur sy ewenaastes en owerstes; die ontwikkeling van twee verhaallyne tegelyk — van droef na bly, van bly na droef — waaruit die prys wat die mens moet betaal vir sy drome van geluk, so skrynend blyk: al hierdie bestanddele is reeds aanwesig in *Die burgemeester van Slaplaagte* se (in sy nuwe formaat) 85 bladsye. Van Bruggen verdien vandag nog die toegespitste aandag van die Afrikaanse leser, student en dosent, nie net omdat hy so 'n getroue getuie van sy tyd was en sy werk dus as *dokument* gelees kan word nie, maar omdat nuwe insigte binne die eietydse prosateorie, veral t.o.v. die *vertelinstansie* in die epiek, daartoe gelei het dat die waardering vir Van Bruggen as prosaïst opnuut herleef het.

In 'n voorwoord wat herhaal word in elk van die bundels Mattewis en Meraai-verhale wat saam as "'n vierluik van die dorpie Gonnakolk en sy mense" in 1983 deur Perskor uitgegee is, skryf P.G. du Plessis: "Die verhale se herpublikasie is — wat ook al aanleidend was, TV of verhoogspel, of sommer net tyd — verblydend."

Hy vermeld verder in die voorwoord die "dalende waarderingskurwe" by Mikro, en dat "enkele kritici" tog die waarde van die verhale ingesien het. P.G. du Plessis was self onder hierdie enkeles; by die posthume uitgawe

van Mikro se honderdste boek *Osse van klei* (1969) het hy bv. 'n waarderende, insigryke voorwoord geskryf; in 1971 het hy *Mattewis en Meraai* vir die toneel verwerk, en sedertdien is dit meermale met groot welslae opgevoer; gedurende 1983 het hy ook 'n suksesvolle TV-vervolgrees van dieselfde naam gebaseer op die Mikro-tekste, en so daartoe bygedra dat dié figure en hul lotgevalle feitlik volksbesit geword het.

Rob Antonissen het ook die belang van die Gonnakolk-wêreld in Mikro se oeuvre al vroeg raakgesien. In die tweede uitgawe (1960) van *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede*, p. 268, skryf hy na aanleiding van Mikro se publikasies 1949—1959, d.w.s. van *Nog geen herberg* tot *Die weduwee Meraai*: "In die laaste tiental jare is dit merkwaardigerwys juis in die plattelands- en dorpsnovelletjies ... dat Mikro met sy beste talente woeker." Die Meraai Botes-wêreld is vroeg al gelykgestel aan die beste wat Mikro bereik het in sy bekende Toiings-trilogie (vgl. bv. Elize Botha oor Mikro in die tweede uitgawe, 1960, van *Perspektief en Profiel*, pp. 361, 364—367).

Dat die TV-reeks seker voorrang kry as aanleiding tot die publikasie van hierdie vierluik (*Mattewis en Meraai: Die vroeë jare; Mattewis en Meraai: Die ouderling; Mattewis en Meraai: Die weduwee; Mattewis en Meraai: Die kinders*), blyk uit die feit dat foto's van die spelers wat hoofrolle in die reeks vertolk het, in al vier gevalle voorop verskyn. Daar word so dikwels gesê dat TV die boek verdring. Dit is inderdaad verblydend dat TV hier gebruik word om 'n groep waardevolle ouer Afrikaanse tekste weer "kontemporêr" te maak.

Een van die mooiste "bewaringsaksies" van 1983 is *Mense wat maar eenmaal liefhet en ander liefdesverhale van J. van Melle*, gekies en ingelei deur Hennie Aucamp, uitgegee deur J.L. van Schaik. Dié uitgawe is merkwaardig, omdat dit eintlik opsetlik náas die "klassieke" Van Melle-bloemlesings, van Uys Krige vroeër, van A.P. Grové onlangs, bestaansreg vra — en verdien. Aucamp skryf sy pragtige inleiding, en doen sy besondere keuse, op grond van 'n ondersoek wat hy heel eenvoudig in die inleiding só stel: "By die herlees van al Van Melle se novelles en kortverhale val dit jou op hoe dikwels hy oor die liefde skryf ..."

So verklaar hy sy keuse van liefdesverhale; maar dat dit vir hom in dié bloemlesing óók gegaan het om die wesentlike, die beste van Van Melle vir die leser voor oë te stel, daarvan getuig sy fyn en uiters informatiewe kommentaar, en die vier pragverhale (die titelverhaal, "Ou Vorster", "Zule", "Troos") self. Aucamp se prosa, ook wanneer Aucamp as didaktikus aan die woord is, is altyd van die keurigste. Ook daarom is hierdie publikasie van belang. Maar wat Aucamp deur middel van Van Melle hier "leer", is vir elke leser, vir elke student van die letterkunde, ja, vir elke mens, van belang. Ek volstaan met twee aanhalings:

"Die vermoede verband tussen liefde en ewigheidswaardes gee aan Van

Melle se liefdesverhale 'n morele onderbou. Dit, op sigself, waarborg nog nie kuns nie; maar dis ook te betwyfel of groot kuns daarsonder kan bestaan."

"Hy (Van Melle) het, op sy beste, 'n 'God's eyeview'; en dit is 'n sonderlinge, byna teenstrydige vermoë, want dié instellingshoek veronderstel afstand, maar sluit genade nie uit nie."

En dan is daar die slotsom en slot van sy kommentaar: dat dié vier verhale "sê" dat die liefde "'n ordeskeppende faktor kan wees" — in die kuns, soos in die lewe.

Hierdie bloemlesing is 'n onmisbare bydrae: omdat dit in klein bestek 'n besondere lig op Van Melle se groot prosakuns laat val, maar ook omdat dit die tydloosheid en die lewensbelangrikheid van groot letterkunde bevestig.

Die opspraakwekkendste onderneming op die gebied van herdrukke in 1983, was die firma J.L. van Schaik se uitgawe in twee bande, van die *Versamelde werke* van Eugène N. Marais, onder redaksie van Leon Rousseau. Al Marais se bekende werke, in Afrikaans en Engels, is te vinde in die 1 300 bladsye wat die twee bande beslaan: in band I, *Die siel van die mier, Burgers van die berge, Die skepbekertjie, Natuurkundige en wetenskaplike studies, 'n Paradys van weleer, Die mielies van Nooitgedacht, Magriet van Laastelust, Die Huis van die Vier Winde*; in band II, *Die leeus van Magoeba, Spore in die sand, Laramie die wonderwerker, Dwaalstories, Gedigte*, die drie toneelstukke *Waar die blomme geur, Die swart verraad, Nag*, en ten slotte *The soul of the ape* en *The road to Waterberg*. Daarby kom verspreide, voorheen ongebundelde tekste.

'n Mens lees met instemming die uitspraak van die samesteller in sy voorwoord: "Dat alles nie op dieselfde hoë peil is nie, spreek vanself ... Tog is feitlik alles uit die een of ander oogpunt interessant: soms bloot omdat dit lig op Marais se lewe werp, soms omdat dit ons iets laat sien van hoe 'n intelligente, urbane en belese Afrikaner die wêreld in die jare twintig en dertig beskou het ...; heel dikwels eenvoudig omdat dit skryfwerk uit die hoogste rakke is."

Die opbloeï van belangstelling in Marais se werk en lewe wat vasstelbaar in die Afrikaanse konteks ingelui is met die herwaardering van *Dwaalstories* deur Van Wyk Louw in die sestigerjare en die vierings rondom sy honderdste geboortedag 1971/72, verklaar ook waarom die samesteller en uitgewer hulle hier so sterk op die standpunt van *leesbaarheid* stel. Die *Versamelde werke* wil *leesstof* wees in die eerste plek — is dus nie in strikte sin *teksuitgawes* nie: "Dit was my oogmerk om Marais se styl vir die hedendaagse leser toegankliker te maak," verklaar Rousseau, maar daarmee het hy sy eerbied vir die tekste as dokumente nie ingeboet nie. Die 40 bladsye "Aantekeninge deur die Redakteur" bevat die voorwoorde, voetnote, kommentaar van Marais en ander, wat in hierdie uitgawe by die tekste self wegelaat is. Daarby kom ook nog aantekeninge van Rousseau self, waarin hy

in heelwat gevalle rekenskap gee van "styl-veranderinge" wat hy aangebring het, waarin hy agtergrondskennis verstrek — wat in vele gevalle ook teruggevoer kan word na Rousseau se boek oor die lewe van Marais, *Die groot verlange* (1974) — en self dus 'n soort "tekstokomentaar" verstrek. Of Rousseau se werkwysse taal- en letterkundiges volkome sal tevredestel, is 'n ope vraag. Ek twyfel egter hoegenaamd nie aan die welslae wat hierdie uitgawe waarborg m.b.t. die herstel van Marais se werk as lewendende leesstof vir die eietydse leser van Afrikaans nie. En die eietydse Afrikaanse leser het dit broodnodig dat die "boeke-paradys van weleer" vir hom toeganklik gehou word. 'n Mens hoop dat die versamelde werk van M.E.R., in so vele opsigte vergelykbaar met Marais wat veelsydigheid, literêr- en sosio-historiese belangrikheid en eietydse aanspraak betref, na hierdie liggende voorbeeld onderneem sal word.

Universiteit van Suid-Afrika

Elize Botha

SENSAL-publikasies ontvang

Charles Malan. 1983. *'n Ontleding van S.A. letterkunde-navorsing aan die begin van die jare tagtig*. SENSAL-publikasies nr. 2. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Charles Malan en H.P. van Coller (met medewerkers Rina Jacobs en Hermien Smith). 1983. *Bronnegids: Etienne Leroux*. 'n Gids tot navorsing oor Etienne Leroux se werke. Saamgestel deur SENSAL (Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkunde-navorsing, RGN) en die Etienne Leroux-projek (Departement Afrikaans en Nederlands, U.O.V.S.). SENSAL-publikasies nr. 5. Vir die RGN gepubliseer deur Academica, Pretoria — Kaapstad — Johannesburg.

Charles Malan en Martjie Bosman. 1983. *Sensuur, literatuur en die leser: Donderdag of Woensdag as toetsgeval*. Verslag van 'n SENSAL-onderzoek. SENSAL-publikasies nr. 10. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Nuwe Afrikaanse Boeke Julie — September 1984

Opgestel deur die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum, Musiek en Toneel (NALN), Privaatsak X20543, Bloemfontein 9300.

Romans

BEUKES, Dricky. Die Dricky Beukes tweeluiik. H. & R.	R12,95
BOSHOFF, Melanie. Net die wind sal weet. H. & R.	R10,95
DE KOCK, Helene. Die herfsbelofte. H. & R.	R9,95
DE LA BUSCHAGNE, Ina. Wind oor die kranse. H. & R.	R10,95
DE VILLIERS, Herna. Waar jou geluk lê. Klub Dagbreek.	R5,95
DU PISANIE, Sarah. Erfgenaam vir die baron. President.	R5,25
DU TOIT, Tryna. Die vierde Tryna du Toit-omnibus. H. & R.	R12,95
FOUCHE, Meiring. Noodroep uit die woestyn. Sagtebanduitgawe. Sirkel Publikasies.	
— Vlamme in die tempel. Sagtebanduitgawe. Sirkel Publikasies.	
JOOSTE, Jo. Skimmeldag. H. & R.	R10,95
JOUBERT, Junita. Skepe van biesies. H. & R.	R8,95
KOTZE, E. Tweeluiik. H. & R.	R12,95
LAMPRECHT, I.D. Glans van die silwer maan. President.	R5,25
— Heksepot. Perskor Klubs.	R5,95
— Die judaskeuse. Klub 707.	R5,95
McCALLAGHAN, Marilee. Tussen karee- en akkerboom. Klub Saffier.	
MAREE, Naomi. Meisie met die sluier. Daan Retief.	R7,31
MARTIN, Wille. Geheim van die donker adelaar. Daan Retief.	R7,31
— La Fantaisie. Klub Saffier.	R5,95
— Pop en pierewaai. Treffer-Boekklub.	R5,50
MARX, Chris L. 'n Tyd om te strew. Klub 707.	
MURRAY, Ena. Die wit koningin. Tafelberg.	R10,95
OBERHOLZER, Lourens. Disko. Klub Saffier.	R5,95
PIETERSE, Annemarie J. Dorings en distels. Klub Saffier.	R5,95
PRETORIUS, André. Maskers. Klub 707.	R5,95
PRINSLOO, Mara. Anderkant die blou berge. Daan Retief.	R7,31
SCHOEMAN, Karel. 'n Ander land. H. & R.	R18,95
STEYN, Fritz. Liefde en oorlog. H. & R.	R14,95
STRYDOM, M. Wordingsjare. Klub Dagbreek.	R5,95
VAN SCHALKWYK, Nickey. Anderkant die horison. H. & R.	R10,95
— Elmsvuur. H. & R.	R9,95
VAN WYK, Schalkie. Blare in die wind. Van der Walt.	R5,50
— 'n Bruid vir Eduard. Klub Dagbreek.	R5,95
— Liefde in die najaar. Daan Retief.	R7,31
VERMEULEN, Renette. Die laaste tree. H. & R.	R10,95
VILJOEN, Rachie. Bruid op sig. President.	R5,25
VISSER, Lambert. Paniekvlug. Klub 707.	R5,95
VOLSCHENK, Johan. Paraka! Tafelberg.	R12,50
VORSTER, Wim. Kruisvaart. H. & R.	R12,95
WESSELS, Mariki. Kom ons trou kamma-kamma. President.	R5,25

Vertaalde romans

KONSALIK, Heinz G. Die dodelike huwelik; en, Ek erken; vertaal deur Louis Herbst.	
Romanticapers.	R14,50
— Die donker sy van roem; vertaal deur Louis Herbst. Romanticapers.	R10,50

Kortverhale, essays en briewe, ens.

BAKKES, Margaret. Die langste nag en ander verhale. H. & R.	R9,95
BRITS, Jac J. Die getuie: kortverhale. H. & R.	R9,95
CLOETE, T.T. Die waarheid gelieg. Tafelberg.	R13,50
HOLMES, Marjorie. Die lied van 'n vrou. H. & R.	R10,50

Dramas

BOTHA, M.C. Skaak. H. & R.	R9,95
DE KLERK, W.A. Die afgrond. Sagtebanduitgawe. Tafelberg.	R9,95
JOUBERT, Elsa. Poppie — die drama. Sagtebanduitgawe. Tafelberg.	R9,50

Vertaalde drama

BARTHO Smit-vertalings 1: Ionesco. HAUM.	R9,95
--	-------

Poësie

CASTELYN, Eveleen. Menslikerwys gesproke. H. & R.	R12,95
CILLIERS, Rika. Mammoet. H. & R.	R11,95
CUSSONS, Sheila. Membraan. Tafelberg.	R12,50
DE LANGE, Johann. Waterwoestyn. H. & R.	R12,95
DU PLESSIS, Hans. Gewete van glas. H. & R.	R12,95
HUGO, Daniël. Breekware vir die revolusie. Sagtebanduitgawe. H. & R.	R9,95
MAREE, J.G. Nog 'n skof. J.G. Maree.	R3,00
PAUW, Nanda. As die hart luister. Daan Retief.	R4,86
VAN DER LUGT, Pieter. Vuurwerke. H. & R.	R12,95

Letterkundige studies en kritieke

COLLEGE OF CAREERS. Aantekeninge oor Een plus een. Sagtebanduitgawe. College of Careers.	
NIENABER, G.S., <i>samest.</i>	
Vroeë opvattinge oor Afrikaans as taal. Perskor.	R35,00

Kinder- en jeugverhale

BADENHORST, C.S. Die laaste vanggat. Juventus.	R6,95
BARRIE, Stella. Moord en die maankinders. Juventus.	R7,95
BRINK, Bessie. Roffie die ratel en ander stories. Mosterdsaad Christelike Uitgewers.	R4,86
— Slimjan swaeltjie e.a. Stories. Mosterdsaad Christelike Uitgewers	R4,86
GELDENHUYS, Jan. Basjan en Wilhelm: die houtperd en ander verhale. Saayman & Weber.	R8,95
— Basjan en Wilhelm: die skewe wonders en ander verhale. Saayman & Weber.	R8,95
GROBBELAAR, Pieter W. Die drie wonderdogters. H. & R.	R6,95
— Die goue appel. H. & R.	R8,50
— Uiltjie, Uiltjie in die spieël. H. & R.	R9,95
GROENEWALD, L. Fransina Vark en die Dagbreek hotel.	R9,95
HOLLOWAY, F.G. Kappatte kapatte kappat. HAUM.	R6,95
KIELBLOCK, Karl. Daar het 'n ster verskyn. H. & R.	R9,95
KOTZE, E. Boetoe-Jan se skilpadnes. Tafelberg.	R6,95
KRIEL, Manie. Sersant Bokser kry hond se gedagte. Juventus.	R5,95
KRUGER, T.J. Kode PHS-235. Van Schaik.	R7,50
LINDEMAN, Ben. Koggelroep van die hadida. Tafelberg.	R6,95
NELSON, Marietjie. Liewe muis. Daan Retief.	R6,86
PIETERSE, Rian. Feetjie-Fraai en ander stories. Mosterdsaad Christelike Uitgewers.	R4,86
RUPERT, Rona. Al Everest se voëls. H. & R.	R8,95
SCHÜLER, Rena. Natie se jubeljaar. H. & R.	R7,95
SNYMAN, Annelize. Arka. H. & R.	R7,95
SWART, P.D. Sebgoegoegoe. H. & R.	R7,95

VAN GARDEREN, Simon. Majoor Christo de Lange — toetsvlieënier. HAUM.	R7,50
VAN HEERDEN, Marjorie. Die een groot bruin beer. H. & R.	R8,50
VENTER, De Waal. Louwtjie help soek. H. & R.	R8,50
— Die vyf-millimeter-avontuur. H. & R.	R8,95
WINCKLER, Heinz. Wiele gooi. H. & R.	R7,95

Vertaalde kinder- en jeugverhale

ANDERSEN, Hans Christiaan. Die nagtegaal; vertaal deur Marié Opperman. H. & R.	R8,50
ASH, Jutta. Jorinda en Joringel: 'n Oorvertelling van die Grimm-verhaal; vertaal deur Anna Jonker.	R7,50
— Die padda prins: 'n Grimm-sprokie; vertaal deur Anna Jonker.	R7,50
BYARS, Betsy. Die perd, die pampoen en John D. Jones; vertaal deur Rona Rupert. H. & R.	R7,25
DE PAOLA, Tomie. Strega Nona se towerpot; vertaal uit Engels. H. & R.	R8,50
GARLAND, Sarah. Die piekniek; vertaal uit Engels. H. & R.	R6,95
GELDENHUYS, Paula. Hobbelperd Benjamin; vertaal deur Estelle Platzoeder. Daan Retief.	
HAUFF, Wilhelm. Kalief ooievaar; vertaal deur Erne Potgieter. Kinderpers.	R7,95
HEINE, Helme. Maats; vertaal deur Zirkëa Ellis. H. & R.	R7,95
HILL, Douglas. Krygsheer van die melkweg; vertaal deur Jan Schaafsma. H. & R.	R7,25
HILL, Eric. Otto gaan skool toe, vertaal uit Engels. Van Schaik.	R6,25
HOLM, Anne. Die gyselaar; vertaal deur Maddie Labuschagne. H. & R.	R8,95
HUGHES, Shirley. Een aand by Dries-hulle. H. & R.	R7,95
JACOBS, Joseph. Koning van die katte; vertel en geïllustreer deur Paul Galdone. Qualitas.	R5,70
JONES, May Jones. Die uitsoekbok; vertaal deur Erne Potgieter. H. & R.	R8,95
KIPLING, Rudyard. Hoe die kameel sy boggel gekry het; vertaal deur Winie Rouseau. H. & R.	R7,95
LAWRENCE, M. Die ongewone orgidee. Daan Retief.	R6,50
LING, David. Wie kan raai wat het Oupa gekry?; vertaal deur Carl Lohann. Juventus.	R5,95
MAHY, Margaret. Die heks in die kersieboom; vertaal deur Hettie Hauman. H. & R.	R7,95
MARIS, Ron. Waar is jy, Beer?; vertaal uit Engels. H. & R.	R8,50
MARTIN, Dorothy. Probleem opgelos vir Peggy; vertaal deur Annalou Marais.	
MOOSTE sprokies vir kinders; vertaal deur Jalna Schumann. H. & R.	R10,95
O'BRIEN, Robert C. Mev. Frisby en die rotte van NIMH; H. & R.	R9,95
PALMER, Bernard. Danny Orlis haal die span; vertaal deur Annalou Marais. Fontaine Publikasies.	
SEED, Jenny. Die vrolike muil. Daan Retief.	R6,50
SPIER, Peter. Reën; vertaal deur Nerina Ferreira. H. & R.	R8,95

Verseboeke vir kinders

DE VOS, Philip. O tagga! 'n Gogga. Tafelberg.	R6,95
LUPATELLI, Anthony. 101 rympies.	R8,95

Taalkunde

BOTHA, J.P., red. Werkboek by die Afrikaanse taalkunde. Van Schaik.	R8,75
EKSTEEN, Louis. 'n Beeld van Afrikaanse woorde. H. & R.	R10,95
SCHREUDER, dr. J.D. en POTGIETER, G.N.	
— Mondelinge, skriftelike en praktiese stelwerk, begrip en interpretasie. Maskew Miller.	R4,55
VAN JAARSVELD, G.J., red. Wat sê jy?; studies oor taalhandelinge in Afrikaans. McGraw-Hill.	R29,70

Ander werke van belang

AUCAMP, Hennie. Woorde wat wond: geleentheidstukke oor randkultuur. Tafelberg.	
DEIST, Ferdinand. Nagdissipels. Tafelberg.	R6,50
MAGILL, Frank N., red. Duisend beste boeke: meer as duisend van die beroemdste en mees beminde geskifte uit alle eeue en lande. Boekdl. 4: SAN-ZWE Rubicon-Pers.	R18,83
PRINSLOO, K.P. en VAN RENSBURG, M.C.J., reds. Afrikaans: stand, taak, toekoms. HAUM.	R23,00
Heruitgawes	
BEUKES, Dricky. Die boeteling. Perskor Klubs.	R5,95
BEYERS-BOSHOFF, C.F. Die tydelike glans. Perskor Klubs.	R5,95
— Die vangnet. Perskor Klubs.	R5,95
— Verterende vure. Perskor Klubs.	
BOUWER, Alba. Stories van Bergplaas. Tafelberg.	R9,50
DE VRIES, Abraham H., <i>sarnest</i> . Die Afrikaanse kortverhaalboek. H. & R.	R16,95
— Kortom: gids by die Afrikaanse kortverhaalboek. Sagtebanduitgawe. Academica.	R7,50
DIRKS, Cor. Die Otters. Sagtebanduitgawe. Perskor.	R5,95
GROBBELAAR, Pieter W. Die mooiste Afrikaanse sprokies. H. & R.	
HEESE, Marié. Die pikkewouters van Amper-Stamperland. H. & R.	R8,95
KANNEMEYER, J.C. Die Afrikaanse bewegings. Sagtebanduitgawe. Academica.	R2,25
KRITZINGER, M.S.B. en EKSTEEN, L.C. Kompakte Afrikaanse Woordeboek. Van Schaik	R6,25
KROG, Antjie. Eerste gedigte. H. & R.	R11,50
LE ROUX, Etienne. Die Silberstein-trilogie. H. & R.	R18,95
LE ROUX, Marlene. Die vlindervanger. Sagtebanduitgawe. Tafelberg.	R6,95
LINDEMANN, Ben. Piet Kokkewiet, kokkewiet. Grootdruk. Makro-boeke.	R11,50
OOSTHUIZEN, Sats. Die Donderberg dreun. Perskor Klubs.	R5,95
— 'n Nooi vir Oostenhof. Perskor Klubs.	R5,95
— Die swart ruiter. Perskor Klubs.	R5,95
— Waar die suidooster woed. Perskor Klubs.	R5,95
ROUSSEAU, Ina. Versamelde gedigte. H. & R.	R16,95
ROUSSEAU, Leon. Die groot verlanse. H. & R.	R19,50
ROUX, Sophie. As die peerboom bot. Grootdruk. Makro-boeke.	R12,95
— Fluisterende waters. Perskor Klubs.	
— Onskendbare trou. Perskor Klubs.	
— Die skyn van die kwaad. Perskor Klubs.	R5,95
RUPERT, Rona. Die tweede verslag van 'n buitengewone ontmoeting. Sagtebanduitgawe. Tafelberg.	R6,75
SERFONTEIN, Dot. Liefde in die kwepertyd. Grootdruk. Makro-boeke.	R12,95
— Water op Mispah. Grootdruk. Makro-boeke.	R12,95
STRYDOM, Magda. Pakiesa. Grootdruk. Makro-boeke.	R13,60
VAN SCHALKWYK, Nickey. Jennie van Sewe Eike. Sagtebanduitgawe. Tafelberg.	R8,75

Voorgeskrewe boeke vir Matriek

Inhoud

De onrustzaaier
(Willem G. van Maanen)

W.S.H. du Randt
(U.P.E.)

Die Hartseerwals
(Hennie Aucamp)

G.A. Jooste
(U.P.E.)

Klein Avontuur
(Top Naeff)

D.F. Spangenberg
(Unisa)

Die jaar van die Vuur-os
(W.A. de Klerk)

J.H. Lewis
O.K.V.O., Pietermaritzburg

W.S.H. du Randt

De onrustzaaier (Willem G. van Maanen)

1. Die Tema

Een van die kortste paaie na begrip van die verhaal en sy tema is die titel: "De onrustzaaier". 'n Onrustzaaier is iemand wat die rus versteur, wat die orde en harmonie wat heers, kom aantast. In die konteks van die verhaal is meester Chris veral vanuit Pilaar se gesigspunt, sý kyk op sake, iemand wat die rus, vrede en roetine van sy lewe hier kom versteur het — maar dan in 'n ironiese sin, soos ons verder sal verduidelik.

Die titel het kortliks betrekking op meester Chris se roeping om te doen wat hy móét doen (vgl. par. 4, p. 72). As onderwyser aan en hoof van die laerskool, die Openbare Skool, word hy deur vriend en vyand gerespekteer vir sy vermoë om die kinders op te voed. Reeds tydens sy eerste onderhoud met Pilaar, in die geselskap van Evers, gee hy op 'n nogal krasse manier te kenne wat die grondslag van sy onderwysfilosofie is. Hy stem nie met sy voorgangers se metodes van onderwys saam nie (p. 32). Vir hom geld: individuele onderrig, geen tug nie maar indirekte leiding en veral die strewe dat die kind tot selfstandigheid gebring moet word. (p. 33)

Aan Heeringa het hy sonder omhaal van woorde sy teenkating teen 'n Christelike skool as sodanig uitgespreek. Heeringa wil die mense dom hou want 'n kritiese mens word afvallig van die kerk. Hy weer sal die mense van die "boom van kennis" laat eet. In der waarheid spot hy ligtelik met die idee van die mens wat uitgelewer is aan die godsdiens en nie toegelaat word om insig in die lewe te verwerf nie. Maar: wat sy onderwys self betref, kon Pilaar en andere nie fout vind nie. Vgl. hoe opvallend *rustig* hulle gebly het terwyl Pilaar buite met meester Chris oor die biljette praat (slotpar., p. 42). Pilaar noem dan ook dat hy tevrede was met meester Chris se prestasies as hoof (p. 61). Die skool het vroeg reeds twaalf leerlinge bygekry. Dis veral in sy verhouding met Gait, wat die stad uiteindelik saam met hom verlaat, en in die finale demonstrasie van lojaliteit deur die optog van kinders met hulle vlaggies, fluite en tromme (pp. 119—120) dat ons 'n oordeel kan fel oor meester Chris se toewyding aan, sy liefde jeens die leerlinge van sy skool. Vgl. par. 6, p. 61.

Maar die *onrus* wat hy *saai*, het direk betrekking op die onkonvensionele, die vreemde *idees* wat hy m.b.t. die volwassenes, en spesifiek tot sy vyftig aandklasstudente verkondig. Pilaar onthul al in die eerste hoofstuk ten opsigte van meester Chris: "hij wilde teveel en hij verwachte teveel. En hij was so weinig diplomatiek; hij *geselde* de mensen liever dan hij ze streefde ..." (p. 22). Meester Chris word hier vanuit Pilaar se kleinburgerlike, ortodokse, konserwatiewe waardestelsel beoordeel (vgl. die slotpar. p. 27; par. 3; par. 39; slotpar., p. 92). Vandaar dat Pilaar die tradisie wat alles van geslag tot geslag onveranderd laat, by herhaling noem: Hy beskou hom as die poort-

wagter; sy huis is die herbooue "vesting" van hulle stad; hy is die notaris wat waak oor die goeie orde ... nie die inhoud nie maar die vorm, die skyn van rustigheid en orde is van belang. Solank die skyn van rus en orde maar bewaar word, is hy en die owerheid gelukkig. Wat goed was vir sy vader is vir hom ook goed. Vgl. wat Pilaar in die slotsin van par. 4, p. 28 beweer.

2. Die Stryd

Maar die tittel hou veral verband met die godsdienstige "stryd" wat Pilaar hier ontketen. Hy self stel slegs belang in die oorwinning wat die nuwe hoof in die stryd om getalle moes behaal asook die triomf oor sy antagoniste, die wethouer en Heeringa. Oor die inhoud van die stryd, die vraag na wat reg en verkeerd is, steur hy hom voorlopig weinig. Sy enigste belang is sy doelwit om nie alleen die Openbare Skool in ere te herstel nie — en dan meer in die besonder omdat sy éér as voorsitter van die bestuur op die spel is — maar om die Christelike Skool in die proses 'n noodlottige hou toe te dien. In dié verband gaan dit ook nie om 'n beswaar teen godsdienst as sodanig nie maar sy afkeer aan Heeringa, die hoof en sy aanslae teen die Openbare Skool.

Die tema van orde en chaos, rus of onrus, kry veral beslag in meester Chris se oogmerk om 'n nuwe bewussyn van die lewe by die mense te kweek: hy wil hulle van die boom van kennis laat eet. Nie die godsdienst as sodanig nie, maar die manier waarop dit deur Heeringa, Paraplu (die wethouer) en Heidenmaal uitgebuut word (vgl. par. 2, p. 38) is verantwoordelik vir die situasie dat die mense "dom" en onontwikkeld bly. Niemand word "dom" gebore nie, maar mense maak hulself "dom" a.g.v. gemaksgug of luiheid of angs (p. 39). Dis die wethouer wat hom later daarvan sal beskuldig dat hy "vreemde idees" verkondig (vgl. par. 3, p. 91).

Sy ontwikkelingskursus wil dan van die mense *bewus lewende* en daarom gelukkige mense maak; hy wil hulle uit die passiewe aanvaarding van die bestaande lewenswyse ruk en hulle deur kennis en kritiese nadenke tot 'n hoër vlak van beskawing en bewussyn voer (p. 40). Waar Pilaar en Paraplu die mense deur *vorme* en *wette* aan bande lê, wil hy die mense bevry. Dit is dan ook die kern van sy verwelkoming aan die kursusingangers (p. 44): "Ik zal u dingen bijbrengen die het leven de moeite waard maken, want moeiten kost het. Ik zal u gevoel voor schoonheid geven, voor wat waar is in het leven en voor wat bedrog is ..." (p. 44). Geen wonder dat juffrou Heidenmaal hom as die rottevanger (van Hameln) beskou (p. 47) wat die kinders en volwassenes met sy idees vergiftig nie. Dis ook nie toevallig dat sy sowel as Heeringa hom as 'n satan beskou wat die siele van hulle dorpsgenote kom vergiftig met godslasterlike idees nie. Hy is die antichris wat die kinders weglok van die bestaande orde. Sy rugsak is vol van die vrugte van die boom van kennis ... maar wie daarvan eet sal vergiftig word en soos 'n hond sterf ... (p. 48).

Ondanks die feit dat die wethouer haar as "ontoerekeningsvatbaar" be-

stempel, d.w.s. iemand wat nie ten volle verantwoordelik is vir haar daed nie, is dit juis meester Chris wat aan die begin met haar 'n alliansie wil aangaan. Hy wys Pilaar dan ook tereg as lg. met haar spot (p. 36). Hy glo dat juffrou Heidendaal iets van die goddelike waarheid beet het en wil daarom haar samewerking bekom. Die verskil is alleen daarin dat hy die mense vir die lewe hier op aarde wil opvoed, terwyl sy hulle vir die lewe hierna wil voorberei. Vgl. in dié verband ook hoe hy hom van Christus onderskei: par. 2, p. 74.

3. 'n Belangrike fondamentsteen

Dit blyk dus spoedig dat meester Chris 'n magtige invloed op mense uitoefen. Maar dit is juis dié feit wat Pilaar teen hom hou. Een van die belangrikste fondamentstene van beskawing is volgens hom om te weet dat 'n mens ander mense met rus moet laat (par. 4, p. 52). Die verwysing na die woord "rus" of "onrus" word dan ook 'n refrain in die werk: Pilaar wil juis dat meester Chris vertrek; hy het genoeg ellende met hom gehad: "... Maar hij past niet in onze stad, en ik geloof dat hij in de gehele maatskappij niet past ..." (p. 28). Die nuweling was weliswaar 'n vegter maar hy veg helaas vir dinge wat die rus versteur. Vgl. hoe "rustig" Pilaar hom telkens voordoen (par. 7, p. 32). Die vorm is vir hom belangrik, die skyn, bv. om ondanks sy innerlike drif sy "waardigheid" uiterlik te behou (p. 32). Vandaar dat Heeringa dan ook in so 'n mate oor die "gemoedsrust" van die mense begaan is (par. 9, p. 58). Dit lyk soms of die rustigheid van hulle stad deur 'n "storm" vervang is (par. 1, p. 59); Pilaar word al hoe meer "ongerust" (par. 7, p. 60); volgens hom wil die mense nie tot nuwe lewe gewek word nie; hulle het al lankal "te ruste gegaan" (par. 3, p. 62). Hy doen aan die hand dat Meester Chris versigtig voortgaan sonder dat ander mense hulle daaraan "storen" (par. 5, p. 62). Ook meester Chris begin "rus" as 'n sleutelwoord gebruik: hy vra Pilaar om hom met *rus* te laat (par. 1, p. 63). Pilaar se aanvanklike vertwyfeling en vrees verander algaande in verset en verwyte: Hy leer die mense dinge waarmee hulle geen raad weet nie. Hulle word daar opstandig van, onrustig, onseker ... (par. 5, p. 72). Dis Lopend Vuurtjie wat Pilaar se oordeel dat meester Chris sy opvattinge te *fanaties* probeer afdwing (vgl. par. 2, p. 93) as vals aan die kaak stel: As *vry* mens, geestelik *vry*, behoort Pilaar met alles in dié versiekte maatskappy *oneens* te wees maar Pilaar is juis nie *vry* nie, hy is 'n *burgerman*, dit gaan te goed met hom ... dit gaan te veel om die skyn, die *fatsoen*, die vorm ... Dinge word in hulle stad toegelaat nie omdat dit werklik Christelik is nie — trouens, die aksie teen meester Chris is die teendeel van ware Christelikheid — maar omdat dinge *in die naam* van Christus gebeur (vgl. par. 1, p. 96). Dis om dié rede dat juffrou Heidendaal onder die *waan* verkeer dat alles wat sy doen in die naam van Christus geskied. So ook is Heeringa in sy geveinsheid en liefde-loosheid 'n tipiese voorbeeld van 'n Fariseeër wat allermins weet wat Christelik is. Op dieselfde manier is juffrou Heidendaal se metode om van

meester Chris se kermiswa op die plein ontslae te raak oneerlik en die Christen onwaardig — maar dié dinge tel nie by die wethouer nie. Ondanks die bekentenis dat hy juffrou Heidendaal nie as toerekeningsvatbaar beskou nie, gebruik hy haar egter as 'n belangrike bondgenoot in die stryd van die twee skole. Kortom, dit gaan nie om wat reg of Christelik is nie maar om dit wat politiek voordelig is.

Dis slegs Lopend Vuurtjie wat, ondanks sy nonchalante toegewing dat hy meester Chris en sy optrede bloot nuuswaardig vind en geen werklike simpatie met sy idees het nie, insig het in die aard van die konflik: dit gaan, skryf hy, "... over de gemiste kanzen tot culturele en sociale verheffing van onze verarmde en verziekte stad ..." Pilaar is hiervolgens die "... steunpilaar van een vermolmd bouwzel ..." (p. 99). Dis trouens tydens dié drie uur van die notaris se herlewing van die geskiedenis dat ons in sy veranderende kyk op sake, sy groei tot insig, 'n dramatiese voorstelling kry van die ironiese betekenis wat die titel inhou. Vgl. bv. hoe Pilaar steeds, terugskouend, erkennings maak oor sy eie gebrek aan insig: par. 3, p. 102; die slotsin van par. 3, p. 110, ens. In 'n finale konfrontasie is dit meester Chris wat self op sy rol as sg. onrusaaiër kommentaar lewer: Pilaar beweer dat hy hulle saak verknoei het deur hom vir sy eie, vreemde idees eerder as die welsyn van die skool en kinders te beywer (eerste paar par., p. 122). Hierop reageer meester Chris: Ek wil die mense tot lewe wek ... Die werklikheid moet rekening met my hou ... anders gaan dit tot niet ... Pilaar self is reeds aan die slaap vir die nuwe lewe en kan nie meer gewek word nie ... (p. 122). Pilaar se nogal sarkastiese kommentaar hou direk verband met dié sentrale aspek van die titel-as-tema: "ik geloof dat je je tijd ver vooruit bent, meester Chris. Ik kan je ten minste niet volgen, en ik ben de enige niet ..." (par. 4, p. 123). Meester Chris vermoei mense: "... Die zucht de mensen anders te willen maken dan ze zijn, de hele wereld anders te willen maken, dat is dodelijk vermoeiend ..." (p. 124). Hierin lê dan die kern van die konflik tussen dié twee: dit gaan nie om 'n botsing van persoonlikhede nie, maar om 'n stryd tussen twee waardestelsels. Aan die een kant die strewe, die roeping, die plig om mense van 'n valse sekuriteit, 'n oppervlakkige rus en orde tot lewe te wek; aan die ander: om onder die dekmantel van 'n breë sg. verdraagsaamheid die bestaande orde, die tradisie, die valse waardes vir politieke of godsdienstige redes in stand te hou.

Ten slotte wil ons daarop wys dat die tema van die werk ten nouste gekoppel is aan die groeiende besef by die leser dat die verhaal, ondanks eerste indrukke, geen "aanval" op die kerk en ons geloof is nie. Dit wil aanvanklik voorkom asof die skrywer té eensydig was in sy voorkeur vir en simpatie met meester Chris en sy nogal humanistiese idees oor ware lewe en vryheid. Maar as ons algaande dieper as dié oppervlak kyk, merk ons dat meester Chris — *ondanks* maar ook *danksy* die pogings om die identifikasie met Christus te ontken — juis die vergestaltung word van Christus self en sy stryd teen die "tradisie" van sy tyd, sy stryd teen die kerk en die sg. gods-

dienstige leiers van die tyd ... teen die gesag van die wet ... Vandaar dat Christus ook in der waarheid gekom het om die tempel af te breek, die Wet te vervul, die evangelie van 'n oorvloedige lewe hier op aarde te verkondig. Ook in dié sin was meester Chris dan soos Christus 'n ware vernuwer wat as onrusaaiër uit die maatskappy verwyder moes word.

G.A. Jooste

Die hartseerwals (Hennie Aucamp)

In *Gesprekke met skrywers I* (1971.6) sê Hennie Aucamp aan J.P. Smuts dat die titel van 'n verhaal vir hom 'n sleutel is tot betekenisemoontlikhede, toon en sfeer wat die leser kan verwag. Wat hy hier sê, geld in 'n mate vir die titel van hierdie bundel kortverhale: dit is 'n voorspelling, want sonder uitsondering bevat elke verhaal 'n element van hartseer, in sterker of milder graad. Maar dit wil nie sê dat hierdie verhale almal eenders is nie. Intendeel: daar is wel 'n aansienlike mate van verskeidenheid.

Rialette Wiehahn wys in 'n resensie (Desember 1965) op die wyer wêreld wat Aucamp se verhale in *Die hartseerwals* beskryf; dit is 'n groter wêreld as in sy debuutbundel. 'n Leser wat die tiental verhale in *Die hartseerwals* beskou met 'n ondersoekende oog vir die verskille t.o.v. die storiewêreld, kom gou agter dat die vertelde wêreld in hierdie verhale eintlik maar twee baie bekende sfere is, naamlik die plaas (waarmee 'n mens saam kan lees: die landelike en kleindorpse omgewing), en daarteenoor die grootstad (identifiseerbaar as onderskeidelik Kaapstad en Londen). 'n Leser wat kennis het van die ouer Afrikaanse prosa sou op sterkte van hierdie onderskeid dalk voorspel dat hierdie verhale op tradisionele manier die plaas of platteland ophemel as 'n vriendeliker en minder gekompliseerde lewensoord, terwyl die stad ouder gewoonte verdoem word as die gestalte van Sodom en Gomorra. In dié bundel van Aucamp kom daar egter niks van hierdie onderskeid tereg nie, maar dieselfde tematiese draad loop deur al die verhale: die mens leef uitgelewer aan 'n genadelose werklikheid wat hom sloop en ont-nugter, ongeag waar hy is. Ernst van Heerden noem Aucamp se liefde vir en begrip van die mense wat hy teken sy "markantste trek" (1969.75), en hierdie deernis versag in party verhale die wreedheid van die werklikheids-situasie. Die leser het te doen met verhale wat onthul, wat momente van bewuswording van die aard van die werklikheid openbaar.

Hierdie verhale van Aucamp vertel dus elkeen 'n hartseerstories oor die mens se onvermoë om sy eie geluk en gemoedsrus te verseker. Die plek waarin elke storie geplaas word, speel mee. Boeremense soos oom Johannes en oom Stefaans (in respektiewelik "'n Man soos Johannes" en "Die tweede wind") hoort vanselfsprekend tuis in die plaas en plattelandse omgewing,

want hulle put hul krag juis uit daardie bestaan in daardie omstandighede (dink maar aan die manier waarop oom Johannes se vrou die ooreenkoms tussen hom en sy stoetbul onthou) en daarom word die ruimte 'n geïntegreerde aspek van die storie. Tog word die agtergrond in geneene van hierdie verhale 'n dwingende teenwoordigheid wat voorgrond toe wil skuif nie. Op die voorgrond staan telkens die weerlose mens in wisselwerking met ander mense wat ewe weerloos is of hul eie weerloosheid verskans agter 'n robuuste of gepoleerde optrede.

Die hartseertoon is aanwesig in elke verhaal in *Die hartseerwals*. Die titelverhaal vertel die storie van 'n dom en vet meisie wie se grootste begeerte in die lewe, om te trou, verpletter word wanneer 'n wewenaar wat deur haar ouers aangekeer en saggemaak word, nie saamspeel nie. Omdat sy dom is, beskik die arme Hetta eintlik nie oor maniere om haar smart uit te druk nie. Al wat sy kan doen, is om haar enigste treurige plaat te speel, en dié is, volgens die verteller se verslag, nie treurig genoeg vir hierdie geleentheid nie. Sy word dus ook die uitleef van haar smart ontse. 'n Soortgelyke figuur tref die leser aan in "Poffertjie", 'n verhaal oor 'n ongekwalifiseerde verpleegster wat eintlik te onwetend is om na selfverheffing te streef, en wat deur 'n genadelose en sterk werkgeefster verniel word deurdat dié haar selfs die geringste bietjie menslikheid ontse. Ooreksplisiet is die verteller se kensketsing van Poffertjie: "Die lig in haar vlakblou oë is dié van een wat nie vlug van begrip is nie, wat lank aan klein vreugdes en verdriet herkou voordat sy die waarde daarvan bepaal" (p. 56). 'n Oormaat vertellersmededeling (soos byvoorbeeld die slotparagraaf) is eintlik hierdie verhaal se doodsteek, want uit die wrywing tussen Poffertjie en haar werkgeefster, asook Poffertjie se gedagtes oor die mooi student, behoort die leser genoeg te kan aflei oor die geestelike armoede en gevolglike ontbering van die ongelukkige vrou.

Die weerloosheid van vroue teenoor die oorheersing en skynbare of werklike ongevoeligheid van lewenskragtige mans is meermale die oorsaak van die groot hartseer. In "'n Man soos Johannes" en "Die tweede wind" is tant Sarie en tant Fien twee bejaarde boervroue wie se probleme met gesondheid en ouderdom vererger word deur die optrede van eggenote wat skynbaar geen begrip het vir swakheid nie. Die amper volwasse tienerseun in "'n Bars loop deur die wasbak" is sy ma een oor omdat sy hom onderskat, en sy respek verloor in haar stryd teen die onbeskofte loseerder.

Soos in bogenoemde drie verhale is die vergeefse stryd teen die ouderdom en aftakeling tematies sentraal in "Afia se middag" en "Die uitdaging". Die kunstenaars wat die bruin meisie Afia teken en skilder en haar sodoende gereeld in haar geselskap hou, soek in die jeug 'n ietwat onseker anker. In die ouer vrou het die siekte te ver gevorder vir genesing, maar die geleentheid om die skoonheid (soos byvoorbeeld van die jong meisie) te verduursaam in die kuns, dien as kompensasië. Martin en Paddy, die twee kanniedoodstryders teen die tyd, wat die berg aanpak, kom eweneens onwrikbaar te staan

teen hul eie onmag om die steiltes baas te raak.

“Die Caledonner” en “Die laaste skooldag” vertel albei die stryd van ’n buitestaander in ’n kleindorpse boeregemeenskap. In die eerste geval is die nuweling se status as lekker kêrel en lewensgenieter van meet af in gedrang wanneer hy hom in dié hoedanigheid op die nuwe dorp wil vestig. Die twee vroue wat teenoor hom optree, respektiewelik die jong rooikop Suzie en die ouer en huisliker Malie, verteenwoordig die alternatiewe moontlikhede. Sake word tydens ’n boeredansparty op die spits gedryf, sodat die Caledonner sy eie kaalheid (nie slegs in sy hare nie, en ondanks die modieuse vere) moet herken en erken, en teensinnig oorgee aan wat voorheen vir hom swakheid was. Die jong taalonderwyser in “Die laaste skooldag”, wat homself beskou as die enigste sensitiewe siel omring deur taal- en kultuurfilistyne, veg ’n verlore stryd teen die omgewing, sy leerlinge, sy hoof en sport. Hy moet ten slotte erken dat hy nie opgewasse is teen die kragtige en gewone lewe van elke dag nie. Dit is vir hom geen skande as hy met die rugby faal nie, maar hy word tot bitter insig gedwing deur die besef dat hy, die kritiese en begeesterde taalman, deur die kinders uitgelag word oor sy onvermoë om sy woord te doen.

“Die rooi deur” verskil van die ander verhale omdat die hoofpersoon nie dadelik in fokus kom nie. Die verteller konsentreer aanvanklik op ’n stuk lewe van die Duitse seuntjie Heinz-Jürgen, wat ’n verlore stryd voer om sy vals meerderwaardigheid te behou. Omdat die verhaal meegedeel word deur ’n ek-verteller wat ook as personasie aan die storiegebeure deelneem, kom hierdie figuur mettertyd sterk in fokus. Dit is immers sy bespiegeling wat die laaste gebeure is wat vertel word. Die rooi deur in die grys omgewing het aanvanklik konsekwensies vir die seun en sy eensaamheid, maar namate die ek-verteller se waarneming van en gedagtes oor die seun se onhoudbare situasie op die voorgrond kom, word die deur en die betekenis-moontlikhede daarvan deel van die verteller se eie denke oor sy eie bestaan, en slaan die besef van die vergeefsheid van so ’n opstand teen die grysheid ten slotte op sy siening van die lewe.

Die verhale in *Die hartseerwals* vertoon tematies ’n redelik hegte eenheid. Die treur- of hartseerstemming heers in elke verhaal, hoewel daar in die verhale heelwat afwisseling aangetref word in die uiting van hierdie stemming, d.i. die vertelde gestalte waarin die leser dit aantref.

In elke geval word die grondtoon van die verhaal gevestig deur ’n bepaalde bewussyn wat by ’n personasie ontstaan. Die aanvang van die verhaal skets ’n situasie waarbinne ’n kort handeling kan ontwikkel, en waarbinne die gebeure telkens so verloop dat die personasie in die storie bedroë en bewus van groot ontnugtering bly sit aan die einde van die kompakte reeks gebeure. Hierdie patroon geld egter nie onbuigsaam vir elke verhaal nie.

In die titelverhaal is die vet meisie se uiteindelijke teleurstelling nie vir die leser onverwags nie. Die kort gesprekkie met die bitsige vriendin is eksplisiet genoeg om Hetta se onaantreklikheid bo twyfel te stel. Hiervan is haar voor-

koms maar net die sigbare bevestiging, en wanneer die verwagte besoeker in 'n grys broek opdaag, weet die leser dat die saak vir Hetta verlore is. Benewens Hetta se dilemma dien die verteller se aanbod van die storie (die fokus op die armoede van die bywoners, die onthulling van hul nederige stand, die suggestie van die vlakheid en saaiheid van hul bestaan waarvoor die kaal werf en die treurige huisie teken is) daartoe om by die leser deernis te wek vir die beperktheid en onwaardige weerloosheid van hierdie mense. Hetta se onvermoë om haar smart werklik uit te druk word 'n beeld van dié stomme mense se algehele beperktheid. Dit is 'n onwetendheid wat Hetta se smartbewussyn waarskynlik begrens, soos Poffertjie s'n asook die van mevrou Potter in "'n Bars loop deur die wasbak", want iemand wat nie baie gewoond is nie, versoen hom met beperking. Die leser ontdek egter, vanuit sy meerderwaardige en ingeligte posisie, 'n deernis vir hierdie gevange mense wat uit die verhale straal. In "Die hartseerwals" kom die humor byvoorbeeld tot die redding wanneer die lot van die mense pateties raak: dink aan Hetta se pa se verduisterende verduideliking van haar "moeilikeheid", en die verteller se skynbaar ernstige bevestiging daarvan met die verwysing na die mense se respek daarvoor, sodat dit mettertyd in 'n deug omgesit het. Die opsetlike verswyging van die naam van die plaat wat Hetta ten slotte speel, nooi die leser tot deelname.

Die deurbreek van die bewussyn is in die Caledonner 'n veel pynliker gewaarwording omdat dié personasie, hoewel beperk, tog tot omvangryker gewaarwording as Hetta in staat is. Ook in sy geval gaan die intree van 'n nuwe bewussyn gepaard met 'n verlies: waar sy naam aan hom aanvanklik 'n allure van meerderwaardigheid verleen het, word dit ten slotte 'n dwingende bevestiging van sy onvermoë om iets blywend tot stand te bring in terme van sowel loopbaan as persoonlike verhoudinge. Sy gevoel van assosiasie met die sangeres wat beroemd kon gewees het, word geïroniseer deur die medium waarin hy hom op die party wil onderskei, naamlik die rinkelhalsdans. Hy word onthutsend van sy waardigheid gestroop en aan die waardes van die boere-omgewing uitgelewer deur die sterk boom van 'n boer wat hom in die stof in trek. Kaal, gestroop van sy brawade en sy beeld, sy formules vir sosiale sukses daarmee heen, gee hy hom oor aan die gevangeneskap van die huishoudelikheid. Die verteller se ooreksplikasie van die tronkbeeld in die slotparagraaf is hinderlik, aangesien die implisiete parallel tussen die man en die skoothondjie wat albei onder die vrou se sorg kom, hom reeds genoegsaam gestroop het van geloofwaardigheid.

In drie verhale met heelwat gemeen is die later stadia van liggaamlike aftakeling deur ouderdom die oorsaak vir die hartseer: "Die uitdaging", "'n Man soos Johannes" en "Die tweede wind". In hierdie verhale tree daar elemente op wat die hartseer verskerp maar tegelyk ander elemente wat die bewussyn van die oorgawe aan die ouderdom temperend begelei, en troos bied aan die lydendes (soos die steun van kameraadskap, en die herwaarderding van eie besit en waarde).

In "Die uitdaging" word die natuurliefhebber Martin tuis geteister deur 'n onaangename en parasitiese skoondogter wat sy dae versuur en sy lewensmoed breek. Weens sy (geïmpliseerde) sagsinnigheid is hy nie opgewasse vir die jonger vrou nie, en kan hy maar magteloos toekyk terwyl sy beslag lê op sy lewensruimte. Die staptog teen die berg uit word deur hom aangegryp as 'n kort en lewegewende ontsnapping uit die huis wat hom knel, maar sit skynbaar om in die teendeel wanneer Martin en sy nog mankolieker vriend Paddy genadeloos deur hul eie liggaamlike swakheid gekonfronteer word, en hulle die poging moet laat vaar lánk voordat hulle halfpad teen die berg uit is. Die reddende troos tree egter in in die vorm van kameraadskap tussen die twee oues, asook 'n verlossende besef van die belaglikheid van hul poging. Hierdeur anders gestem as vroeg die more, keer Martin terug huis toe met 'n bewussyn van 'n band tussen hom en Paddy, en verder 'n waardering vir die vrede wat hy tog nog het. 'n Soort troos vir die toekoms vind hy in sy waardering vir die een kleindogter, wat hom aan sy oorlede vrou herinner.

Die ander twee verhale wat hierbo genoem is, vertel twee situasies wat heelwat ooreenkoms vertoon: vroue van om en by sestig wat ly onder hul eie swak gesondheid en hul eggenote se goeie gesondheid. Die onverminderde energie en daadkrag van die mans wek by hul vroue nie slegs die indruk van ongevoeligheid nie, maar 'n toenemende liggeraaktheid wat die verhoudinge steeds meer vertroebel. Tant Sarie (in "'n Man soos Johannes") meen die skim van 'n mededinger om oom Johannes te herken, 'n vermoede wat amper sekerheid word wanneer sy die bestaan van 'n sekere rok ontdek. Die besef dat dit vir haar is, uit simpatie met haar siekte 'n geskenk om haar op te beur, bring by tant Sarie die bevrydende bewussyn dat haar man tóg van haar bewus is, en laat verdwyn alle agterdog en terughoudendheid by haar. In die vernuwning van die kameraadskap tussen hulle vind tant Sarie steun en geloof vir die toekoms.

"Die tweede wind" volg naastenby dieselfde handelingspatroon: die vrou van 'n bedrywige boer voel haar emosioneel verlate en uitgelewer aan haar eie aftakeling terwyl haar man al hoe meer floreer en die verhouding tussen hulle al ongelukkiger word. In hierdie verhaal is dit egter die vrou wat met verstandige optrede die saak beredder: tant Fien onttrek haar en gaan rus by die see. 'n Toevallige ontmoeting met 'n jeugvriend, en die gevolglike opbloeï in die vriendskap, bring vir tant Fien al die voordele van 'n herstel van haar selfvertroue, en saam met die liggaamlike rus is haar kuur voltooi en voel sy haar gereed om weer haar plek vol te staan.

In "Die laaste skooldag" ontdek die taalonderwyser Herman Roux sy eie bankrotenskap: sy onvermoë om sy taak uit te voer, om die skoonheid te kommunikeer aan die mense om hom wat klaarblyklik veel minder daarvan begryp as hy. Die bewussyn van sy mislukking stroop hom van sy geloofwaardigheid vir homself, en veroorsaak 'n dubbele verraad: nie slegs verraai hy die kuns nie (volgens die verteller se ironiserende verslag lees Herman

gedigte "of dit markverslae is"! (p. 65), maar hy daal tot die vlak van die mense wat hom verneder deur hulle te begin haat. Hy haat die bombastiese en baasspelerige skoolhoof wat weet hoe om met gewone kinders te werk, en hy haat selfs sy enigste akoliet Santie omdat sy tydens sy toespraak in die saal begin giggel, sy poging ontwrig en hom ontsenu. Met die afskeid van Santie word hy bewus van haar haat vir hom, volgens die verteller se (ietwat hinderlike) interpretasie 'n haat van lankal, en daar daag by hom die besef dat hy eintlik skuldig is daaraan dat hy die skoonheid verraai het omdat hy swak is, oop en nie weerbaar genoeg nie. Gesloop en sonder troos of illusie blaas hy die aftog.

Hierdie verhaal laat blyk in die aanbod min van die verliggende humor wat soms in ander verhale die hartseerstemming balanseer. Die verteller tree in "Die laaste skooldag" grimmig op: hy stapel die besonderhede genadeloos en onthul behalwe die onderwyser se onvermoë om met mense om te gaan veral sy liefdelose houding. Hoewel die verteller self anoniem bly, word heelwat karakteriserende gegewens meegedeel soos ervaar deur die perspektief en in die gedagtes van die personasie Herman. Hieruit blyk sy veragting vir die skoolhoof Smit (p. 61), sy onbevestigde assosiasie met die predikant (daar word niks anders as Herman se gedagtes meegedeel wat kan bevestig dat hy en Dominee inderdaad geesgenote is nie) en sy veragting vir die predikant se vrou wat tog maar net 'n woord van geneentheid van hom wil hoor (p. 73).

Ewe grimmig en humorloos is die mededeling in die verhaal "Die rooi deur". Die vertelde wêreld van hierdie verhaal is 'n baie neerdrukkende en grys woonbuurt, klaarblyklik in 'n armoedige deel van die wêreldstad Londen. Die ek-verteller is 'n afsonderwyser by 'n skool wat eerder soos 'n tronk lyk, en soos in "Die laaste skooldag" word die onsekerheid van skoonheid as protes en die vergeefsheid daarvan (verbeeld deur die rooi deur) in die konteks van 'n alledaagse wêreld aan die lig gebring. Omdat die woordvoerder hier 'n onderwyser is, en hom klaarblyklik nie magteloos uitgelewer voel aan 'n onverstaanbare wêreld nie (soos byvoorbeeld mevrou Potter in "'n Bars loop deur die wasbak", en 'n paar ander wat reeds bespreek is), kry die leser saam met hom 'n ander soort kyk op die mens en sy wêreld. Dit is duidelik as 'n leser byvoorbeeld Hetta se gedagtes oor haar pa se probleme met Mister Benson (p. 4) vergelyk met die verteller se gedagtes oor die jong Duitse seuntjie se eensame posisie in die Engelse skool (p. 78). Dit gaan in hierdie verhaal dus om die waarde wat die rooi deur vir die onderwyser het, want dié volwassene se insig in Heinz-Jürgen se situasie laat blyk gou dat die rooi deur, soos mevrou Juff dit bedoel, 'n gruwelike vervalsing is, 'n ongelukkige oorblyfsel van 'n droom, 'n vergeefse daad van verset en wanhoop.

Anders as in ander verhale wat reeds bespreek is, oorval die insig niemand in "Die rooi deur" skielik en met 'n verlamme skok nie. Die rede daarvoor is die perspektief op die tyd van die gebeure: wanneer die vertelling 'n

aanvang neem (p. 77), is die storiegebeure reeds verby want die verhaal in sy geheel word terugskouend vertel. Daardeer gaan die onmiddellikheid en kompaktheid enigermate verlore, en kry die leser ook nie 'n verrassende wending nie. Dit is vir mevrou Potter (en in 'n mate vir die leser) 'n verrassing dat haar seun nie bly is oor die nuwe wasbak nie, en met sy optrede laat blyk dat hy sy ma se huigelagtigheid deursien. "'n Bars loop deur die wasbak" word in sy geheel in die teenwoordige tyd meegedeel, sodat die leser die indruk kry dat hy die gebeure op die voet volg: aan die begin van die verhaal weet die leser net so min as mevrou Potter en haar seun wat die afloop gaan wees. Maar in "Die rooi deur" is die verteller die leser voor: in sy hoedanigheid as verteller kyk hy terug op 'n geheel van gebeure wat hy as personasie beleef het, en kan hy daarom 'n veel langer tydsverloop dek as in die ander verhale (etlike maande verloop nadat hy navraag gedoen het oor die seun) en kan hy sy eie, bespiegelende stempel afdruk. Omdat die leser hierdie storie ervaar via 'n bekende identiteit wat homself deeglik laat geld, gaan daar iets van die trefkrag verlore, en word die verhaal eerder 'n stuk interpretasie as voorstelling. Die skerpte van die indruk gaan in 'n mate verlore, die rooiheid van die deur raak in die agtergrond.

In *Kort voor lank* (1978.139) beweer Aucamp dat vele van sy verhale aan oorverstewigde slotte ly; dit is byvoorbeeld 'n hinderlike neiging om ten slotte die kerngedagte nogmaals in te hamer. Hieraan ontsnap "Die rooi deur" nie, want die lotgevalle van die stomme Heinz-Jürgen was nooit eintlik in die prentjie nie, en die bespiegelende verteller kon sy herinneringe aan die deur heelwat ingekort het.

Benewens kleiner hinderlikhede (voorbeelde van ooreksplikasie is uitgewys) vertoon *Die hartseerwals* aan die leser 'n sterk eenheidsindruk, want die verhale is rondom 'n duidelike kern gebou, naamlik die droewige stemming. Tussen die bewussyn wat stroop en onthuts enersyds, en die geloof en vrede wat troos andersyds, verkeer die mense oor wie vertel word in mindere of meerdere mate van weerbaarheid. Die verhale bied 'n simpatieke kyk op die onvermoë van die mens om te ontkom aan die geringskatting van ander, die valsheid van fasades, die afskil van weerstand en waardigheid, die isolasie en ontnugtering, die eensaamheid en die swakheid.

Bibliografie

1. Aucamp H. 1978 *Kort voor lank*, Kaapstad: Tafelberg.
2. *Gesprekke met skrywers* 1971, Kaapstad: Tafelberg.
3. Van Heerden E. 1969 *Die ander werklikheid*, Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
4. Wiehahn R. 1965 *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*.

D.F. Spangenberg *Klein avontuur* (Top Naeff)

Die verhale in hierdie bundel van Top Naeff volg 'n tradisionele plotpatroon waarin 'n karakter uitgebeeld word in 'n belangrike, ingrypende situasie, gebeure of episode in sy/haar lewe. Via so 'n uitbeelding word treffende karakter- of lewensinsigte vir ons gegee. Dit is die wese van die tradisionele kuns kortverhaal.

Rendez-vous

Uit die verhaal blyk dat die burgemeester maar 'n redelik saai, miserabele lewe saam met sy vrou voer. Gee 'n paar voorbeelde van die verwysings daarna. Skielik kom daar dan 'n belangrike, ingrypende gebeurtenis in sy lewe: die vrou (digteres) met wie hy jare gelede as student 'n verhouding gehad het, sou 'n voordrag op hulle dorpie kom hou. Jare gelede het sy aan hom 'n paar gedigte gegee, en dié lê "soos 'n soet geheim" op sy solder. Om haar weer te sien, sou vir hom "dit noch éénmaal verheven ogenblik van zijn leven" wees. Let op hoedat hier dus duidelik sprake is van 'n belangrike, ingrypende oomblik in sy lewe. Ongelukkig word dié ingrypende oomblik op die ou end vir die burgemeester nie 'n verhewe oomblik nie, maar net die teenoorgestelde, nl. 'n uiters skokkende oomblik wanneer die vrou daardie selfde private gedigte in die openbaar voorlees! Die skok word pertinent beskryf: "Met een schok dook de burgemeester terug in zijn stoel, en al wat tot dit ogenblik jong en blij in hem was geweest, verstijfde". Karakterbeelding, en met name die uitbeelding van die karakter van die burgemeester, is sentraal in hierdie verhaal. Ons het hier die uitbeelding van 'n mens in sy verwagtings (verlangens), teleurstelling en uiteindelijke selfinsig: "Schoft die hij was. Stommeling!". (Die woord "schoft" beteken "skurk").

Debutanten

'n Ewe ingrypende oomblik, meer bepaald 'n keerpuntmoment (in die lewens van twee jongmense) word uitgebeeld in hierdie verhaal. Let op hoe pertinent word die keerpuntmoment in die lewe van die jong kelner beskryf:

"Laat het dan maar staan," glimlachte ze. Er zijn minuten, die verleden, heden en toekomst omvatten, waarin een kind tot mens rijpt en mysteriën worden onthuld.

Zulk een minuut doorleefde de kleine kelner van de gelegenheid voor kunsten en wetenschappen, terwijl hij, vers van de schoolbanken, met neergeslagen ogen, tussen een glazen lampetkan en twee zilveren voetjes, in een wereld vol geheimenis, plotseling de genade vond.

In 'n krisisoomblik verloor die jong seun sy beskroomdheid en word fier en robuust: "In luister zag ze hem gaan, fier, secuur, buik-in, borst vooruit, in zijn handen het blad, als een offerschaal". Let egter op dat daar terselfder tyd óók in die meisie (Mientje) 'n keerpunt, 'n omwenteling plaasgevind het. Nadat sy die hele aand ongeduldig was met 'n heel negatiewe houding ("Gans bevangen van koude, uitgehonger, en door de stilte omsloten"; "Ongeduldig duwde Mientje, halfbevoren en boos"), en nadat sy haar komende optrede as 'n "abnormale onderneming" beskou het, kom daar eensklaps 'n besliste keerpunt by haar: "En toen eerst begreep zij". Wat begryp sy? Nl. dat die jong seun ook bang is, en net so 'n debutant soos sy. En nadat sy tot hierdie besef gekom het, verander sy dadelik; ons lees naamlik: "Na de gehele avond niet gelachen te hebben, glimlachte zij, tot troost van de kleine kelner, misschien tot zijn eeuwig geluk ... Het was een mei-gebeuren, een wonder van lieflijkheid". En as die jong seun dan sy vrees afskud en die kraffie water moedig indra, besluit sy om hom te ewenaar, "met zelfvertrouwen en vakkennis, met liefde en vlijt". Die honger en koue en spinnerakke, ens., waarna so telkens in die verhaal verwy is (gaan dit na), is skielik vir haar van geen belang meer nie, wat wel van belang is, is die innerlike vreugde van die taak wat in skoonheid vervul word. Dít maak jou sterk en van hemellig omstraal:

Wat betekenden ze in verhouding tot de innerlijke vreugde der in schoonheid vervulde taak!

De kleine kelner, Alfred de Musset en zij, Mientje van den Brink, op hen kwam het aan, voor hen was deze wereld geschapen. En onafhankelijk traden zij naar binnen, sterk, en van hemellicht omstraald.

Mijn dichter, neem uw luit!

Baie belangrik in hierdie verhaal is die geestige, speelse, humoristiese toon soos ons dit telkens vind in die beelde, sienings en beskrywings. Sorg dat u heelwat voorbeelde daarvan kan gee; vgl. bv. die volgende: die verwysing na die stadje wat byna van die kaart af val; die vergelyking van Mientje met 'n windhond wat beef in 'n spelonk; die beeld van die *swerm* wit hande; die siening van die verhoog as 'n wankelende Parnassus en ten slotte die siening van die kelner as 'n "schilletje van een mens". Watter treffende beeld is hierdie lg. nie; in sy weerloosheid en nietigheid is die kelnertjie slegs 'n skilletjie van 'n mens.

Een confrontatie

Ook hierdie verhaal loop op tot 'n ingrypende oomblik, 'n keerpunt-oomblik in die lewe van die sangeres Eva Dulac, nl. wanneer sy in die trein die kindjie in al sy heerlikheid sien ("de verborgen schat in al zijn heerlijkheid") en met

'n intense geestelike (en selfs fisiese) skok besef hoedat sy al die jare die diepste behoefte van haar liggaam (nl. die behoefte aan 'n kindjie) onderdruk het, as't ware die kreet van haar liggaam versmoor het:

Een fysieke pijn, zo hevig, alsof haar hart sprong en haar zenuwen scheurden, doorschokte Nettie en het was, of zij de gesmoorde kreet van haar bloed hoorde ... De kreet, waartegen zij had opgezongen, avond aan avond, in de lange schimmenrij der jaren ... en die zich in dit ene ogenblik, waarin haar lichaam — geconfronteerd — zijn diepste nood ontdekken moest, noch naar haar keel wrong ... Dit was het oude, stompe leed niet meer, dit was bloedig, als een verse messteek...

Vergelyk die keerpunt-oomblik hier ("in dit ene *ogenblik*") met die keerpunt-oomblik ("dit noch éénmaal verheven *ogenblik* van zijn leven") in *Rendez-vous*. So intens is haar ervaring dat vir die eerste keer die beeld wat permanent voor haar geestesoog was (nl. die beeld van Michael), verskuif en plek maak vir 'n nuwe beeld, nl. dié van 'n kindjie en van haar gemis. Omdat Michael nie meer die houvas op haar het nie, lees ons dan ook dat sy vir die eerste keer alleen is ("En voor het eerst was zij ... alleen"). En 'n rukkie later lees ons dat sy nie meer aan Michael dink nie; hy is "begraven in gewijde aarde". Die verlede het verdwyn soos die bont stukkie polderland agter die trein. Al wat nou vir haar oorbly, is "de blinde uitgestrektheid van eenzaam, aftakelend en ongetroost vrouwenleven, de impasse van de roem, waarin zij voor het eerst in bijna dertien jaren met huiverige schrik had opgezien". Wat 'n sombere, leë lewe lê voor haar!

Voordat ons na die volgende verhaal oorgaan, net kortliks enkele opmerkinge oor die verwysings na die Moedermaagd (Maagd Maria) in die verhaal. Waar ons hier 'n soort verheerliking van moeder-wees kry, is dit dan ook nie te verwonder dat Eva met die kindjie in haar arms in die deur van die trein feitlik as heilig gesien word nie; daarom word sy die Moedermaagd genoem ("Mater Gloriosa") en daarom word gepraat van haar aureool (stralekrans), haar "heerlijkheid", en haar gesig wat ontluik het. Sy word dus as 'n verheerlikte figuur gesien. Daarom is dit ironies wanneer sy 'n rukkie later in die slotsin van die verhaal, met slegs die handjie teen haar bors, weer met die verhewe term "Vrouw" aangedui word.

Soos in *Debutanten* gaan dit in *Een confrontatie* basies om karakterbeelding, karakteropenbaring (treffende insae in 'n karakter en sy ervaring). Die selfde geld eintlik die twee verhale *Kerstgeschenk* en *Rouwbeklag*. In albei vind ons die treffende uitbeelding van 'n karakter in 'n krisisoomblik in sy lewe.

Kerstgeschenk en Rouwbeklag

Vir Koen (in die verhaal *Kerstgeschenk*) kom die krisisoomblik wanneer hy sy vriendin Nannie Reuder wat op sterwe lê, moet gaan groet. Soos in *Een confrontatie* en *Rendez-vous* word dié krisisoomblik by die naam genoem; vgl. die verwysing na die "onoverkomelike, ondoorploegbare van het ogenblik" voor haar bed waaraan Koen dink op die trein. En soos in *Een confrontatie*, is daar ook in dié verhaal 'n eerste keer, dié keer nl. wanneer Koen en sy moeder "voor het eerst als mensen tegenover elkander zaten, nu ook de jongste het leven in ging, het smartelijk-schone leven, dat geleefd wil zijn". Iets hiervan (veral van die "als mensen") kry ons weer later (as hy reeds by Nannie in die siekekamer is) wanneer ons lees van sy gewaarwording, sy gevoel "een man te zijn". En natuurlik vind ons dit weer in die slotsin van die verhaal waarin hy beskryf word as "een mens onder de mensen": "En ging de weg terug, bedroefd en gelukkig ... diep-bedroefd ... en diep-gelukkig ... een mens onder de mensen, gelijk zijn moeder het voor hem had gewenst". Groot klem word dus in die verhaal geplaas op Koen se rypwording tot man a.g.v. sy krisiserfaring. En let op die treffende paradoksale beskrywing (in die laaste aanhaling) van Koen as diep bedroef én diep gelukkig. Vergelyk hiermee die verwante paradoksale beskrywings van Eva Dulac (in *Een confrontatie*) se lewe as "een hachelijk maar heerlijk sluijspel" met die lewe en met die dood en haar geluk as "een onwezenlijk en verraderlijk, en nochtans volkomen geluk" (77, 78). Deur sulke paradokse toon 'n skrywer vir ons die kompleksiteit van die lewenservaring aan. Ten slotte nog terloops 'n opmerking oor die karaktertekening van Koen. Hoe treffend is die uitbeelding van sy gedagtegang nie wanneer hy by homself dink (op die trein) hoe gelukkig die vissies Nannie sou maak. En hoe treffend is die ironie nie wanneer die vissies op die ou end glad nie eers ter sprake kom nie.

Vir Bas (in *Rouwbeklag*) kom die krisisoomblik wanneer hy met mnr. Van Maren medelye moet gaan betuig weens die dood van sy vrou. En ook vir hom is dit 'n eerste keer: "Nog nooit had Bas het leed van nabij gezien, het was als een geheim, waarin hij doordrong". En hoe uiters fyn en raak is die mensbeelding ook in hierdie verhaal nie: Bas se hartseer wat op die ou end meteens uitbreek in 'n snik, en mnr. Van Maren wat sy afsydigheid en onverskilligheid verloor: "En hield zich niet meer groot".

Bergopwaarts

Soos in *Debutanten* is ook in dié verhaal die ligte, humoristiese toon opvallend. Lees maar as voorbeeld die derde paragraaf van die verhaal, en teken vir uself nog 'n aantal voorbeelde aan — daar is talle. (Vgl. bv. die verwante humoristiese woorde "vast Schroefde" en "opveren"). Die keerpunt in hierdie verhaal en in mev. Tuk, nl. die "ontwaking van die mens in die mens" in

mev. Tuk (die ontwaking van die erbarming en die meegevoel vir ander in haar) word pertinent by die naam genoem: "Ach, wie voorspelt het ontwaken van de mens in de mens! De overgang, het *keerpunt*, de genade ... Mevrouw Tuk zou het nauwelijks weten hoe ze dáártoe kwam!" Deur so 'n keerpunt-situasie (keerpuntoptrede) word, soos reeds hierbo aangedui, vir ons treffende mensbeelding gegee — in hierdie geval die uitbeelding van mev. Tuk in haar besondere optrede in 'n besondere situasie.

Teen die end van die verhaal word, soos in baie kortverhale, 'n bepaalde *lewenswaarheid* uitgespreek: "Een ieder wil van zijn leven wel eens behoren tot de schare der martelaren. Het koste wat het wil". Ook vroeër in die verhaal was 'n bepaalde lewenswaarheid uitgespreek: "Het leven vervult al onze wensen, mits we maar geduld hebben, doch zelden op de wijze, die ons past".

Een mens

Waar hierdie verhaal as waar aangebied word ("het is een ware geschiedenis"), vertoon dit uiteraard verwantskap met die sg. anekdote, d.i. 'n merkwaardige verhaal wat as waar aangebied word.

Soos in die verhaal *Bergopwaarts* word ook hier 'n bepaalde lewenswaarheid uitgespreek, nl. dat daar meer goeie, onvervalste mense bestaan as wat ons besef. Twee uitsprake in die verhaal dui pertinent hierop. Toon hulle aan.

Die protagonis ervaar 'n intense skuldgevoel omdat sy die koetsier verkeerdelik van die slegste verdink het (o.m. dat hy deel is van 'n familie van skurke en boewe). Haar lelke gedagtes teenoor hom noem sy "een zondeval van geest en gemoed". Sy voel dan ook asof sy lewenslank sal nodig hê om haar skuld (teenoor die koetsier of enige ander goeie Mens) te vereffen: "En ik vrees, dat ik levenslang als de roepende in de woestijn zal blijven naar de goede Mens, deze, of een andere, aan wie ik mijn schuld, en die mijner reisgenoten, zal mogen voldoen".

Ek wil ten slotte net enkele formuleringe in die verhaal nog verder toelig. Die siening dat die koetsier haar "ten-naaste-bij de hemel in zou rijden" dui daarop dat hy haar 'n hemelse, goddelike ervaring (nl. van sy onskuld en eerlikheid) laat deurmaak het. Die "nieuwgeboren mens in zijn ochtendstaat" dui letterlik op die koetsier wat duidelik sigbaar word nadat hy eers dof en vormloos op die gesigseinder was. Op dieper, figuurlike vlak is dit 'n beskrywing van die koetsier as onvervalste, eerlike mens.

J.H. Lewis

Die jaar van die Vuur-os (W.A. de Klerk)

1. Ter aanvang en in die lig van wat ek self later gaan sê oor *Die jaar van*

die *Vuur-os*, haal ek die kerndele aan uit teenstrydige standpunte wat in 1952 met die verskyning van die boek daarvoor gestel is.

Rob Antonissen in *Ons Eie Boek*:

"Die werk het hoedanighede, maar die gebreke en tekortkomings is deurgaans groter. Dit is soms pakkend en bevat heelwat moontlikhede van tragiek, maar die mense praat te veel oor tragiek, en gewoonlik is hulle lewe veeleer treurig as tragies. (...) plek-plek word spanning geskep, en 'n steil klimaks kan op elke oomblik verwag word, maar word alte dikwels met deursigtige opsetlikheid opsy geskuif (...). So bly De Klerk se spele, al vertoon hulle oppervlakkig, 'n knap vervaardigde eenheid, in werklikheid episode-diese toneel: treffende passasies met niks daartussen." (bl. 15)

Hermien Dommissie in *Die Burger* 24 Nov. 1952:

"Eintlik het toneel en die letterkunde niks met mekaar te make nie (...) Dit is wanneer onervare dramaturge 'groot letterkunde' gaan probeer skryf, dat ons ontoneelmatige en vir die grootste deel van die publiek onverstaanbare dramas kry soos N.P. van Wyk Louw se *Germanicus* (...) *Die jaar van die vuur-os* is ongetwyfeld, volgens enige maatstaf, nie alleen 'n sterk drama nie, maar ook 'n belangrike bydrae tot ons skamele reeks van sosiale dramas."

D.J. Opperman in *Die Burger* 28 Nov. 1952:

"Haar (mej Dommissie) se groot sonde is dat sy die drama te veel as regisseuse sien, dat sy die speelbaarheid en toneelmatigheid tot die hoogste maatstaf wil verhef; (...). Wat 'Die Vuur-os' betref net dit: die dramatiese is veels te vaag en lei nêrens heen nie. (...) Vir my is toneelmatige 'mislukkings', soos 'Germanicus', Leipoldt se "'Laaste Aand' en 'Die Heks' van veel meer waarde as 'Die Vuur-os' ...".

Sonder om direk betrokke te raak by die polemiekie wat gevoer is, wil ek darem dié terloopse opmerking maak — dat ek meen mens met veiligheid kan aanvaar dat W.A. de Klerk toe nie werklik grootse dramas gelewer het soos mej. Dommissie gehoop het sou gebeur nie: "My hoop is gevestig op dramaturge soos W.A. de Klerk en Uys Krige (...) om vir ons toneel te skryf en (...) na my mening nog grootse werke kan lewer." (*Die Burger* 27 Nov. 1952).

Vervolgens gee ek 'n uiteensetting van die verskillende *handelingsgehele* waaruit die drama opgebou is. Die doel van so 'n uiteensetting is om die funksionaliteit al dan nie, waarmee die onderdele in die geheel ingeskakel is, aan te toon en ook die hooflyne van die boupatroon (eksposisie, verwikkeling en so meer) uit te wys.

(Onthou asseblief die opmerking van P.J. Conradie oor handelingsgehele: "Dit is nie altyd so maklik om te besluit waar een handelingsgeheel ophou en die volgende begin nie. Daar is soms oorgangstoneeltjies tussen een handelingsgeheel en die volgende, en 'n mens weet nie mooi waar om hulle in te deel nie." Conradie 1970: bl. 12).

2. Die inhoud van die verskillende handelingsgehele en die funksionaliteit daarvan.

EERSTE BEDRYF

Die eerste bedryf bestaan uit *sewe* handelingsgehele. Met die eerste vier handelingsgehele, vanaf bl. 1 tot op bl. 15 (arrestasie van die twee swartes), is die dramaturg besig om die toeskouers op die hoogte te bring van die ver naamste feite wat hulle moet ken om die gang van sake in die drama te kan volg; dit is dus die *eksposisiefase* (agtergrondkennis word meegedeel). Hierna, met die vyfde handelingsgeheel, begin die *verwikkeling*.

HANDELINGSGEHEEL 1. DIE GENERAAL EN EMS

Die Generaal se persoonlikheid word bekend gestel: sterk godsdienstig, jagter, medikus en politikus. Martin se terugkoms vanaf die buiteland word aangekondig. 'n Indikasie word gegee van 'n onderlinge betrekking tussen Pieter en Gillian wat nie aan die huismense bekend is nie en ook word verwys na die moontlikheid van 'n intieme verhouding wat tussen Martin en Gillian bestaan het; verder ook moontlik by implikasie tussen Alexis en Gillian. Die indruk wat hier geskep word, is dus dat Gillian geneig is om bo-langse verhoudings aan te knoop. Melding word gemaak van 'n brief oor swart-wit verhoudinge. Die gedeelte oor die bok bo-aan bl. 4 en die perd, is nie ter sake nie; ek verwonder my oor hoe die koedoebul gelyktydig saam met die jagter uit die veld by die agterdeur gekom het!

Hierna, die volgende inligting: probleme met die meide (swart-wit konflik); 'n aanbod aan Martin uit Amerika; Martin en Gillian hou baie van mekaar; Pieter dink Gillian is beneuks; Pieter hou nie van die Hammonds nie; redes waarom hy nie van die Hammonds hou nie (glo dat Hammond iets te doen gehad het met veld wat aan die brand gestee is, Hammond is 'n jingo, hy skakel met Kemp); die gedeelte op bl. 6, bo-aan, oor Van Niekerks wat altyd met iets nuuts voor die dag kom, is nie ter sake vir die toneel nie, ook nie die gedeelte oor Herklaas Louw nie en die Generaal se uitspraak bo-aan bl. 7 oor hoe hy gestry en gely het vir sy volk, het die kleur van lydelike hoogdrawendheid.

HANDELINGSGEHEEL 2. DIE GENERAAL EN GILLIAN

Die gesprek tussen Gillian en die Generaal op bl. 7, 8, 9 en 10 handel oor dit en dat en die hoofsaaklike kenmerk daarvan is dat dit rigtingloos ronddryf en weinig bydrae maak tot enige saak wat op hierdie stadium as sentraal begin beskou kan word.

Daar word kennis ingewin dat Alexis uit sy werk bedank het, dat die Generaal skynbaar baie geheg is aan die land en uiteindelik op bl. 11 wys die Generaal die vuur-os uit. (A.g.v. die wisselende situasies waaraan die vuur-os gekoppel word, word hy simbool met 'n verskeidenheid van betekenis). Hier op bl. 11 wil die generaal dat hy die *ywer* en *deurdry-*

wingsvermoë van die Afrikanervolk verteenwoordig. Die Generaal stuur die os aan Ngondera as 'n vredesteken (om die gemoedere te kalmeer), want hy het aan Ngondera se vader Kasupi beloof dat hy altyd 'n vriend van sy volk sal bly. Die swartes word tot opstand aangehits deur Ngondera wat oorsee gestudeer het en ook deur Kemp die sendeling en liberalis.

HANDELINGSGEHEEL 3. ALEXIS EN GILLIAN

Alexis deel Gillian mee dat hy weggaan en vra haar om saam te gaan. Sy stel nie belang nie. Die implikasie word egter nogtans hiermee geskep dat hy op redelike gemeensame voet met Gillian moes verkeer het om so 'n vraag in 'n ernstige lig aan haar te kon stel.

HANDELINGSGEHEEL 4. MARTIN SE TUISKOMS

Die wedersiens tussen Martin en die gesinsgenote (Gillian ingesluit) op bl. 14 is baie sensitief en lewensvitaal verbeeld. Die toeskouers sal hier maklik kan saam lééf in lewendige woord en wederwoord soos verskillende karakters op mekaar reageer. Hierdie aangename ontspanne toneel kan ook geld as 'n stilte voor die "eerste skoot" in die verwickeling wat in die volgende handelingsgeheel begin of ook as dramatiese afwisseling op wat gaan volg. (Hier word 'n geprojekteerde flits gegee oor wat vorentoe gaan gebeur wanneer daar verwys word na Gillian se wegloop.)

HANDELINGSGEHEEL 5. DIE GENERAAL EN PIETER

Pieter wys aan die Generaal 'n smeerpamflet wat Kemp in Londen oor die blankes versprei het (die inhoud of die kern van die inhoud van die pamflet, word nooit bekend gemaak nie sodat die toeskouer/hoorder ook nooit die geldigheid of ongeldigheid van Kemp se betoog kan oorweeg nie). Hy vertel van die arrestasie van twee swartes wat 'n eland geskiet het en maak 'n dramatiese aankondiging dat hy grafte van "die heilige voorvaders" in die omgewing gaan uitkap. Hierdie uitspraak is 'n beangstigende aankondiging omdat dit aangevoer word deur Pieter wat hom uit gesprekke kenbaar gemaak het as 'n persoon met 'n onbuigbare en heethoofdige eie wil. Die moontlikheid van veel smart, lyding en botsing word deur die uitvoering van so 'n daad in die vooruitsig gestel. Sake wat op bl. 17 genoem word as oorsaak tot botsing is toepaslik, oortuigend en het selfs vandag nog sterk geldende waarde: die blanke wat moontlik aanhits, bakens wat geskuif is en oordrag van trustgronde. Pieter beskou hom as die meerdere (bl. 18) van die swartes en praat nie in terme van die hedendaagse "dialoog" nie maar eerder uit 'n standplaas van "voorsé". Dié houding skep 'n verdere kruitydrae tot die lading wat moontlik byeengebring gaan word.

HANDELINGSGEHEEL 6. DIE GENERAAL EN GILLIAN

Die Generaal deel mee dat Twansiep die os gaan wegbring. Gillian noem dit pertinent dat die verhouding tussen haar en Pieter troebel is en op bl. 20 is

naar weer 'n vooruitverwysing na Gillian se latere rampspoedige rit na die plaas. Die stories oor ou Herklaas Louw op bl. 21 en 22 is bloedweinig ter sake en dien net om die stewige aanloop wat deur die verwickelinge tot op bl. 20 opgebou is, af te breek. Die poging wat onder op bl. 22 aangewend word om in Gillian se woorde: "Dis die land self wat ons saambind", 'n oorkoepelende bindmiddel te vind, bly onindrukwekkend omdat die drama self nooit goeie feitlike bestaansgrond daarvoor verskaf nie.

HANDELINGSGEHEEL 7. KEMP EN SY GRIEWE

Kemp en Ngondera kom rig 'n versoek dat die twee swartes vrygelaat moet word. Kemp se laster in 'n Londense koerant word weer genoem, maar nie gespesifiseer nie. Griewe aan beide kante word gestel:

Die grond wat die swartes bewoon, is te klein (swartes). Die swartes het die beste grond maar verwaarloos dit (blankes). Hulp wat die blankes verleen, is lapwerk (swartes). Gehoop dat grond wat vroeër aan swartes behoort het, teruggegee sou word (swartes).

Swartes maak gebruik van die oorsese pers omdat dit die enigste manier is waarop hulle hulle griewe werklik bekend kan stel (swartes).

Blankes het nie soveel grond nodig nie (swartes). Swartes was te vinnig aan (blankes). Die goeie dade wat die Generaal op bl. 30 noem, sou seker ook met reg deur die swartes as belangse hulp beskou kon word.

Die eerste bedryf sluit af, nieteenstaande los episodes nie-ter-saaklike inset-sels, met die goeie verwagting dat die sewe handelingsgehele wat die eerste bedryf opgebou het, die fondament gelê het vir potensieel boeiende dramatiese konflik in die volgende drie bedrywe.

DIE TWEDE BEDRYF

HANDELINGSGEHEEL 1. PIETER EN GILLIAN

Pieter kom terug nadat hy die grafte opgebreek het. 'n Rusie ontstaan tussen hom en Gillian hoofsaaklik as gevolg daarvan dat 'n verskil in politieke uitgangspunt nou duidelik word. Ook blyk die vooruitverwysings wat gemaak is oor "intieme betrekkinge" tussen hulle twee waarvan die ander nie kennis dra nie, gedeeltelik waar te wees. In hierdie gedeelte bl. 32 en 33 slaag De Klerk weer daarin om die gemoedsbelewinge tussen twee mense baie raak, sensitief en met 'n oplaaierende spanning te verbeeld.

Die woorde van Pieter op bl. 33 "maar moenie hier by ons kom huil as daar iets gebeur nie", kry sterk ironiese betekenis omdat dit miskien juis hy, meer as enigiemand anders is wat die gemoedere van die swartes laat oplaai het en dus uiteindelik 'n groot deel van die verantwoordelikheid op hom moet neem dat Gillian aangerand is. Ook "die gevolge" waarna Gillian op bl. 35 verwys, kry ironiese betekenis, want die gevolge van sy aantygings dryf haar weg van die huis af en lei tot heeltemal iets anders as wat sy in gedagte kon gehad het.

HANDELINGSGEHEEL 2. ALEXIS EN MARTIN

'n Verdere verwickeling in die swart-wit gebeure: die os is terug. Hier kry hy 'n tweede betekenis wanneer Alexis sy naam as *vuur* benoem, die betekenis van brand, stryd en onmin kom nou by. Vanaf bl. 37 tot 40 is Alexis hoofsaaklik aan die woord terwyl hy besig is om sy bedanking uit sy werk en sy doel om na Europa te verhuis, motiveer. Sy betoog en uitval teen korrupsie op bl. 39 het min oortuigingskrag omdat daar eerder reekse van indrukwekkende byvoeglike naamwoorde gestapel word as wat daar 'n logiese uiteensetting van feite gegee word waaraan die toeskouer waarde kan heg. Die hoogdrawende opweeg van die kleinburgerlike Afrikanervolk teenoor "die grootsheid" van Europa, is niks meer as wat op papier staan nie: leë cliché-uitsprake wat nie deel word van die karakter nie.

Kennis word hier geneem dat die os terug is, maar nie Twansiep nie. Alexis deel sy vader mee dat hy na die buiteland gaan vertrek. Op bl. 42 en 43 sit Alexis sy oordrewe betoë voort wat kant nòg wal nòg toeskouer nòg tema raak, met 'n grootsprakigheid wat eintlik pynlik vir die aanhoorders word:

.....my besluit is *onherroeplik* bl. 42

.....moenie my probeer *intimideer* nie bl. 42

.....kan 'n mens jou voorstel dat iemand met sy talente en vooruitsigte hier sal bly sit? bl. 42.

.....en terwyl die spul hulle selfgenoegsaam vermei in hul swynespoeling van middelmatigheid en baantjies vir boeties en die velskoendraerandelstand van derderangse doktorsgrade waai die land met die weswind in die see weg!" bl. 43

" En die Hoëpriesters van Kultuur en Kuns, met hul ewige braederlike onderonies."

(Dis voorwaar 'n mondvol kwasi-wysighede wat onverteerbaar is.)

Die derde betekenis wat in die slotwoorde van Alexis op bl. 45 aan die vuur-
os gekoppel word, is 'n duidelike toespeling op die afloop van die botsing
tussen swart en wit:

"Julle os is kamtig 'n simbool!: Wáárvan?
Steriliteit, ja! Dis al."

HANDELINGSGEHEEL 3. MARTIN EN DIE GENERAAL

Vanaf bl. 46 tot 51 is Martin aan die woord. Hy deel aan die Generaal sy belewenisse in die buiteland mee, maar wat veral in dié gedeeltes beklemtoon word, is dat hy uiteindelik so begin verlang het na S.A. dat dit die hoofrede vir sy terugkoms was. Onderaan bl. 49 is die laaste paragrafe ter sake wanneer hy praat van die land wat almal saambind. In die geheel staan die sielsopenbaringe van Martin egter *slegs binne die opset van sy eie strewes* en weinig binne die opset van 'n sentrale tema. Verder is dit ook duidelik dat die skrywer amper 'n manie openbaar om tog op een of ander wyse sy karakters met Europa wat tog o so belangrik is te assosieer. So is

daar "nie beter!" as die Fakulteit John Hopkins nie, en saam met Alexis het ook 'n hele paar ánder bedank wat betrekings in die buiteland aanvaar het. bl. 41.

HANDELINGSGEHEEL 4. TWANSIEP SE DOOD

Twansiep is doodgeslaan. Pieter wyt dit aan die stuur van die os, maar ontduik op die wyse slegs die belangrike bydrae wat hy self daartoe gemaak het. Gillian se afwesigheid word nou opgemerk.

Hierdie gedeelte is weer lewendig en op die man af. Dit het 'n vlotte tempo wat uitloop op 'n spanningsvolle slot wanneer Pieter sy verklaring maak dat "die ding nou na 'n kant toe beweeg het" en dat dit nou "hulle of ons is". Uit die aard van Pieter se persoonlikheid weet die toeskouer dat botsings onafwendbaar geword het.

Die slotwoorde van Pieter: "Die Here sal ons nie help as ons onself nie help nie," kry weer ironiese betekenis as dit opgeweeg word met wat teen die einde gebeur het, want dan weet ons "hy het homself maar self sleg gehelp".

DERDE BEDRYF

HANDELINGSGEHEEL 1. GILLIAN SE VERDWYNING

Dis tienuur die aand. Gillian se verdwyning het 'n dwingende ontsteltenis geword. Die os kry 'n verdere betekenis by, Martin sê: ... hy staan daar soos 'n *verdoemenis*. Die treurige gehuil van die jakkals om die huis en die ontstemde kinders word saam met die os 'n vooruitwysing van die ramp wat gaan volg. Alexis se vertrek op hierdie stadium dra verder by tot die wanorde wat nou in die gemoedere van die huismense bestaan. Ongelukkig maak dit egter ook inbreuk op die aandag van die toeskouer wat op hierdie stadium sterk op die sentrale gebeure gerig is.

Op bl. 58 gee Alexis aan die vuur-os die betekenis van *onversoenlikheid* as hy dit gelykstel aan die Generaal.

Die hele onderlinge gesprek op bl. 61 en 62 tussen die Generaal en Alexis oor sy weggaan, kry die kleur van 'n gesanik wat weinig bydra tot die ontwikkeling van die klimkas wat hier in aanloop is.

HANDELINGSGEHEEL 3. GILLIAN SE VERDWYNING EN HAAR TERUGKEER

Daar word vrugtelos gesoek na Gillian. Uiteindelik keer sy self terug. Dit blyk dat sy aangerand is. bl. 68. Die reaksie van die ander karakters op haar aanranding bl. 69 skep 'n baie kalme indruk (veral as mens aanvaar dat Gillian se terugkeer en haar aanranding bedoel is om die *klimaks* in die drama te vorm); Gillian self behou op die oog af 'n redelike goeie uiterlike kalmte. Later verloor die aanranding heeltemal sy dramatiese trefkrag wanneer Martin dit stapsgewys afmaak as maar niks nie. Bl. 71: "Ek kan julle

net sê dat julle julle geen sorgie hoef te maak nie" en op bl. 75: "Oor Gillian moet julle julle geen sorgie maak nie. Dit was 'n nare ervaring wat sy gehad het, maar dit kon baie erger gewees het. Om die waarheid te sê, gisteraand toe sy hier inkom, het sy meer aan skok as iets anders gely."

Pieter se uitgaan in die nag met die geweer op bl. 72 is nie goed gemotiveer nie en mens weet nie of jy dit moet verbind aan 'n besondere gevoel vir Gillian of dat hy vreeslik onder die indruk van haar "aanranding" was nie.

VIERDE BEDRYF

HANDELINGSGEHEEL 1

In die vierde bedryf vind die *ontknoping* of afloop van die gebeure plaas. Martin en Emma wag op Pieter se terugkoms. Die krisis waarin Gillian was, word verder afgewater: op bl. 75 verskyn sy glimlaggend aan die koffietafel.

HANDELINGSGEHEEL 2. HERENIGING TUSSEN MARTIN EN GILLIAN

Op bl. 77 en 78 is daar 'n wedersydse liefdesverklaring tussen Martin en Gillian; dit kom effens onverwags omdat dit nie werklik vooraf oortuigend gemotiveer word nie.

HANDELINGSGEBEURE 3. AANKOMS VAN POLISIE EN PIETER

Martin stel die polisie in kennis van Twansiep se dood. Pieter kom terug en kondig aan dat hy Ngondera doodgeskiet het. Pieter se "regverdigingsverklaring" onderaan bl. 82 oortuig nie die toeskouer nie, in die aansteek van die lont het hy 'n aanleidende rol gespeel. Em besluit om Pieter na die polisiestasie te vergesel.

HANDELINGSGEHEEL 4. AANKOMS VAN KEMP

Kemp se verskyning hier om toe te sien dat daar geboet gaan word, is onverklaarbaar. So iets sal tog in die hof besleg moet word. Sy woorde op bl. 87 dat as dinge wil regkom, dit groot opoffering sal verg, het wel profetiese waarde. 'n Kentering in die houding van Pieter teenoor Gillian is waarneembaar.

HANDELINGSGEHEEL 5. DIE GENERAAL, GILLIAN EN MARTIN

Die profetiese woorde van veel opoffering ... van "wat naaste en dierbaarste aan ons is", word deur die Generaal op bl. 87 herhaal. Die aanhoudende uitsê daarvan, toon eintlik 'n gebrek in die drama nl. dat dit nie doeltreffend daarin geslaag het om dié gedagte te verbéeld nie. Die doodskiet van die vuur-os op bl. 89 kom my aansluitend hierby as baie onsinnig voor. (Die os het tog nie aanleiding gegee tot wat gebeur het nie, en hy kan ook nie as aanleidende *simbool* tot die gebeure beskou word nie, eerder was die os slegs resulterende simbool.)

Ten slotte word die Generaal en die ou perd simbole van die oue wat hulle taak volvoer het en Martin en Gillian simbool van die nuwe wat die moeilike taak moet opneem en verder voer. (Miskien kan die doodskiet van die os ook in so 'n verband gesien word — dit was nie meer voldoende as vredesmiddel in 'n nuwe bedeling nie; maar aan die ander kant was *die dood* van Twansiep en *die terugstuur* van die os tog reeds klinkklare getuienis daarvan.)

3. DIE TEMA EN STRUKTUUR VAN *DIE JAAR VAN DIE VUUR-OS*

Die tema is die samebindende faktor in 'n letterkundige werk, daarom sal dit altyd sinvol wees om doeltreffende struktuur in terme daarvan te beskou. Antonissen omskryf die tema as volg: ons moet die perke van ons eie klein "heelal" deurbreek, ons selfgenoegsaamheid aflê en uitgaan tot ander mense, respektiewelik as Afrikaners uitgaan tot ons landgenote van ander ras en herkoms om ook hulle waarheid te leer begryp en te waardeer en om volgens die "kennis te handel in die belang van almal". (1952: bl. 15) Die tema is die middelpuntvlietende krag in 'n letterkundige werk en alles wat nie direk met hierdie krag verbonde is nie, raak los en irrelevant vir die geheel. En juis dit, is die sentrale probleem in *Die jaar van die vuur-os*. Die drama laat in die geheel twee indrukke op die waarnemer na nl. 1) dit is aktualiteitsdrama met 'n verbasende trefkrag in die dinge wat dit sê, ook nog vir die huidige leser en 2) die potensiaal in dramatiek wat inherent vervat is en telkens wel op die oppervlakte verskyn, het as gevolg van bepaalde tekortkomings slegs op gebrekkige wyse gerealiseer.

Na my mening was die belangrikste probleme waarmee De Klerk te kampe gehad het dat hy nie die verskillende verhale (intriges) sterk genoeg by 'n sentrale tema kon integreer nie en tesame met terloopse los insidente ondergrawe dit telkens die dramatiese gang van die hoofintrige; daarby kom ook nog dat die skrywer telkens nie in staat is om die volle dramatiese konsekwensies van 'n bepaalde gebeure intensief te eksploteer nie.

In die drama kan daar sogenaamd vier "verhale" onderskei word nl:

- 1) Die verhaal van die rassebotsing
- 2) Die verhaal van Gillian
- 3) Die verhaal van Martin
- 4) Die verhaal van Alexis.

Daar kan met veiligheid aanvaar word dat die eerste verhaal sentraal staan met betrekking tot 'n hooftema en dat die ander "sub"-verhale op ondersteunende wyse ingeskakel moet word by hierdie stromende middellyn. Die gevoel moenie gekry word dat verhale naas mekaar in dieselfde drama bestaan nie, en ongelukkig geld dit myns insiens baie duidelik t.o.v. die verhale van Martin en Alexis. Hoogstens kan t.o.v. die verband wat Martin met

die sentrale tema het, slegs gesê word dat hy uiteindelik ook sy verbondenheid aan die land besef en dan terugkeer. Maar die sentrale saak in Martin se storie is nie opoffering of betrokkenheid by die landsprobleem nie, maar eerder om geheel en al op te gaan in 'n eie egosentriese nostalgie.

Die Generaal sê op bl. 31: "Hier broei onrus uit, ons sal jou van node hê!" Van so 'n node hê, kom min. Martin se verhaal staan eerder *parallel tot rassebotsing* as wat dit daarby ingeskakel word.

Dieselfde geld t.o.v. Alexis. Hy beweer dat hy bedank het en na die buiteland uitwyk omdat die korrupsie in sy eie land hom daartoe dryf; maar as 'n mens Alexis van kop tot tone beskou en die pad saam met hom geloop het wat 'n mens moes geloop het, bly twee indrukke behoue: 'n hoogdrawende gees wat sy oog gerig het op sg. "kultuurverheffende" Europa en terstond die totale "kleinburgerlike" Afrikaner aan sy eie verpotte logika gaan oorlaai; en tweedens dat die verband wat die skrywer wel tussen Alexis en die hooftema trek (sy beswaar teen korrupsie teen die swartes) so oppervlakkig beredeneer is, dat dit net nie op die hoorder wil indruk maak nie. Alexis se aanduidings van korrupsie is terloops, vaag en het net soos baie van sy ander uitsprake die kleur van melodrama. Die grootste gedeeltes van die verhale van Martin en Alexis is 'n onderbreking in die stromende voortgang van die sentrale intrige en rig veel skade aan aan die tempo van die verhaaltrant. (Let veral hier op die gedeeltes wat in die *handelingsgehele* as onfunksioneel aangemerkt is.)

Dit is natuurlik moontlik dat 'n teenbewering van ongeveer die volgende aard oor Alexis gemaak kan word nl: "Alexis is 'n goeie voorstelling van die weghardloop-Afrikaner (die een wat van sy probleme af wegvlug) en verder skep sy leë tirades 'n oortuigende beeld van 'n jeugdige karakter wat nog nie deur ervaring by die primêre feite kan uitkom nie". Die waarheid van so 'n stelling kan ek nie sonder meer betwyfel nie maar dit is dan nog steeds my mening dat die indruk bly dat Alexis in *Die jaar van die Vuur-os* méér 'n persoon bly met 'n eie verhaal as wat hy 'n karakter word wat stewig geïntegreer is by die hooftema.

Alhoewel Gillian net soos Martin en Alexis haar eie verhaal het, word dit op 'n bevredigende en onlosmaaklike wyse deel gemaak aan die hoofgebeure. Kyk bv. net hoeveel keer daar nie vooruitverwysings is oor haar persoonlike handeling wat later funksioneel ingeskakel gaan word by die breëre verhaal nie. (Vandaar ook die ironiese implikasies wat haar woorde agterna besien, verkry.)

Verder is daar ook die invoegings van die sg. "leë" los insidente wat weinig meer vir die drama doen as om die gang daarvan tot stilstand te bring of te verstuur. Daar is reeds in die *handelingsgehele* hierna verwys. Maar ek noem weer:

die geselsie oor die bok en die perd op bl. 4 uitweiding oor die plaas en die nagdonker bl. 10. Herklaas Louw se storie op bl. 21 en 22.

Ten slotte het ek, wat die struktuur betref, gesê dat die skrywer telkens nie die volle dramatiese konsekwensie van 'n bepaalde gebeure intensief kon eksploiteer nie. Antonissen formuleer hierdie tekortkoming soos volg: "Plek-plek word spanning geskep en 'n steil klimaks kan op elke oomblik verwag word, maar ... word alte dikwels met deursigtige opsetlikheid opsygeskuif." (1952: bl. 19.) En Opperman sê: "Wat 'Die Vuuros' betref net dit: die dramatiese is veels te vaag en lei nêrens heen nie." (*Die Burger* 28/11/52).

Hierdie prysgee van die dramatiese het ek probeer illustreer aan die hand van die voorafgaande besprekings waar ek verwys het na die verhale van Martin en Alex, "leë" insidente en die laat platval van dramatiese verwickelinge veral wat die aanrinding van Gillian betref.

In die uitgawe van die drama wat ek ter hand gehad het, *Dertiende Druk 1975*, het die skrywer 'n *Inleiding* geskryf waarin hy 'n verduideliking van die struktuur van *Die jaar van die vuur-os* gee en ook "insigte" oor die karakters. Ek meen dat die "inleidende insig" vir die leser onvanpas is omdat dit wel enersyds 'n *verduideliking of verklaring* van die struktuur van die drama word, maar andersyds word dit ook 'n *aanvulling* tot 'n gebrekkige struktuur. Vir my het die *Inleiding* soms 'n duidelike uitsê van dinge geword waar die drama dit self nie kon verbeeld nie. Hierdie uitspel van die drama se bedoeling kom ook, soos reeds gesê, voor in die beklemtoning van die tema deur Alexis, die generaal en Kemp.

4. KARAKTERTEKENING IN *DIE JAAR VAN DIE VUUR-OS*

Al kan daar op enkele punte kritiek teen die karakters in die drama ingebring word, word die karakters na my mening in hoofsaak eg en oortuigend uitgebeeld.

Die Generaal is sentrale figuur in die drama uit hoofde van 'n algemeen aanvaarde patriargale gesag. Hy is die persoon wat na almal in die gesin luister, vermaan en na die beste van sy vermoë raad gee. Hy praat met elkeen van Emma, Gillian, Pieter, Martin en Alexis oor die dinge wat hulle die naaste aan die hart lê (gesinsangeleenthede, liefdesverhoudinge, plaas- en rasseaangeleenthede, tuiskoms en afskeid) en probeer ook om onderling goeie gesindhede te bewaar en almal bymekaar te hou.

Hierdie voortdurende sentraal-staan van die Generaal verkry vir my in 'n beperkte mate 'n kleur van oordaad:

Daar is 'n geneigdheid om die beeld van sy eie massiewe stoel op die stoep te benader: "... die Stoel wat die hele toneel oorheers. Dis soos die troon van 'n vors, iets met geskiedenis en persoonlikheid ...

Die Stoel is massief ... maar dis veral die leunings wat die aandag trek. Hulle bestaan naamlik uit 'n skitterende paar buffelhorings wat met sierlike boë om die sitter krom". bl. 1.

Die beeld van die karakter toon verder tendense tot oormatigheid in uitsprake soos die volgende:

- bl. 6: En hier sit ek nou, meer as drie maal twintig jaar en tien ... godgeleerde, politikus; en toe ek mooi oor die bult was — eskulaap ook nog daarby.”
- bl. 7: “Ja, veel het ek ook gely, Em, en gestry vir my land en volk. Maar hoe ouer ek word, hoe méér soek ek die vrug op my arbeid.”
- bl. 21: “Hy sê: ‘Dokter’ — hy’t my nooit anders as ‘Dokter’ genoem nie.”
- bl. 46: “Noú eers, as ek dit uit jou trek’ ... Magtig, is dit dan te veel om my, wat julle nog ‘die Generaal’ noem — bid jou aan! — jou vertrouwe skenk?”
- bl. 61: Aan Alexis: “Moet ek nou ook verstaan dat jy, wat my betref, van plan was om sommer soos ‘n sleg kaffer hier weg te loop.”

Verder is die Generaal die persoon wat ‘n brug probeer slaan tussen onversoenbare persoonlikhede: Pieter en Kemp, Pieter en Hammond, Pieter en Ngondera.

As ‘n mens die Generaal as tragiese figuur wou uitwys, sal ‘n mens daarvan melding maak dat sy opregbedoelde daede en raadgewinge teenoor sy medemens telkens faal, bv. nieteenstaande sy destydse redevoerings met Martin, het Martin tog na die buiteland vertrek en net so gebeur dieselfde nou met Alexis; nieteenstaande sy vermaning tot Pieter dat hy nie oorhaastig moet optree nie bl. 18: “Ek herinner jou maar aan Jan Strydom van Onderplaas”, gaan skiet, hy vir Ngondera dood en nieteenstaande sy goeie bedoeling met die os word Twansiep doodgeslaan en Gillian aangerand. Hierdie tragiek van onbegrip om mekaar se bedoelings te verstaan, is egter tekenend van die verhoudings tussen ál die karakters en daarom sou ek die Generaal nie as dié tragiese karakter wou uitsonder nie. (Die grootste tragiek, lê wat my betref in die oor en weer skree van swartes en blankes sonder dat een party skynbaar hoor wat die ander sê.) Hierdie tragiese onvermoë om tot mekaar uit te reik en te verstaan, bestaan tussen almal: die Generaal en Martin en Alexis; Martin en Alexis; Martin en Gillian, Gillian en Pieter, Gillian en Alexis, Pieter en Emma, Pieter en Hammond, die Generaal en Pieter en Kemp en so meer.

Uiteindelik word die Generaal beeld en simbool van die oue wat verbygaan en wat ook nie meer pas in ‘n nuwere bedeling nie. Só kan hy in hierdie opsig gelyk gestel word aan Fleur; aan Kasupi, en aan die vuur-os.

Kannemeyer (1983: bl. 38) noem Kemp ‘n “karikaturale karakter en die rede daarvoor is skynbaar dat Kemp nie méér word as slegs die idees wat hy verkondig nie: van Kemp as mens, anders as ekstremis en voorvegter vir regte vir die swartes, kom niks te voorskyn nie.” Nou moet ek egter miskien tot my skade sê dat Kemp vir mý in hoofsaak nié karikatuuragtig voorgekom het nie. Ek wil aanvaar dat Kemp in die jare 1950—60 seker so ‘n indruk kon

maak, maar vandag kan Kemp selfs as kalm aangeslaan word, sou 'n mens hom met die uiterste vorms van ekstremisme van aandag wil vergelyk. Die feitlike betoë wat hy ten gunste van die swartes lewer, is volkome in ooreenstemming met die wyse waarop swartes vandag nog dink. Ek meen egter dat sy opdaag op die plaas, ná die dood van Ngondera, nie goed gemotiveer is nie.

'n Karakter wat baie menslik, meerdimensioneel en eg voordoet, is Gillian. In teenstelling met al die ander karakters wat baie duidelik en vas omlin kan word (sê maar bv. Martin: Hy was verlief op Gillian; hy is deur homself gedryf om oorsee te gaan; nou beseft hy sy geworteldheid in Suid-Afrika daarom gaan hy bly en hy is nog steeds verlief op Gillian), kan Gillian se karakter nie so stewig in 'n pakkie toegevoeg word nie. Daar is fasette in haar persoonlikheid wat vir die toeskouer vervlugtend is en waarvoor steeds getwyfel word: bv. is sy 'n stabiele persoonlikheid? Is sy 'n persoon wat haar aan 'n vaste geroetineerde lewe sal kan onderwerp en het sy werklik ook in ander mans as Martin (na haar man se dood) belang gestel? Gillian is 'n meerdimensionele ronde karakter.

Pieter word voorgestel as 'n eensydige heethoofdig karakter. 'n Persoon wat slegs na homself luister en slegs deur homself oortuig kan word. Sy opinies is in 'n mindere of meerdere mate in stryd met die van ál die ander karakters bv. met Emma, die Generaal, Gillian, Alexis, Kemp en Ngondera. Sowel Alexis as Martin se karakter kan duidelik en maklik omlin word. Vir my is hulle, wat *Die jaar van die Vuur-os* betref, as gevolg van hulle onbetrokkenheid randkarakters. Daar is 'n eensoortigheid in die karakters van die Generaal, Martin en Alexis in die opsig dat almal van hulle in hulle jeugjare uitgewyk het om te gaan reis.

5. SLOTBESKOUIING

Die jaar van die Vuur-os is soos Hermien Dommissie sê 'n baie speelbare drama: dis ongetwyfeld so dat 'n goeie regisseur 'n maklike beroep op die aandag van die toeskouers sal kan maak vanweë daarvan dat die karakters goed genoeg oortuig, dat die tema nou selfs meer aktueel is as wat dit in die vyftigerjare was, dat die verloop van die intrige (afgesien van die tekortkominge) wel so ontwikkel word dat voldoende spanning geskep word om die belangstelling van die leser te behou en boweal moet daar wel deeglik onthou word dat 'n drama, nie soos 'n prosaverhaal oor die kam van dieselfde struktuurvereistes geskeer kan word nie — in die drama gaan dit oor die uitspeel (handeling) van die dialoog en nie net oor die uitsê van die dialoog nie en hiër is *Die Jaar van die vuur-os* binne perke goed geslaagd. Die hoofsaaklike trefkrag van *Die Jaar van die vuur-os* lê veral in die aktualiteit van sy tema. Hieroor sal ook sinvolle besprekings deur matriekleerlinge gevoer kan word.

Bibliografie

A. TYDSKRIFTE EN KOERANTE

1. Antonissen, R. *Die Jaar van die Vuur-os. Ons Eie Boek*. Jaargang XVIII, Nummer 4.
2. Dommisse, H. *Die Burger*. 24 November 1952.
3. Dommisse, H. *Die Burger*. 27 November 1952.
4. Lategan, F.V. *Die jaar van die Vuur-os. Die Taalgenoot*, April 1952.
5. Opperman, D.J. *Die Burger*. 28 November 1952.
6. Scholtz, M. 'n *Probleem en 'n probleemkarakter. Die Huisgenoot*, 13 Maart 1953.

B. BOEKE

- Kannemeyer, J.C. (1983) *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur, Band 2* Pretoria: Academica.
- Smuts, J.P. (1980) *Die Jaar van die Vuur-os*. in *Die Afrikaanse Literatuur sedert Sestig*. Kaapstad: Nasou.

Register van die Tydskrif vir Letterkunde, jg. xxi, Februarie tot Augustus 1983.

(Saamgestel deur Rothea Olivier)

ARTIKELS

A.P. Grové 65. NR 21:3 Aug. 1983 p. 88—89

AANKONDIGING aangaande 'n prys vir jeuglektuur. *Kyk*: De Jager-HAUM
AFRIKAANSE boeke. *Kyk ook*: Nuwe Afrikaanse boeke.

AFRIKAANSE Bybelvertalings. *Kyk ook*: Du Plessis, L.T.

ANDRÉ Letoit oor die Tagtigers. NR 21:1 Feb. 1983 p. 91—96

AUCAMP, Hennie: Die les. *Kyk ook*: Marais, G.F.

AUCAMP, Hennie: *Met permissie gesê*. *Kyk ook*: Malan, Karin

BARNARD, Erika: *Animato*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.

BELCHER, R.K. *Halleluja Paternoster*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.

BELCHER, R.K.: *Ringe van 'n geelhoutboom*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.

BEUKES, Gerhard J.: Laat die kerse brand. *Kyk ook*: Prins, M.J.

BEUKES, Gerhard J.: Die uur van waarheid. *Kyk ook*: Prins, M.J.

BEUKES, Gerhard J.: Die vrees. *Kyk ook*: Prins, M.J.

BEUKES, Gerhard J.: Die winde van u toorn. *Kyk ook*: Prins, M.J.

Het BOEK van Joachim van Babylon: 'n Ou-Testamentiese les in Kommunikasiekun-
de. *Kyk*: Nolte, Elsa

'n BOEKGEDIG uit *Tristia*. *Kyk*: Grové, A.P.

BOTHA, Elize en Henriette Roos: In gesprek met Willem Frederik Hermans. NR 21:2
Mei 1983 p. 45—54

BOUDIER-BAKKER, Ina: *De straat*. *Kyk ook*: Du Randt, W.S.H.

BREYTENBACH, A.P.B.: Fensham, F.C. en D.N. Pienaar: *Geskiedenis van Ou Is-
rael*. NR 21:1 Feb 1983 p. 110—111

BREYTENBACH, A.P.B.: *Geskiedenis van ou Israel*. *Kyk ook*: Cook, Johann

BRONTË, Emily. *Kyk ook*: Mulder-Stagger, Roelien

BURGERSDORPSE taalfeesviering. *Kyk ook*: Goue gedenkenings ...

BY die verskyning van A.G. Visser se *Versamelde gedigte*. *Kyk*: Schutte, H.J.

BY die verskyning van *Die reus van Tafelberg* deur William Rowland. *Kyk*: Fryer,
Charles

BYBELVERTALING. *Kyk ook*: Du Plessis, L.T.

CARSTENS, Analisé: *Skanse*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.

CHRISTELIKE etos. *Kyk ook*: Kuschke, Gudrun

CLOETE, T.T. Barnard, Erika: *Animato*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 91

CLOETE, T.T. Belcher, R.K.: *Halleluja Paternoster*. NR 21:2 Mei 1983 p. 104

CLOETE, T.T. Belcher, R.K.: *Ringe van 'n geelhoutboom*. NR 21:2 Mei 1983 p. 104

CLOETE, T.T. Carstens, Analisé: *Skanse*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 91

CLOETE T.T. De Lange, Johann: *Akwarelle van die dors*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 91

CLOETE, T.T. De Vos, Annesu: *Om vry uit te stap*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 92

CLOETE, T.T. Digbundels 1982. NR 21:3 Aug. 1983 p. 91—107

CLOETE, T.T. Eksteen, Louis: *Skuilhoek*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 92—94

- CLOETE, T.T. Engelbrecht, Herman: *Kruispunt*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 94
- CLOETE, T.T. Engelbrecht, Theunis: *'n Gedig is so onskuldig soos 'n eier*. NR 21:2 Mei 1983 p. 106—107
- CLOETE, T.T. Eybers, Elisabeth: *Bestand*. NR 21:2 Mei 1983 p. 102—103
- CLOETE, T.T. Hugo, Daniël: *Korte mette*. NR 21:3 Aug 1983 p. 94—95
- CLOETE, T.T. Kirsch, Olga: *Afskeide*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 95—96
- CLOETE, T.T. Leach, C.P.: *Borgtog vir 'n nuwe Adam*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 96—98
- CLOETE, T.T. Letoit, André: *Suburbia*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 98
- CLOETE, T.T. Ouer en jonger digters, beter en swakker. NR 21:2 Mei 1983 p. 102—107
- CLOETE, T.T. Philander, P.J.: *Venster*. NR 21:2 Mei 1983 p. 104—105
- CLOETE, T.T. Pretorius, S.J.: *Serusiet*. NR 21:2 Mei 1983 p. 103
- CLOETE, T.T. Rall, Henk: *Proefskrif*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 99—100
- CLOETE, T.T. Schmidt, Casper: *Pelgrims in aspiek*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 100
- CLOETE, T.T. Snyders, Peter: *'n Ordinary mens*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 100—101
- CLOETE, T.T. Spies, Lina: *Oorstaanson*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 101—103
- CLOETE, T.T. Van Heerden, Ernst: *Kanse op 'n wrak*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 103—105
- CLOETE, T.T. Viljoen, Hein: *Waterkristal*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 105—106
- CLOETE, T.T. Wessels, Everwyn: *Miknes*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 106—107
- CLOETE, T.T. Willemse, Rudolph: *Kweekskool*. NR 21:2 Mei 1983 p. 105—106
- CLOETE, T.T. *Jukstaposisie*. *Kyk ook*: Van der Elst, J.
- COMMENDATIO gelewer ... by die oorhandiging van die Louis Luyt-prys aan T.T. Cloete vir sy bundel *Jukstaposisie*. *Kyk*: Van der Elst, J.
- COOK, Johann: Reaksie insake resensie van F.C. Fensham en D.N. Pienaar, *Geskiedenis van ou Israel*, Academia, 1982 deur A.P.B. Breytenbach in *Tydskrif vir Letterkunde* XX:1 p. 110, 111 NR 21:2 Mei 1983 p. 100—101
- CUSSONS, Sheila: *Kyk ook*: Kuschke, Gudrun
- CUSSONS, Sheila. *Kyk ook*: Mulder-Stagger, Roelien
- DE HARTOG, Jan: *De kleine ark*. *Kyk ook*: Wolvaardt, H.S.
- DE JAGER-HAUM: Aankondiging aangaande 'n prys vir jeuglektuur. NR 21:2 Mei 1983 p. 98—99
- DE KLERK, W.A.: Die end van die reënboog. NR 21:1 Feb. 1983 p. 140—141
- DE KLERK, W.A.: Die jammer hart. NR 21:2 Feb. 1983 p. 142—144
- DE LANGE, Johann: *Akwarelle van die dors*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- DE VOS, Annesu: *Om vry uit te stap*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- DE VRIES, Abraham H.: Die matras. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- DIGBUNDELS. *Kyk ook*: Cloete, T.T.: Ouer en jonger digters ...
- DIGBUNDELS 1982. *Kyk*: Cloete, T.T.
- DREYER, P.S. Keller, Werner: *Die Bybel is tog reg*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 109—110
- DREYER, P.S. Versfeld, Marthinus: *Tyd en dae, essays uitgesoek en ingelei deur W.A. de Klerk*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 108—109
- DU PLESSIS, I.D. *Kyk ook*: Spangenberg, D.F. en S.J. Pretorius
- DU PLESSIS, L.T. Die eerste Afrikaanse Bybelvertalings. NR 21:3 Aug. 1983 p. 1—13
- DU RANDT, W.S.H. Boudier-Bakker, Ina: *De straat*. NR 21:1 Aug. 1983 p. 126—132

- DU RANDT, W.S.H. 'n Verlore paradys? NR 21:3 Aug. 1983 p. 126—132
- DU TOIT, André le Roux: *Nou's die Kaap weer Hollands*. *Kyk ook*: Van Zyl, la
- DU TOIT, P.J.: *Taalleer vir onderwyser en student*. *Kyk ook*: Webb, P.J.
- E.N. Marais: *Dwaalstories*, verhale met 'n eie logika en 'n stewige struktuur. *Kyk*: Jooste, G.A.
- Die EERSTE Afrikaanse Bybelvertalings. *Kyk*: Du Plessis, L.T.
- ENGELBRECHT, Herman: *Kruispunt*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- ENGELBRECHT, Theunis: 'n *Gedig is so onskuldig soos 'n eier*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- EKSTEEN, Louis: *Skuilhoek*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- ELSSCHOT, Willem: *Tsijp*. *Kyk ook*: Van Zyl, Wium.
- ERNST van Heerden gehuldig. NR 21:1 Feb. 1983 p. 89—91
- EYBERS, Elisabeth: *Bestand*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- FAGAN, H.A.: Bo die kranse. NR 21:1 Feb. 1983 p. 139—140
- FENSHAM, F.C. en D.N. Pienaar: *Geskiedenis van ou Israel*. *Kyk ook*: Breytenbach, A.P.B.
- FENSHAM, F.C. en D.N. Pienaar: *Geskiedenis van ou Israel ... deur A.P.B. Breytenbach ...* *Kyk ook*: Cook, Johann
- FIGUUR en ruimte in *Dias* van N.P. van Wyk Louw. *Kyk*: Ohlhoff, C.H.F.
- FRYER, Charles: By die verskyning van *Die reus van Tafelberg* deur William Rowland. NR 21:2 Mei 1983 p. 96—98
- GEWILDE prosa. *Kyk ook*: Malan, Charles
- GIJSEN, Marnix: *Het boek van Joachim van Babylon*. *Kyk ook*: Nolte, Elsa
- GOEIE gewilde prosa — 'n terreinbeskrywing. *Kyk*: Malan, Charles
- GOUE gedenkenings geslaan as deel van die Burgersdorps taalfeesviering NR 21:1 Feb. 1983 p. 98—98
- GROVÉ, A.P.: 'n Boekgedig uit *Tristia*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 83—86
- GROVÉ, A.P. *Kyk ook*: A.P. Grové 65
- GROVÉ, Henriette: Die draer. NR 21:1 Feb. 1983 p. 130—134
- GROVÉ, Henriette: Die draer. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- HEESE, Marié: *Die uurwerk kantel*. *Kyk ook*: Steenberg, Elsabe
- HENNIE Aucamp: *Met permissie gesê*: 'n speurtog. *Kyk*: Malan, Karin
- HERMANS, Willem Frederik. *Kyk ook*: Botha, Elize en Henriette Roos
- HICKEY, W.A.: Die rooi lig. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- HUGO, Daniël: *Korte mette*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- I.INDING van Sytwes: Dialoog tot lof der *zothed*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 96—97
- IN gesprek met I.D. du Plessis ... *Kyk*: Spangenberg, D.F. en S.J. Pretorius
- IN gesprek met Willem Frederik Hermans. *Kyk*: Botha, Elize en Henriette Roos
- INTEKENGELD verhoog. NR 21:3 Aug. 1983 p. 90
- JEUGLEKTUUR-PRYS. *Kyk ook*: De Jager-HAUM
- JOHANSSEN, Holmer: Die begrafnis. NR 21:1 Feb. 1983 p. 129—130
- JOHANSSEN, Holmer: Die begrafnis. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- JOOSTE, G.A. E.N. Marais: *Dwaalstories*, verhale met 'n eie logika en 'n stewige struktuur. NR 21:2 Mei 1983 p. 78—88

- KAFKA, Franz. *Kyk ook*: Vekeman, Herman W.J.
- KEES KonyN. *Kyk ook*: Van Coller, H.P.
- KELLER, Werner: *Die Bybel is tog reg*. *Kyk ook*: Dreyer, P.S.
- KIRSCH, Olga: *Afskeide*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- Die KOLÉPERAS van Kees KonyN. *Kyk*: Van Coller, H.P.
- KOMMUNIKASIEKUNDE. *Kyk ook*: Nolte, Elsa
- KONYN, Kees. *Kyk ook*: Van Coller, H.P.
- KOTZE, E.: *Halfkroon vir die nagmaal*. *Kyk ook*: Roos, Henriette
- KRIGE, Uys: *Sout van die aarde*. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- KRÜGER, Louis. *Kyk ook*: Prinsloo, Koos
- KRÜGER, Louis: *Die skerpskutter*. *Kyk ook*: Prinsloo, Koos: Skerpskutter van die woord ...
- Die KUNSBOEK in 1982. *Kyk*: Nilant, F.G.E.
- KUSCHKE, Gudrun: *Verandering en vernuwing by Sheila Cussons: poëtiese uiting van die Christelike etos II*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 76—88
- LEACH, C.P.: *Borgtog vir 'n nuwe Adam*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- LEROUX, Etienne: *Tydens die ontvangs van 'n bibliografie en die genot van 'n dinee by U.V., 1982*. NR 21:2 Mei 1983 p. 92—94
- LEROUX, Etienne: *Onse Hymie*. *Kyk ook*: Van Zyl, la
- LEROUX, Etienne: *Onse Hymie*. *Kyk ook*: Weideman, George
- LEROUX se boereverneukery — enkele gedagtes oor *Onse Hymie* as parodie. *Kyk*: Weideman, George
- LETOIT, André. *Kyk ook*: André Letoit oor die Tagtigters
- LETOIT, André: *Suburbia*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- LOUIS Luyt-prys. *Kyk ook*: Van der Elst, J.
- LOUW, N.P. van Wyk: *Dias*. *Kyk ook*: Ohlhoff, C.H.F.
- LOUW, N.P. van Wyk: H. Teresa van Avila flap uit. *Kyk ook*: Grové, A.P.: 'n Boekgedig uit *Tristia*
- LOUW, Anna M.: *Op die rug van die tier*. *Kyk ook*: Van der Merwe, C.N.
- LOUW, N.P. van Wyk: *Die pluimsaad waai ver*. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- LOUW, N.P. van Wyk: *Tristia*. *Kyk ook*: Grové A.P.
- MALAN, Charles: *Goeie gewilde prosa — 'n terreinbeskrywing*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 14—27
- MALAN, Charles: *Kortgesprek*. *Kyk ook*: Prins, M.J.
- MALAN, Karin. Hennie Aucamp: *Met permissie gesê: 'n speurtog*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 4—13
- MARAIS, Eugène N.: *Dwaalstories*. *Kyk ook*: Jooste, G.A.
- MARAIS, Eugène N.: *Die vaal koestertjie*. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- MARAIS, G.F.: Aucamp, Hennie: *Die les*. NR 21:2 Mei 1983 p. 137—138
- MARAIS, G.F.: De Vries, Abraham H.: *Die matras*. NR 21:2 Mei 1983 p. 137
- MARAIS, G.F.: Grové, Henriette: *Die draer*. NR 21:2 Mei 1983 p. 139
- MARAIS, G.F.: Hickey, W.A.: *Die rooi lig*. NR 21:2 Mei 1983 p. 135
- MARAIS, G.F.: Johanssen, Holmer: *Die begrafnis*. NR 21:2 Mei 1983 p. 135—136
- MARAIS, G.F.: Krige, Uys: *Sout van die aarde*. NR 21:2 Mei 1983 p. 136—137
- MARAIS, G.F.: Louw, N.P. van Wyk: *Die pluimsaad waai ver*. NR 21:1 Feb 1983 p 134—139

- MARAIS, G.F.: Marais, Eugène N.: Die vaal koestertjie. NR 21:2 Mei 1983 p. 141
- MARAIS, G.F.: Muller, Elise: Die dieper dors. NR 21:2 Mei 1983 p. 140—141
- MARAIS, G.F.: Muller, Elise: Die uitdraaipad. NR 21:2 Mei 1983 p. 140
- MARAIS, G.F.: Opperman, D.J.: *Joernaal van Jorik*. NR 21:3 Aug 1983 p. 146—150
- MARAIS, G.F.: Richard, Dirk: Die man in saal sewe. NR 21:2 Mei 1983 p. 138—139
- MARAIS, G.F.: Rousseau, Ina: Die geskenk. NR 21:2 Mei 1983 p. 139—140
- MARAIS, G.F.: Smuts, J.P. en R. van Rensburg: *Mosaïek*. NR 21:2 Mei 1983 p. 134—141
- MARAIS, G.F.: Snyman, A.: Die telegram. NR 21:2 Mei 1983 p. 134—135
- MULDER-STAGGER, Roelien: Sheila Cussons — Emily Brontë. NR 21:2 Mei 1983 p. 89—91
- MULLER Elise: Die dieper dors. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- MÜLLER, Elise: Die uitdraaipad. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- MÜLLER, Petra: *Voëls van die hemel*. *Kyk ook*: Van Zyl, la
- NALN. *Kyk ook*: Nuwe Afrikaanse boeke
- NDING, I. *Kyk*: I. Ndling van Sytwes
- NEDERLANDSE literatuur. *Kyk ook*: Vekeman, Herman W.J.
- NILANT, F.G.E.: Die Kunsboek in 1982. NR 21:3 Aug. 1983 p. 109—117
- NOLTE, Elsa: *Het boek van Joachim van Babylon*: 'n Ou-Testamentiese les in Kommunikasiekunde. NR 21:3 Aug. 1983 p. 71—82
- NUWE Afrikaanse boeke — Desember 1982. NR 21:1 Feb. 1983 p. 112—117
- NUWE Afrikaanse boeke, Junie 1983. NR 21:3 Aug. 1983 p. 120—124
- NUWE Afrikaanse boeke, Maart 1983. NR 21:2 Mei 1983 p. 120—125
- NUWE prosa. *Kyk ook*: Van Zyl, la
- NUWE voorkoms vir die *Tydskrif vir Letterkunde*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 90
- OHLHOFF, C.H.F.: Figuur en ruimte in *Dias* van N.P. van Wyk Louw. NR 21:3 Aug. 1983 p. 138—146
- OP die rug van die tier* — Antwoorde op die vraag: Wie is ek? *Kyk*: Van der Merwe, C.N.
- OPPERMAN, D.J.: *Joernaal van Jorik*. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- OUER en jonger digters, beter en swakker. *Kyk*: Cloete, T.T.
- PARODIE. *Kyk ook*: Weideman, George
- PHILANDER, P.J.: *Venster*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- PIENAAR, D.N. en F.C. Fensham. *Kyk ook*: Fensham, F.C. en D.N. Pienaar
- PRETORIUS, S.J. en D.F. Spangenberg. *Kyk*: Spangenberg, D.F. en S.J. Pretorius
- PRETORIUS, S.J.: *Seruset*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- PRINS, M.J.: Beukes, Gerhard J.: Laat die kerse brand. NR 21:2 Mei 1983 p. 146—147
- PRINS, M.J.: Beukes, Gerhard J.: Die uur van waarheid. NR 21:2 Mei 1983 p. 145—146
- PRINS, M.J.: Beukes, Gerhard J.: Die vrees. NR 21:2 Mei 1983 p. 141—143
- PRINS, M.J. Beukes, Gerhard J.: Die winde van u toorn. NR 21:2 Mei 1983 p. 143—144
- PRINS, M.J.: Malan, Charles: *Kortgesprek*. NR 21:2 Mei 1983 p. 141—147

- PRINS, M.J.: Steenkamp, W.P.: *Bo die kranse en ander eenbedrywe*. NR 21:2 Feb. 1983 p. 139—144
- PRINSLOO, Koos: Skerpskutter van die woord; 'n onderhoud met Louis Krüger ... 24 Jul. 1983. NR 21:1 Feb. 1983 p. 35—40
- PRINSLOO, Koos: *Jonkmanskas*. *Kyk ook*: Van Zyl, la
- PROSA. *Kyk ook*: Malan, Charles
- 'n PROSAPRYSWENNER: Kotze, E.: *Halfkrone vir die nagmaal*. *Kyk*: Roos, Henriette
- RABIE, Jan: *'n Boek vir Onrus*. *Kyk ook*: Van Zyl, la
- RALL, Henk: *Proefskrif*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- REAKSIE insake resensie van F.C. Fensham en D.N. Pienaar, *Geskiedenis van ou Israel*, Academia, 1982 deur A.P.B. Breytenbach ... *Kyk*: Cook, Johann
- REGISTER van die *Tydskrif vir Letterkunde* (1951—1982). NR 21:3 Aug. 1983 p. 90
- RETIEF, Alexis: *Familie*. *Kyk ook*: Van Zyl, la
- RICHARD, Dirk: Die man in saal sewe. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- ROMIJN, Aart: *Het wonder der jaren*. *Kyk ook*: Roos, Henriette
- ROOS, Henriette: 'n Prosapryswenner: Kotze, E.: *Halfkrone vir die nagmaal*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 107—109
- ROOS, Henriette: Romijn, Aart: *Het wonder der jaren*. NR 21:2 Mei 1983 p. 127—133
- ROOS, Henriette: Van Schendel, Arthur: *Een zwerfer verliefd*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 150—156
- ROOS, Henriette en Elize Botha. *Kyk ook*: Botha, Elize en Henriette Roos
- ROUSSEAU, Ina: Die geskenk. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- ROWLAND, William: *Die reus van Tafelberg*. *Kyk ook*: Fryer, Charles
- RUSTENDE atleet: nostalgie deur ontluistering by Ernst van Heerden. *Kyk*: Snyman, Henning
- SCHMIDT, Casper: *Pelgrims in aspiek*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- SCHOEMAN, Karel: *Die dood van 'n Engelsman*. *Kyk ook*: Snyman, N.J.
- SCHUTTE, H.J.: By die verskyning van A.G. Visser se *Versamelde gedigte*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 67—75, NR 21:2 Mei 1983 p. 72—77
- SHEILA Cussons — Emily Brontë. *Kyk*: Mulder-Stagger, Roelien
- SKERPSKUTTER van die woord ... *Kyk*: Prinsloo, Koos
- SLABBERT, H. le R.: Smuts, J.P. en R. van Rensburg: *Mosaïek*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 127—134
- SMUTS, J.P. en R. van Rensburg: *Mosaïek*. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- SMUTS, J.P. en R. van Rensburg: *Mosaïek*. *Kyk ook*: Slabbert, H. le R.
- SNYDERS, Peter: *'n Ordinary mens*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- SNYMAN, Adriaan: Die telegram. *Kyk ook*: Marais, G.F.
- SNYMAN, Adriaan: Die telegram. NR 21:1 Feb. 1983 p. 127—128
- SNYMAN, Henning: "Rustende atleet": nostalgie deur ontluistering by Ernst van Heerden. NR 21:1 Feb. 1983 p. 23—28
- SNYMAN, N.J.: Schoeman, Karel: *Die dood van 'n Engelsman*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 107—108
- SPANGENBERG, D.F. en S.J. Pretorius: In gesprek met I.D. du Plessis (25 Jun. 1900 — 29 Nov. 1981) 26 Aug. 1981. NR 21:1 Feb. 1983 p. 29—34
- SPIES, Lina: *Oorstaanson*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.

- STEENBERG, Elsabe: Heese, Marié: *Die uurwerk kantel*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 119—126.
- STEENBERG, Elsabe: Venter, F.A.: *Kambro-Kind*. NR 21:3 Aug. 1983 p. 132—138
- STEENKAMP, W.P.: *Bo die kranse en ander eenbedrywe*. *Kyk ook*: Prins, M.J.
- TAALFEES. *Kyk ook*: Goue gedenkpenninge ...
- TAGTIGERS. *Kyk ook*: André Letoit oor die Tagtigers
- TOT lof der *zothed*. *Kyk ook*: I. Nding van Sytwes ...
- TYDENS die ontvangs van 'n bibliografie en die genot van 'n dinee ... *Kyk*: Leroux, Etienne
- TYDSKRIF vir Letterkunde*. *Kyk ook*: Intekengeld verhoog
- TYDSKRIF vir Letterkunde*. *Kyk ook*: Nuwe voorkoms vir die *Tydskrif vir Letterkunde*.
- TYDSKRIF vir Letterkunde*. *Kyk ook*: Register van die *Tydskrif vir Letterkunde*.
- VAN COLLER, H.P.: Die koléperas van Kees Konyn. NR 21:3 Aug. 1983 p. 118—119
- VAN DER ELST, J. Commendatio gelewer op 8 April 1983 by die oorhandiging van die Louis Luyt-prys aan T.T. Cloete vir sy bundel *Jukstaposisie*. NR 21:2 Mei 1983 p. 94—96
- VAN DER MERWE, C.N.: *Op die rug van die tier* — Antwoorde op die vraag: Wie is ek? NR 21:1 Feb 1983 p. 57—66
- VAN HEERDEN, Ernst: *Kyk ook*: Ernst van Heerden gehuldig
- VAN HEERDEN, Ernst: *Kanse op 'n wrak*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- VAN HEERDEN, Ernst: Rustende atleet. *Kyk ook*: Snyman, Henning
- VAN RENSBURG, R. en J.P. Smuts: *Kyk*: Smuts, J.P. en R. van Rensburg
- VAN SCHENDEL, Arthur: *Een zwerwer verliefd*. *Kyk ook*: Roos, Henriette
- VAN ZYL, Ia: Du Toit, André le Roux: *Nou's die Kaap weer Hollands*. NR 21:2 Mei 1983 p. 115—116
- VAN ZYL, Ia: Leroux, Etienne: *Onse Hymie*. NR 21:2 Mei 1983 p. 107—110
- VAN ZYL, Ia: Müller, Petra: *Voëls van die hemel*. NR 21:2 Mei 1983 p. 117—118
- VAN ZYL, Ia: Nuwe prosa. NR 21:2 Mei 1983 p. 107—119
- VAN ZYL, Ia: Prinsloo, Koos: *Jonkmanskas*. NR 21:2 Mei 1983 p. 113—114
- VAN ZYL, Ia: Rabie, Jan: *'n Boek vir Onrus*. NR 21:2 Mei 1983 p. 118—119
- VAN ZYL, Ia: Retief, Alexis: *Familie*. NR 21:2 Mei 1983 p. 110—113
- VAN ZYL, Ia: Wybenga, Henk: *Kortsluitings*. NR 21:2 Mei 1983 p. 114—115
- VAN ZYL, Wium: Elsschot, Willem: *Tsjip*. NR 21:2 Mei 1983 p. 147—156
- VEKEMAN, Herman W.J.: Kafka en die Nederlandse literatuur. NR 21:3 Aug. 1983 p. 52—70
- VELS, Verna: Oom Henkie gaan saam. NR 21:1 Feb. 1983 p. 141—142
- VENTER, F.A.: *Kambro-Kind*. *Kyk ook*: Steenberg, Elsabe
- VERANDERING en vernuwning by Sheila Cussons ... *Kyk*: Kuschke, Gudrun
- 'n VERLORE paradys? *Kyk*: Du Randt, W.S.H.
- VERSE vir die strand. NR 21:3 Aug. 1983 p. 89—90
- VERSFELD, Marthinus: *Tyd en dae ...* *Kyk ook*: Dreyer, P.S.
- VILJOEN, Hein: *Waterkristal*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- VISSER, A.G.: *Versamelde gedigte*. *Kyk ook*: Schutte, H.J.

- WEBB, V.N.: Du Toit, P.J.: *Taalleer vir onderwyser en student*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 99—106
- WEIDEMAN, George: Leroux se boereverneukery — enkele gedagtes oor *Onse Hymie* as parodie. NR 21:2 Mei 1983 p. 55—66
- WESSELS, Everwyn: *Miknes*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- WILLEMSE, Rudolph: *Kweekskool*. *Kyk ook*: Cloete, T.T.
- WOLVAARDT, H.S.: De Hartog, Jan: *De kleine ark*. NR 21:2 Mei 1983 p. 157—162
- WYBENGA, Henk: *Kortsluitings*. *Kyk ook*: Van Zyl, la

PROSA

AGRELLA, Julio: Die nuus om nege. NR 21:2 Mei 1983 p. 36—37

Die *BEDRIEËR*. *Kyk*: Cloete, T.T.

BRIEF. *Kyk*: Claassen, Chris

CLAASSEN, Chris: *Brief*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 50

CLOETE, T.T.: Die bedrieër. NR 21:2 Mei 1983 p. 1—4

CLOETE, T.T.: Die gaping. NR 21:2 Mei 1983 p. 4—7

CLOETE, T.T.: Twee prosatekste. NR 21:2 Mei 1983 p. 1—7

FERREIRA, Jeanette: Die skelm. NR 21:3 Aug. 1983 p. 35—37

FRANSIE. *Kyk*: Grindstad, M.

Die *GAPING*. *Kyk*: Cloete, T.T.

Die *GELUKKIGE* geliefde. *Kyk*: Steyn, Greta

GRINDSTAD, M. Fransie. NR 21:3 Aug. 1983 p. 38—43

HOND se hart. *Kyk*: Stoffberg, Pieter

Die *LAASTE R.V.* *Kyk*: Strachan, Alexander

Die *MAN* met die joghurtplantjie. *Kyk*: Steyn, Greta

Die *NUUS* om nege. *Kyk*: Agrella, Julio

OP die wysie van: Moenie verwoes nie. *Kyk*: Van Rooyen, Engela

PAPENFUS, Theresa. *Verniet*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 47—49

Die *SAFARI*. *Kyk*: Steinmann, C.M.L.

Die *SKELM*. *Kyk*: Ferreira, Jeanette

STEINMANN, C.M.L. Die safari. NR 21:3 Aug. 1983 p. 44—45

STEYN, Greta: Die man met die joghurtplantjie. NR 21:3 Aug. 1983 p. 28—30

STEYN, Greta: Die gelukkige geliefde. NR 21:3 Aug. 1983 p. 30—31

STOFFBERG, Pieter: *Hond se hart*. NR 21:1 Feb. 1983 p. 41—46

STRACHAN, Alexander: Die laaste RV. NR 21:2 Mei 1983 p. 22—26

TERMINUS. *Kyk*: Weideman, George

TWEE prosatekste. *Kyk*: Cloete, T.T.

VAN ROOYEN, Engela: Op die wysie van: Moenie verwoes nie. NR 21:2 Mei 1983
p. 29—31

VERNIET. *Kyk*: Papenfus, Theresa

WEIDEMAN, George: Terminus. NR 21:2 Mei 1983 p. 11—18

DRAMA

AUCAMP, Hennie: Geen rose sonder dorings nie III; 'n greep uit 'n kabaret. NR 21:1
Feb. 1983 p. 1—3

GEEN rose sonder dorings nie III; 'n greep uit 'n kabaret. *Kyk*: Aucamp, Hennie

HATTINGH, Ryk: Die moderne kunstenaar: 'n eenbedryf in vier tonele. NR 21:1
Feb. 1983 p. 14—20

Die MODERNE kunstenaar: 'n eenbedryf in vier tonele. *Kyk*: Hattingh, Ryk



